

192 093 881 01



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



19920938810122000019

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN
- 8 FEB 1993
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 790.09685 MAN

REKREASIE- EN SPORTVOORKEURE VAN SWARTMENSE IN DIE SUID-ORANJE-VRYSTAAT

deur

LEON ALBERTUS DE MAN

Hierdie proefskrif word voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad **Doctor
Philosophiae** in die **Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Departement Menslike
Bewegingskunde** aan die **Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

Mei 1992

Promotor: Dr. H.J. Bloemhoff
Mede-promotor: Prof. Dr. W.F.S. Senekal

DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek graag my opregte dank betuig aan die volgende persone en instansies vir hulle waardevolle bydraes:

1. My promotor, Dr. H.J. Bloemhoff.
2. My mede-promotor, Prof. W.F.S. Senekal.
3. Mev. E. Heymans vir die tikwerk.
4. Mev. M. van Aswegen vir die taalkundige versorging.
5. Die voormalige SOVS Ontwikkelingsraad en die persone wat my daar behulpsaam was.
6. Alle ander persone wat direk of indirek bydraes gelewer het tot die sukses van hierdie proefskrif.
7. My gesin, Lieschen, Liezanne, Annelie en Leoni.
8. My ouers vir hulle opregte belangstelling, aanmoediging en hulp deur al my studiejare.

Bowenal is dit my oortuiging om die Almagtige Vader te dank vir die wonderlike voorreg wat aan my gegun is om hierdie proefskrif te kan voltooi. Sonder die wysheid, krag en insig wat die Here so mildelik aan my geskenk het, sou ek hierdie proefskrif nooit voltooi het nie.



L.A. DE MAN

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1
PROBLEEMSTELLING

		BLADSY
1.1	Inleiding	1
1.2	Probleemstelling	3
1.2.1	Relevansie van die probleemstelling	9
1.3	Doelstelling	10
1.4	Hipotese	11
1.5	Afbakening van die ondersoekgebied	11
1.6	Metode van ondersoek	11
1.7	Die ondersoek soos dit in die verskillende hoofstukke uiteengesit word	13

HOOFSTUK 2
NAVORSINGSMETODIEK, DEMOGRAFIE EN
SOSIO-EKONOMIESE PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE

2.1	Inleiding	15
2.2	Steekproefgegewens	16
2.3	Woongebiedverdeling	17
2.4	Konstruksie van die vraelys	17
	Eerste redaksie	19
	Tweede redaksie	19
	Derde redaksie	19
	Loodsondersoek	19
	Finale redaksie	20
2.5	Verspreiding van die vraelyste	20
2.5.1	Die opnemers	20
2.5.2	Keuse van respondente	21
2.6	Verwerking van die vraelyste	23
2.7	Demografiese veranderlikes	23
2.7.1	Geslag	23
2.7.2	Ouderdom	24
2.7.3	Etnisiteit	26

2.7.4	Huwelikstaat	26
2.8	Sosio-ekonomiese profiel	27
2.8.1	Beroep	27
2.8.2	Opvoedkundige kwalifikasies	28
2.8.3	Inkomste	30

HOOFSTUK 3

HUIDIGE DEELNAMEPATRONE IN DIE ONDERSOEKGEBIED

3.1	Inleiding	33
3.2	Deelnamepatrone aan rekreasie- en sport- aktiwiteite	34
	Sport en fisieke rekreasie	34
	Spele	38
	Passiewe rekreasie	41
	Vergelykende statistieke tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	45
3.3	Deelnamepatrone aan rekreasie- en sport- aktiwiteite volgens demografiese veranderlikes	47
	Sport en fisieke rekreasie	48
	Spele	50
	Passiewe rekreasie	50
3.3.1	Deelnamepatrone aan rekreasie- en sport- aktiwiteite van persone 60 jaar en ouer	52
	Sport en fisieke rekreasie	53
	Spele	54
	Passiewe rekreasie	55
	Vergelykende statistieke tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	56
3.3.2	Deelnamepatrone aan rekreasie- en sport- aktiwiteite van persone jonger as 21 jaar	59
	Sport en fisieke rekreasie	60
	Spele	61

	Passiewe rekreasie	61
	Vergelykende statistieke tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	62
3.3.3	Huidige deelnamepatrone van Swartmense in die verskillende ouderdomsgroepe	64
3.4	Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens sosio-ekonomiese status	68
	Sport en fisieke rekreasie	69
	Spele	71
	Passiewe rekreasie	73
3.5	Samevatting	74

HOOFSTUK 4

GEDIFFERENSIEERDE TYD-RUIMTELIKE DEELNAMEPATRONE

4.1	Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n dagekskursie	76
4.1.1	Inleiding	76
4.1.2	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie	77
4.1.3	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie volgens demografiese veranderlikes	78
4.1.4	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie volgens sosio-ekonomiese status	81
4.2	Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n naweekskursie	83
4.2.1	Inleiding	83
4.2.2	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekskursie	84
4.2.3	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekskursie volgens demografiese veranderlikes	85

4.2.4	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekskursie volgens sosio-ekonomiese status	87
4.3	Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n vakansie-ekskursie	90
4.3.1	Inleiding	90
4.3.2	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie	90
4.3.3	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie volgens demografiese veranderlikes	92
4.3.4	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie volgens sosio-ekonomiese status	94
4.4	Samevatting	97

HOOFTUK 5

BEHOEFTE EN VOORKEURE

5.1	Rekreasie- en sportbehoefte in die ondersoekgebied	102
5.1.1	Inleiding	102
5.1.2	Behoefte aan rekreasie- en sport-aktiwiteite	105
	Sport en fisieke rekreasie	105
	Spele	107
	Passiewe rekreasie	109
	'n Vergelyking tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	111
	'n Vergelyking tussen huidige deelnamepatrone en die behoefte aan sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	113
5.1.3	Behoefte aan rekreasie- en sport-aktiwiteite volgens demografiese veranderlikes	114

Sport en fisieke rekreasie	116
Spele	118
Passiewe rekreasie	118
5.1.3.1 Behoeftes van persone 60 jaar en ouer aan rekreasie- en sportaktiwiteite	121
Sport en fisieke rekreasie	121
Spele	123
Passiewe rekreasie	123
'n Vergelyking tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	126
5.1.3.2 Behoeftes van persone jonger as 21 jaar aan rekreasie- en sportaktiwiteite	127
Sport en fisieke rekreasie	127
Spele	129
Passiewe rekreasie	129
'n Vergelyking tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	132
5.1.3.3 Vergelykende behoeftes van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens die verskillende ouderdomsgroepe	132
Projeksies	136
5.1.4 Behoeftes aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens sosio-ekonomiese status	138
Sport en fisieke rekreasie	139
Spele	141
Passiewe rekreasie	143
Projeksies	145
5.1.5 Samevatting	148
5.2 Behoefte aan 'n rekreasieoord in die ondersoekgebied	150
5.2.1 Inleiding	150
5.2.2 Behoefte aan 'n rekreasieoord volgens demografiese veranderlikes	152
5.2.3 Behoefte aan 'n rekreasieoord volgens sosio-ekonomiese status	154

5.2.4	Die verwagte frekwensie besoeke per jaar aan 'n rekreasieoord	157
5.2.5	Die verwagte frekwensie besoeke per jaar volgens demografiese veranderlikes	159
5.2.6	Die verwagte frekwensie besoeke per jaar volgens sosio-ekonomiese status	162
5.2.7	Oordinfrastruktuur en die impak van enkele veranderlikes daarop	164
5.2.8	Oordinfrastruktuur volgens demografiese veranderlikes	166
5.2.9	Oordinfrastruktuur volgens sosio-ekonomiese status	169
5.2.10	Geïdentifiseerde behoeftes by 'n rekreasie- oord in volgorde van belangrikheid	171
5.2.11	Die struktuur van akkommodasiegeriewe verlang	172
5.2.11.1	Die behoefte aan 'n sekere tipe rondawel	173
5.2.11.2	'n Sentraal geleë gemeenskaplike badkamer en kombuis	174
5.2.12	Samevatting	175
5.3	Omgewingsvoorkeure in die ondersoekgebied	176
5.3.1	Inleiding	176
5.3.2	Omgewingsvoorkeure vir rekreasiedoeleindes	176
5.3.3	Omgewingsvoorkeure volgens demografiese veranderlikes	178
5.3.4	Omgewingsvoorkeure volgens sosio-ekonomiese status	178
5.3.5	Samevatting	181

HOOFSTUK 6

**MOBILITEIT EN ANDER KNELPUNTE WAT GEREELDE DEELNAME
AAN REKREASIE- EN SPORTAKTIWITEITE BEÏNVLOED**

6.1	Inleiding	183
6.2	Mobiliteitsvlak	184
6.2.1	Mobiliteit volgens demografiese veranderlikes	185
6.2.2	Mobiliteit volgens sosio-ekonomiese status	187
6.2.3	Samevatting	188
6.3	Knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed	189
6.3.1	Knelpunte volgens demografiese veranderlikes	191
6.3.1.1	Knelpunte wat gereelde deelname van persone ouer as 60 jaar beïnvloed	193
6.3.1.2	Knelpunte wat gereelde deelname van persone jonger as 21 jaar beïnvloed	193
6.3.2	Knelpunte volgens sosio-ekonomiese status	195
6.3.3	Samevatting	198

HOOFSTUK 7

**DIE GESKIEDKUNDIGE VERLOOP VAN REKREASIE-
EN SPORTVOORSIENING IN DIE ONDERSOEKGEBIED**

7.1	Inleiding	200
7.2	Voorsiening ten tye van die opname (Junie 1986) tot 31 Januarie 1987	203
7.2.1	Die funksie van Administrasierade	203
7.2.2	Die funksie van Gemeenskapsrade	203
7.2.3	Die funksie van Ontwikkelingsrade	204
7.2.4	Die funksie van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling	205
7.2.4.1	Afdeling Beplanning	205
7.2.4.2	Afdeling Sport en Ontspanning	207
7.2.4.3	S.A. Ontwikkelingstrust en Tak Jeugaksies	207
7.3	Voorsiening vanaf 1 Februarie 1987 tot 1991	208

7.3.1	Die funksie van die Departement van Onderwys en Opleiding	210
7.4	Kritiese evaluering en toekomsvisie	214

HOOFSTUK 8

SINTESE

8.1	Huidige deelnamepatrone in die ondersoekgebied	219
8.2	Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n dagekskursie	223
8.3	Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n naweekskursie	224
8.4	Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n vakansie	226
8.5	Rekreasie- en sportbehoefte in die ondersoekgebied	228
8.6	Behoefte aan 'n rekreasieoord	232
8.7	Omgewingsvoorkeure	238
8.8	Mobiliteit en knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed	239

HOOFSTUK 9

'N VOORSIENINGSTRATEGIE

9.1	Inleiding	244
9.2	Strategie een: Organisatoriese infrastruktuurvoorsiening	246
9.2.1	Doel	246
9.2.2	Noodsaaklikheid van organisatoriese infrastruktuurvoorsiening	247
9.2.3	'n Voorsieningsraamwerk en funksies van verantwoordelike instellings	248

	Funksies van die Sentrale Regering	248
	Funksies van streekregering	251
	Funksies van gesamentlike administrasies	253
	Funksies van Departement Parke en Rekreasie	256
	Funksies van die raad vir koördinering van rekreasie en sport	258
	Funksies van die streekdiensteraad	259
	Funksies van die gemeenskap	261
9.3	Strategie twee: Fisiese hulpbronvoorsiening	263
9.3.1	Doel	263
9.3.2	Noodsaaklikheid van fisiese hulpbron- voorsiening	263
9.3.3	Funksies van verantwoordelike instellings	264
	Funksies van die raad vir koördinering	264
	Funksies van die streekregering	265
	Funksies van gesamentlike administrasies	267
	Funksies van ander instellings	268
9.3.4	'n Prosedurehandleiding vir bronvoorsiening	268
9.3.5	Voorsieningstandaarde	273
9.4	Strategie drie: Programvoorsiening	274
9.4.1	Doel	274
9.4.2	Noodsaaklikheid van programvoorsiening	274
9.4.3	Funksies van verantwoordelike instellings	276
	Funksies van die Sentrale Regering	276
	Funksies van streekregering	277
	Funksies van plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies	278
	Funksies van Departement Parke en Rekreasie	279
	Funksies van die streekdiensteraad	281
9.5	Aanbevelings	282
9.6	Hipoteseverifiëring	283
9.7	Samevatting	284
	BRONNELYS	285
	OPSOMMING	302
	ADDENDUMS	304

LYS VAN TABELLE

HOOFSTUK 2

BLADSY

Tabel

2.1	Woongebiedverdeling	18
2.2	Geslag volgens ouderdomsgroep 21-59 jaar	24
2.3	Geslag volgens ouderdomsgroep 60 jaar en ouer	24
2.4	Geslag volgens ouderdomsgroep jonger as 21 jaar	24
2.5	Ouderdomsgroep 21-59 jaar	25
2.6	Ouderdomsgroep 60 jaar en ouer	25
2.7	Ouderdomsgroep jonger as 21 jaar	25
2.8	Verdeling van etniese groepe	26
2.9	Huwelikstaat	27
2.10	Beroepe	27
2.11	Opvoedkundige kwalifikasies	28
2.12	Inkomste	31

HOOFSTUK 3

3.1	Deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie	35
3.2	Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite	39
3.3	Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie	42
3.4	Vergelykende deelnamepatrone tussen sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	44
3.5	Die vyf gewildste aktiwiteite	45
3.6	Deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie volgens demografiese veranderlikes	49
3.7	Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite volgens demografiese veranderlikes	51

3.8	Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie volgens demografiese veranderlikes	51
3.9	Deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie van persone 60 jaar en ouer	54
3.10	Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite van persone 60 jaar en ouer	55
3.11	Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie van persone 60 jaar en ouer	56
3.12	Vergelykende statistieke tussen sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	57
3.13	Die vyf gewildste aktiwiteite	59
3.14	Deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie van persone jonger as 21 jaar	60
3.15	Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite van persone jonger as 21 jaar	61
3.16	Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie van persone jonger as 21 jaar	62
3.17	Vergelykende statistieke tussen sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	63
3.18	Die vyf gewildste aktiwiteite	64
3.19	Vergelykende deelnamepatrone van die vyf gewildste aktiwiteite van die onderskeie ouderdomskategorieë	66
3.19.1	Ontleding van die 21-59 jaar ouderdomsgroep se deelnamepatrone aan die vyf gewildste aktiwiteite	66
3.20	Deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie volgens sosio-ekonomiese status	70
3.21	Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite volgens sosio-ekonomiese status	72
3.22	Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie volgens sosio-ekonomiese status	72

HOOFSTUK 4

BLADSY

4.1	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie	77
4.2	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie volgens demografiese veranderlikes	79
4.3	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie volgens sosio-ekonomiese status	82
4.4	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekekskursie	84
4.5	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekekskursie volgens demografiese veranderlikes	86
4.6	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekekskursie volgens sosio-ekonomiese status	88
4.7	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie	91
4.8	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie volgens demografiese veranderlikes	93
4.9	Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie volgens sosio-ekonomiese status	95

HOOFSTUK 5

5.1	Behoeftes aan sport en fisieke rekreasie	106
5.2	Behoeftes aan spele-aktiwiteite	108
5.3	Behoeftes aan passiewe rekreasie	110
5.4	Vergelykende statistieke tussen die behoeftes na sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie	112
5.5	Vergelyking tussen deelnamepatrone en behoefte	114

5.6	Behoeftes aan sport en fisieke rekreasie volgens demografiese veranderlikes	117
5.7	Behoeftes aan spele-aktiwiteite volgens demografiese veranderlikes	119
5.8	Behoeftes aan passiewe rekreasie volgens demografiese veranderlikes	120
5.9	Behoeftes van persone 60 jaar en ouer aan sport en fisieke rekreasie	122
5.10	Behoeftes van persone 60 jaar en ouer aan spele-aktiwiteite	123
5.11	Behoeftes van persone 60 jaar en ouer aan passiewe rekreasie	124
5.12	'n Vergelyking tussen die behoeftes na sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie (60 jaar en ouer)	125
5.13	Die vyf aktiwiteite waarin die grootste behoefte ondervind word (60 jaar en ouer)	126
5.14	Behoeftes van persone jonger as 21 jaar aan sport en fisieke rekreasie	128
5.15	Behoeftes van persone jonger as 21 jaar aan spele-aktiwiteite	129
5.16	Behoeftes van persone jonger as 21 jaar aan passiewe rekreasie	130
5.17	'n Vergelyking tussen die behoeftes na sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie (jonger as 21 jaar)	131
5.18	Die vyf aktiwiteite waarin die grootste behoefte ondervind word (jonger as 21 jaar)	132
5.19	Behoeftes aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens die verskillende ouderdomsgroepe	133
5.19.1	Ontleding van die 21-59 jaar ouderdomsgroep se behoeftes aan die vyf gewildste aktiwiteite	133
5.20	Behoeftes aan sport en fisieke rekreasie volgens sosio-ekonomiese status	140
5.21	Behoeftes aan spele-aktiwiteite volgens sosio-ekonomiese status	142

5.22	Behoeftte aan passiewe rekreasie volgens sosio-ekonomiese status	144
5.23	Behoeftte aan 'n rekreasieoord	152
5.24	Behoeftte aan 'n rekreasieoord volgens demografiese veranderlikes	153
5.25	Behoeftte aan 'n rekreasieoord volgens sosio-ekonomiese status	156
5.26	Die verwagte frekwensie besoeke per jaar aan 'n rekreasieoord	159
5.27	Verwagte frekwensie besoeke per jaar volgens demografiese veranderlikes	160
5.28	Verwagte frekwensie besoeke per jaar volgens sosio-ekonomiese status	163
5.29	Oordinfrastruktuur	165
5.30	Oordinfrastruktuur volgens demografiese veranderlikes	167
5.31	Oordinfrastruktuur volgens sosio-ekonomiese status	170
5.32	Geïdentifiseerde behoefttes by 'n rekreasieoord in volgorde van belangrikheid	172
5.33	Die behoeftte aan 'n sekere tipe rondawel	173
5.34	Omgewingsvoorkeure vir rekreasiedoeleindes	177
5.35	Omgewingsvoorkeure volgens demografiese veranderlikes	179
5.36	Omgewingsvoorkeure volgens sosio-ekonomiese status	180

HOOFSTUK 6

6.1	Mobiliteitsvlak	185
6.2	Mobiliteit volgens demografiese veranderlikes	186
6.3	Mobiliteit volgens sosio-ekonomiese status	186
6.4	Knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed	190

6.5	Knelpunte volgens demografiese veranderlikes	192
6.6	Knelpunte wat persone ouer as 60 jaar ondervind	194
6.7	Knelpunte wat persone jonger as 21 jaar ondervind	195
6.8	Knelpunte volgens sosio-ekonomiese status	196

HOOFSTUK 7

7.1	Rangorde van dorpe in die bedieningsgebied van die Suid-OVS Ontwikkelingsraad	206
-----	---	-----

LYS VAN FIGURE

	BLADSY
Figuur 1: Opvoedkundige kwalifikasies	29
Figuur 2: Inkomste	32
Figuur 3: Die vyf gewildste aktiwiteite (21-59 jr)	46
Figuur 4: Die vyf gewildste aktiwiteite (60 jaar en ouer)	58
Figuur 5: Die vyf gewildste aktiwiteite (jonger as 21 jaar)	65
Figuur 6: Vergelykende deelnamepatrone van die vyf gewildste aktiwiteite van die onderskeie ouderdomskategorieë	67
Figuur 7: Eenrigting reisafstand tydens die drie ekskursieperiodes	98
Figuur 8: Eenrigting reistyd tydens die drie ekskursieperiodes	99
Figuur 9: Vervoermodus tydens die drie ekskursie- periodes	100
Figuur 10.1: Behoeftefrekwensie van die vyf gewildste aktiwiteite	115
Figuur 10.2: Deelnamefrekwensie van die vyf gewildste aktiwiteite	115
Figuur 11: Behoeftes volgens die verskillende ouderdomsgroepe	134
Figuur 12.1 Behoefte aan 'n rekreasieoord volgens ouderdom	155
Figuur 12.2 Behoefte aan 'n rekreasieoord volgens huwelikstaat	155
Figuur 13.1 Behoefte aan 'n rekreasieoord volgens opvoedkundige kwalifikasie	158
Figuur 13.2 Behoefte aan 'n rekreasieoord volgens inkomste	158
Figuur 14 Sport- en rekreasievoorsiening binne die ondersoekgebied vanaf Junie 1986 tot Jánuarie 1987	209

- Figuur 15: 'n Voorgestelde voorsieningsraamwerk vir
rekreasie en sport 249
- Figuur 16: Voorgestelde organisatoriese
infrastruktuurvoorsiening: funksieverdeling 262

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING

Inleiding
 Probleemstelling
 Relevansie van die probleemstelling
 Doelstelling
 Afbakening van die ondersoekgebied
 Metode van ondersoek
 Die ondersoek soos dit in die verskillende hoofstukke uiteengesit word

1.1 Inleiding

Vryetydsbesteding van Swartmense is in die verlede nou gekoppel aan die daaglikse roetinetake wat verband hou met die voortbestaan van die individu. Die dagtaak was gestruktureerd en spel en werk was ineengewef. Vanweë die druk van sosio-ekonomiese vooruitgang, vernuwing en modernisasie is die swart kultuur onder druk geplaas met spesifieke gevolge soos onder andere 'n toename in vryetyd, verstedeliking, veranderde huislike omstandighede en 'n toename in ledigheid, om slegs van die belangrikstes te noem. *"Progressively, as machinery, methods, and transportation improve so that fewer people can do more work in less time, rural unemployment develops, and people move to cities to find work. There they find industrialization, labor saving devices, shorter working hours, earlier retirement, a better way of life in some ways, but some problems, too, such as congestion, disadvantaged people, unemployment, lack of open space, increasing crime and delinquency."* (Reynolds en Hormachea, 1976:5).

Dit is juis hierdie hedendaagse problematiek waarin Swartmense gedompel is wat die sinvolle benutting van vryetyd so noodsaaklik maak. Gesondheid, fiksheid, lewensvreugde, kreatiwiteit, aanleer van vaardighede en

estetiese beleving is van die belangrikste waardes wat positiewe benutting van vryetyd kan inhou. "*Indien die mens 'n hoër lewenskwaliteit wil handhaaf, sal hy homself moet herskep aan die hand van sinvolle aktiwiteite ...*" (Botha en Goslin, 1984:33).

Die beskikbaarheid en benutting van vryetyd onder Swartmense het in die afgelope aantal jare ingrypende veranderinge ondergaan. Soveel so dat die hedendaagse vryetydbestedingspatrone 'n al hoe groter en belangriker rol in die swart kultuur speel. Die ewigdurende verandering van vryetydbestedingspatrone as gevolg van die verwes-teringsproses, bring mee dat nuwe ondersoeke voortdurend nodig is.

Dit het derhalwe noodsaaklik geword om deur middel van navorsing die spesifieke vryetydsgedrag van Swartmense te ondersoek. Die oogmerk van hierdie studie lê daarin gesetel om die vryetydbestedingspatrone ten opsigte van huidige deelnamepatrone en behoeftes van Swartmense te identifiseer. Hiervolgens kan rekreasie- en sportaktiwiteite aangebied en -fasiliteite beplan en voorsien word wat deur die doeltreffende benutting daarvan, kan lei tot positiewe vryetydsgedrag.

By enige ondersoek is daar faktore wat 'n beperkende invloed daarop uitoefen. Die gebrek aan fondse is een so 'n faktor. Ten spyte van die gebrek aan fondse wat die omvang van die ondersoek aansienlik beïnvloed, het 'n ondersoek van hierdie aard op nasionale vlak, verskeie navorsers nodig om daaraan te werk. Afgesien daarvan is dit nog vir die doeltreffendheid en belangrikheid van die ondersoek noodsaaklik om op 'n bepaalde geografiese gebied te fokus. "*The weekend equivalent in Shanghai will not produce patterns, of any kind, which are directly comparable to those in Milwaukee or Johannesburg.*" (Butler-Adam, 1986:2). Die resultate en aanbevelings hierdeur verkry, sal noodwendig net op die bepaalde geografiese gebied van

toepassing wees. Hierdie ondersoek is dus slegs beperk tot die Suid-Oranje-Vrystaat gebied.

1.2 Probleemstelling

Wanneer artikel 16 van Wet no. 4 van 1984 (Wet op die Ontwikkeling van swart gemeenskappe) saamgelees met Wet no. 75 van 1986 (Wet op die afskaffing van ontwikkelingsliggame) in oënskou geneem word, is dit duidelik dat die voorsiening van rekreasie- en sportfasiliteite aan Swartmense van die belangrikste middele is om ekonomiese en maatskaplike verval teen te werk. Volgens voormelde wette is dit die oogmerk van die verantwoordelike instansies om die lewensvatbaarheid, ontwikkeling en selfstandigheid van swart gemeenskappe en sekere van hul instellings te bevorder, die welsyn van daardie gemeenskappe en swart persone te bevorder, stappe te doen om die ekonomiese en maatskaplike verval van daardie gemeenskappe en persone te voorkom en, indien nodig, stappe te doen om daardie gemeenskappe en persone te rehabiliteer.

Die daarstelling van voldoende rekreasie- en sportfasiliteite kan gevolglik meehelp om die oogmerk van hierdie wette te verwesenlik, te wete die bevordering van die lewensvatbaarheid, ontwikkeling en selfstandigheid van swart gemeenskappe. Die behoefte na rekreasie- en sportfasiliteite word egter al hoe groter en die eise om in die aanvraag te voorsien, al hoe sterker. Hierdie steeds groeiende behoefte kan onder andere aan beter opvoeding, 'n verhoogde inkomste en mobiliteitsvlak asook aan 'n toename in beskikbare vryetyd onder Swartmense gekoppel word. Die verhoogde aanvraag na rekreasie- en sportfasiliteite kan verder as regstreekse uitvloeisel van onder andere verstedeliking en industrialisasie gesien word. Grobler, J.E.H. (1987:40) wys daarop dat die ervaring van die verlede daarop dui dat stedelike Swartmense hulle tradisionele rekreasiebedrywighede sonder meer laat vaar en verruil vir die weë van die blanke. Dit kan hoofsaaklik daaraan toegeskryf word dat die Swartmense deur die

verstedelikingsproses in kontak gekom het met en blootgestel is aan die westerse leefwyse.

Vroeër het Swartmense se behoefte na vryetyd as gevolg van hul tradisionele lewenswyse nie gerealiseer nie. Aspekte soos 'n oormaat vryetyd, rekreasie-aktiwiteite en rekreasiefasiliteite het vir baie jare nie deel van die daaglikse milieu van Swartmense uitgemaak nie. Kompetisiesport van die Westerling was vir die Swartmense totaal onbekend. In die bestek van 'n paar jaar het die situasie ontstaan waar Swartmense deur die direkte invloed van onder andere verwestering, verstedeliking en industrialisasie meer vryetyd bekom het. Deur die verhoging van die maatskaplike en ekonomiese peil van Swartmense, het die latente behoefte na vryetyd en vryetydsaktiwiteite gerealiseer en is die leefwyse van die swart gemeenskappe drasties beïnvloed en verander. *"Similarly, the pressures brought to bear on a Black migrant worker whose deeper values may still reflect historical systems, yet whose daily life is the experience of a First world economy from which he barely benefits, is bound to feel conflict in the identification of desirable recreation."* (Butler-Adam, 1986:3). Faktore soos 'n relatief lae ekonomiese peil, gejaagdheid, korter werksdae, meganisasie, rekenarisering en die spanning wat die hedendaagse leefwyse kenmerk, laat 'n invloed op Swartmense. 'n Kenmerk van die moderne, geïndustrialiseerde samelewing is dat die trots en betekenisvolle waarde vir die meeste beroepe verdwyn het en plek gemaak het vir 'n sleurende en eentonige tipe werk. Dit het daartoe bygedra dat die behoefte na rekreasie en sport toegeneem het en dat 'n vraag na rekreasie- en sportfasiliteite ontstaan het.

Die vraag na rekreasie- en sportfasiliteite het egter so geweldig toegeneem dat daar tred verloor is met die voorsiening daarvan. Gevolglik is daar, op hierdie stadium, die geweldige vraag na rekreasie- en sportfasiliteite aan

die eenkant en daarteenoor die steeds groeiende agterstand in die voorsiening daarvan.

Tans is daar verskeie instansies wat rekreasie- en sportfasiliteite aan Swartmense voorsien, soos onder andere staatsdepartemente (Departement van Onderwys en Opleiding), magte (Suid-Afrikaanse Weermag, Suid-Afrikaanse Polisie, Korrektiewe Dienste), groter instellings (YSKOR, ESKOM, SASOL), privaat organisasies, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en streekdiensterade. Hierdie verskeidenheid van voorsieningsbronne kan tot gevolg hê dat die koördinerende van die totale voorsieningsprogram nie doeltreffend uitgevoer word nie. *"We have to concentrate on providing facilities of the right sort and in the right place, and properly organised"* (Dower in Steyn, 1972:1). Taljaard (1976:11) wys daarop dat fasiliteite nie daargestel behoort te word wat nie optimaal deur die swart gemeenskap gebruik sal word nie.

Die toenemende vraag en die gepaardgaande dringendheid na hierdie fasiliteite, asook die groot aantal instansies wat by die voorsiening hiervan betrokke is, noodsaak absolute gekoördineerde optrede. *"Since opportunities and facilities are indeed expensive and since the economy is more than a little ailing, the likelihood of error in identifying and providing for recreation needs must obviously be minimised."* (Butler-Adam, 1986:3). Alle betrokke instansies moet na een gemeenskaplike doelwit saamwerk, om sodoende doeltreffende voorsiening te verseker. Rekreasie- en sportfasiliteite kan nie sonder meer verskaf word terwyl daar gehoop word dat in die behoeftes van 'n gemeenskap voorsien is nie. Volgens 'n aanbeveling in die RGN Sportondersoek, moet plaaslike owerhede in die voorsiening van sportfasiliteite met die voorkeure van elke bevolkingsgroep in hul jurisdiksiegebied rekening hou en die kwaliteit van fasiliteite wat voorsien word moet van so 'n aard wees dat dit bevorderlik vir sportdeelname is (RGN Sportondersoek 1982:vol. 17, 407). *"It is, also, a good investment for government to provide*

planned recreation services in the various settings because of their aid in preventing or solving people problems." (Reynolds en Hormachea, 1976:5). Wilson en Hattingh (1988:15) beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n behoeftebepaling. "A survey adressing the recreational needs of Black urban communities has become crucial". Deur die doeltreffendheid van die totale voorsieningsprogram te verhoog, is dit moontlik om vinniger in die behoeftes te voorsien, en ook aan die oogmerke soos deur genoemde wette bepaal, te voldoen.

Om doeltreffende voorsiening van rekreasie- en sportfasiliteite te verseker, moet bepaal word wát sowel as wáár om spesifieke fasiliteite te voorsien en deur wíé dit voorsien moet word. Dit is dus noodsaaklik om die aard en belangstellings, asook ander moontlik toepaslike faktore, van Swartmense met betrekking tot rekreasie- en sportaktiwiteite vas te stel. Grobler (1987:14) wys in hierdie verband daarop dat die beskikbaarheid, al dan nie, van vryetyd 'n bepalende invloed op die vryetydsbestedingspatrone van individue en gemeenskappe het. Tot op hierdie stadium is daar egter relatief min navorsing in hierdie verband gedoen wat as riglyn gebruik kan word.

Twee van die heel eerste ondersoeke is die van Taljaard (1976) en Hugo (1974). Taljaard (1976) het die administrasie en organisasie van rekreasie vir die swartman in enkele stedelike gebiede ondersoek. Die hoofdoel van die ondersoek is om 'n opname te maak van die fasiliteite in verskeie swart woonbuurtes en ook die wyse van administrasie en organisasie deur die verantwoordelike instansies. Deur ook na buitelandse praktyke te kyk, word die Amerikaanse en Suid-Afrikaanse stedelike parke- en rekreasieopset geëvalueer. Verder is die destydse Bantoesake-administrasierade bespreek en hiervolgens word sekere gevolgtrekkings en aanbevelings gedoen.

In aansluiting hierby, handel die ondersoek van Hugo (1974) oor die behoefte van Swartmense aan buiteligrekreasie tot die jaar 2000 en die potensiaal van die tuislande om daaraan te voldoen. Die doel van vermeldde ondersoek is om die rekreasiebehoeftes van die stedelike Swartmense in Suid-Afrika te bepaal. Die bevindinge het getoon dat 'n groot mate van verwestering ingetree het en dat die rekreasiepatroon in 'n groot mate ooreenstem met die van die blankes. Dit is verder in die ondersoek duidelik gestel dat 'n groot toename in rekreasiedeelname verwag kan word. Die laaste gedeelte van die ondersoek het bestaan uit die versoening tussen die vraag na rekreasiehulpbronne en die aanbod daarvan in die tuislande.

Verdere toepaslike ondersoeke wat in hierdie verband gedoen is en wat spesifiek op bepaalde swart groepe gerig is, is die van De Villiers (1972), Cloete (1980) en Williams (1980). De Villiers (1972) het in sy ondersoek ten doel om die vryetydsbesteding van die volwasse manlike swartman in die ondersoekgebiede na te gaan en die aard van die aktiwiteite wat hulle beoefen, die mate waartoe en die wyse waarop dit geskied, vas te stel. In aansluiting hierby het Williams (1980) se ondersoek dit ten doel om 'n ontwikkelingsprogram vir Soshanguve se sportbehoeftes daar te stel wat gegrond is op die werklike behoeftes van die inwoners. Cloete (1980) het sy ondersoek meer gerig op die bydrae van die goudmynbedryf ten behoewe van swart werkers en om hulle deelname aan sport en rekreasie uit te lig. Die belangrikste resente ondersoek is die van Wilson en Hattingh (1988). Hierdie ondersoek handel onder andere oor die huidige rekreasiepatrone, rekreasiebehoeftes, gemeenskapsbetrokkenheid en voorstelle vir rekreasiebestuur ten opsigte van die PWV-gebied.

Soortgelyke ondersoeke in hierdie verband is ook deur enkele ander skrywers, soos Scholtz (1983, 1985), Van der Wal (1983) en Taljaard (1977, 1984) gedoen met die verskil dat

Swartmense nie afsonderlik as teikengroep uitgelig is nie, maar die ondersoek is gemik op alle bevolkingsgroepe.

Voorgenoemde werke is van die belangrikste ondersoek wat spesifiek konsentreer op die deelnamepatrone en behoeftes van die Swartmense en gevolglik ook aansluiting vind by die doel van hierdie ondersoek.

In hierdie studie word ondersoek ingestel na huidige deelnamepatrone van en behoeftes aan rekreasie- en sportaktiwiteite van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat. Deur die impak van demografiese veranderlikes en sosio-ekonomiese faktore op veranderlikes soos huidige deelnamepatrone, gedifferensieerde tyd-ruimtelike deelnamepatrone, behoeftes en voorkeure asook mobiliteit en knelpunte te ondersoek, sal bepaalde patrone en tendense geïdentifiseer kan word. Hierdie uiteensetting van die ondersoek vind aansluiting by 'n aanbeveling van die RGN Sportondersoek dat die belanghebbende instansies in die voorsiening van sportfasiliteite kennis sal neem van die voorkeure sowel as die ouderdomstruktuur van die gemeenskap waarvoor voorsien word (RGN Sportondersoek 1982: nr. 17, 41).

Swart plaaslike owerhede funksioneer op die derde vlak van die owerheidshiërargie en sal noodwendig binne die parameters van die sentrale- en regionale owerheidsvlakke moet beweeg. Kennis sal geneem moet word van die Sentrale Regering se regionaalontwikkelingstrategie wat nuwe dimensies na vore bring asook van die invloed van politieke veranderinge. In die operasionalisering van plaaslike owerheidsfunksies sal deurgaans rekening gehou moet word met bestaande en veranderde wetgewing, ordonnansies, regulasies, witskrifte, strategieë en verstedelikingstendense.

Rekreasie- en sportvoorsiening as 'n eerste tot derde vlak owerheidsfunksie kan dus nie in isolasie gesien word nie en genoemde eksterne faktore sal voortdurend in berekening gebring moet word. Voorsieningsriglyne en aanbevelings

voortspruitend uit hierdie ondersoek het te make met die politieke klimaat en omstandighede gedurende die navorsingstermyn. Riglyne en aanbevelings behoort daarom slegs as uitgangspunt te dien en moet aangepas word om aan die eise van die tyd te voldoen.

1.2.1 Relevansie van die probleemstelling

Sport- en rekreasievoorsiening in hierdie ondersoekgebied het sy eie unieke, kenmerkende en bepaalde uitgangspunte waarvolgens voorsiening geskied. Die swart dorpe is klein met 'n gemiddelde inwonertal van 1000 tot 6000 mense. Die dorpe is ook nie in woonbuurtes verdeel waarin elk sy eie oopruimte het nie. Slegs een oopruimte per dorp is beskikbaar en gesoneer volgens neergelegde standaarde (sien hoofstuk 7) vir sport- en rekreasiefasiliteitontwikkeling.

Die meeste dorpe het nie oor enige sport- en/of rekreasiefasiliteite beskik nie en voorsiening het eerstens gegaan om die daarstel van basiese fasiliteite soos 'n sokkerveld en tennis/netbalbaan. 'n Sokkerveld en tennis-/netbalbaan is aanvanklik deur die ontwikkelingsraad as verantwoordelike voorsieningsinstansie, as die basiese behoefte geïdentifiseer. By dorpe waar gemelde fasiliteite reeds voorsien was, is oorweging verleen aan die uitbreiding en/of opgradering van die bestaande fasiliteite.*

Belangrike beginsels van voorsiening soos versoenbaarheid, deelgebruik, aantal fasiliteite per dorp en plasingfaktore is by dorpe in hierdie ondersoekgebied op 'n lukraak wyse toegepas.

Uit die bevindinge van die ondersoek sal aanbevelings gedoen en strategieë bepaal word vir die beplanning en voorsiening

* Raadpleeg hoofstuk 7 vir die geskiedkundige verloop van rekreasie- en sportvoorsiening in die ondersoekgebied.

van rekreasie en sport volgens die huidige deelnamepatrone en geïdentifiseerde behoeftes binne die gekose geografiese gebied. Deur te beplan en te voorsien volgens hierdie geïdentifiseerde tendense, kan voorsieningsinstansies 'n ineengewefde patroon van funksioneel doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening vorm. Sodoende kan daar kwantitatief en kwalitatief in rekreasie- en sportdienste voorsien word.

1.3 Doelstelling

Die doel van hierdie ondersoek word verwoord deur artikel 16 van Wet no. 4 van 1984 (Die wet op die Ontwikkeling van Swart gemeenskappe) en Wet no. 75 van 1986 (Die wet op die Afskaffing van Ontwikkelingsliggame), naamlik om die lewensvatbaarheid, ontwikkeling en selfstandigheid van swart gemeenskappe en sekere van hul instellings te bevorder. Deur doeltreffende rekreasie- en sport-fasiliteitvoorsiening en die gepaardgaande funksionele benutting en instandhouding daarvan, is dit moontlik om die lewensvatbaarheid, ontwikkeling, selfstandigheid en sosio-ekonomiese vlak van swart gemeenskappe te help bevorder.

Doeltreffende fasiliteitvoorsiening en die funksionele benutting en instandhouding daarvan is slegs moontlik wanneer die huidige deelnamepatrone en spesifieke behoeftes van potensiële gebruikers bekend is. Die uitgangspunt is dat elke bevolkingsgroep in enige afgebakende geografiese gebied sy eie besondere deelnamepatrone en behoeftes kan openbaar. Om die wetenskaplikheid en utiliteitswaarde van so 'n ondersoek te verhoog is dit noodsaaklik dat die deelnamepatrone en die moontlike behoeftes van 'n spesifieke bevolkingsgroep in 'n spesifieke geografiese gebied, bepaal word.

Die doelstelling van hierdie ondersoek is derhalwe die bepaling van rekreasie- en sportvoorkeure van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat en die daarstel van 'n

voorsieningstrategie om doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening te bevorder.

Hierdie doelstelling verseker dat die ondersoek aan 'n spesifieke geografiese gebied se behoeftes voldoen, en tweedens dat die resultate en bevindinge daarvan in die praktyk toegepas kan word.

1.4 Hipotese

Gebrekkige en ongekoördineerde voorsieningstrukture bring mee dat daar nie versoening is tussen rekreasie- en sportvoorsiening en voorkeure in die ondersoekgebied nie.

1.5 Afbakening van die ondersoekgebied

Geografies is hierdie ondersoek in ooreenstemming met die grense van die voormalige Suid-O.V.S. Ontwikkelingsraad afgebaken. Alle swart dorpe in die Oranje-Vrystaat, suid van Fouriesburg, Paul Roux, Hennenman, Odendaalsrus, Wesselsbron en Hoopstad is by die ondersoekgebied ingesluit. 'n Kaart van die ondersoekgebied word as Addendum A aangeheg. Ontwikkelingsrade is egter op 1 Julie 1986 volgens wet no 75 van 1986 (Wet op die afskaffing van ontwikkelingsliggame) afgeskaf. Alle bates, laste, regte, pligte en verpligtinge is volgens hierdie wet na die onderskeie Provinsiale Administrasies oorgedra. Alhoewel die grense van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie die hele Oranje-Vrystaat omsluit, word daar vir die doeleindes van hierdie ondersoek, by die grense van die voormalige Suid-OVS Ontwikkelingsraad volstaan.

1.6 Metode van ondersoek

Die aard en omvang van Swartmense se huidige sowel as toekomstige behoeftes moet bepaal word sodat rekreasievoorsiening op 'n wetenskaplike basis beplan kan word. Om die deelnamepatrone en behoeftes te kan bepaal,

word daar in die ondersoek van 'n bronnestudie en vraelys as deel van die navorsingsprogram gebruik gemaak. 'n Bronnestudie as middel tot feiteversameling is nodig vir die konstruksie van die vraelys.

Met die konstruksie van die vraelys is gepoog om betroubaarheid, geldigheid en objektiwiteit na te streef. Om aan hierdie vereistes te voldoen, is van 'n onderhoudsvraelys gebruik gemaak. Die moontlikheid van ongeletterdheid onder die respondente, wat 'n invloed op die resultate kan uitoefen, word in 'n groot mate hierdeur uitgeskakel. Die gebrekkige deelname-verwysingsraamwerk van Swartmense word ook gedeeltelik hierdeur ondervang. Die opnemers is breedvoerig onderrig in opnametegnieke, die inhoudelike betekenis van die vrae in die vraelys, die aard van die aktiwiteite en oor die finansiële implikasies van deelname. Opnemers moes ook daarteen waak om respondente tot bepaalde antwoorde te lei. Die vraelys is so saamgestel dat die minimum tyd vir die voltooiing daarvan benodig word. Voor verspreiding is die vraelys aan deskundiges vir moontlike aanbevelings voorgelê, waarna dit aan 'n loodsondersoek onderwerp was.

Vraelyste is in 34 swart dorpe in die regsgebied van die voormalige Suid-O.V.S. Ontwikkelingsraad versprei. Die vyf groot dorpe by Bloemfontein, Welkom, Hennenman, Odendaalsrus en Virginia word hierby uitgesluit. Hierdie vyf dorpe sal uiteindelik deel uitmaak van die streekdiensterade wat gevolglik 'n eie ondersoek noodsaak. 'n Verdere vyf kleiner dorpe, te wete Allanridge, Luckhoff, Rosendal, Vanstadensrus en Verkeerdevlei, wat nie oor volwaardige plaaslike besture beskik nie, is ook hierby uitgesluit. Drie dorpe, te wete Boshof, Wepener en Zastron het nie in die ondersoek belang gestel nie.

'n Kaart van elke woongebied wat deel van die ondersoek uitmaak is verkry waarop die verantwoordelike beamppte in die woongebied, die huise gegropeer het volgens huise wat voor

1981 opgerig is (ou huise) en huise wat gedurende 1981 en daarna opgerig is (nuwe huise). Ten opsigte van elke woongebied is die erfnommers en steekproefnommers van ou en nuwe huise afsonderlik op 'n kaart (stratifikasie van woonhuise) aangebring. Met behulp van 'n gestratifiseerde, proporsioneel-ewekansige steekproef is erwe bepaal wat deur die veldwerkers besoek is. Daar is gepoog om ten minste 6% van die totale aantal bewoonde huise per woongebied te besoek.

Die klerke van die verskillende plaaslike besture is as opnemers gebruik. Hulle is uit die aard van hulle werk vertrouwd met die gebied waarin en met die mense waarmee hulle te doen kry. Die opnemers het vooraf deeglike opleiding ontvang waardeur hulle ook vertrouwd gemaak is met alle fasette van die vraelys. Alternatiewe besoekpunte is vooraf bepaal indien die eerste keuse(s) woonhuise nie bereik kon word nie.

Voltooide vraelyste is aan die rekenaarsentrum van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat voorsien vir die verwerking daarvan.

1.7 Die ondersoek soos dit in die verskillende hoofstukke uiteengesit word

In die inleiding tot die ondersoek word die klem op die aktualiteit van die ondersoek geplaas. Ander aspekte wat in hoofstuk een toegelig word, is die probleemstelling, doel en metode van ondersoek, die afbakening van die ondersoekgebied en die indeling van die ondersoek in die verskillende hoofstukke. Die vraelys as basis van data-insameling asook die demografiese en sosio-ekonomiese profiel van die respondente word in hoofstuk 2 behandel. Komponente soos die konstruksie van die vraelys, die loodsondersoek, die opstel van die finale vraelys, die verspreiding daarvan, die bepaling van die steekproef en die verwerking word onder andere toegelig.

In hoofstuk 3 word die huidige deelnamepatrone in die ondersoekgebied breedvoerig toegelig en in aansluiting hierby word die gedifferensieerde tyd-ruimtelike deelnamepatrone in hoofstuk 4 bespreek.

Die behoeftes en voorkeure van die respondente word in hoofstuk 5 aan hand van rekreasie- en sportbehoefte in die ondersoekgebied, behoeftes aan 'n rekreasieoord asook die omgewingsvoorkeure bespreek.

Die mobiliteit en knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed, word in hoofstuk 6 bespreek.

In hoofstuk 7 word die ondersoek toegelig rondom die geskiedkundige verloop van rekreasie- en sportvoorsiening in die ondersoekgebied.

'n Sintese van die ondersoek word in hoofstuk 8 gedoen. Die ondersoek word in hoofstuk 9 afgesluit met 'n voorsieningstrategie waarmee gepoog word om 'n daadwerklike bydrae te lewer tot doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening in die ondersoekgebied en moontlik op nasionale vlak.

HOOFSTUK 2

NAVORSINGSMETODIEK, DEMOGRAFIE EN SOSIO-EKONOMIESE PROFIEL
VAN DIE RESPONDENTE

Inleiding
Steekproefgegewens
Woongebiedverdeling
Konstruksie van die vraelys
Verspreiding van die vraelyste
Verwerking van die vraelyste
Demografiese veranderlikes
Sosio-ekonomiese profiel

2.1 Inleiding

Die doel van die ondersoek is die bepaling van rekreasie- en sportvoorkeure van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat, en voortspruitend daaruit die daarstel van 'n voorsieningsraamwerk om doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening te bevorder. Vir die bepaling van deelnamepatrone en behoeftes is 'n opname deur middel van onderhoudsvraelyste gedoen. Landman (1980:108) wys daarop dat daar met vraelyste inligting bekom kan word, wat op geen ander wyses verkry kan word nie. Dit neem minder tyd in beslag, is goedkoper en meer toepasbaar op 'n groter groep persone as met onderhoude. Hy wys ook op bykomstige voordele van 'n onderhoudsvraelys maar beklemtoon dat die omvang van die ondersoek daardeur beperk sal word. Ongeag die voordele van 'n onderhoudsvraelys soos deur Landman (1980:108) uitgewys, is die beperkte verwysingsraamwerk van Swartmense deurgaans met die konstruksie van die vraelys in gedagte gehou. Verdermeer is daar ook met die keuse van onderhoudvoerders en hulle vooraf opleiding gepoog om gemelde probleem tot die minimum te beperk. 'n Klerk in elke dorp is as opnemer opgelei om die onderhoudsvraelyste te voltooi. Die klerke is in diens van die betrokke Plaaslike owerhede en is as sulks amptelik afgevaardig om met die

ondersoek behulpsaam te wees. Die onderhoudsvraelys is op grond van 'n ewekansige en proporsioneel-gestratifiseerde steekproef versprei om die hoogs moontlike en mees wetenskaplike respons te verseker. Inligting hierdeur verkry, is gebruik om deelnamepatrone en bepaalde behoeftes te identifiseer. Met die uitsondering van enkele tabelle word die verwerkte data in hoofstukke drie tot ses eenvormig in die tabelle weergee. Die totaal van die aantal respondente in die ondersoek word links bo in die tabel aangedui as byvoorbeeld $N = 1730$. In sekere tabelle waar van toepassing word subgroeptotale aangedui wat die totale van die onderskeie horisontale veranderlikes aandui. Die eerste N-kolom is die aantal respondente ten opsigte van die vertikale veranderlikes. Die N- en %-kolomme van toepassing op die horisontale veranderlikes/kategorieë word horisontaal geïnterpreteer as 'n totaal en persentasie van elke spesifieke vertikale veranderlike.

Die konstruksie, verspreiding en verwerking van die vraelys asook statistiese gegewens met betrekking tot die steekproef, woongebiedverdeling, demografiese veranderlikes en sosio-ekonomiese profiel word vervolgens bespreek.

2.2 Steekproefgegewens

'n Totaal van 38 dorpe is geïdentifiseer om deel te vorm van die ondersoek. Die betrokke gemeenskapsrade en/of plaaslike besture van hierdie dorpe is versoek om te bevestig of hulle in die ondersoek belangstel al dan nie. Hiervolgens het 89,5% (34) dorpe aangedui dat hulle wel aan so 'n ondersoek wil deelneem, en 10,5% (4) dorpe het nie in die ondersoek belang gestel nie.

Uit die 89,5% (34) dorpe wat uiteindelik in die ondersoek ingesluit is, is 1 128 besoekpunte geïdentifiseer. Hieruit het 90,5% (1 021) besoekpunte positief gereageer deurdat die respondente by hierdie besoekpunte vraelyste voltooi het. Van die 1 128 besoekpunte het 6,4% (72) nie in die ondersoek

belanggestel nie en 3,1% (35) besoekpunte se gegewens was onbruikbaar.

Uit die 90,5% (1 021) besoekpunte wat positief gereageer het, is 'n totaal van 1 915 vraelyste voltooi. Hierdie vraelyste is voltooi deur 1 730 persone in die ouderdomsgroep 21-59 jaar, 653 persone 60 jaar en ouer en 936 persone jonger as 21 jaar. Hierdie respondente verteenwoordig 2,5% van die totale stedelike* swart bevolking in die ondersoekgebied. Die ouderdomsgroep 21-59 jaar word nie slegs per se as veranderlike geanaliseer nie, maar ook in afsonderlike ouderdomsgroepe. Die vraelys is so saamgestel dat drie persone, een per ouderdomsgroep, afsonderlik antwoorde op een vraelys kan verstrek. In totaal is dus 3319 respondente met 1915 vraelyste betrek.

2.3 Woongebiedverdeling

Die woongebiedverdeling word in tabel 2.1 uiteengesit. Die responspersentasie wissel tussen 0% en 11,2 %. In die geval van Dewetsdorp was al die voltooide vraelyste onbruikbaar.

2.4 Konstruksie van die vraelys

Betroubaarheid, geldigheid en objektiwiteit is met die konstruksie van die vraelys nagestreef om daardeur die wetenskaplikheid te verhoog. Die vraelys is ook so saamgestel dat minimum tyd benodig word vir die voltooiing daarvan. Daar is gepoog om vrae kort, bondig en ondubbelsinnig te stel. Die meeste van die vrae is beantwoord deur slegs 'n kruisie in die toepaslike ruimte te trek. In sekere gevalle is daar egter ruimte gelaat om antwoorde te spesifiseer. Dit verseker dat alle moontlike inligting ingewin is en dat die respondent nie tot sekere antwoorde beperk is nie. Die identiteit van die respondent

* Stedelik word deur die Sentrale Statistiekdiens geklassifiseer as gebiede wat onder 'n bepaalde plaaslike bestuur ressorteer

is nie verstrek nie wat verseker dat respondente meer gewillig is om vraelyste te voltooi. Die doel van die ondersoek is met die konstruksie, verspreiding en verwerking van die vraelys in gedagte gehou.

Tabel 2.1: Woongebiedverdeling

NR.	DORP	WOONGEBIED	AANTAL RES- PONDENTE	PER- SENTASIE
01	BETHULIE	LEPHOI	30	1,7
02	BRANDFORT	MAJWEMASWEU	57	3,3
03	BULTFONTEIN	PHAHAMENG	78	4,5
04	CLOCOLAN	HLOHLOLWANE	66	3,8
05	DEALESVILLE	TSWARAGANANG	22	1,3
06	DEWETSDORP	MOROJANENG	0	0
07	EDENBURG	HA-RASEBEI	56	3,2
08	EXCELSIOR	MAHLATSWETSA	56	3,2
09	FAURESMITH	IPOPENG	27	1,6
10	FICKSBURG	MEQHELENG	194	11,2
11	FOURIESBURG	MASJAING	48	2,8
12	HERTZOGVILLE	MALEBOGO	19	1,1
13	HOBHOUSE	TAHLEHONG	27	1,6
14	HOOPSTAD	TIKWANA	45	2,6
15	JACOBSDAL	RATANANG	25	1,4
16	JAGERSFONTEIN	ITUMELENG	35	2,0
17	KOFFIEFONTEIN	DITLHAKE	46	2,7
18	LADYBRAND	MANYATSENG	91	5,3
19	MARQUARD	MOEMANENG	44	2,5
20	PAUL ROUX	MOTLOMO	40	2,3
21	PETRUSBURG	BOLOKANANG	37	2,1
22	PHILIPPOLIS	PODING-TSE-ROLO	22	1,3
23	REDDERSBURG	QHOWENG	34	2,0
24	ROUXVILLE	RWELELEYATHUNYA	36	2,1
25	SENEKAL	MATWABENG	156	9,0
26	SMITHFIELD	TSHEPANONG	37	2,2
27	SOUTPAN	IKGOMOTSENG	12	0,7
28	SPRINGFONTEIN	MAPHODI	28	1,6
29	THEUNISSEN	MASILO	89	5,1
30	TROMPSBURG	MADIKGETLA	9	0,5
31	TWEESPRUIT	BORWA	55	3,2
32	VENTERSBURG	TSWELANGPELE	61	3,5
33	WESSELSBRON	MONYAKENG	77	4,5
34	WINBURG	MAKELEKETLA	71	4,1
		TOTAAL	1 730	100,0

Eerste redaksie

Met die doel van die ondersoek in gedagte het die ondersoeker as eerste stap alle moontlike vrae neergeskryf. Vrae is gegroepeer om 'n logiese volgorde te vorm. Dit het meegebring dat sekere vrae weggelaat en nuwe vrae bygevoeg is. Die vrae met betrekking tot rekreasie- en sportaktiwiteite is gegrond op die ondersoeker se jaarlikse opnames rakende die huidige stand van rekreasie- en sportklubs en -fasiliteite in swart dorpe in die regsgebied van die voormalige Suid-O.V.S. Ontwikkelingsraad. Ten tye van die opname was die ondersoeker in diens van die Suid-O.V.S. Ontwikkelingsraad. Verder is daar met hierdie redaksie verseker dat die vrae verstaanbaar geformuleer is.

Tweede redaksie

Die vraelys is aan die ses swart sportbeamptes van die voormalige Suid-O.V.S. Ontwikkelingsraad voorgelê vir kritiese kommentaar. Wenke en kritiek van hierdie persone het bygedra tot die konstruksie van die tweede redaksie.

Derde redaksie

Die tweede redaksie is aan drie akademici in die rekreasie dissipline, Prof. J. Butler-Adam, Dr. J.H. Malan en Dr. E.P.S. Taljaard vir verdere kritiek en aanbevelings voorgelê. Elkeen van hierdie persone het ondervinding van die bepaling van rekreasie- en sportvoorkeure. Hulle waardevolle aanbevelings het bygedra tot die samestelling van die derde redaksie.

Loodsondersoek

Vier en twintig vraelyste (derde redaksie) is vir die toetsing van die vraelys in een van die dorpe wat deel van die ondersoek uitmaak, versprei. Dieselfde prosedure is gevolg as wat vir die finale ondersoek beplan is. (Die

prosedure word op p. 20-23 volledig toegelig). Tydens die toetsing het dit aan die lig gekom dat sekere vrae verkeerd verstaan is. Die vraelys is saam met die opnemers deurgegaan vir die nodige regstellings en om uniforme interpretasie te verseker. Dit het ook geblyk dat die begrip "naweek" soos in die geval met die begrip "vakansie", omskryf moet word. Vrae met 'n keuse tussen geen, gering, redelik en ernstig moes aangepas word, aangesien die interpretasie daarvan te moeilik vir die opnemers en die respondente was. Die tydsduur vir die voltooiing van die vraelys het ongeveer dertig minute per huishouding beloop.

Finale redaksie

Na die toetsing van die vraelys is dit finaal verwerk. Die vraelys is taalkundig nagesien en in twee tale, naamlik Afrikaans en Engels, voorberei. Al die opnemers is Afrikaans en Engels magtig en kan die inhoud van die vraelys korrek in sy swart taal interpreteer, wat dit onnodig gemaak het om die vraelys ook in die swart tale te vertaal.

Die vraelys is aan die rekenaarpersonnel van die U.O.V.S. vir kodering voorgelê om aan te pas by rekenaarvereistes. Twee duisend sewe honderd (2 700) vraelyste is gedruk. Die finale redaksie is as Addendum B ingesluit.

2.5 Verspreiding van die vraelyste

2.5.1 Die opnemers

Twee maande voordat die vraelyste versprei is, is 'n brief wat die doel en metode van die ondersoek uiteensit, deur die Hoofdirekteur van die voormalige Suid-O.V.S. Ontwikkelingsraad aan elke plaaslike owerheid gerig. Met die goedkeuring wat as antwoord hierop verkry is, is die betrokke dorp by die ondersoek ingeskakel. Elke plaaslike owerheid het 'n klerk in diens van die betrokke owerheid genomineer wat as opnemer opgelei kon word om met die

ondersoek behulpsaam te wees. Dié klerke is van groot belang vir die ondersoek, aangesien hulle vertrou is met die betrokke dorp, die huise wat besoek moet word en met die respondente. Deurdat die respondente die opnemer ken kan dit meehelp tot 'n hoër responspersentasie.

Die klerke is voor die aanvang van die ondersoek na Bloemfontein gebring vir skoling as opnemers. Deeglike opleiding deur die navorser het verseker dat hulle op hoogte kom met die inhoud van die vraelys en die eenvormige interpretasie daarvan. Tydens die opleidingskursus het die opnemers die geleentheid gekry om die vraelys in die praktyk uit te toets. Dit is gedoen deur aan elke opnemer die geleentheid te bied om vraelyste met vyf proefpersone te voltooi. Hierna is verdere probleme ten opsigte van die interpretasie van die vrae bespreek en uitgestryk. Dit het verseker dat al die opnemers die vrae eenders verstaan en toepas. As verdere voorsorg is 'n instruksielys vir die voltooiing van die vraelys aan elke opnemer beskikbaar gestel. Die opnemers moes die vraelyste in die teenwoordigheid van die respondente voltooi.

Die verspreiding van die vraelyste het gedurende Junie 1986 'n aanvang geneem. Daar is deurentyd met die opnemers geskakel om die momentum van die projek te behou en vraelyste so spoedig moontlik terug te kry. Sodra die opnemer al die geïdentifiseerde respondente in sy betrokke dorp besoek het, is die sportbeamptes geskakel om die vraelyste af te haal. Al die vraelyste was teen die helfte van Augustus 1986 ingevorder.

2.5.2 Keuse van respondente

Soos reeds genoem is die ondersoek beperk tot die Suid-Oranje-Vrystaat, wat 47 dorpe insluit. As gevolg van die instelling van 'n streekdiensteraad in die Bloemfonteinarea en die beplande instelling van 'n verdere streekdiensteraad by vier ander dorpe, naamlik Welkom, Odendaalsrus, Virginia

en Hennenman is hierdie gebiede by die ondersoek uitgesluit. 'n Verdere vyf dorpe waar daar nie plaaslike besture is nie, is ook van die ondersoek uitgesluit. Dit is Allanridge, Luckhoff, Rosendal, Vanstadensrus en Verkeerdevlei. Drie dorpe, te wete Boshoff, Wepener en Zastron, het nie in die ondersoek belanggestel nie. Daar is gevolglik 34 dorpe by die ondersoek betrek. Die ondersoekgebied word op 'n kaart, aangeheg as Addendum A, aangedui.

'n Uitlegplan van elke deelnemende dorp, is vanaf die Departement Tegnieuse Dienste van die voormalige Suid-O.V.S. Ontwikkelingsraad verkry. Die uitlegplanne is aan die verantwoordelike beampte in elke dorp gestuur tesame met 'n brief wat die doel van die ondersoek kortliks omskryf en wat beskryf wat ten opsigte van die uitlegplan gedoen moet word. Elke beampte moes die plan volgens ou (voor 1981 opgerig) en nuwer (1981 en daarna opgerig) woonhuise indeel en kontroleer of die erfnommers in die betrokke gedeeltes korrek is. Alle leë erwe is ook aangedui. Die planne is daarna aan die navorser teruggestuur. Volgens hierdie planne is 'n stratifikasie van ou en nuwe huise georden. Op grond hiervan is 'n 6% gestratifiseerde, proporsioneel-ewekansige steekproef getrek om besoekpunte te identifiseer wat deur die opnemers besoek sal word. Elke opnemer kry saam met sy vraelys 'n lys van erfnommers, bepaal volgens genoemde steekproef, wat besoek moet word. Alternatiewe besoekpunte is ook geïdentifiseer indien van die eerste keuses nie besoek kan word nie.

In elke huishouding wat deel uitmaak van die ondersoek is daar gepoog om ten minste twee vraelyste te voltooi. Een vraelys kan deur die pa (21-59 jaar), oupa (ouer as 60 jaar) en die oudste seun (12-21 jaar) beantwoord word. Die tweede vraelys kan deur die ma (21-59 jaar), ouma (ouer as 60 jaar) en die oudste dogter (12-21 jaar) beantwoord word. Enige seun/dogter ouer as 21 jaar het 'n aparte vraelys voltooi. In gevalle waar daar nie persone in die genoemde ouderdomsgroepe beskikbaar was nie, is die toepaslike

gedeelte van die vraelys oopgelaat. Ten opsigte van die ouderdomsgroepe 60 jaar en ouer en jonger as 21 jaar is slegs die volgende aspekte getoets, naamlik geslag, ouderdom, huidige deelnamepatrone, behoeftes en die knelpunte wat gereelde deelname beïnvloed. Tydens data-analise en -interpretasie het hierdie verkorte vraelys aan vermeldde ouderdomsgroepe as 'n tekortkoming van hierdie ondersoek na vore gekom. Vraelysdata is ook aan hand van gemelde ouderdomskategorieë interpreteer en bespreek.

Vraelyste word self deur die opnemers voltooi wat die vrae aan die respondente stel. Tydens die opleiding van die opnemers is verseker dat hulle die vrae korrek interpreteer. Daardeur is verseker dat die inhoud en betekenis van die vrae korrek aan die respondente oorgedra word indien hulle nie Afrikaans of Engels kan verstaan nie.

2.6 Verwerking van die vraelyste

Die voltooide vraelyste is afsonderlik gekontroleer vir foute en kodes is ingeskryf waar van toepassing. Die vraelyste is aan die rekenaarsentrum van die UOVS oorhandig vir die verwerking daarvan volgens bepaalde pakketprogramme.

2.7 Demografiese veranderlikes

2.7.1 Geslag

Geslag volgens ouderdomsgroep word in tabelle 2.2, 2.3 en 2.4 uiteengesit en dit blyk dat 'n goeie verdeling gehandhaaf word ten spyte daarvan dat manlike respondente deurgaans in die meerderheid is.

Tabel 2.2: Geslag volgens ouderdomsgroep 21-59 jaar

GESLAG	FREKWENSIE	
	N	%
Manlik	920	53,2
Vroulik	810	46,8
N = 1 730		

Tabel 2.3: Geslag volgens ouderdomsgroep 60 jaar en ouer

GESLAG	FREKWENSIE	
	N	%
Manlik	371	56,9
Vroulik	282	43,1
N = 653		

Tabel 2.4: Geslag volgens ouderdomsgroep jonger as 21 jaar

GESLAG	FREKWENSIE	
	N	%
Manlik	541	57,8
Vroulik	395	42,2
N = 936		

2.7.2 Ouderdom

Die verskillende ouderdomsgroepe word goed verteenwoordig, soos blyk uit tabelle 2.5, 2.6 en 2.7. Veral in die ouderdomsgroep 21-59 jaar is die verdeling redelik eweredig, as in ag geneem word dat die meeste respondente in hierdie

ouderdomskategorie voorkom. Die ouderdomsgroep 21-59 jaar word nie slegs per se as veranderlike geanaliseer nie, maar ook in afsonderlike ouderdomsgroepe. Hierdie kerngroep van die ondersoek (21-59 jarige respondente) word bespreek volgens die veranderlikes etnisiteit, huwelikstaat, beroep, opvoedkundige kwalifikasies en inkomste.

Tabel 2.5: Ouderdomsgroep 21-59 jaar

OUDERDOMSGROEP	FREKWENSIE		KUMULATIEF
	N	%	%
21-30 Jaar	500	28,9	28,9
31-40 Jaar	579	33,5	62,4
41-50 Jaar	433	25,0	87,4
51-59 Jaar	218	12,6	100
	N = 1 730		

Tabel 2.6: Ouderdomsgroep 60 jaar en ouer

Ouderdomsgroep	FREKWENSIE	
	N	%
60 Jaar en ouer	653	100

Tabel 2.7: Ouderdomsgroep jonger as 21 jaar

OUDERDOMSGROEP	FREKWENSIE	
	N	%
12-15 Jaar	265	28,3
16-20 Jaar	671	71,7
	N = 936	

2.7.3 Etnisiteit

Verskeie etniese groepe is in die ondersoek betrek. Die Suid-Sotho as oorheersende volkseenheid in die Suid-Oranje-Vrystaat is baie goed verteenwoordig (56,0 %). Hierdie eensydige verspreiding in etnisiteit het 'n wanbalans in die korrelasie met ander veranderlikes tot gevolg. Etniese groepe as afsonderlike veranderlikes word gevolglik nie verder in die ondersoek bespreek en toegelig nie.

Tabel 2.8: Verdeling van etniese groepe

ETNISITEIT	N	FREKWENSIE	KUMULATIEF
		%	%
Suid Sotho	969	56,0	56,0
Tswana	271	15,7	71,7
Xhosa	248	14,3	86,0
Ndebele	76	4,4	90,4
Noord Sotho	76	4,4	94,8
Zulu	50	2,9	97,7
Swazi	18	1,0	98,7
Ander	15	0,9	99,6
Venda	7	0,4	100,0
TOTAAL	1730		

2.7.4 Huwelikstaat

Soos blyk uit tabel 2.9 is elkeen van die groepe verteenwoordig, met die getroude respondente in die meerderheid.

Tabel 2.9: Huwelikstaat

HUWELIKSTAAT	FREKWENSIE		KUMULATIEF	
	N	%	%	
Getroud	996	57,6	57,6	
Ongetroud	517	29,9	87,5	
Geskei, weduwee, wewenaar	165	9,5	97,0	
Woon saam	52	3,0	100	
TOTAAL	1 730			

2.8 Sosio-ekonomiese profiel

2.8.1 Beroep

Elkeen van die beroepsgroepe soos uiteengesit in tabel 2.10 is verteenwoordig. Die indeling van beroepsgroepe vir hierdie ondersoek is gebaseer op die indeling van die Sentrale Statistiekdiens en is verder aangepas om aan die spesifieke behoeftes van die teikengroep in hierdie ondersoek te voldoen.

Tabel 2.10: Beroepe

BEROEP	FREKWENSIE		KUMULATIEF
	N	%	%
Arbeider	494	28,6	28,6
Huisbediende	272	15,7	44,3
Werkloos	226	13,1	57,4
Huisvrou	179	10,4	67,8
Professioneel	123	7,1	74,9
Beskermingsdienste	73	4,2	79,1
Klerklik	68	3,9	83,0
Drywer	56	3,2	86,2
Pensioenaris	56	3,2	89,4
Student/skolier	51	3,0	92,4
Geskoolde vakman (verwer, loodgieter, skrynerker, ens.)	47	2,7	95,1
Verkoopwerker	37	2,1	97,2
Ander	30	1,7	98,9
Dienste (kok, kelner, haarkapper, ens.)	13	0,8	99,7
Toesighouer, opsigter	5	0,3	100,0
TOTAAL	1 730		

Dit is opvallend dat die meeste respondente (44,3%) in die beroepsgroepe arbeider (28,6%) en huisbediende (15,7%) ressorteer. Die relatief hoë persentasie werkloos (13,1%) is kommerwekkend. Dit is egter laag in teenstelling met die werkloosheidsyfer van 60,1% ten opsigte van die PWV-gebied (Wilson en Hattingh, 1988:78). Die werkloosheidsyfer van respondente jonger as 21 jaar en ouer as 60 jaar is, nie in hierdie ondersoek bepaal nie. Dit kan aanvaar word dat die beskikbaarheid van sodanige data die werkloosheidsyfer in die Suid-Oranje-Vrystaat sal laat eskaleer.

2.8.2 Opvoedkundige kwalifikasies


In tabel 2.11 word die verdeling van opvoedkundige kwalifikasies uiteengesit.

Tabel 2.11: Opvoedkundige kwalifikasies

OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES	N	FREKWENSIE	KUMULATIEF
		%	%
Geen skoolopleiding	156	9,0	9,0
Laer as st. 5	510	29,5	38,5
St. 5 tot 8	811	46,9	85,4
St. 9 tot 10	190	11,0	96,4
Graad/diploma/sertifikaat	59	3,4	99,8
Nagraads	4	0,2	100
Totaal	1730		

Die opvoedkundige kwalifikasies van die respondente asook die mans en vrouens afsonderlik, word in figuur 1 voorgestel.

Slegs 3,6% van die respondente beskik oor 'n opvoedkundige kwalifikasie hoër as matriek. Daar is 85,4% respondente wat oor 'n st. 8 en laer kwalifikasie beskik. Dit is insiggewend



Figuur 1: Opvoedkundige kwalifikasies

dat daar met 'n toename in ouderdom 'n afname in opvoedkundige kwalifikasie is. Die korrelasie is $-0,3450$ en hoogs beduidend ($p < 0,01$). Dit blyk ook verder uit 'n chikwadraat-analise van gebeurlikheidstabelle dat met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasies daar 'n afname is in die aantal respondente per geslag. Die verband is hoogs beduidend ($p < 0,01$).

2.8.3 Inkomste

Volgens die netto inkomsteverdeling per individu soos blyk uit tabel 2.12 is die laer inkomstegroepe baie goed verteenwoordig. Die lae inkomstepeil van die respondente, 87,1% verdien minder as R400 per maand, hou moontlik verband met die laer frekwensie opvoedkundige kwalifikasies en die hoë frekwensie beroepsgroepe van arbeiders en huisbediende asook die hoë persentasie werkloses. Uit 'n chikwadraat-analise het dit geblyk dat met 'n toename in ouderdom daar 'n afname in opvoedkundige kwalifikasie is, wat betref die inkomste groepe R1-R200 ($p < 0,01$) en R201-R400 ($p < 0,01$). Die netto mediaaninkomste van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat is slegs R130,00 per maand in 1986 (R182,00 in 1989).* Die gemiddelde maandelikse inkomste per swart werker in die PWV-gebied gedurende 1980 was R188,00 (R604,00 in 1989) (plaaswerkers uitgesluit). (Wilson en Hattingh, 1988:30). Dit is aansienlik hoër as dié in die Suid-Oranje-Vrystaat. Alhoewel 'n hoër mediaaninkomste in die PWV-gebied voorkom, moet die impak van die eksterne omgewing verreken word. So byvoorbeeld sal faktore soos hoë reisdistansie en duurder huisvesting 'n drastiese impak op die besteebare inkomste van Swartmense in stede uitoefen. Die mediaaninkomste in die Suid-Oranje-Vrystaat vergelyk gevolglik goed met die van die PWV-gebied. 'n Ontleding van gebeurlikheidstabelle het verder aangetoon dat met 'n


* Die bedrag is beraam deur die Departement Geld en Bankwese, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

toename in inkomste daar 'n afname in die aantal respondente per geslag is. Die verband is hoogs beduidend ($p < 0,01$).

Tabel 2.12: Inkomste

INKOMSTE (Netto per maand)	N	FREKWENSIE	KUMULATIEF
		%	%
Geen	407	23,5	23,5
R 1,00 - R 200,00	705	40,8	64,3
R201,00 - R 400,00	395	22,8	87,1
R401,00 - R 600,00	138	8,0	95,1
R601,00 - R 800,00	46	2,7	97,8
R801,00 - R1 000,00	18	1,0	98,8
Meer as R1 000,00	21	1,2	100
Totaal	1730		

Die inkomsteprofiel van alle respondente (21-59 jr) sowel as dié van mans en vrouens word in figuur 2 uitgebeeld.



Figuur 2: Inkomste

HOOFSTUK 3

HUIDIGE DEELNAMEPATRONE IN DIE ONDERSOEKGEBIED

Inleiding

Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite
 Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite
 volgens demografiese veranderlikes

Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite
 van persone 60 jaar en ouer

Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite
 van persone jonger as 21 jaar

Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite
 volgens sosio-ekonomiese status

Samevatting

3.1 Inleiding

Om die doel van die ondersoek naamlik die daarstel en strukturering van 'n voorsieningsraamwerk en -strategie soos reeds uiteengesit, te verantwoord, is dit noodsaaklik om die huidige deelnamepatrone van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat aan verskillende rekreasie- en sportaktiwiteite vas te stel. Geïdentifiseerde deelnamepatrone in geografiese verband kan bydra tot die daarstel van 'n oorhoofse voorsieningstrategie om optimale benutting te verseker. Die gebrek aan vergelykende gegewens ten opsigte van deelnamesyfers oor sekere tydperke is egter een van die grootste tekortkominge vir strategiebeplanning. Behoorlike beplanning is alleen moontlik indien veranderinge oor gegewe tydperke waargeneem en in berekening gebring kan word. Verder beklemtoon Scholtz (RGN Sportondersoek 1982, vol. 18:11) ook dat hoewel sportdeelnamepatrone moeilik voorspelbaar is, is die beplanning vir tipes fasiliteite baie afhanklik van aannames oor verwagte toekomstige deelname en toeskouerpatrone van die teikenbevolking. Die onvoorspelbaarheid word vererger deurdat historiese data wat veranderinge oor tydperke aandui, nie beskikbaar is nie.

Bepaalde deelnamepatrone blyk duidelik uit die respondentgegewens soos ingewin en verwerk deur middel van die vraelyste. Hierdeur is dit moontlik om 'n beeld te vorm van die huidige deelnamepatrone van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat ten opsigte van rekreasie- en sportaktiwiteite. Die ondersoek handel spesifiek oor respondente in die 21-59 jaar ouderdomskategorie, tensy anders vermeld.

3.2 Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite

Sport en fisieke rekreasie

Dit word algemeen aanvaar dat deelname aan sport en fisieke rekreasie ook onder Swartmense baie gewild is, veral wat sekere aktiwiteite soos sokker, atletiek en boks betref. Volgens die 1980 sensusopname het daar uit die totale bevolking van 21,4 miljoen mense slegs 13% aan kompetisie- en rekreasiesport deelgeneem (Scholtz, 1985:4). Wat Swartmense betref was daar volgens die 1980 RGN-Sportondersoek (Scholtz, 1985:12) 30,2% mense wat aan sport deelgeneem het. Inaggenome dat deelname aan fisieke rekreasie nie by die RGN-Sportondersoek se deelnamefrekwensie ingesluit is nie, vergelyk dié syfer goed met die 44,8% deelname aan sport en fisieke rekreasie van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat. Uit tabel 3.1 en verdere tabelle sal dit duidelik word dat hierdie opvatting, wat dié ondersoekgebied betref, verkeerd blyk te wees.

Uit die totale aantal respondente (1 730) het net 44,8% aangedui dat hulle wel aan sport en fisieke rekreasie-aktiwiteite deelneem. Daar is dus 55,2% respondente wat nie aan enige vorm van sport en/of fisieke rekreasie deelneem nie - hiervan is 44,1% mans en 55,9% vrouens.

Die lae persentasie deelname aan sport en fisieke rekreasie is opvallend. In hierdie opsig bevind Scholtz (1985:26) dat rekreasie-aktiwiteite aansienlik hoër aanhang geniet as

sportaktiwiteite. Wat hierdie ondersoek betref is daar ook 'n afname in deelname aan fisieke aktiwiteite soos byvoorbeeld sokker met 'n toename in ouderdom. Die korrelasie is $-0,2386$ en hoogs beduidend ($p < 0,01$). Wanneer daar egter 'n totale beeld van deelname aan al die vryetydsaktiwiteite (sport/fisieke rekreasie, spele, passiewe rekreasie) gevorm word, is die gemiddelde deelnamesyfer hoër (61,6%).

Tabel 3.1: Deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie

AKTIWITEIT	% Deelname										
	N	%	MAAN	DINS	WOENS	DON	VRY	SAT	SON	1xper 2 weke	1xper maand
Sokker	292	16,9	9,1	7,9	11,0	8,4	7,8	9,5	12,8	1,0	0,8
Tennis	219	12,7	5,0	3,7	6,5	3,5	5,0	8,0	6,2	0,7	0,2
Netbal	106	6,1	2,5	1,6	3,8	1,5	2,9	3,6	1,4	0,5	0,6
Liggaamsbou	94	5,4	0,4	0,3	0,2	0,5	0,4	0,6	0,1	0,1	0,1
Atletiek	71	4,1	0,9	0,9	1,6	0,8	1,5	1,7	0,5	0,9	0,3
Stamdans	56	3,2	0,3	0,2	0,2	0,3	0,9	1,7	0,8	0,6	0,8
Boks	52	3,0	1,3	1,2	1,4	1,3	1,4	1,7	0,1	0,0	0,1
Sosiale dans	51	3,0	0,8	0,5	0,8	0,5	0,9	1,8	0,6	0,4	0,2
Biljart/ Snoeker	49	2,8	0,3	0,2	0,5	0,3	0,5	0,6	0,1	0,0	0,1
Sagtebal	45	2,6	1,0	0,8	1,8	1,0	1,2	1,6	0,5	0,1	0,2
Tafeltennis	45	2,6	1,0	1,0	1,4	1,0	1,2	1,7	0,7	0,1	0,1
Fietsry	32	1,9	0,6	0,5	0,7	0,6	0,8	0,4	0,1	0,0	0,0
Gholf	32	1,9	0,5	0,5	0,5	0,5	0,6	1,2	0,8	0,1	0,1
Vlugbal	24	1,4	0,2	0,2	0,8	0,2	0,2	0,4	0,2	0,2	0,1
Landloop	20	1,2	0,2	0,3	0,3	0,2	0,1	0,4	0,1	0,1	0,1
Judo	13	0,8	0,1	0,1	0,2	0,2	0,2	0,2	0,1	0,0	0,1
Karate	13	0,8	0,2	0,2	0,3	0,2	0,3	0,3	0,0	0,0	0,1
Krieket	11	0,6	0,2	0,1	0,1	0,1	0,1	0,2	0,2	0,1	0,0
Pluimbal	11	0,6	0,1	0,1	0,2	0,1	0,2	0,2	0,1	0,0	0,0
Swem	10	0,6	0,2	0,1	0,2	0,1	0,2	0,3	0,3	0,3	0,1
Ringtennis	7	0,4	0,2	0,2	0,3	0,1	0,2	0,4	0,1	0,0	0,0
Trimpark	7	0,4	0,0	0,1	0,1	0,1	0,1	0,1	0,0	0,1	0,1
Ander	7	0,4	0,2	0,2	0,2	0,2	0,2	0,2	0,1	0,1	0,1
Rugby	4	0,2	0,1	0,1	0,2	0,1	0,1	0,2	0,0	0,1	0,0
Stoei	3	0,2	0,1	0,0	0,1	0,0	0,0	0,0	0,0	0,1	0,1

Soos verwag is, beklee sokker die eerste plek ten opsigte van sport en fisieke rekreasie met 'n deelnamefrekwensie van 16,9% (Tabel 3.1). Die tweede hoogste frekwensie gaan aan tennis (12,7%), wat selfs hoër is as atletiek (4,1%) in die vyfde plek, waarvan 'n veel hoër frekwensie te wagte was. Die hoë persentasie wat netbal en liggaamsbou, as enkelgeslag-aktiwiteite behaal het, is insiggewend. Die vyf gewildste sport/fisieke rekreasie aktiwiteite verteenwoordig 45,2% van die totale sport/fisieke rekreasiedeelname.

Swartmense toon 'n baie geringe belangstelling in aktiwiteite wat tradisioneel deur blankes beoefen word, soos byvoorbeeld rugby (0,2%), swem (0,6%) en krieket (0,6%). Dit blyk dat deelname aan huidige, asook aan ander tradisionele blanke-aktiwiteite, as gevolg van die toename in verstedeliking sal toeneem. *"Edwards found differences between white and black groups in a sample of urban residents in Virginia, but discovered that blacks living in predominantly white neighbourhoods had the same activities as white residents. Because residential patterns are determined by social class, the study suggests that middle-class blacks may have activity patterns very similar to those of whites"* (Hutchinson, 1988:16). Grobler (1987:334) bevestig hierdie stelling en wys daarop dat terugvoering van die stad na die platteland daartoe gelei het dat ook die plattelandse Swartmense Westerse sport, Westerse musiek, Christelike kerke en Westerse literatuur hulle eie maak het. Hierbenewens sal ontwikkelingsprogramme spesifiek gerig op Swartmense, wat deur provinsiale en nasionale sportliggame van stapel gestuur word, drastiese stygings in deelnamefrekwensies van beide aktiewe deelname en toeskouergetalle tot gevolg hê.

Gedurende 1980 was 38% van die Swartmense verstedelik teenoor 62% plattelands (RGN Navorsingsverslag 1982, S-82:6). Smit en Booyen (RGN Navorsingsverslag 1986, S-86:2) wys daarop dat die swart bevolking na verwagting in die

toekoms toenemend aan verstedeliking onderhewig sal wees.*

Die mate waarin 'n bevolking verstedelik hang nou saam met 'n bevolking se sportdeelname. Hoe meer 'n bevolking verstedelik, hoe groter die persentasie wat aan sport deelneem (RGN Sportondersoek 1982, vol. 18:14). Dit kan derhalwe aanvaar word dat met die toename in verstedeliking, sportdeelname ook in die ondersoekgebied sal eskaleer - indien die fasiliteite en ondersteunende infrastruktuur teenwoordig is.

Volgens die sensusopname van 1980 (Scholtz, 1985:5) is die vyf gewildste sportsoorte by Swartmense soos volg:

1.	Sokker	63,6 %
2.	Balspele gegooi deur 'n ring	17,1 %
3.	Rugby	5,1 %
4.	Tennis	4,7 %
5.	Kontak sportsoorte	3,4 %

Verder meer bevind Scholtz (1985:13) dat volgens 'n opname in 1983, onder verstedelikte Suid-Afrikaners die sportdeelnameprofiel van die vyf gewildste aktiwiteite onder Swartmense soos volg daar uitsien:

1.	Sokker	41,3 %
2.	Netbal	16,6 %
3.	Tennis	12,1 %
4.	Basketbal	10,0 %
5.	Sagtebal	4,5 %

Volgens 'n verslag van Wilson en Hattingh (1988:74) is die vyf gewildste sportaktiwiteite in die PWV-gebied sokker, tennis, netbal, draf en atletiek, wat met die uitsondering van draf en atletiek grotendeels ooreenstem met die vyf gewildste sportaktiwiteite van verstedelikte Swartmense in Suid-Afrika. Hierdie opnames stem deels ooreen met die vyf

* (Volgens die 1988/89 Suid-Afrikaanse Jaarboek het verstedeliking onder Swartmense met 1,7% per jaar toegeneem tussen 1980 en 1985).

gewildste aktiwiteite van Swartmense (Tabel 3.1) in die Suid-Oranje-Vrystaat. Verder blyk dit dat volgens die eersvermelde twee opnames onderskeidelik 43,1% en 63,6% van Swartsportdeelnemers, sokkerspelers is, teenoor die 37,7% in hierdie ondersoek. Die dorpe in die landelike gebied van die Suid-Oranje-Vrystaat word met die stedelike gebiede van die PWV-streek, asook met ander relevante landswye opnames, vergelyk om ooreenkomste en verskille aan te dui. Die noodsaaklikheid om met 'n behoeftebepaling op die mense in 'n spesifieke geografiese gebied te konsentreer, word hierdeur beklemtoon.

Wat die vyf gewildste aktiwiteite (tabel 3.1) betref, is daar 'n tendens van deelname waarneembaar wat twee spitstye gedurende die week, naamlik Woensdae en Saterdag, het. Die uitsondering is sokker, met spitstye op Woensdae en Sondag en liggaamsbou, op Donderdag en Saterdag. Die deelname van Swartmense aan sport en fisieke rekreasie dui dus twee hoë benuttingstye in die week aan naamlik Woensdae en Saterdag wat die beskikbaarheid van fasiliteite kan beïnvloed.

Spele

Spele-aktiwiteite soos morabaraba, ringe, dominos, ensvoorts is nie juis gewild by blankes nie, maar blyk volgens tabel 3.2 gewild te wees onder Swartmense.

Die meerderheid respondente (55,4%) neem aan die een of ander vorm van spele-aktiwiteite deel. In die ouderdomsgroep van 21-59 jaar, is die deelnamefrekwensie van spele-aktiwiteite (55,4%) 10,6% hoër as deelname aan sport en fisieke rekreasie (44,8%).

Dit is interessant dat dubbel geen plek onder die eerste vyf spele-aktiwiteite kry nie. Deelname aan sokker (16,9%) as die gewildste sportaktiwiteit, vergelyk swak met kaartspel (29,8%) wat as die gewildste spele-aktiwiteit aangedui word.

Tabel 3.2: Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite

Aktiwiteit	% Deelname										
	N	%	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderd	Vrydag	Saterdag	Sondag	1x2 weke	1xper md
Kaartspeel	515	29,8	14,3	12,7	14,2	12,5	16,4	17,5	9,2	3,6	1,0
Morabaraba	313	18,4	8,7	7,5	8,5	7,7	9,8	10,0	5,6	2,5	0,8
Domino's	109	6,3	1,7	1,3	2,2	1,6	2,7	3,5	2,3	0,8	0,2
Skaak	73	4,2	0,9	0,9	1,6	1,3	1,6	2,4	1,6	0,2	0,2
Vingerbord	70	4,0	1,3	1,3	1,7	1,5	1,9	2,2	1,3	0,2	0,0
Ringe	59	3,4	0,9	0,9	1,0	0,9	1,3	1,8	0,7	0,5	0,3
Veerpyltjies	42	2,4	0,9	1,2	1,0	1,1	1,3	1,7	0,6	0,1	0,1
Ander	35	2,0	0,4	0,4	0,4	0,5	1,3	1,4	0,4	0,3	0,1
Dobbel	29	1,7	0,2	0,2	0,3	0,2	0,3	0,5	0,3	0,1	0,3

Deelname aan spele-aktiwiteite is konstant gedurende die week en bereik 'n besliste hoë benuttingstyd oor naweke, veral op Saterdag. Daar is geen spitstye van deelname gedurende die week soos by sport en fisieke rekreasie ondervind is nie.

Deelname aan spele-aktiwiteite word hoofsaaklik by of naby die huis beoefen en vereis geen of min finansiële uitleg, inoefening en vervoer. Woodard (1988:94) sluit hierby aan: *"By contrast, informal domestic activities may require much less financial outlay, formal training, and formal grab and little or no travel outside the neighbourhood for participation. Informal domestic activities can be thought of as communal type activities which usually take place in the home or neighbourhood."*

Die beoefening van spele-aktiwiteite by of naby die huis en die hoë deelname daaraan in die ondersoekgebied, is insiggewend en belangrik vir beplanningsriglyne. Deelname aan spele-aktiwiteite kan gestalte verleen aan gesinsrekreasie. Szwak (1988:59) bevestig hierdie tendens met data uit 'n 1983-opname wat in die VSA gedoen is. *"Most of these families leisure activities took place at home."* Veral onder Swartmense waar hulle huidige lewens- en werksomstandighede deur faktore soos onder andere lang afstande tussen huis en werk asook lae mobiliteit negatief beïnvloed word, kan gesinsrekreasie meehelp om hierdie swak omstandighede te help orden en normaliseer.

Die bevordering van gesinsrekreasie onder Swartmense is baie belangrik en noodsaaklik. 'n Voorsieningstrategie sal gesinsrekreasie as 'n funksie moet aanspreek om ook daarvoor voorsiening te maak. *"Regardless of the composition of the American household, recreation professionals must recognize the importance families place on recreation leisure experience; they must design their services to help families, in all their diversity, meet their goals."* (Szwak, 1988:61).

Passiewe rekreasie

Deelname aan passiewe rekreasie is volgens tabel 3.3 baie gewild onder Swartmense. Die hoë deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie (84,5%) is opmerklik in vergelyking met sport en fisieke rekreasie (44,8%) en spele (55,4%).

Market Research Africa (Die Volksblad van 5/3/87) bevind dat die besit van televisiestelle deur swartes 'n plato bereik het. Hiervolgens sal deelname aan "televisie kyk" meer konstant bly teenoor ander aktiwiteite wat 'n groei kan toon. Faktore soos die opheffing van die sosio-ekonomiese peil kan egter die bevindinge van Market Research Africa beïnvloed en televisiebesit verder laat eskaleer. Wilson en Hattingh (1988:79) bevind dan ook dat televisie kyk 'n al hoe belangriker rol in vryetydsbesteding sal speel, aangesien televisies al hoe meer toeganklik raak.

Volgens tabel 3.1 vergelyk sokker (16,9%) as die gewildste sport/fisieke rekreasie-aktiwiteit, baie swak met televisie kyk (44,2%) en familie/vriende besoek (43,9%). Die lae deelname aan sport en fisieke rekreasie teenoor die hoë deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie, blyk duidelik uit 'n vergelyking van tabel 3.1 met 3.3. Tussen 1970 en 1980 was die gemiddelde jaarlikse groei van die swart bevolking 2,63%, wat 'n verdubbeling van die bevolking elke 27 jaar impliseer (RGN Navorsingsverslag S-133 1985:11). Die hoë deelnamefrekwensies aan passiewe rekreasie-aktiwiteite deur Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat, gesien teen die agtergrond van steeds snelstygende bevolkingsgetalle, plaas die voorsiening van passiewe rekreasie in die brandpunt. Voorsieningsinstansies sal passiewe rekreasie in 'n voorsieningstrategie moet aanspreek om aan die steeds stygende behoeftes te kan voldoen.

Die tendens van toename in die deelnamefrekwensie aan sport en fisieke rekreasie, asook aan spele, oor veral naweke, is nie so duidelik by passiewe rekreasie waarneembaar nie.

Tabel 3.3: Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie

Aktiwiteit	% Deelname										
	N	%	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderd	Vrydag	Saterdag	Sondag	1x2 weke	1xper md
Televisie kyk	765	44,2	1,8	34,2	30,2	34,7	32,8	32,6	24,5	1,3	0,3
Familie/vriende besoek	760	43,9	8,3	6,7	7,9	7,3	15,0	26,6	25,1	3,6	5,1
Toeskouer	425	24,6	0,9	0,9	0,8	0,9	1,9	16,5	20,5	1,8	1,0
Bioskoop besoek	273	15,8	2,5	1,1	3,4	1,4	7,7	6,6	1,2	1,1	2,7
Naaldwerk	243	14,0	5,7	5,2	5,7	5,5	6,3	5,7	2,2	2,5	0,9
Rekreasieoord besoek	128	7,4	0,6	0,9	0,6	0,8	1,3	3,2	3,7	0,5	2,0
Motorritte	84	4,9	3,1	3,2	3,2	3,4	3,4	3,4	2,7	0,8	0,3
Biblioteek besoek	69	4,0	1,4	1,2	1,4	1,2	1,6	1,3	0,5	0,3	0,3
Piekniek	61	3,5	0,2	0,2	0,2	0,2	0,5	1,3	0,8	0,2	0,1
Vlegwerk	57	3,3	1,8	1,6	1,7	1,6	1,7	1,4	0,6	0,5	0,2
Pottebakkery	44	2,5	0,8	0,8	0,7	0,9	1,1	1,6	1,1	0,1	0,2
Visvang	38	2,2	0,2	0,1	0,2	0,1	0,5	1,3	1,0	0,3	0,3
Houtsneewerk	37	2,1	1,3	0,9	1,1	0,8	0,9	1,4	0,3	0,1	0,1
Ander	18	1,0	0,3	0,3	0,4	0,5	0,3	0,4	0,8	0,1	0,1

Trouens, by ongeveer die helfte van die aktiwiteite, byvoorbeeld motorritte, televisie kyk, naaldwerk en houtsneewerk is daar geen toename in die deelnamefrekwensie oor naweke nie. Die meeste van hierdie aktiwiteite word elke dag van die week beoefen, vandaar die hoë frekwensie in passiewe rekreasie. Die toeganklikheid van die fasiliteit lewer hier 'n positiewe bydrae. Scholtz (1985:25) bevind met 'n opname in 1983 onder verstedelike Suid-Afrikaners, dat Swartmense se rekreasiedeelname uitsluitlik tot bioskoop/televisie (36,0%), lees (30,2%), tuinmaak (16,5%) en dans (5,3%) beperk is. Betreffende rekreasiedeelname in die Suid-Oranje-Vrystaat is daar slegs in die geval van televisie kyk (44,2%) en bioskoop besoek (15,8%) 'n ooreenkoms.

Die hoë frekwensie van deelname aan passiewe rekreasie onder Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat vergelyk ook goed met deelnamepatrone in die Verenigde State van Amerika. "... showed that seven of the top eight urban leisure activities among Black Americans were informal domestic activities. The five most popular leisure activities were looking at television/listening to the radio, barbecuing/cooking out, visiting family, having friends over, and reading newspapers/magazines. Ninety-four to ninety-seven percent of the WAC households reported participation in these activities. Such high participation in informal domestic activities may reflect a positive legacy of African communalism as well as the relatively low cost of these activities. This ranking was somewhat comparable with Craig's (1972) and Stamp's and Stamp's (1985) in which looking at television, visiting with family and friends, and reading were top ranked activities among urban Blacks" (Woodard, 1988:96).

Die hoë deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie (84,5%) in die ondersoekgebied kan dus nie as 'n streeksverskynsel gesien word nie. Die belangrikheid daarvan word onderstreep deur die ooreenstemmende deelnamepatrone in die res van

Tabel 3.4: Vergelykende deelnamepatrone tussen sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

Sport/fisieke rekreasie			Spele			Passiewe Rekreasie		
AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%
1. Sokker	292	16,87	Kaartspeel	515	29,75	Televisie kyk	765	44,19
2. Tennis	219	12,65	Morabaraba	318	18,37	Familie, vriende besoek	760	43,91
3. Netbal	106	6,12	Domino's	109	6,30	Toeskouer by sportbyeenkomste	425	24,55
4. Liggaamsbou	94	5,43	Skaak	73	4,22	Bioskoop besoek	273	15,77
5. Atletiek	71	4,10	Vingerbord	70	4,04	Naaldwerk	243	14,04

Suid-Afrika (Scholtz, 1985; Wilson en Hattingh, 1988) en in die VSA. Voorsieningsinstansies sal passiewe rekreasie-aktiwiteite in beplanningsriglyne en voorsieningstrategieë moet verreken.

Vergelykende statistieke tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie


'n Vergelyking van deelnamepatrone tussen sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie word in tabel 3.4 aangetoon.

Die vyf gewildste sport-/spele-/rekreasie-aktiwiteite waaraan Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat tans deelneem, word in tabel 3.5 uiteengesit en in figuur 3 uitgebeeld.

Tabel 3.5: Die vyf gewildste aktiwiteite

AKTIWITEIT	AARD	N	%
1. Televisie kyk	Passief	765	44,2
2. Familie/vriende besoek	Passief	760	43,9
3. Kaartspeel	Spele	515	29,8
4. Toeskouer by sportbyeenkomste	Passief	425	24,6
5. Morabaraba	Spele	318	18,4

Insiggewend is dat daar geen sport/fisieke rekreasie-aktiwiteite onder die eerste vyf voorkom nie. Ten spyte van die hoë deelname aan sokker as sport/fisieke rekreasie-aktiwiteit, beklee dit slegs die sesde plek. Die algemene opvatting dat sokker die hoogste deelnamefrekwensie wat alle vryetydsaktiwiteite betref sal beklee, blyk dus verkeerd te wees wat Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat betref. Uit tabel 3.5 blyk dit dat deelname aan passiewe rekreasie 'n hoë voorkeur by Swartmense geniet. Die drie gewildste aktiwiteite onder Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat,



Figuur 3: Die vyf gewildste aktiwiteite (21-59 jaar)

naamlik televisie kyk, familie/vriende besoek en kaartspeel, het weinig beplanningsimplikasies en fasiliteite vir hierdie doel kan maklik deur die individu self voorsien word. Vermelde aktiwiteite hou egter finansiële implikasies vir individue in.

Wilson en Hattingh (1988:77) bevind dat die volgende aktiwiteite die gewildste onder Swartmense in die PWV-area is:

1.	Televisie kyk	22,0 %
2.	Kerkaktiwiteite	17,9 %
3.	Lees	16,6 %
4.	Luister na musiek	12,4 %
5.	Bioskoop	11,1 %
6.	Besoek familie/vriende	10,6 %

'n Vergelyking van die dorpe in die landelike gebied van die Suid-Oranje-Vrystaat met die stedelike PWV-gebied, wys op 'n waarneembare ooreenkoms in passiewe deelnamepatrone.

Huidige deelnamepatrone is nie eksklusief bepalend en die enigste oorweging vir rekreasie- en sportvoorsiening nie. Deelnamepatrone kan met ander studies oor tydperke asook met studies oor ander streke vergelyk word, waarvolgens afleidings en ontledings gemaak kan word. Hierdie afleidings kan saam met geïdentifiseerde behoeftes gebruik word om toekomstige deelname volgens veranderinge van determinante te antisipeer vir die daarstel van 'n voorsieningstrategie.

3.3 Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens demografiese veranderlikes

Met die doel van die ondersoek in gedagte is spesifieke demografiese veranderlikes soos geslag, ouderdom en huwelikstatus geselekteer. *"Demographic variables too, such as age, sex, family structure and diversity are of obvious importance in explaining recreation patterns."* (Pigram, 1983:11).

Sport en fisieke rekreasie

Uit tabel 3.6 is dit duidelik dat sekere aktiwiteite hoofsaaklik deur mans beoefen word, soos byvoorbeeld rugby, sokker, gholf, krieket, biljart/snoeker, boks en fietsry. Aktiwiteite wat weer hoofsaaklik deur vrouens beoefen word, is netbal, liggaamsbou, pluimbal en stamdans. Aktiwiteite wat deur beide geslagte beoefen word, is ringtennis, sosiale dans, stamdans, swem, tennis en trimpark, waarvan tennis, stamdans en sosiale dans die gewildste onder beide geslagte blyk te wees.

Volgens Walmsley in Odendaal (1990:38) is dit belangrik om die invloed van ouderdom in ag te neem tydens die verklaring van rekreasiepatrone. Sport en fisieke rekreasie-aktiwiteite word hoofsaaklik deur die jonger respondente (21-30 jaar en 31-40 jaar) beoefen. Volgens tabel 3.6 is daar 'n duidelike afname in die deelnamefrekwensie met 'n toename in ouderdom waarneembaar. Uitsonderings is fietsry, gholf en stamdans wat meer konstant bly. Die korrelasie tussen ouderdom en deelname aan sokker is $-0,2386$ en hoogs beduidend ($p < 0,01$). Verdere voorbeelde is atletiek ($-0,0824$ en $p < 0,01$); kaartspeel ($-0,2273$ en $p < 0,01$), skaak ($-0,1061$ en $p < 0,01$) en televisie kyk ($-0,1639$ en $p < 0,01$). Die uitsondering is morabaraba waar 'n toename in deelname voorkom met 'n toename in ouderdom. Die korrelasie is $,0812$ en hoogs beduidend ($p < 0,01$).

Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens huwelikstatus hou verband met deelnamepatrone volgens ouderdom. Daar kan aanvaar word dat die meerderheid ongetroude respondente ook die jonger respondente is. Getroude respondente is weer hoofsaaklik die ouer respondente. Volgens inligting uit die tabel blyk dit dat huwelikstatus weinig invloed het op deelname aan sport en fisieke rekreasie. Siehl (1988:40) beklemtoon ook die invloed van demografiese tendense. "*Local demographic*

Tabel 3.6 Deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		GESLAG				OUDERDOM						HUWELIKSTATUS									
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		579		433		218		517		996		165		52	
		MANLIK		VROULIK		21-30 JAAR		31-40 JR		41-50 JR		51-59 JAAR		ONGETROUD		GETROUD		GESKEI, WED.WEW		WOON SAAM	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Sokker	292	277	94,9	15	5,1	150	51,4	93	31,8	43	14,7	6	2,1	132	45,2	143	49,0	3	1,0	14	4,8
Tennis	219	111	50,7	108	49,3	93	42,5	81	37,0	40	18,3	5	2,2	84	38,4	114	52,1	9	4,1	12	5,4
Netbal	106	4	3,8	102	96,2	49	46,2	38	35,8	14	13,3	5	4,7	47	44,3	44	41,5	8	7,5	7	6,7
Liggaamsbou	94	15	16,0	79	84,0	45	47,9	32	34,0	13	13,8	4	4,3	40	42,6	45	47,9	4	4,3	5	5,2
Atletiek	71	47	66,2	24	33,8	30	42,3	28	39,4	12	16,9	1	1,4	32	45,1	35	49,3	2	2,8	2	2,8
Stamdans	56	23	41,1	33	58,9	8	14,2	14	25,0	17	30,4	17	30,4	10	17,9	33	58,9	13	23,2	0	0
Boks	52	48	92,3	4	7,7	19	36,5	22	42,3	9	17,4	2	3,8	18	34,6	30	57,8	2	3,8	2	3,8
Sosiale dans	51	23	45,1	28	54,9	24	47,1	15	29,4	8	15,7	4	7,8	25	49,0	21	41,2	4	7,8	1	2,0
Biljart/snoeker	49	46	93,9	3	6,1	20	40,8	23	46,9	6	12,3	0	0	25	51,1	22	44,9	1	2,0	10	2,0
Sagtebal	45	30	66,7	15	33,3	26	57,8	13	28,9	5	11,1	1	2,2	19	42,2	22	48,9	1	2,2	3	6,7
Tafeltennis	45	31	68,9	14	31,1	26	57,8	15	33,3	4	8,9	0	0	24	53,3	17	37,8	0	0	4	8,9
Fietsry	32	29	90,6	3	9,4	6	18,8	11	34,4	13	40,5	2	6,3	7	21,9	21	65,5	2	6,3	2	6,3
Gholf	32	31	96,9	1	3,1	11	34,4	9	28,1	11	34,4	1	3,1	13	40,6	17	53,2	1	3,1	1	3,1
Vlugbal	24	12	50	12	50	11	45,8	7	29,2	6	25,0	0	0	9	37,5	12	50,0	2	8,3	1	4,2
Landloop	20	18	90	2	10	7	35,0	7	35,0	6	30	0	0	6	30,0	14	70,0	0	0	0	0
Judo	13	10	76,9	3	23,1	4	30,8	8	61,5	1	7,7	0	0	6	46,2	6	46,2	1	7,6	0	0
Karate	13	11	84,6	2	15,4	6	46,2	5	38,4	1	7,7	1	7,7	4	30,8	8	61,5	1	7,7	0	0
Krieket	11	11	100	0	0	4	36,4	4	36,4	2	18,2	1	9,0	2	18,2	9	81,8	0	0	0	0
Pluimbal	11	2	18,2	9	81,8	4	36,4	7	63,6	0	0	0	0	4	36,6	7	63,8	0	0	0	0
Swem	10	5	50	5	50	5	50	4	40	1	10	0	0	4	40,0	6	60,0	0	0	0	0
Ringtennis	7	4	57,1	3	42,9	2	28,6	5	71,4	0	0	0	0	4	57,1	3	42,9	0	0	0	0
Trimpark	7	3	42,9	4	57,1	5	71,4	2	28,6	0	0	0	0	3	42,9	4	57,1	0	0	0	0
Ander	7	0	0	7	100	4	57,1	2	28,6	0	0	1	14,3	4	57,1	3	42,9	0	0	0	0
Rugby	4	4	100	0	0	1	25	1	25	1	25	1	25	1	25,0	1	25,0	2	50,0	0	0
Stoei	3	2	66,7	1	33,3	0	0	3	100	0	0	0	0	0	0	3	100	0	0	0	0

conditions, particularly conditions of family structure, will influence available leisure time."

Spele

Deelname aan spele-aktiwiteite word geheel en al deur manlike respondente oorheers met kaartspeel wat deur beide geslagte die meeste beoefen word. Getroude respondente het ook 'n hoër persentasie van deelname aan spele-aktiwiteite as die van ongetroude respondente, met die uitsondering van skaak. Die voorsiening, aanleer en bevordering van spele-aktiwiteite onder Swartmense kan baie help om gesinsrekreasië te bevorder. Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite volgens demografiese veranderlikes word in tabel 3.7 uiteengesit.

Uit tabel 3.6 het dit duidelik geblyk dat deelname aan sport en fisieke rekreasië deur die jonger respondente (21-40 jaar) oorheers word. Volgens tabel 3.7 is die deelnamefrekwensies aan spele-aktiwiteite eweredig oor die ouderdomsgroepe 21-30 jaar, 31-40 jaar en 41-50 jaar versprei. Die ouderdomsgroep 51-59 jaar toon egter 'n lae deelnamefrekwensie. Die impak van ouderdom op spele-aktiwiteite is aansienlik minder as op sport en fisieke rekreasië.

Passiewe rekreasië

Volgens tabel 3.8 word deelname aan aktiwiteite soos biblioteek besoek, bioskoop besoek, houtsneewerk, motorritte, rekreasiëoord besoek, toeskouer by sportbyeenkomste en visvang hoofsaaklik deur manlike respondente beoefen. Die vroulike respondente toon 'n hoër deelnamefrekwensie aan naaldwerk, pottebakkerie en vlegwerk. Hierdie bevinding vind aansluiting by dié van Kraus (1985:111): *"We have reflected the societal view of appropriate masculine roles by giving fuller emphasis to active sports, games, and outdoor activities for males, and*

TABEL 3.7 Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		GESLAG				OUDERDOM								HUWELIKSTATUS							
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		579		433		218		517		996		165		52	
		MANLIK		VROULIK		21-30 JR		31-40 JR		41-50 JR		51-59 JR		ONGETROUD		GETROUD		GESKEI, WED. WEW.		WOON SAAM	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Kaartspeel	515	319	61,9	196	38,1	210	40,8	196	38,1	84	16,3	25	4,8	205	39,8	259	50,3	38	7,4	13	2,5
Morabaraba	318	289	90,9	29	9,1	76	23,9	107	33,6	95	29,9	40	12,6	73	23,0	212	66,7	18	5,7	15	4,6
Domino's	109	72	66,1	37	33,9	41	37,6	42	38,5	21	19,3	5	4,6	42	38,5	57	52,3	2	1,8	8	7,4
Skaak	73	65	89,0	8	11,0	36	49,3	25	34,2	9	12,3	3	4,2	41	56,2	29	39,7	1	1,4	2	2,7
Vingerbord	70	54	77,1	16	22,9	35	50	23	32,9	11	15,7	1	1,4	29	41,4	37	52,9	3	4,3	1	1,4
Ringe	59	53	89,8	6	10,2	21	35,6	17	28,8	18	28,8	4	6,8	21	35,6	31	52,5	4	6,8	3	5,1
Veerpyltjies	42	39	92,9	3	7,1	15	35,7	12	28,6	13	31,0	2	4,7	14	33,3	22	52,4	4	9,5	2	4,8
Ander	35	22	62,9	13	37,1	13	37,1	7	20	10	28,6	5	14,3	9	25,7	22	62,9	3	8,6	1	2,8
Dobbel	29	22	75,9	7	24,1	9	31,0	11	38,0	9	31,0	0	0	10	34,5	12	41,4	1	3,4	6	20,7

TABEL 3.8: Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		GESLAG				OUDERDOM								HUWELIKSTATUS							
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		579		433		218		517		996		165		52	
		MANLIK		VROULIK		21-30 JR		31-40 JR		41-50 JR		51-59 JR		ONGETROUD		GETROUD		GESKEI, WED. WEW.		WOON SAAM	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Televisie kyk	765	455	59,5	310	40,5	268	35,0	268	35,0	173	22,6	56	7,4	248	32,4	441	57,6	48	6,3	28	3,7
Familie/vriende besoek	760	370	48,7	390	51,3	227	29,9	240	31,6	199	26,1	94	12,4	205	27,0	454	59,7	74	9,7	27	3,6
Toeskouer by sportbyeenkomste	425	263	61,9	162	38,1	138	32,5	146	34,4	105	24,7	36	8,4	133	31,3	250	58,8	26	6,1	16	3,8
Bioskoop besoek	273	183	67,0	90	33,0	147	53,8	86	31,5	38	13,9	2	0,8	133	48,7	119	43,6	10	3,7	11	4,0
Naaldwerk	243	12	4,9	231	95,1	69	28,4	79	32,5	61	25,1	34	14,0	80	32,9	113	46,5	34	14,0	16	6,6
Rekreasieoord besoek	128	90	70,3	38	29,7	48	37,5	44	34,4	29	22,7	7	5,4	34	26,6	84	65,6	7	5,5	3	2,3
Motorritte	84	64	76,2	20	23,8	24	28,6	31	36,9	21	25	8	9,5	16	19,0	61	72,6	7	8,4	0	0
Biblioteek besoek	69	45	65,2	24	34,8	37	53,6	16	23,2	13	18,8	3	4,4	30	43,5	33	47,8	2	2,9	4	5,8
Piekniek	61	30	49,2	31	50,8	26	42,6	22	36,1	8	13,1	5	8,2	23	37,7	28	45,9	7	11,5	3	4,9
Vlegwerk	57	3	5,3	54	94,7	18	31,6	18	31,6	8	14,0	13	22,8	23	40,4	24	42,1	8	14,0	2	3,5
Pottebakkerij	44	11	25,0	33	75,0	13	29,5	16	36,4	10	22,7	5	11,4	15	34,1	23	52,3	5	11,4	1	2,2
Visvang	38	34	89,5	4	10,5	11	29	11	29	13	34,2	3	7,8	12	31,6	23	60,5	3	7,9	0	9
Houtseewerk	37	30	81,1	7	18,9	12	32,4	13	35,1	11	29,7	1	2,8	13	35,1	23	62,2	0	0	1	2,7
Ander	18	8	44,4	10	55,6	6	33,3	3	16,7	7	38,9	2	11,1	8	44,4	7	38,9	3	16,7	0	0

by promoting creative or aesthetic pursuits or activities having to do with homemaking or other domestic roles for females". Aktiwiteite wat ongeveer gelyke frekwensies deur beide geslagte toon, is familie/vriende besoek, piekniek hou en televisie kyk.

Dit blyk ook uit die tabel dat ouer respondente meer aan passiewe rekreasie deelneem as aan sport en fisieke rekreasie. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan fisieke degenerasie namate die ouderdom toeneem. "*Participation tends to decline progressively with age and types of leisure pursuits change through the life cycle.*" (Pigram, 1983:11). Die teenoorgestelde is weer waar van die jonger respondente. Met die voorsiening van fasiliteite moet hierdie tendens in ag geneem word.

Passiewe rekreasie is meer populêr by getroude respondente terwyl sport en fisieke rekreasie by ongetroude respondente 'n hoër prioriteit geniet. Die jonger respondente se deelnamepatrone toon 'n ooreenkoms met die van die ongetroude respondente en die ouer respondente se deelnamepatrone toon weer 'n ooreenkoms met dié van die getroude respondente.

3.3.1 Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite van persone 60 jaar en ouer

Om aansluiting by die doel van die ondersoek te vind, naamlik om rekreasie- en sportvoorkeure te bepaal, is dit noodsaaklik om ook die deelnamepatrone van die respondente 60 jaar en ouer te bestudeer. Hierdie deelnamepatrone behoort ook in 'n voorsieningstrategie aangespreek te word. Uit die algemene oorsig van aspekte wat by die beplanning van die tipe sportfasiliteite in ag geneem behoort te word, blyk dit dat die verwagte veroudering van 'n teikenbevolking 'n belangrike faktor is (RGN Sportondersoek 1982, vol. 18:14). Die tradisie en kultuur van Swartmense kan 'n invloed uitoefen op huidige deelnamepatrone. Ouer Swartmense

wat meer tradisievas is, kan ander deelnamepatrone openbaar as jonger Swartmense wat meer verwesters het. Hierdie aangeleentheid word vervolgens bespreek.

sport en fisieke rekreasie

Dit blyk uit tabel 3.9 dat die respondente ouer as 60 jaar, in vergeleke met ander ouderdomsgroepe, 'n baie laer prioriteit ten opsigte van deelname aan sport en fisieke rekreasie handhaaf. Slegs 1,4% van die respondente neem aan sokker deel, waar dit by die ander groepe (21-59 jr - 16,9%; jonger as 21 jaar - 31,6%) as die gewildste sportaktiwiteit aangedui is. Die meeste respondente (15,2%) neem aan stamdansaktiwiteite deel.

Uit tabel 3.9 blyk die vyf gewildste aktiwiteite vir persone 60 jaar en ouer duidelik. Die tradisionele aktiwiteit stamdans is by verre die gewildste aktiwiteit.

Stamdans en morabaraba (raadpleeg tabel 3.10) as tradisionele aktiwiteite blyk nog steeds gewild te wees in die landelike gebied van die Suid-Oranje-Vrystaat en veral onder ouer respondente. 'n Vergelyking met opnames in stedelike gebiede, die van Scholtz (1985:107) asook van Wilson en Hattingh (1988:74,77) wys dat hierdie tradisionele aktiwiteite nie onder die eerste vyf en eerste tien aktiwiteite onderskeidelik, ressorteer nie. By implikasie beteken dit dus dat tradisionele aktiwiteite meer gewild is in die landelike as in die stedelike gebiede. Die groter westerse invloed waaraan die stedelike omgewing blootgestel is, speel 'n belangrike rol. Alhoewel landelike gebiede ook aan westerse invloede onderwerp word, is die impak daarvan nie so drasties nie en word kulturele verskynsels soos deelname aan tradisionele aktiwiteite langer gehandhaaf.

Tabel 3.9: Deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie van persone 60 jaar en ouer

AKTIWITEIT	DEELNAME		MANLIK	VROULIK
	N	%	%	%
Stamdans	99	15,2	56,6	43,4
Sosiale dans	33	5,1	69,7	30,3
Biljart/snoeker	30	4,6	83,3	16,7
Landloop	27	4,1	74,1	25,9
Vlugbal	23	3,5	78,3	21,7
Tafeltennis	13	2,0	61,5	38,5
Stoei	10	1,5	70,0	30,0
Sokker	9	1,4	88,4	21,6
Tennis	8	1,2	75,0	25,0
Ringtennis	8	1,2	75,0	25,0
Atletiek	5	0,8	100,0	0,0
Gholf	5	0,8	100,0	0,0
Pluimbal	5	0,8	80,0	20,0
Trimpark	5	0,8	80,0	20,0
Boks	4	0,6	50,0	50,0
Fietsry	4	0,6	75,0	25,0
Sagtebal	4	0,6	75,0	25,0
Karate	2	0,3	100,0	0,0
Swem	2	0,3	100,0	0,0
Liggaamsbou	1	0,2	100,0	0,0
Netbal	1	0,2	0,0	100,0
Judo	0	0,0	0,0	0,0
Krieket	0	0,0	0,0	0,0
Rugby	0	0,0	0,0	0,0
Ander	0	0,0	0,0	0,0

Spele

Volgens tabel 3.10 toon die ouer respondente 'n hoër deelnamefrekwensie aan spele-aktiwiteite as aan sport en fisieke rekreasie. Dit kan aanvaar word dat met 'n toename in ouderdom die belangstelling in meer fisieke aktiwiteite sal afneem. 'n Tradisionele aktiwiteit soos morabaraba toon die hoogste en kaartspeel die tweede hoogste deelnamefrekwensie.

Tabel 3.10: Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite van persone 60 jaar en ouer

AKTIWITEIT	Deelname		Manlik	Vroulik
	N	%	%	%
Morabaraba	181	27,7	89,9	10,1
Kaartspeel	126	19,3	63,1	36,9
Ringe*	23	3,5	73,9	26,1
Vingerbord	21	3,2	66,7	33,3
Veerpyltjies	15	2,3	60,0	40,0
Skaak	14	2,1	78,6	21,4
Domino's	12	1,8	66,7	33,3
Ander	7	1,1	42,9	57,1
Dobbel	3	0,5	100,0	0,0

* Ringe is 'n bord met hakies teenoor verskillende getalwaardes waaroor ringe gegooi word om die hoogste moontlike telling te verkry.

Passiewe rekreasie

Respondente van 60 jaar en ouer neem hoofsaaklik aan passiewe rekreasie-aktiwiteite deel wat bevestig dat belangstelling in fisieke aktiwiteite afneem namate ouderdom toeneem. Een van die tradisionele aktiwiteite, naamlik familie/vriende besoek, toon weer eens die hoogste deelnamefrekwensie. Dit is baie duidelik dat die tradisionele aktiwiteite vir die ouer respondente nog steeds van groot belang is. Die hoë persentasie respondente wat televisie kyk is insiggewend. Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie word in tabel 3.11 aangedui.

Tabel 3.11: Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie van persone 60 jaar en ouer

AKTIWITEIT	Deelname		Manlik	Vroulik
	N	%	%	%
Familie/vriende besoek	250	38,3	45,5	54,5
Televisie kyk	190	29,1	69,5	30,5
Naaldwerk	63	9,6	4,8	95,3
Toeskouer by sportbyeenkomste	58	8,9	69,8	30,2
Houtsneewerk	34	5,2	88,2	11,8
Rekreasieoord besoek	33	5,1	84,8	15,2
Bioskoop besoek	22	3,4	75,0	25,0
Motorritte	13	2,0	86,6	15,4
Vlegwerk	13	2,0	11,6	88,4
Piekniek	9	1,4	67,3	22,7
Pottebakkerij	9	1,4	33,3	66,7
Visvang	6	0,9	83,3	16,7
Biblioteek besoek	4	0,6	75,0	25,0
Ander	4	0,6	50,0	50,0


Vergelykende statistieke tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

'n Vergelyking van deelnamepatrone tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie is baie insiggewend en word in tabel 3.12 aangetoon. Die hoër deelnamefrekwensie aan die meer passiewe aktiwiteite is duidelik. Hierdie tendens is ook uitgewys in tabel 3.4 ten opsigte van deelnamepatrone van respondente 21 tot 59 jaar.

Die lae voorkeur wat meer fisieke aktiwiteite by die ouer respondente geniet, blyk duidelik. Dit word verder toegelig met tabel 3.13 waarin die vyf gewildste aktiwiteite waaraan Swartmense ouer as 60 jaar deelneem, aangedui word. Die vyf gewildste aktiwiteite word in figuur 4 uitgebeeld.

Tabel 3.12: Vergelykende statistieke tussen sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

Sport/fisieke rekreasie			Spele			Passiewe rekreasie		
AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%
1. Stamdans	99	15,2	Morabaraba	181	27,7	Familie/vriende besoek	250	38,3
2. Sosiale dans	33	5,1	Kaartspeel	126	19,3	Televisie kyk	190	29,1
3. Biljart/snoeker	30	4,6	Ringe	23	3,5	Naaldwerk	63	9,6
4. Landloop	27	4,1	Vingerbord	21	3,2	Toeskouer by sportbyeenkomste	58	8,9
5. Vlugbal	23	3,5	Veerpyltjies	15	2,3	Houtsneewerk	34	5,2



Figuur 4: Die vyf gewildste aktiwiteite (60 jaar en ouer)

Tabel 3.13 Die vyf gewildste aktiwiteite

AKTIWITEIT	AARD	N	%
1. Familie/vriende besoek	Passief	250	38,3
2. Televisie kyk	Passief	190	29,1
3. Morabaraba	Spele	181	27,7
4. Kaartspeel	Spele	126	19,3
5. Stamdans	Fisiek	99	15,2

Uit tabel 3.13 blyk dit dat deelname aan passiewe rekreasie 'n hoë voorkeur by die ouer respondente geniet. Alhoewel morabaraba en kaartspeel spelaktiwiteite is, is dit passief van aard. Volgens tabel 3.5 is dieselfde tendens by die respondente 21 tot 59 jaar waarneembaar. Die enigste uitsondering is dat die respondente (21-59 jaar) "toeskouer by sportbyeenkomste" in die plek van stamdans verkies. Die res van die aktiwiteite stem ooreen alhoewel die rangorde verskil.

3.3.2 Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite van persone jonger as 21 jaar

Uit voorafgaande bespreking van huidige deelnamepatrone is dit baie duidelik dat respondente 'n hoër prioriteit aan passiewe aktiwiteite gee. Dit word algemeen aanvaar dat hierdie tendens nie so sterk by die jonger respondente sal voorkom nie. Die huidige deelnamepatrone van respondente jonger as 21 jaar word vervolgens bespreek.

Van die 936 respondente jonger as 21 jaar, was 28,3% in die ouderdomsgroep 12 tot 15 jaar en 71,7% in die ouderdomsgroep 16 tot 20 jaar. Van hierdie totale aantal respondente (936) was 57,8% manlik en 42,2% vroulik.

Sport en fisieke rekreasie

Dit blyk uit tabel 3.14 dat die jonger respondente meer belangstel in sport en fisieke rekreasie as in die geval van ouer respondente (21-59 jaar en ouer as 60 jaar). Deelname aan sport is in 'n groot mate 'n jeugverskynsel wat afneem namate ouderdom toeneem. In die ouderdomsgroep jonger as 21 jaar, is die deelnamepersentasie aan sokker byvoorbeeld 31,6% teenoor respondente tussen 21-59 jaar se 16,9% en die respondente ouer as 60 jaar se 1,4%. Deelname aan atletiek is 19,0% teenoor respondente tussen 21-59 jaar se 4,1% en die respondente ouer as 60 jaar se 0,8 %. By die meeste aktiwiteite wat hoë fisieke inspanning vereis, is daar 'n ooreenstemmende hoër deelnamefrekwensie deur die jonger respondente waarneembaar.

Tabel 3.14: Deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie van persone jonger as 21 jaar

N = 936	Deelname		Manlik	Vroulik
	N	%	%	%
AKTIWITEIT				
Sokker	296	31,6	91,2	8,8
Netbal	194	20,7	5,7	94,3
Atletiek	178	19,0	53,9	46,1
Tennis	165	17,6	54,4	45,6
Sosiale dans	55	5,9	50,0	50,0
Sagtebal	53	5,7	63,9	36,1
Boks	47	5,0	86,2	13,8
Tafeltennis	46	4,9	78,4	21,6
Vlugbal	43	4,6	46,6	53,4
Fietsry	24	2,6	95,8	4,2
Swem	18	1,9	66,7	33,3
Karate	16	1,7	65,5	34,5
Landloop	15	1,6	60,0	40,0
Golf	12	1,3	91,7	8,3
Liggaamsbou	12	1,3	66,7	33,3
Stamdans	12	1,3	58,3	41,7
Krieket	11	1,2	81,8	18,2
Biljart/snoeker	10	1,1	90,0	10,0
Ringtennis	10	1,1	80,0	20,0
Trimpark	8	0,9	87,5	12,5
Judo	5	0,5	80,0	20,0
Pluimbal	4	0,4	50,0	50,0
Rugby	3	0,3	66,7	33,3
Ander	2	0,2	0,0	100,0
Stoei	1	0,1	100,0	0,0

Spele

Die huidige deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite deur respondente jonger as 21 jaar, word in tabel 3.15 uiteengesit. Die hoogste deelnamefrekwensie by hierdie respondente is ten opsigte van kaartspeel (43,4%). Die ander spele-aktiwiteite toon 'n laer deelnamefrekwensie as die eerste vier aktiwiteite by sport en fisieke rekreasie (tabel 3.14). Kaartspeel is baie gewild by die respondente in al die ouderdomsgroepe. 'n Tradisionele aktiwiteit soos morabaraba toon 'n laer deelnamefrekwensie by die jonger respondente, maar is nog steeds die tweede gewildste.

Tabel 3.15: Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite van persone jonger as 21 jaar

N = 936	Deelname		Manlik	Vroulik
AKTIWITEIT	N	%	%	%
Kaartspeel	406	43,4	54,3	45,7
Morabaraba	141	15,1	68,1	31,9
Domino's	99	10,6	53,5	46,5
Skaak	89	9,5	69,7	30,3
Vingerbord	86	9,2	66,3	33,7
Veerpyltjies	35	3,7	88,6	11,4
Ringel	22	2,4	77,3	22,7
Dobbel	20	2,1	66,7	33,3
Ander	10	1,1	50,0	50,0

Passiewe rekreasie

Soos dit ook by ander ouderdomsgroepe die geval is, blyk dit uit tabel 3.16 dat die respondente jonger as 21 jaar ook 'n hoër deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie-aktiwiteite toon in vergelyking met sport en fisieke rekreasie asook met spele. Enkele van hierdie aktiwiteite [televisie kyk (46,6%), familie/vriende besoek (36,0%), bioskoop besoek (33,7%) en toeskouer by sportbyeenkomste (32,4%)] toon 'n baie hoër deelnamefrekwensie as die gewildste sport en

fisieke rekreasie-aktiwiteit, naamlik sokker (31,6%)
(Raadpleeg tabel 3.14).

Tabel 3.16: Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie van persone jonger as 21 jaar

N = 936 AKTIWITEIT	Deelname		Manlik	Vroulik
	N	%	%	%
Televisie kyk	436	46,6	57,1	42,9
Familie/vriende besoek	337	36,0	46,3	53,7
Bioskoop besoek	315	33,7	56,0	44,0
Toeskouer	303	32,4	50,0	50,0
Naaldwerk	108	11,5	12,0	88,0
Biblioteek besoek	66	7,1	48,5	51,5
Rekreasieoord besoek	57	6,1	64,2	35,8
Pottebakkerij	43	4,6	40,5	59,5
Piekniek	37	4,0	59,8	40,2
Motorritte	28	3,0	66,1	33,9
Houtsneewerk	19	2,0	65,5	34,5
Vlegwerk	16	1,7	22,0	78,0
Visvang	13	1,4	88,5	11,5
Ander	2	0,2	0,0	100,0

Vergelykende statistieke tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

'n Vergelyking van deelnamepatrone word in tabel 3.17 uiteengesit. Die gemiddelde persentasie deelname ten opsigte van passiewe rekreasie is baie hoër as die van sport en fisieke rekreasie en die van spele. Hierdie tendens kom ook by die ander ouderdomskategorieë voor.

Bepaalde deelnamepatrone blyk duidelik hieruit en dit word verder toegelig met tabel 3.18 en figuur 5 waar die vyf gewildste aktiwiteite uiteengesit word. Volgens die aard van hierdie aktiwiteite blyk dit dat die swart jeug 'n passiewe houding ten opsigte van vryetydsgedrag toon. Alhoewel kaartspeel aangedui word as 'n spele-aktiwiteit, is al vyf die aktiwiteite passief van aard.

Tabel 3.17: Vergelykende statistieke tussen sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

Sport/fisieke rekreasie			Spele			Passiewe rekreasie		
AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%
1. Sokker	296	31,6	Kaartspeel	406	43,4	Televisie kyk	463	49,5
2. Netbal	194	20,7	Morabaraba	141	15,1	Familie vriende besoek	337	36,0
3. Atletiek	178	19,0	Domino's	99	10,6	Bioskoop besoek	315	33,7
4. Tennis	165	17,6	Skaak	89	9,5	Toeskouer by sportbyeenkomste	303	32,4
5. Sosiale dans	55	5,9	Vingerbord	86	9,2	Naaldwerk	108	11,5

Tabel 3.18: Die vyf gewildste aktiwiteite


AKTIWITEIT	AARD	N	%
1. Televisie kyk	Passief	463	49,5
2. Kaartspeel	Spele	406	43,4
3. Familie/vriende besoek	Passief	337	36,0
4. Bioskoop besoek	Passief	315	33,7
5. Toeskouer by sportbyeenkomste	Passief	303	32,4

Die vyf gewildste aktiwiteite word in figuur 5 uitgebeeld.

3.3.3 Huidige deelnamepatrone van Swartmense in die verskillende ouderdomsgroepe

Die vergelykende deelnamepatrone van die vyf gewildste aktiwiteite word in tabel 3.19 uiteengesit asook in figuur 6 uitgebeeld. Die afwesigheid van enige sportaktiwiteit is opvallend. Tradisioneel is bykans uitsluitlik sportfasiliteite binne die ondersoekgebied opgerig, maar deelname aan sportaktiwiteite is nogtans baie laer as aan ander aktiwiteite. Dit kan moontlik toegeskryf word aan faktore soos onder andere 'n gebrek aan finansies, gebrek aan kennis van die aktiwiteite en gebrek aan afrigting. Die meeste van hierdie gewildste aktiwiteite is hoofsaaklik passief van aard. Slegs respondente ouer as 60 jaar beoefen 'n fisieke aktiwiteit te wete stamdans. Die hoë deelnamefrekwensie aan hierdie aktiwiteit deur die ouer respondente kan toegeskryf word aan die tradisionele oorsprong daarvan.

Televisie kyk geniet by al die respondente 'n hoë voorkeur en daar behoort gevolglik hiervoor voorsiening gemaak te word in byvoorbeeld rekreasie-, bier- en skoolsale. Twee aktiwiteite met 'n tradisionele oorsprong, naamlik morabaraba (15,1%) en stamdans (1,3%), word nie op 'n hoë frekwensie deur die jonger respondente beoefen nie. Die jonger respondente het hierteenoor 'n hoë deelnamefrekwensie ten opsigte van bioskoop besoek, wat weer nie by die ouer




Figuur 5: Die vyf gewildste aktiwiteite (Jonger as 21 jaar)

Tabel 3.19: Vergelykende deelnamepatrone van die vyf gewildste aktiwiteite van die onderskeie ouderdomskategorieë

21-59 jr		Ouer as 60 jr		Jonger as 21 jr	
AKTIWITEIT	%	AKTIWITEIT	%	AKTIWITEIT	%
1. Televisie kyk	44,2	Familie/vriende besoek	38,3	Televisie kyk	49,5
2. Familie/vriende besoek	43,9	Televisie kyk	29,1	Kaartspel	43,4
3. Kaartspel	29,8	Morabaraba	27,7	Familie/vriende besoek	36,0
4. Toeskouer by sportbyeenkomste	24,6	Kaartspel	19,3	Bioskoop besoek	33,7
5. Morabaraba	18,4	Stamdans	15,2	Toeskouer by sportbyeenkomste	32,4

Tabel 3.19.1: Ontleding van die 21-59jr ouderdomsgroep se deelnamepatrone aan die vyf gewildste aktiwiteite

21-30 jr		31-40jr		41-50jr		51-59jr	
AKTIWITEIT	%	AKTIWITEIT	%	AKTIWITEIT	%	AKTIWITEIT	%
1. Televisie kyk	53,6	1. Televisie kyk	46,3	1. Familie/vriende besoek	46,0	1. Familie/vriende besoek	43,1
2. Familie/vriende besoek	45,4	2. Familie/vriende besoek	41,5	2. Televisie kyk	40,0	2. Televisie kyk	25,7
3. Kaartspel	42,0	3. Kaartspel	33,9	3. Toeskouer by sportbyeenkomste	24,2	3. Morabara	18,3
4. Sokker	30,0	4. Toeskouer by sportbyeenkomste	25,2	4. Morabaraba	21,9	4. Toeskouer by sportbyeenkomste	16,5
5. Bioskoop besoek	29,4	5. Morabaraba	18,5	5. Kaartspel	19,4	5. Naaldwerk	15,6



Figuur 6: Vergelykende deelnamepatrone van die vyf gewildste aktiwiteite van die onderskeie ouderdomskategorieë

respondente voorkom nie. Die voorkeur aan tradisionele aktiwiteite by die ouer respondente, teenoor die meer westerse aktiwiteite by die jonger respondent, blyk hier duidelik. Die gemiddelde deelnamefrekwensie van die jonger respondente (39,0%) is baie hoër as die van die respondente 21 tot 59 jaar (32,2%), asook die van ouer respondente (60 jaar en ouer) (25,9%). Die afname in deelname met toename in ouderdom is duidelik.

'n Ontleding van die huidige deelnamepatrone van die onderskeie ouderdomsgroepe in die 21-59 jaar kategorie, word in tabel 3.19.1 gegee. In die 21-30 jaar kategorie is die eerste drie aktiwiteite dieselfde as dié van die makro-indeling. Sokker as die enigste sportaktiwiteit beklee hier die vierde plek. By die ouderdomsgroep jonger as 21 jaar beklee sokker die sesde plek (tabel 3.17). In die ander ouderdomsgroepe is die aktiwiteite dieselfde as die van die makro-indeling van 21-59 jaar, alhoewel die orde verskil. Slegs by die 51-59 jariges kom naaldwerk in die vyfde plek by.

3.4 Deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens sosio-ekonomiese status

Navorsing het bewys dat sosio-ekonomiese status 'n impak op deelnamepatrone uitoefen. *"Participation in recreation activity is also influenced by socio-economic factors."* (Pigram, 1983:11). In hierdie opsig bevind Kraus (1985:115), *"The implications of these two related factors are simply that one's education and socioeconomic background usually play a strong influence on one's life-style and leisure participation."* Die veranderlikes beroep, opvoedkundige status en inkomste word onder sosio-ekonomiese status bespreek. *"Among the factors which influence the desires or inclinations of individuals for recreation are social relationships and social structure, education, occupation and income."* (Pigram, 1983:21). Voorts beweer Pigram (1983:11) dat inkomste en opvoedkundige kwalifikasie wat met

beroep en motorbesit korreleer, rekreasiedeelname moontlik die meeste beïnvloed.

Die beroepsgroepe van arbeider (28,6%), huisbediende (15,7%), huisvrou (10,4%) en werkloos (13,1%), verteenwoordig 67,8% van die respondente en word vervolgens afsonderlik getabelleer. Die res van die beroepe word onder "Ander" getabelleer. Wat opvoedkundige kwalifikasies betref verteenwoordig die verskillende kategorieë van laer as st. 5 (29,5%), st. 5-8 (46,9%) en st. 9-10 (11,0%), 87,4% van die respondente en word vervolgens ook afsonderlik getabelleer.

Dieselfde geld vir die verskillende inkomstegroepe waar die kategorieë geen (23,5%), R1-R200 per maand (40,8%) en R201-R400 per maand (22,8%), 87,1% van die respondente verteenwoordig. Die res van die inkomstegroepe word onder R400+ getabelleer wat respondente met 'n inkomste van meer as R400 verteenwoordig. Dit word ook in die res van die ondersoek gedoen, behalwe in hoofstuk 5 waar die behoefte na 'n rekreasieoord uiteengesit word.

Sport en fisieke rekreasie

Wat deelname aan sport en fisieke rekreasie deur die verskillende beroepsgroepe volgens tabel 3.20 betref, blyk dit dat die "arbeider" die hoogste deelnamefrekwensie in die meeste van die aktiwiteite toon. Huisbediendes toon 'n hoë frekwensie in aktiwiteite soos netbal, tennis en liggaamsbou. Hierdie gegewens stem ooreen met dié in tabel 3.6 waar die vroulike respondente by dieselfde aktiwiteite die hoogste deelnamefrekwensie toon.

Wat opvoedkundige kwalifikasies betref, blyk dit uit die tabel dat die hoogste deelnamefrekwensie by al die aktiwiteite by die kategorie "st. 5-8" voorkom, uitgesonderd pluimbal en stamdans wat hoofsaaklik deur respondente met 'n laer as st. 5 kwalifikasie beoefen word.

Tabel 3.20: Deelnamepatrone aan sport en fiseke rekreasie volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730		BEROEP										OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE						INKOMSTE (PER MAAND)									
SUBGROEP TOTALE		494		272		179		226		559		666		811		190		63		407		705		395		223	
		ARBEIDER		HUISBED		HUISVROU		WERK- LOOS		ANDER		LAER AS ST 5		St. 5-8		St. 9-10		Ander		Geen		R1-200		R201-400		R400+	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	
Sokker	292	119	40,8	8	2,7	0	0	18	6,2	50,3	51	17,5	157	53,8	56	19,2	9,5	49	16,8	88	30,1	101	34,6	18,5			
Tennis	219	54	24,7	21	9,6	23	10,5	21	9,6	45,6	42	19,2	98	44,7	54	24,7	11,4	45	20,5	66	30,1	62	28,3	21,1			
Netbal	106	8	7,5	26	24,5	9	8,5	26	24,5	35,0	29	27,4	49	46,2	13	12,3	14,1	39	36,8	41	38,7	20	18,9	5,6			
Liggaamsbou	94	12	12,8	13	13,8	7	7,4	22	23,4	42,6	20	21,3	42	44,7	17	18,1	15,9	37	39,4	27	28,7	21	22,3	9,6			
Atletiek	71	17	23,9	12	16,9	0	0	9	12,7	46,5	13	18,3	35	49,3	12	16,9	15,5	13	18,3	24	33,8	22	31,0	16,9			
Stamdans	56	18	32,1	12	21,4	5	8,9	6	10,7	26,9	24	42,9	20	35,7	3	5,4	16,0	12	21,4	35	62,5	6	10,7	5,4			
Boks	52	22	42,3	1	1,9	0	0	4	7,7	48,1	10	19,2	26	50,0	9	17,3	13,5	8	15,4	16	30,8	22	42,3	11,5			
Sosiale dans	51	9	17,6	8	15,7	2	3,9	8	15,7	47,1	9	17,6	23	45,1	10	19,6	17,7	14	27,5	16	31,4	17	33,3	7,8			
Biljart/snoeker	49	16	32,7	2	4,1	0	0	3	6,1	57,1	9	18,4	23	46,9	10	20,4	14,3	7	14,3	11	22,4	22	44,9	18,4			
Sagtebal	45	10	22,2	4	8,9	3	6,7	6	13,3	48,9	8	17,8	20	44,4	9	20,0	17,8	9	20,0	19	42,2	10	22,2	15,6			
Tafeltennis	45	6	13,3	5	11,1	1	2,2	3	6,7	66,7	5	11,1	15	33,3	13	28,9	26,7	11	24,4	11	24,4	14	31,1	20,1			
Fietsry	32	13	40,6	1	3,1	0	0	3	9,4	46,9	4	12,5	19	59,4	4	12,5	15,6	4	12,5	12	37,5	10	31,3	18,7			
Golf	32	11	34,4	1	3,1	0	0	4	12,5	50,0	4	12,5	21	65,6	3	9,4	12,5	4	12,5	10	31,3	6	18,8	37,4			
Vlugbal	24	4	16,7	3	12,5	1	4,2	1	4,2	62,4	3	12,5	8	33,3	5	20,8	33,4	5	20,8	7	29,2	6	25,0	25,0			
Landloop	20	12	60,0	0	0	0	0	1	5,0	35,0	2	10,0	12	60,0	3	15,0	15,0	1	5,0	8	40,0	8	40,0	15,1			
Judo	13	5	38,5	2	15,4	0	0	1	7,7	38,4	1	7,7	8	61,5	2	15,4	15,4	3	23,1	3	23,1	4	30,8	23,0			
Karate	13	2	15,4	1	7,7	0	0	2	15,4	61,5	2	15,4	9	69,2	1	7,7	7,7	3	23,1	4	30,8	5	38,5	7,6			
Krieket	11	5	45,5	0	0	0	0	1	9,1	45,4	2	18,2	8	72,7	0	0	9,1	0	0	6	54,5	5	45,5	0			
Pluimbal	11	2	18,2	5	45,5	0	0	2	18,2	18,1	5	45,5	4	36,4	1	9,1	9,0	2	18,2	5	45,5	3	27,3	9,0			
Swem	10	1	10,0	2	20,0	0	0	1	10,0	60,0	1	10,0	4	40,0	3	30,0	20,0	1	10,0	4	40,0	3	30,0	20,0			
Ringtennis	7	2	28,6	2	28,6	0	0	0	0	42,8	1	14,3	3	42,9	2	28,6	14,2	2	28,6	1	14,3	3	42,9	14,2			
Trimpark	7	2	28,6	1	14,3	0	0	0	0	57,1	1	14,3	2	28,6	2	28,6	28,5	1	14,3	4	57,1	2	28,6	0			
Ander	7	1	14,3	3	42,9	1	14,3	1	14,3	14,2	2	28,6	5	71,4	0	0	0	2	28,6	5	71,4	0	0	0			
Rugby	4	2	50,0	0	0	0	0	0	0	50,0	0	0	2	50,0	1	25,0	25,0	0	0	1	25,0	2	50,0	25,0			
Stoei	3	0	0	2	66,7	0	0	0	0	33,3	0	0	1	33,3	0	0	0	1	33,3	2	66,0	0	0	0			

Dit is insiggewend dat 87,4% respondente 'n opvoedkundige kwalifikasie van st. 10 en laer besit en dat 87,1% respondente minder as R400 per maand verdien. Daar is dus 'n duidelike verband tussen hoër opvoedkundige kwalifikasies en hoër inkomste ten opsigte van deelnamepatrone aan sport en fisieke rekreasie. Hoër opvoedkundige kwalifikasies hou verband met hoër deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite soos byvoorbeeld sokker (0,1690 en $p < 0,01$); tennis (0,1747 en $p < 0,01$); kaartspeel (0,1201 en $p < 0,01$); skaak (0,1293 en $p < 0,01$); vingerbord (0,1043 en $p < 0,01$) en televisie kyk (0,2373 en $p < 0,01$). Die korrelasies is hoogs beduidend.

Die meeste respondente (40,8%) het 'n inkomste van R1-R200 per maand en die deelnamefrekwensie word deur hierdie respondente oorheers. Daar kan volgens die tabel nie spesifieke deelnamepatrone aan hoë of lae inkomstegroepe gekoppel word nie. Dit is so dat 'n toename in inkomste verband hou met hoër deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite, byvoorbeeld sokker (0,1405 en $p < 0,01$); skaak (0,0916 en $p < 0,01$) en televisie kyk (0,1241 en $p < 0,01$). In sekere gevalle is daar met 'n toename in inkomste 'n daling in deelname, byvoorbeeld familie/vriende besoek (-0,0898 en $p < 0,01$) en naaldwerk (-0,1497 en $p < 0,01$). Die aanname kan gemaak word dat daar aan meer koste-intensiewe aktiwiteite deelgeneem word.

Spele

Volgens tabel 3.21 kom die hoogste deelnamefrekwensie deurentyd by die arbeider-respondente voor. 'n Eweredige verspreiding van deelnamepatrone kom by die res van die beroepe voor.

Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite volgens opvoedkundige kwalifikasies, word ook in tabel 3.21 aangetoon. Respondente met 'n st. 5-8 kwalifikasie toon in ooreenstemming met sport

TABEL 3.21: Deelnamepatrone aan spele-aktiwiteite volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730		Beroep										Opvoedkundige kwalifikasie								Inkomste (per maand)							
SUBGROEP TOTALE		494		272		179		226		559		666		811		190		63		407		705		395		223	
		Arbei-der		Huis-bed		Huis-vrou		Werk-loos		Ander		Laer as st. 5		St. 5-8		St.9-10		Ander		Geen		R1-200		R201-400		R400+	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	
Kaartspeel	515	152	29,5	60	11,7	34	6,6	68	13,2	39,0	125	24,3	285	55,3	72	14,0	6,4	120	23,3	193	37,5	143	27,8	11,4			
Morabaraba	318	160	50,3	7	2,2	2	0,6	28	8,8	38,1	98	30,8	162	50,9	28	8,8	9,5	27	8,5	145	45,6	105	33,0	12,9			
Domino's	109	33	30,3	9	8,3	11	10,1	13	11,9	39,4	26	23,9	55	50,5	14	12,8	12,8	19	17,4	42	38,5	22	20,2	23,9			
Skaak	73	20	27,4	2	2,7	2	2,7	7	9,6	57,6	7	9,6	37	50,7	20	27,4	12,3	12	16,4	15	20,5	28	38,4	24,7			
Vingerbord	70	17	24,3	4	5,7	2	2,9	4	5,7	61,4	12	17,1	33	47,1	22	31,4	4,4	13	18,6	23	32,9	21	30,0	18,5			
Ringe	59	19	32,2	2	3,4	1	1,7	6	10,2	52,5	19	32,2	29	49,2	9	15,3	3,3	8	13,6	20	33,9	15	25,4	27,1			
Veerpyltjies	42	18	42,9	0	0	0	0	4	9,5	47,6	4	9,5	27	64,3	8	19,0	7,2	7	16,7	16	38,1	11	26,2	19,0			
Ander	35	11	31,4	7	20,0	2	5,7	0	0	42,9	11	31,4	13	37,1	5	14,3	17,2	4	11,4	17	48,6	8	22,9	17,1			
Dobbel	29	7	24,1	3	10,3	2	6,9	2	6,9	51,8	10	34,5	8	27,6	7	24,1	13,8	4	13,8	7	24,1	9	31,0	31,1			

TABEL 3.22: Deelnamepatrone aan passiewe rekreasie volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730		Beroep										Opvoedkundige kwalifikasie								Inkomste (per maand)							
SUBGROEP TOTALE		494		272		179		226		559		666		811		190		63		407		705		395		223	
		Arbeider		Huis-bediende		Huisvrou		Werkloos		Ander		Laer as st. 5		St. 5-8		St.9-10		Ander		Geen		R1-200		R201-400		R400+	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	
Televisie kyk	765	225	29,4	95	12,4	52	6,8	94	12,3	39,1	165	21,6	410	53,6	110	14,4	10,4	168	22,0	272	35,6	191	25,0	17,4			
Familie/vriende besoek	760	194	25,5	145	19,1	65	8,6	115	15,1	31,7	223	29,3	364	47,9	73	9,6	13,2	194	25,5	332	43,7	155	20,4	10,4			
Toeskouer	425	118	27,8	47	11,1	13	3,1	70	16,5	41,5	96	22,6	212	49,9	63	14,8	12,7	105	24,7	150	35,3	100	23,5	16,3			
Bioskoop besoek	273	75	27,5	31	11,4	8	2,9	18	6,6	51,6	58	21,2	132	48,4	51	18,7	11,7	59	21,6	97	35,5	77	28,2	14,7			
Naaldwerk	243	21	8,6	77	31,7	51	21,0	39	16,0	22,7	82	33,7	108	44,4	18	7,4	14,5	75	30,9	128	52,7	27	11,1	5,3			
Rekreasieoord besoek	128	43	33,6	9	7,0	4	3,1	12	9,4	46,9	19	14,8	77	60,2	17	13,3	11,7	23	18,0	45	35,2	39	30,5	16,3			
Motorritte	84	12	14,3	2	2,4	5	6,0	8	9,5	67,8	10	11,9	45	53,6	18	21,4	13,1	14	16,7	14	16,7	31	36,9	29,7			
Biblioteek besoek	69	11	15,9	8	11,6	8	11,6	3	4,3	56,6	15	21,7	23	33,3	21	30,4	14,6	16	23,2	22	31,9	15	21,7	23,2			
Piekniek	61	9	14,8	5	8,2	3	4,9	7	11,5	60,6	15	24,6	26	42,6	10	16,4	16,4	14	23,0	23	37,7	15	24,6	14,7			
Vlegwerk	57	9	15,8	9	15,8	11	19,3	10	17,5	31,6	28	49,1	18	31,6	3	5,3	14,0	26	45,6	24	42,1	5	8,8	3,5			
Pottebakery	44	6	13,6	16	36,4	2	4,5	5	11,4	34,1	11	25,0	17	38,6	5	11,4	25,0	10	22,7	27	61,4	4	9,1	6,8			
Visvang	38	17	44,7	1	2,6	1	2,6	4	10,5	39,6	11	28,9	19	50,0	4	10,5	10,6	5	13,2	12	31,6	16	42,1	13,1			
Houtsneewerk	37	22	59,5	2	5,4	2	5,4	1	2,7	27,0	10	27,0	21	56,8	4	10,8	5,4	3	8,1	20	54,1	9	24,3	13,5			
Ander	18	4	22,2	4	22,2	1	5,6	2	11,1	38,9	9	50,0	6	33,3	1	5,6	11,1	6	33,3	8	44,4	2	11,1	11,2			

en fisieke rekreasie die hoogste deelnamefrekwensie in meeste van die aktiwiteite.

Deelname aan spele-aktiwiteite word volgens die tabel oorheers deur respondente met 'n inkomste van minder as R200. Respondente wat 'n inkomste van R201-R400 verdien, toon 'n hoë deelnamefrekwensie ten opsigte van slegs twee aktiwiteite, naamlik dobbel en skaak.

Passiewe rekreasie

Die hoogste deelnamefrekwensie by passiewe rekreasie kom meestal by die kategorie "arbeider" voor. Tradisioneel vroulike aktiwiteite soos naaldwerk, pottebakkerie en vlegwerk word hoofsaaklik deur die huisbediendes en huisvrouens beoefen.

Volgens tabel 3.22 word deelname aan passiewe rekreasie oorheers deur respondente in die st. 5-8 kategorie. Die uitsondering is vlegwerk wat veral deur respondente met 'n laer as st. 5 kwalifikasie beoefen word. Hierdie gegewens stem ooreen met die deelnamepatrone van sport en fisieke rekreasie asook met die van spele-aktiwiteite.

Die meeste van die aktiwiteite word deur respondente met 'n inkomste van minder as R200 beoefen. Aktiwiteite soos motorritte en visvang word hoofsaaklik deur respondente met 'n inkomste van R201-R400 per maand beoefen. Die ander respondente met 'n inkomste van R401 en hoër toon ook die hoogste deelnamefrekwensie by motorritte. Spele (tabel 3.21) en passiewe rekreasie-aktiwiteite (tabel 3.22) word hoofsaaklik deur die laer inkomstegroep (R1-R200) beoefen, maar dit is duidelik dat aktiwiteite wat meer finansies vereis vir die beoefening daarvan, byvoorbeeld dobbel en motorritte, deur die hoër inkomstegroepe beoefen word. *"Recreation activities which require substantial outlays of cash are practically unavailable to those whose incomes are low"* (Clawson en Knetsch, 1966:28).

3.5 Samevatting

Geïdentifiseerde deelnamepatrone van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat aan verskillende rekreasie- en sport-aktiwiteite dien as belangrike riglyn vir die daarstel en strukturering van 'n voorsieningstrategie. Deelnamepatrone is egter nie eksklusief bepalend en die enigste oorweging vir rekreasie- en sportvoorsiening nie. Geïdentifiseerde deelnamepatrone in geografiese verband, vergelykende gegewens van deelnamesyfers oor sekere tydperke asook met studies oor ander streke, geïdentifiseerde behoeftes en verwagte toekomstige deelname, kan gebruik word om toekomstige deelname te antisipeer, waarvolgens 'n voorsieningstrategie gedefinieer en omskryf kan word.

'n Tendens van hoë passiewe rekreasiedeelname onder Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat is geïdentifiseer. Hierdie hoë deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie in die ondersoekgebied is nie 'n streeksverskynsel nie. Ooreenstemmende deelnamepatrone in die res van Suid-Afrika asook in die VSA is waargeneem. Passiewe rekreasie sal in 'n voorsieningstrategie verreken moet word.

'n Moontlike rede vir die hoër deelname aan die geïdentifiseerde passiewe rekreasie-aktiwiteite lê daarin dat die infrastruktuur vir deelname deur die individu self voorsien word of relatief maklik deur homself voorsien/geskep kan word. Verder kan die beroepsaard van Swartmense en/of die verbondenheid tot kulturele aspekte ook 'n invloed uitoefen op die keuse van deelname aan aktiwiteite van 'n meer passiewe aard. Beroepsaard en kulturele aspekte as veranderlikes word beïnvloed deur die toenemende invloed van outomatisasie en meganisasie, asook die voortdurende en volgehoue druk van verwestering op die swart kultuur. Passiewe rekreasie en spele-aktiwiteite wat in en om die huis gesentreer is, plaas klem op gesinsrekreasie wat ook in 'n voorsieningstrategie verreken moet word.

'n Lae persentasie deelname van Swartmense aan sport en fisieke rekreasie is in die ondersoekgebied geïdentifiseer. Swartmense toon 'n baie geringe deelname in aktiwiteite wat tradisioneel deur blankes beoefen word. Dit blyk egter dat vanweë die toename in verstedeliking, deelname aan tradisionele blanke-aktiwiteite ook sal toeneem. Die stygende tendens van verstedeliking (raadpleeg hoofstuk vyf) bring mee dat die swart bevolking in die toekoms toenemend aan verstedeliking onderhewig sal wees. Met die toename in verstedeliking en indien die nodige fasiliteite en ondersteunende infrastruktuur teenwoordig is, sal sportdeelname ook in die ondersoekgebied eskaleer.

Tradisionele aktiwiteite, byvoorbeeld stamdans en morabaraba, blyk nog steeds relatief gewild te wees in die landelike gebied van die Suid-Oranje-Vrystaat. 'n Vergelyking met stedelike opnames toon dat tradisionele aktiwiteite meer gewild is in die landelike omgewings. Kulturele verskynsels, soos byvoorbeeld deelname aan tradisionele aktiwiteite, word langer in die landelike omgewing gehandhaaf, waaruit afgelei kan word dat die impak van die westerse invloed nie so drasties op die landelike omgewing is nie.

'n Ontleding van vergelykende deelnamepatrone van die onderskeie ouderdomsgroepe, toon bepaalde, insiggewende en ooreenstemmende tendense wat belangrik is vir beplannings- en voorsieningsriglyne. Vermelde deelnamepatrone is belangrik vir die formulering van 'n voorsieningstrategie en moet dus in aanmerking geneem word.

HOOFSTUK 4

GEDIFFERENSIEERDE TYD-RUIMTELIKE DEELNAMEPATRONE

Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite
gedurende 'n dagekskursie
Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite
gedurende 'n naweekskursie
Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite
gedurende 'n vakansie-ekskursie
Samevatting

Huidige deelnamepatrone van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat aan rekreasie- en sportaktiwiteite blyk duidelik uit hoofstuk drie. Hierdie geïdentifiseerde deelnamepatrone word verder toegelig aan hand van dag-, naweek- en vakansie-ekskursies. Bepaalde gevolgtrekkings, aanbevelings en bevindinge, wat 'n rol in die beplanningsproses speel, kan moontlik hieruit voortspruit.

Die voorsiening van fasiliteite en die beplanning van aktiwiteite, moet by hierdie bestaande patrone oor bepaalde periodes aansluiting vind, met inagneming van verdere behoeftes soos uiteengesit in hoofstuk vyf.

Die huidige tendens van deelname gedurende die onderskeie tydsperiodes word vervolgens bespreek.

4.1 Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n dagekskursie

4.1.1 Inleiding

Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite tydens 'n dag ekskursie word vervolgens bespreek en toegelig aan hand van demografiese veranderlikes en sosio-ekonomiese status.

4.1.2 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie

Die reisafstand, reistyd en vervoermodus van respondente se deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n dagekskursie word in tabel 4.1 uiteengesit.

Tabel 4.1: Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie

N = 1 730	Dagekskursie	
	Frekwensie	
Eenrigting Reisafstand	N	%
0 km (Reis nie)	963	55,8
1 - 2 km	618	35,7
2,1 - 4 km	68	3,9
4,1 - 6 km	30	1,7
6,1 - 10 km	14	0,8
10,1 - 15 km	21	1,2
Verder as 15 km	16	0,9
Eenrigting Reistyd	N	%
0 min (Reis nie)	915	52,9
1 - 5 min	499	28,8
5,1 - 10 min	185	10,7
10,1 - 20 min	76	4,4
20,1 - 40 min	28	1,6
Meer as 40 min	27	1,6
Vervoermodus	N	%
Gaan nie weg nie	868	50,1
Stap	719	41,5
Fiets	29	1,7
Motorfiets	3	0,2
Motor	57	3,3
Huurmotor	24	1,4
Busdiens	27	1,6
Trein	3	0,2

Die hoogste frekwensie kom by 0 kilometer reisafstand, 0 minute reistyd en geen beweging (beoefen aktiwiteit by huis) voor. Hierdie tendens wys duidelik dat 52,9% van die respondente rekreasie- en sportaktiwiteite by die huis beoefen. Hierdie gegewens is in ooreenstemming met tabel 3.5 waar die gewildste aktiwiteit aangedui is as televisie kyk (44,2%).

Dit blyk uit die tabel duidelik dat afstandverval baie sterk na vore tree. Die meeste dagekskursies geskied binne 'n radius van 2 km vanaf die plek van residensie. In ooreenstemming hiermee is die vervoermodus vir 'n dagekskursie hoofsaaklik geen (50,1%) en stap (41,5%). Slegs 8,4% van die respondente maak van ander vervoermiddels gebruik om aan rekreasie en sport gedurende 'n dagekskursie deel te neem.

Die oorgrote meerderheid van die respondente, naamlik 81,7%, reis minder as 5 minute, 91,5% reis minder as 2 kilometer en 91,6% van die respondente maak van geen vervoer gebruik of stap om gedurende 'n dag aan rekreasie of sport deel te neem. Hierdie gegewens wys duidelik dat deelname aan aktiwiteite gedurende 'n dagekskursie, hoofsaaklik in en om die huis gesentreer is. Wilson en Hattingh (1988:76) sluit hierby aan met die bevinding dat tien van die twaalf belangrikste rekreasie-aktiwiteite van Swartmense in die PWV-gebied, by die huis beoefen kan word, wat die belangrikheid van die huis as rekreasie-area beklemtoon.

4.1.3 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie volgens demografiese veranderlikes

Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite tydens 'n dagekskursie word volgens demografiese veranderlikes in tabel 4.2 uiteengesit.

TABEL 4.2 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		Geslag				Ouderdom								Huwelikstatus							
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		579		433		218		517		996		165		52	
		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Wed. Wew.		Woon Saam	
Enrigting reisafstand	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
0 km (Reis nie)	963	419	43,5	544	56,5	208	21,6	301	31,3	284	29,4	170	17,7	205	21,3	611	63,4	117	12,1	30	3,2
1-2 km	618	378	61,2	240	38,8	235	38,0	220	35,6	128	20,7	35	5,7	238	38,5	320	51,8	41	6,6	19	3,1
2,1 - 4 km	68	55	80,9	13	19,1	29	42,6	29	42,6	6	8,8	4	5,9	35	51,5	30	44,1	1	1,5	2	2,9
4,1 - 6 km	30	23	76,7	7	23,3	11	36,7	7	23,3	6	20,0	6	20,0	9	30,0	17	56,7	4	13,3	0	0
6,1 - 10 km	14	10	71,4	4	28,6	3	21,4	5	35,7	2	14,3	4	28,6	7	50,0	5	35,7	2	14,3	0	0
10,1 - 15 km	21	21	100,0	0	0	6	28,6	10	47,6	4	19,0	1	4,8	15	71,4	6	28,6	0	0	0	0
Verder as 15 km	16	13	81,3	3	18,7	6	37,5	10	62,5	0	0	0	0	9	56,3	6	37,5	1	6,2	0	0
		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Wed. wew.		Woon saam	
Enrigting Reistyd	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
0 min (Reis nie)	915	394	43,1	521	56,9	188	20,5	285	31,3	272	29,7	170	18,7	197	21,5	575	62,8	114	12,5	29	3,2
1 - 5 min	499	293	58,7	206	41,3	184	36,9	184	36,9	103	20,6	28	5,6	183	36,7	273	54,7	28	5,7	15	2,9
5,1 - 10 min	185	137	74,1	48	25,9	75	40,5	62	33,5	33	17,8	15	8,1	71	38,4	97	52,4	10	5,4	7	3,8
10,1 - 20 min	76	50	65,8	26	34,2	28	36,8	29	38,2	14	18,4	5	6,6	33	43,4	31	40,8	11	14,5	1	1,3
20,1 - 40 min	28	25	89,3	3	10,7	10	35,7	12	42,9	6	21,4	0	0	21	75,0	7	25,0	0	0	0	0
Meer as 40 min	27	24	88,9	3	11,1	13	48,1	10	37,0	4	14,8	0	0	14	51,9	12	44,4	1	3,7	0	0
		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Wed. wew.		Woon saam	
Vervoermodus	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Gaan nie weg nie	868	362	41,7	506	58,3	176	20,3	268	30,9	263	30,3	160	18,5	181	20,9	551	63,5	111	12,8	25	2,8
Stap	719	444	61,8	275	38,2	283	39,4	255	35,5	132	18,4	49	6,7	278	38,7	367	51,0	44	6,1	30	4,2
Fiets	29	23	79,3	6	20,7	9	31,0	10	34,5	8	27,6	2	6,9	7	24,1	19	65,5	3	10,4	0	0
Motorfiets	3	3	100,0	0	0	0	0	2	66,7	1	33,3	0	0	0	0	3	100,0	0	0	0	0
Motor	57	44	77,2	13	22,8	12	21,1	21	36,8	22	38,6	2	3,5	16	28,1	37	64,5	4	7,0	0	0
Huurtmotor	24	20	83,3	4	16,7	9	37,5	11	45,8	3	12,5	1	4,2	13	54,2	10	41,7	1	4,1	0	0
Busdiens	27	23	85,2	4	14,8	9	33,3	17	63,0	1	3,7	0	0	19	70,4	7	25,9	1	3,7	0	0
Trein	3	3	100,0	0	0	1	33,3	2	66,7	0	0	0	0	1	33,3	2	66,7	0	0	0	0

Dit is duidelik dat manlike respondente tyd-ruimtelik verder beweeg om aan aktiwiteite gedurende 'n dagekskursie deel te neem as vroulike respondente. Dit blyk dat 43,3% van die respondente wat by die huis bly om aan bepaalde aktiwiteite (vergelyk tabelle 3.6, 3.7, 3.8) deel te neem manlik is, teenoor die 56,7% vroulike respondente wat rekreasie- en sportaktiwiteite by die huis beoefen. Reisafstand en reistyd toon 'n toename met 'n daling in die aantal respondente. Slegs 7,1% van die vroulike respondente beweeg langer as 5 minute of verder as 2 kilometer van die huis vir deelname aan aktiwiteite. By die manlike respondente is hierdie syfer 19,5%.

Wat vervoermodus betref, maak 3,3% van die vroulike respondente van vervoermiddels gebruik, teenoor die 12,6% van die manlike respondente. Meer manlike respondente maak dus van vervoermiddels vir 'n dagekskursie gebruik, alhoewel die persentasie baie laag is.

Wat reistyd en ouderdom betref, openbaar respondente onder 40 jaar en dié ouer as 40 jaar afsonderlike patrone. Die respondente jonger as 40 jaar reis langer ten opsigte van 'n dagekskursie en die hoogste frekwensie (21-30 jr: 48,1%; 31-40 jr: 42,9%) kom by 20 tot 40 minute reistyd en langer voor.

Ten opsigte van reisafstand en ouderdom word dieselfde tendens ervaar, naamlik dat die ouer respondente nie ver van die huis beweeg vir 'n dagekskursie nie. 'n Reisafstand van verder as 10 kilometer is meer van toepassing op respondente jonger as 40 jaar, terwyl 'n toename in respondente wat by die huis bly tydens 'n dagekskursie, voorkom namate ouderdom toeneem.

Baie min respondente tussen 51 en 59 jaar stap ten opsigte van 'n dagekskursie, waar respondente in die 31 tot 50 jaar kategorie die meeste van motors gebruik maak.

Wat huwelikstatus betref toon al die respondente in die onderskeie kategorieë 'n afname in deelname met 'n toename in reisafstand en reistyd. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die reële besteebare inkomste by swartes relatief laag is.

4.1.4 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie volgens sosio-ekonomiese status

Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie volgens sosio-ekonomiese status word in tabel 4.3 uiteengesit. Die beroepe huisbediende (N = 193) en huisvrou (N = 140) skakel hoofsaaklik by die reeds waargenome patroon in deurdat die meerderheid persone aktiwiteite by die huis beoefen. Die beroepe arbeider en "ander" beweeg langer en verder van die huis af gedurende 'n dagekskursie en maak meer van ander vervoermiddels gebruik. Die arbeiders is die grootste gebruiker van die verskillende vervoermiddele. Dit kan moontlik aan 'n hoër inkomste toegeskryf word.

Die werklose respondente het aangedui dat hulle hoofsaaklik tot 20 minute aan reistyd en tot 6 kilometer aan reisafstand gedurende 'n dagekskursie spandeer, wat verband hou met die feit dat 96,9% van die werkloses nie van 'n vervoermiddel gebruik maak nie.

Respondente met 'n st. 5 tot 8 kwalifikasie reis langer en verder as die ander respondente vir dagekskursies. Van die respondente in hierdie kategorie, is 80,4% (N = 652) in die kategorie wat minder as 5 minute aan reistyd spandeer en 91,0% (N = 738) in die kategorie wat minder as 2 km reis vir dagekskursies. Respondente met 'n laer as st. 5 kwalifikasie neem hoofsaaklik aan aktiwiteite by of naby die huis deel. Die respondente met 'n st. 9 tot 10 kwalifikasie toon die hoogste frekwensie ten opsigte van 1 tot 5 minute reistyd en 1 tot 2 kilometer reisafstand.

TABEL 4.3 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n dagekskursie volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730		Beroep									Opvoedkundige kwalifikasie								Inkomste													
SUBGROEP TOTALE		494			272			179			226			559			666		811		190		63		407		705		395		223	
		Arbeider			Huisbediende			Huisvrou			Werkloos			Ander			Laer as st 5		St. 5-8		St. 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		R400+	
Eenrigting reisafstand		N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
0 km (Reis nie)	963	241	25,0	198	20,6	145	15,1	143	14,8	24,5	323	33,5	419	43,5	73	7,6	15,4	275	28,6	420	43,6	166	17,2	10,6								
1-2 km	618	190	30,7	74	12,0	33	5,3	71	11,5	40,5	148	23,9	319	51,6	92	14,9	96	116	18,8	242	39,2	176	28,5	13,5								
2,1 - 4 km	68	29	42,6	1	1,5	2	2,9	10	14,7	38,3	15	22,1	34	50,0	16	23,5	4,4	13	19,1	15	22,1	25	36,8	22,0								
4,1 - 6 km	30	13	43,3	1	3,3	1	3,3	3	10,0	40,1	10	33,3	11	36,7	7	23,3	6,7	5	16,7	13	43,3	8	26,7	13,3								
6,1 - 10 km	14	6	42,9	0	0	2	14,3	1	7,1	35,7	5	35,7	9	64,3	0	0	0	2	14,3	5	35,7	5	35,7	14,3								
10,1 - 15 km	21	10	47,6	1	4,8	0	0	1	4,8	42,8	7	33,3	11	52,4	1	4,8	9,5	0	0	8	38,1	8	38,1	23,8								
Verder as 15 km	16	8	50,0	1	6,3	0	0	0	0	43,7	4	25,0	10	62,5	2	12,5	0	1	6,3	5	31,3	9	56,3	6,1								
		Arbeider			Huisbediende			Huisvrou			Werkloos			Ander			Laer as st 5		St. 5-8		St. 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		R400+	
Eenrigting Reistyd		N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
0 min (Reis nie)	915	231	25,2	193	21,1	140	15,3	134	14,6	23,8	318	34,8	396	43,3	61	6,7	15,2	257	28,1	407	44,5	157	17,2	10,2								
1 - 5 min	499	159	31,9	62	12,4	29	5,8	60	12,0	37,9	125	25,1	256	51,3	77	15,4	8,2	93	18,6	195	39,1	135	27,1	15,2								
5,1 - 10 min	185	67	36,2	11	5,9	6	3,2	24	13,0	41,7	40	21,6	87	47,0	33	17,8	13,6	38	20,5	62	33,3	62	33,5	12,5								
10,1 - 20 min	76	20	26,3	8	10,5	8	10,5	6	7,9	44,8	19	25,0	40	52,6	13	17,1	5,3	19	25,0	25	32,9	15	19,7	22,4								
20,1 - 40 min	28	10	35,7	0	0	0	0	2	7,1	57,2	8	28,6	14	50,0	5	17,9	3,5	2	7,1	10	35,7	14	50,0	7,2								
Meer as 40 min	27	12	44,4	1	3,7	0	0	2	7,4	44,5	3	11,1	20	74,1	3	11,1	3,7	3	11,1	7	25,9	14	51,9	11,1								
		Arbeider			Huisbediende			Huisvrou			Werkloos			Ander			Laer as st 5		St. 5-8		St. 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		R400+	
Vervoermodus		N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Gaan nie weg nie	868	288	33,2	88	10,1	46	5,3	101	11,6	39,8	309	35,6	367	42,3	55	6,3	15,8	254	29,3	389	44,8	140	16,1	9,8								
Stap	719	232	32,3	82	11,4	41	5,7	92	12,8	37,8	174	24,2	369	51,3	112	15,6	8,9	144	20,0	277	38,5	209	29,1	12,4								
Fiets	29	15	51,7	0	0	0	0	2	6,9	41,4	8	27,6	10	34,5	6	20,7	17,2	5	17,2	9	31,0	10	34,5	17,3								
Motorfiets	3	2	66,7	0	0	0	0	0	0	33,3	1	33,3	1	33,3	1	33,4	0	0	0	2	66,7	1	33,3	0								
Motor	57	11	19,3	3	5,3	3	5,3	3	5,3	64,8	7	12,3	35	61,4	11	19,3	7,0	4	7,0	9	15,8	19	33,3	43,9								
Huurnotor	24	13	54,2	0	0	0	0	1	4,2	41,6	6	25,0	12	50,0	4	16,7	8,3	2	8,3	10	41,7	7	29,2	20,8								
Busdiens	27	14	51,9	1	3,7	0	0	1	3,7	40,7	6	22,2	18	66,7	3	11,1	0	2	7,4	10	37,0	15	55,6	0								
Trein	3	1	33,3	0	0	0	0	0	0	66,7	0	0	3	100	0	0	0	0	0	1	33,3	2	66,7	0								

Slegs 3,3% van alle respondente maak van motors gebruik. Hiervan is persone met 'n st. 5-8 kwalifikasie die hoogste gebruikers (61,4%). Die hoogste persentasie by kategorieë "gaan nie weg nie" en "stap" is ook by die respondente met 'n st. 5 tot 8 kwalifikasie.

Wat inkomste betref is dit duidelik uit tabel 4.3 dat respondente in die hoër inkomstegroep verder reis vir dagekskursies. 'n Afname in respondente wat by die huis bly tydens dagekskursies, kom voor namate opvoedkundige kwalifikasies en inkomste toeneem. Van die respondente wat meer as 40 minute aan reistyd spandeer, het 63% 'n inkomste van meer as R201. Hierteenoor is daar 72,6% respondente in die inkomstegroepe R1-R200 en "geen inkomste", wat nie reis nie en gevolglik dagaktiwiteite by die huis beoefen. Dieselfde tendens is ook baie duidelik ten opsigte van reisafstand.

Respondente in die laer inkomstegroep neem hoofsaaklik aan aktiwiteite by die huis deel of stap hoofsaaklik om aan aktiwiteite deel te neem terwyl respondente in die hoër inkomstegroepe meer van vervoermiddels gebruik maak en dan veral van 'n motor (33,3%), busdiens (55,6%) en trein (66,7%). Daar is dus 'n verband tussen reistyd en reisafstand en die beskikbaarheid en aard van die vervoermodus.

4.2 Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n naweekeskursie

4.2.1 Inleiding

In die vorige afdeling is die deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite tydens 'n dagekskursie breedvoerig bespreek. In aansluiting hierby en om die huidige deelnamepatrone (hoofstuk 3) verder toe te lig, is dit noodsaaklik om ook die deelnamepatrone aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n naweekeskursie te bespreek.

Die deelnamepatrone oor 'n naweek word, soos in die geval van dagekskursies, verder toegelig aan hand van verskeie veranderlikes.

4.2.2 Reisaafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekeskursie

Volgens tabel 4.4 is dit duidelik dat die meeste respondente, 58,4%, nie vir 'n naweek weg gaan om aan rekreasie- en sportaktiwiteite deel te neem nie. Verder is

Tabel 4.4 Reisaafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekeskursie

		Naweekeskursie	
N = 1 730		Frekwensie	
Eenrigting Reisaafstand	N	%	
0 km (Reis nie)	1025	59,2	
1 - 10 km	123	7,1	
10,1 - 20 km	51	3,0	
20,1 - 40 km	108	6,2	
40,1 - 80 km	123	7,1	
80,1 - 150 km	169	9,8	
Verder as 150 km	131	7,6	
Eenrigting Reistyd	N	%	
0 min (Reis nie)	1014	58,6	
1 - 20 min	149	8,6	
20,1 - 40 min	75	4,3	
40,1 - 60 min	90	5,2	
60,1 - 90 min	127	7,3	
Meer as 90 min	275	16,0	
Vervoermodus	N	%	
Gaan nie weg nie	991	57,3	
Stap	78	4,5	
Fiets	7	0,4	
Motorfiets	5	0,3	
Motor	139	8,0	
Huurmotor	208	12,0	
Busdiens	238	13,8	
Trein	64	3,7	
Vliegtuig	0	0	

daar 16,0% van die respondente wat meer as 90 minute aan reistyd spandeer en 9,8% van die respondente wat binne 'n radius van 80,1 tot 150 kilometer reis.

Respondente wat wel oor 'n naweek weg gaan, maak hoofsaaklik van 'n huurmotor (12,0%) en busdiens (13,8%) gebruik. Daar is slegs 8% van die respondente wat van 'n motor gebruik maak. Dit kan daaraan toegeskryf word dat slegs 14,9% respondente 'n motor/bakkie besit (tabel 6.1).

Deelname aan rekreasie- en/of sportaktiwiteite tydens 'n naweek word dus hoofsaaklik by of naby die huis beoefen.

4.2.3 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekeskursie volgens demografiese veranderlikes

Deelname gedurende 'n naweekeskursie volgens demografiese veranderlikes word in tabel 4.5 aangetoon.

Wat geslag betref, is die vroulike respondente in die meerderheid ten opsigte van 0 minute* en 1 tot 20 minute reistyd. Dieselfde tendens geld ook vir reisafstand en vervoermodus ten opsigte van die eerste twee kategorieë. Dit is dus duidelik dat dit hoofsaaklik die vroulike respondente is wat óf nie weg gaan nie óf nie verder as 20 minute of 10 kilometer beweeg nie. Die manlike respondente is in die meerderheid ten opsigte van langer as 20 minute reistyd en verder as 10 kilometer reisafstand.

Wat vervoermodus betref, is dit hoofsaaklik die manlike respondente wat van vervoermiddels gebruik maak. Dit blyk dus dat mobiliteit onder mans aansienlik hoër is as onder vrouens.

* 0 minute is reis nie.

TABEL 4.5 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n weekkursie volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		Geslag				Ouderdom								Huwelikstatus							
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		579		433		218		517		996		165		52	
N = 1730		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Wed. Wew.		Woon Saam	
Enrigting reisafstand	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
0 km (Reis nie)	1025	446	43,5	579	56,5	217	21,2	317	30,9	307	30,0	184	17,9	220	21,5	638	62,2	130	12,7	37	3,6
1-10 km	123	65	52,8	58	47,2	41	33,3	43	35,0	32	26,0	7	5,7	34	27,6	77	62,6	9	7,3	3	2,5
10,1 - 20 km	51	27	52,9	24	47,1	21	41,2	17	33,3	11	21,6	2	3,9	25	49,0	24	47,1	2	3,9	0	0
20,1 - 40 km	108	65	60,2	43	39,8	52	48,1	30	27,8	17	15,7	9	8,4	47	43,5	51	47,2	7	6,5	3	2,8
40,1 - 80 km	123	78	63,4	45	36,6	42	34,1	56	45,5	18	14,6	7	5,8	48	39,0	62	50,4	8	6,5	5	4,1
80,1 - 150 km	169	132	78,1	37	21,9	68	40,2	71	42,0	23	13,6	7	4,1	80	47,3	79	46,7	7	4,1	3	1,8
Verder as 150 km	131	107	81,7	24	18,3	58	44,3	49	37,4	21	16,0	3	2,3	66	50,4	61	46,6	3	2,3	1	0,7
		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Wed. Wew.		Woon Saam	
Enrigting Reistyd	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
0 min (Reis nie)	1014	449	44,3	565	55,7	215	21,2	310	30,6	304	30,0	185	18,2	217	21,4	632	62,3	128	12,6	37	3,7
1 - 20 min	149	73	49,0	76	51,0	53	35,6	54	36,2	34	22,8	8	5,4	47	31,5	87	58,4	9	6,0	6	4,1
20,1 - 40 min	75	43	57,3	32	42,7	30	40,0	22	29,3	17	22,7	6	8,0	28	37,3	43	57,3	3	4,0	1	1,4
40,1 - 60 min	90	53	58,9	37	41,1	28	31,1	32	35,6	19	21,1	11	12,2	31	34,4	46	51,1	11	12,2	2	2,3
60,1 - 90 min	127	98	77,2	29	22,8	52	40,9	53	41,7	17	13,4	5	3,9	51	40,2	66	52,0	6	4,7	4	3,1
Meer as 90 min	275	206	74,9	69	25,1	120	43,6	110	40,0	39	14,2	6	2,2	146	53,1	117	42,5	9	3,3	3	1,1
		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Wed. Wew.		Woon Saam	
Vervoermodus	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Gaan nie weg nie	991	433	43,7	558	56,3	208	21,0	308	31,1	296	30,0	179	17,9	210	21,2	621	62,7	127	12,8	33	3,3
Stap	78	36	46,2	42	53,8	31	39,7	23	29,5	20	25,6	4	5,1	24	30,8	46	59,0	4	5,1	4	5,1
Fiets	7	6	85,7	1	14,3	2	28,6	4	57,1	1	14,3	0	0	3	42,9	4	57,1	0	0	0	0
Motorfiets	5	4	80,0	1	20,0	2	40,0	2	40,0	1	20,0	0	0	3	60,0	2	40,0	0	0	0	0
Motor	139	95	68,3	44	31,7	41	29,5	58	41,7	31	22,3	9	6,5	38	27,3	90	64,7	8	5,8	3	2,2
Huurmotor	208	141	67,8	67	32,2	96	46,2	78	37,5	26	12,5	8	3,8	96	46,2	100	48,1	9	4,3	3	1,4
Busdiens	238	157	66,0	81	34,0	99	41,6	83	34,9	39	16,4	17	7,1	105	44,1	109	45,8	14	5,9	10	4,2
Trein	64	51	79,7	13	20,3	25	39,1	27	42,2	12	18,8	0	0	43	67,2	20	31,3	1	1,6	0	0
Vliegtuig	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Verder blyk dit dat jonger respondente verder en langer reis om aan naweekaktiwiteite deel te neem as ouer respondente. 'n Gemiddelde frekwensie van 17,8% van die respondente (21-30 jaar) bestee meer as 90 minute aan reistyd en meer as 150 km aan reisafstand vir 'n naweekeskursie, teenoor 2,1% van die respondente in die ouderdomsgroep 51-59 jaar. Hierdie tendens dui op 'n hoër mobiliteit van die jeug teenoor ouer persone, en word bevestig deur die hoër aantal respondente wat, met 'n toename in ouderdom, naweke by die huis bly. Van die respondente in die ouderdomsgroep 21-30 jaar, besit 23,7% 'n motor teenoor die ouer persone (50-59 jaar) se 8,9% (Raadpleeg tabel 6.2).

Die meerderheid (83,4%) van die respondente in die ouderdomsgroep 51-59 jaar, gaan nie vir 'n naweek weg nie en beoefen gevolglik aktiwiteite by of naby die huis.

Wat huwelikstatus betref is die meeste respondente (62,4%) wat nie vir 'n naweek weg gaan nie, getroud. Hierteenoor is dit die ongetroude respondente wat oorwegend langer en verder reis vir 'n naweekeskursie. Getroude respondente (64,7%) maak meestal van 'n motor gebruik terwyl ongetroude respondente weer meestal van 'n motorfiets of trein as vervoermiddel gebruik maak.

4.2.4 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekeskursie volgens sosio-ekonomiese status

Inligting met betrekking tot reisafstand, reistyd en vervoermodus van naweekeskursies volgens sosio-ekonomiese status, word in tabel 4.6 uiteengesit.

Wat beroepe betref, toon die huisbediende, huisvrou en werklose respondente 'n drastiese daling in die persentasie deelname tydens naweekeskursies hoe verder van die huis af beweeg word. Meer as 80% van die respondente wat langer as 90 minute (83,2%) en verder as 150 kilometer (87,0%) oor 'n

Tabel 4.6: Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n naweekkursie volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730		Beroep									Opvoedkundige kwalifikasie						Inkomste															
SUBGROEP TOTALE		494			272			179			226			559			666		811		190		63		407		705		395		223	
		Arbeider		Huisbediende		Huisvrou		Werkloos		Ander		Laer as st 5		St. 5-8		St. 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		R400+						
Enrigting reisafstand	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%				
0 km (Reis nie)	1025	243	23,7	220	21,5	155	15,1	146	14,2	25,5	343	33,5	443	43,2	82	8,0	15,3	289	28,2	460	44,9	173	16,9	10,0								
1 - 10 km	123	34	27,6	14	11,4	8	6,5	22	17,9	36,6	36	29,3	67	54,5	12	9,8	6,4	31	25,2	56	45,5	25	20,3	9,0								
10,1 - 20 km	51	17	33,3	6	11,8	1	2,0	5	9,8	43,1	20	39,2	23	45,1	4	7,8	7,9	15	29,4	21	41,2	13	25,5	3,9								
20,1 - 40 km	108	39	36,1	7	6,5	5	4,6	13	12,0	40,8	28	25,9	52	48,1	20	18,5	7,5	28	25,9	41	38,0	26	24,1	12,0								
40,1 - 80 km	123	35	28,5	15	12,2	6	4,9	12	9,8	44,6	32	26,0	59	48,0	23	18,7	7,3	19	15,4	47	38,2	33	26,8	19,6								
80,1 - 150 km	169	71	42,0	7	4,1	5	3,0	20	11,8	39,1	36	21,3	92	54,4	26	15,4	8,9	16	9,5	48	28,4	76	45,0	17,1								
Verder as 150 km	131	56	42,7	4	3,1	2	1,5	11	8,4	44,3	15	11,5	77	58,8	24	18,3	11,4	12	9,2	31	23,7	50	38,2	28,9								
		Arbeider		Huisbediende		Huisvrou		Werkloos		Ander		Laer as st 5		St. 5-8		St. 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		R400+						
Enrigting Reistyd	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%				
0 min (Reis nie)	1014	240	23,7	216	21,3	150	14,8	145	14,3	25,9	343	33,8	437	43,1	77	7,6	15,5	287	28,3	455	44,9	170	16,9	9,9								
1 - 20 min	149	49	32,9	16	10,7	12	8,1	29	19,5	28,8	43	28,9	71	47,7	20	13,4	10,0	44	29,5	60	40,3	35	23,5	6,7								
20,1 - 40 min	75	20	26,7	8	10,7	2	2,7	11	14,7	45,2	25	33,3	36	48,0	9	12,0	6,7	17	22,7	34	45,3	15	20,0	12,0								
40,1 - 60 min	90	31	34,1	11	12,2	5	5,6	6	6,7	41,4	25	27,8	42	46,7	14	15,6	9,9	11	12,2	45	50,0	18	20,0	17,8								
60,1 - 90 min	127	40	31,5	5	3,9	6	4,7	13	10,2	49,7	22	17,3	75	59,1	18	14,2	9,4	24	18,9	31	24,4	45	35,4	21,3								
Meer as 90 min	275	113	41,1	17	6,2	4	1,8	25	9,1	42,1	50	18,2	150	54,5	53	19,3	8,0	27	9,8	79	28,7	115	41,8	19,7								
		Arbeider		Huisbediende		Huisvrou		Werkloos		Ander		Laer as st 5		St. 5-8		St. 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		R400+						
Vervoermodus	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%				
Gaan nie weg nie	991	238	24,0	214	21,6	149	15,0	141	14,2	25,2	337	34,0	423	42,7	69	7,0	16,3	276	27,9	456	46,0	167	16,9	9,2								
Stap	78	19	24,4	10	12,8	4	5,1	11	14,1	43,6	21	26,9	38	48,7	16	20,5	3,9	20	25,6	32	41,0	16	20,5	12,9								
Fiets	7	5	71,4	0	0	1	14,3	0	0	14,3	3	42,9	3	42,9	1	14,2	0	0	0	3	42,9	2	28,6	28,5								
Motorfiets	5	3	60,0	0	0	0	0	0	0	40,0	1	20,0	3	60,0	1	20,0	0	1	20,0	1	20,0	3	60,0	0								
Motor	139	30	21,6	8	5,8	12	8,6	12	8,6	55,4	27	19,4	73	52,5	24	17,3	10,8	21	15,1	35	25,2	44	31,7	28,0								
Huurmotor	208	72	34,6	16	7,7	4	1,9	29	13,9	41,9	38	18,3	110	52,9	32	15,4	13,4	44	21,2	62	29,8	63	30,3	18,7								
Busdiens	238	94	39,5	20	8,4	11	4,6	30	12,6	34,9	61	25,6	120	50,4	38	16,0	8,0	45	18,9	87	36,6	81	34,0	10,5								
Trein	64	34	53,1	5	7,8	0	0	6	9,4	29,7	15	23,4	43	67,2	6	9,4	0	4	6,3	26	40,6	26	40,6	12,5								
Vliegtuig	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0								

naweek reis, is in die kategorieë arbeider en "ander". Dit is dus hoofsaaklik respondente in hierdie kategorieë wat van vervoermiddels gebruik maak. So byvoorbeeld is 55,4% van die respondente wat van 'n motor gebruik maak, in die kategorie "ander".

Respondente met hoër opvoedkundige kwalifikasies reis verder en langer as ander respondente vir naweekeskursies. Respondente met 'n laer as st. 5 kwalifikasie, is meer geneig om aktiwiteite by of naby die huis te beoefen. Die persentasie respondente in hierdie kategorie (laer as st. 5) wat aan naweekaktiwiteite deelneem, neem af hoe verder die aktiwiteit van die huis af is. Respondente wat die meeste van vervoermiddels gebruik maak, beskik oor 'n st. 5-8 kwalifikasie.

Dit is verder duidelik dat respondente met 'n geen of 'n lae inkomste, nie baie aan naweekeskursies deelneem nie. Slegs 4,8% van die respondente met geen inkomste, reis meer as 90 minute of verder as 150 kilometer vir naweekeskursies, teenoor 20,9% in die geval van respondente met 'n inkomste van R201-R400. Dit is dus duidelik dat hoe hoër die inkomste, hoe verder word gereis vir naweekeskursies wat vanselfsprekend meebring dat respondente in die hoër inkomstegroep meer van vervoermiddels gebruik sal maak. Dit is verder duidelik dat 'n afname in respondente wat by die huis bly, voorkom met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasie en inkomste.

Dit blyk dus dat inkomste 'n geweldige impak op die tyd-ruimtelike-deelnamepatrone van Swartmense uitoefen. Weens die relatief lae inkomste in die Suid-Oranje-Vrystaat, is reistyd en reisafstand beperk ten opsigte van naweekeskursies.

4.3 Deelname aan rekreasie en sportaktiwiteite gedurende 'n vakansie-ekskursie

4.3.1 Inleiding

In aansluiting by dag- en naweek-ekskursies, word die deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n vakansie-ekskursie vervolgens bespreek. Die geïdentifiseerde deelnamepatrone ten opsigte van vakansie-ekskursies word aan hand van verskeie veranderlikes toegelig. Hierdie deelnamepatrone sal ook verdere toeligting gee aan die huidige deelnamepatrone soos reeds in hoofstuk drie uiteengesit.

4.3.2 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie

Volgens tabel 4.7 word 'n eiesoortige tendens openbaar ten opsigte van reisafstand, reistyd en vervoermodus gedurende vakansie-ekskursies.

Volgens die drie komponente reisafstand, reistyd en vervoermodus, gaan 42,6% van die Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat nie vir 'n vakansie weg nie. 'n Feitlik eweredige verspreiding in die ander kategorieë by reistyd sowel as by reisafstand is waarneembaar. Volgens tabel 4.7 kan daar nie 'n besliste afleiding gemaak word dat 'n bepaalde reistyd of reisafstand by Swartmense 'n hoë voorkeur geniet vir vakansiedoeleindes nie. Die onbekendheid van "met vakansie gaan" vir Swartmense, kan die oorsaak wees dat 'n definitiewe vakansiepatroon nie openbaar word nie. Die respondente wat wel op vakansie gaan, maak hoofsaaklik van 'n trein (21,3%), motor (14,7%) en busdiens (14,6%) gebruik. Die vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie van respondente in die Suid-Oranje-Vrystaat, verskil aansienlik van 'n landswye tendens. Kohler (1989:40) het in 'n landswye opname bevind dat Swartmense hoofsaaklik van 'n motor (45,4%) gebruik maak om op vakansie te gaan, gevolg deur 'n

huurmotor (16,9%), bus (13,6%) en trein (11,9%). In vergelyking met die ander bevolkingsgroepe is die Swartmense die grootste gebruikers van 'n huurmotor, bus en trein om mee op vakansie te gaan. Ten tye van die opname was die huurmotorbedryf nie so goed gevestig soos wat tans die geval is nie. Die aanname kan derhalwe gemaak word dat 'n toename in huurmotors tot 'n toename in mobiliteit lei wat deelname positief kan beïnvloed.

Tabel 4.7 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie

	Vakansie-ekskursie	
N = 1 730	Frekwensie	
Eenrigting Reisafstand	N	%
0 km (Reis nie)	743	42,9
1 - 50 km	78	4,5
50,1 - 150 km	165	9,5
150,1 - 250 km	174	10,1
250,1 - 500 km	245	14,2
500,1 - 1 000 km	216	12,5
Verder as 1 000 km	109	6,3
Eenrigting Reistyd	N	%
0 ure (Reis nie)	757	43,8
1-2 ure	121	7,0
2,1 - 4 ure	209	12,1
4,1 - 6 ure	175	10,1
6,1 - 8 ure	224	12,9
Meer as 8 ure	244	14,1
Vervoermodus	N	%
Gaan nie weg nie	711	41,1
Stap	13	0,8
Fiets	2	0,1
Motorfiets	6	0,3
Motor	255	14,7
Huurmotor	119	6,9
Busdiens	252	14,6
Trein	369	21,3
Vliegtuig	3	0,2

4.3.3 Reisaafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie volgens demografiese veranderlikes

Net soos in die geval van dag- en naweekskkursies blyk dit volgens tabel 4.8 dat die meerderheid respondente wat nie vir 'n vakansie weg gaan nie, vroulike respondente (53,2%) is, teenoor 46,8 % manlike respondente. Ten opsigte van reisaafstand, reistyd en vervoermodus word dieselfde tendens ervaar.

'n Verdere tendens wat voorkom dui daarop dat hoe langer die reistyd en hoe verder die afstand wat afgelê word vir 'n vakansie, hoe hoër is die persentasie manlike respondente teenoor die persentasie vroulike respondente. Van die respondente wat meer as agt ure aan reistyd spandeer, is 59,8% manlik en 40,2% vroulik. In die geval van reisaafstand is dit 67,0% manlike respondente en 33,0% vroulike respondente wat verder as 1 000 kilometer reis.

Hieruit kan afgelei word dat die meerderheid manlike respondente van vervoermiddels gebruik maak om vir 'n vakansie te reis en tans heelwat verder reis as die vroulike respondente. Die gewildste vervoermiddels vir manlike respondente is 'n motor en trein. Vir die vroulike respondente is die gewildste vervoermiddels die trein en busdiens.

Die komponente reisaafstand, reistyd en vervoermodus, word in tabel 4.8 aan die verskillende ouderdomsgroepe gemeet waar volgens dit blyk dat jonger respondente (onder 40 jaar) meer tyd en afstand aan vakansie spandeer as die ouer respondente. Van die respondente wat meer as 8 ure aan reistyd bestee, is 75,0% jonger as 40 jaar. In die geval van reisaafstand is 76,2% van die respondente wat verder as 1 000 kilometer reis, jonger as 40 jaar. Soos tydens die ander periodes is daar 'n toename in respondente wat by die huis bly tydens vakansies met 'n toename in ouderdom.

TABEL 4.8 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		Geslag				Ouderdom								Huwelikstatus							
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		529		433		218		517		996		165		52	
		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Wed. Wew.		Woon Saam	
Eenrigting reisafstand	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
0 km (Reis nie)	743	350	47,1	393	52,9	166	22,3	225	30,3	219	29,5	133	17,9	174	23,4	434	58,4	104	14,0	31	4,2
1-50 km	78	34	43,6	44	56,4	24	30,8	20	25,6	23	29,5	11	14,1	24	30,8	41	52,6	13	16,6	0	0
50,1 - 150 km	165	91	55,2	74	44,8	56	33,9	57	34,5	39	23,6	13	8,0	48	29,1	98	59,4	12	7,3	7	4,2
150,1 - 250 km	174	93	53,4	81	46,6	75	43,1	52	29,9	31	17,8	16	9,2	69	39,7	91	52,3	8	4,6	6	3,4
250,1 - 500 km	245	146	59,6	99	40,4	74	30,2	87	35,5	58	23,7	26	10,6	89	36,3	137	55,9	12	4,9	7	2,9
500,1 - 1 000 km	216	133	61,6	83	38,4	68	31,5	93	43,1	40	18,5	15	6,9	77	35,6	124	57,4	14	6,5	1	0,5
Verder as 1 000 km	109	73	67,0	36	33,0	34	31,2	49	45,0	20	18,3	6	5,5	39	35,8	65	59,6	3	2,8	2	1,8
		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Wed. Wew.		Woon Saam	
Eenrigting Reistyd	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
0 ure (Reis nie)	757	352	46,5	405	53,5	174	23,0	228	30,1	221	29,2	134	17,7	179	23,6	441	58,3	107	14,1	30	4,0
1 - 2 ure	121	59	48,8	62	51,2	33	27,3	40	33,1	36	29,8	12	9,8	29	24,0	76	62,8	16	13,2	0	0
2,1 - 4 ure	209	115	55,0	94	45,0	87	41,6	60	28,7	39	18,7	23	11,0	72	34,4	114	54,5	12	5,7	11	5,4
4,1 - 6 ure	175	98	56,0	77	44,0	53	30,3	61	34,9	42	24,0	19	10,8	58	33,1	102	58,3	8	4,6	7	4,0
6,1 - 8 ure	224	146	65,2	78	34,8	70	31,3	89	39,7	45	20,1	20	8,9	80	35,7	124	55,4	16	7,1	4	1,8
Meer as 8 ure	244	146	59,8	98	40,2	83	34,0	100	41,0	48	20,1	12	4,9	101	41,4	132	54,1	9	3,7	2	0,8
		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Wed. Wew.		Woon Saam	
Vervoermodus	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Gaan nie weg nie	711	333	46,8	378	53,2	159	22,4	217	30,5	210	29,5	125	17,6	170	23,9	420	59,1	97	13,6	24	3,4
Stap	13	8	61,5	5	38,5	7	53,8	4	30,8	2	15,4	0	0	5	38,5	7	53,8	1	7,7	0	0
Fiets	2	2	100	0	0	0	0	0	0	1	50,0	1	50,0	0	0	1	50,0	1	50,0	0	0
Motorfiets	6	6	100	0	0	4	66,7	2	33,3	0	0	0	0	4	66,7	2	33,3	0	0	0	0
Motor	255	166	65,1	89	34,9	77	30,2	97	38,0	61	23,9	20	7,9	66	25,9	174	68,2	10	3,9	5	2,0
Huurnmotor	119	69	58,0	50	42,0	35	29,4	52	43,7	21	17,6	11	9,3	39	32,8	68	57,1	11	9,2	1	0,9
Busdiens	252	133	52,8	119	47,2	84	33,3	88	34,9	52	20,6	28	11,2	103	40,9	120	47,6	18	7,1	11	4,4
Trein	369	194	52,6	175	47,4	133	36,0	121	32,8	81	22,0	34	9,2	134	36,3	204	55,3	23	6,2	8	2,2
Vliegtuig	3	2	66,7	1	33,3	1	33,3	2	66,7	0	0	0	0	1	33,3	2	66,7	0	0	0	0

Van die respondente jonger as 40 jaar, maak dié in die ouderdomsgroep 21-30 jaar hoofsaaklik van die trein en busdiens gebruik. Respondente in die ouderdomsgroep 31-40 jaar gebruik weer hoofsaaklik 'n motor en trein. Respondente ouer as 40 jaar maak ook grotendeels van 'n motor, trein of busdiens gebruik. Dit blyk dat 'n trein en busdiens die mees algemene vervoermiddels is.

In die geval van huwelikstatus, is die meeste respondente (tabel 2.9 - 87,5%) in die kategorieë ongetroud en getroud en is dit derhalwe belangrik om hierdie respondente se deelnamepatrone ten opsigte van reisafstand, reistyd en vervoermodus met mekaar te vergelyk. Dit blyk dat die meerderheid respondente wat nie vir 'n vakansie weggaan nie (58,6%), getroude respondente is teenoor 23,6% ongetroude respondente. Die verspreiding van getroude respondente ten opsigte van die verskillende kategorieë reisafstand en reistyd bly deurgaans konstant waar dit in die geval van die ongetroude respondente 'n mate van toename toon met 'n toename in afstand en tyd.

Wat vervoermiddels vir vakansies betref is 'n trein en die busdiens gewild by die ongetroude respondente teenoor 'n trein en motor as keuse van die getroude respondente.

4.3.4 Reisafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie volgens sosio-ekonomiese status

Deelnamepatrone volgens sosio-ekonomiese status word aan hand van reisafstand, reistyd en vervoermodus toegelig en word in tabel 4.9 aangetoon.

Volgens die komponente reisafstand en reistyd is dit die beroepsgroepe huisbediende en huisvrou wat óf glad nie weg gaan nie óf korter reisafstand en reistyd aflê vir vakansiedoeleindes. Al die beroepsgroepe, met die uitsondering van 0 min en 0 km toon 'n gelykmatige verspreiding oor al die verskillende kategorieë van

Tabel 4.9 Reisaafstand, reistyd en vervoermodus tydens 'n vakansie-ekskursie volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730		Beroep										Opvoedkundige kwalifikasie								Inkomste									
SUBGROEP TOTALE		494			272			179		226		559		666		811		190		63		407		705		395		223	
		Arbeider			Huisbediende			Huisvrou		Werkloos		Ander		Laer as st 5		St. 5-8		St 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		R400+	
Enrigting reisaafstand	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	
0 km (Reis nie)	743	204	27,5	160	21,5	94	12,7	99	13,3	25,0	267	35,9	307	41,3	48	6,5	16,3	197	26,5	362	48,7	119	16,0	8,8	8,8	8,8	8,8	8,8	
1-50 km	78	13	16,7	19	24,4	9	11,5	11	14,1	33,3	22	28,2	38	48,7	9	11,5	11,6	15	20,5	39	50,0	17	21,8	7,7	7,7	7,7	7,7	7,7	
50,1 - 150 km	165	37	22,4	19	11,5	19	11,5	22	13,3	41,3	39	23,6	89	53,9	20	12,1	10,4	55	33,3	57	34,5	41	24,6	7,4	7,4	7,4	7,4	7,4	
150,1 - 250 km	174	51	29,3	19	10,9	15	8,6	20	11,5	39,7	45	25,9	87	50,0	26	14,9	9,2	33	19,0	67	38,5	58	33,3	9,2	9,2	9,2	9,2	9,2	
250,1 - 500 km	245	80	32,7	21	8,6	20	8,2	32	13,1	37,4	69	28,2	121	59,4	40	16,3	6,1	55	22,4	86	35,1	69	28,2	14,3	14,3	14,3	14,3	14,3	
500,1 - 1 000 km	216	74	34,3	25	11,6	13	6,0	26	12,0	36,1	49	22,7	117	54,2	23	10,6	12,5	38	17,5	70	32,4	64	29,6	20,4	20,4	20,4	20,4	20,4	
Verder as 1 000 km	109	29	26,6	5	4,6	7	6,4	13	11,9	50,5	17	15,7	52	47,7	24	22,0	14,7	17	15,6	28	25,7	29	26,6	32,1	32,1	32,1	32,1	32,1	
		Arbeider			Huisbediende			Huisvrou		Werkloos		Ander		Laer as st 5		St. 5-8		St 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		R400+	
Enrigting Reistyd	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	
0 ure (Reis nie)	757	203	26,8	162	21,4	94	12,4	103	13,6	25,8	269	35,5	311	41,1	50	6,6	16,8	204	26,9	362	47,8	123	16,2	9,1	9,1	9,1	9,1	9,1	
1 - 2 ure	121	28	23,1	26	21,5	15	12,4	14	11,6	31,4	39	32,2	66	54,5	7	5,8	7,5	29	24,0	56	46,3	29	24,0	5,7	5,7	5,7	5,7	5,7	
2,1 - 4 ure	209	47	22,5	24	11,5	20	9,6	21	10,0	46,4	43	20,6	112	53,6	32	15,3	10,5	54	25,8	71	34,0	59	28,2	12,0	12,0	12,0	12,0	12,0	
4,1 - 6 ure	175	53	30,3	10	5,7	23	13,1	21	12,0	38,9	50	28,6	82	46,9	26	14,9	9,6	36	20,6	63	36,0	51	29,1	14,3	14,3	14,3	14,3	14,3	
6,1 - 8 ure	224	77	34,4	24	10,7	13	5,8	30	13,4	35,7	54	24,1	108	48,2	31	13,8	13,9	45	20,1	84	37,5	57	25,4	17,0	17,0	17,0	17,0	17,0	
Meer as 8 ure	244	74	30,3	21	8,6	11	4,5	34	13,9	42,7	47	19,3	131	53,7	45	18,4	8,6	45	18,4	65	26,6	80	32,8	22,2	22,2	22,2	22,2	22,2	
		Arbeider			Huisbediende			Huisvrou		Werkloos		Ander		Laer as st 5		St. 5-8		St 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		R400+	
Vervoermodus	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	
Gaan nie weg nie	711	202	28,4	160	22,5	93	13,1	97	13,6	22,4	258	36,3	299	42,1	43	6,0	15,6	191	26,9	353	49,6	111	15,6	7,9	7,9	7,9	7,9	7,9	
Stap	13	5	38,5	2	15,4	0	0	2	15,4	30,7	3	23,1	4	30,8	2	15,4	30,7	2	15,4	5	38,5	3	23,1	23,0	23,0	23,0	23,0	23,0	
Fiets	2	1	50,0	0	0	0	0	0	0	50,0	1	50,0	1	50,0	0	0	0	0	0	2	100	0	0	0	0	0	0	0	
Motorfiets	6	3	50,0	0	0	0	0	0	0	50,0	2	33,3	0	0	3	50,0	16,7	1	16,7	0	0	3	50,0	33,3	33,3	33,3	33,3	33,3	
Motor	255	53	20,8	17	6,7	29	11,4	20	7,8	53,3	40	15,7	127	49,8	56	22,0	12,5	44	17,3	55	21,6	71	27,8	33,3	33,3	33,3	33,3	33,3	
Huurmotor	119	44	37,0	18	15,1	3	2,5	23	19,3	26,1	28	23,5	72	60,5	7	5,9	10,1	27	22,7	45	37,8	37	31,1	8,4	8,4	8,4	8,4	8,4	
Busdiens	252	83	32,9	32	12,7	14	5,6	41	16,3	32,5	69	27,4	138	54,8	27	10,7	7,1	64	25,4	105	41,7	64	25,4	7,5	7,5	7,5	7,5	7,5	
Trein	369	103	27,9	49	13,3	41	11,1	47	12,7	35,0	99	26,8	185	50,1	46	12,5	10,6	78	21,1	138	37,4	117	31,7	9,8	9,8	9,8	9,8	9,8	
Vliegtuig	3	0	0	0	0	1	33,3	0	0	66,7	1	33,3	1	33,3	1	33,4	0	1	33,3	1	33,3	1	33,4	0	0	0	0	0	

reisafstand en reistyd wat relatief laag is. Die patroon van die huisbediende en huisvrou vind aansluiting by dié van die vroulike respondente in tabel 4.8, naamlik dat die meeste vroulike respondente nie ver van die plek van residensie beweeg nie.

Die meeste respondente (53,3%) wat van 'n motor gebruik maak, is in die kategorie "ander" beroepe wat in ooreenstemming is met die vervoermodus van naweekeskursies in tabel 4.6.

Respondente met opvoedkundige kwalifikasies van st. 5-10, reis langer en verder vir vakansie-ekskursies as respondente met 'n laer of hoër opvoedkundige kwalifikasie. Hierdie tendens vind aansluiting by reeds geïdentifiseerde deelnamepatrone van dagekskursies in tabel 4.3 en naweekeskursies in tabel 4.6.

Die gebruik van vervoermiddels (motor, huurmotor, busdiens, trein) vir vakansie-ekskursies word oorheers deur respondente met 'n st. 5-8 kwalifikasie.

Gegewens met betrekking tot reisafstand, reistyd en vervoermodus van vakansie-ekskursies volgens inkomste in tabel 4.9 is in ooreenstemming met tabelle 4.3 en 4.6 van dag- en naweekeskursies. Dit blyk hiervolgens dat respondente met 'n inkomste hoër as R200, verder en langer reis vir vakansie-ekskursies. Meer as 75% van die respondente wat nie vir 'n vakansie weg gaan nie, verdien 'n inkomste van minder as R200. In ooreenstemming met die ander periodes is daar 'n afname in respondente wat by die huis bly met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasie en inkomste.

Meer as 61% van die respondente wat van 'n motor gebruik maak, verdien 'n inkomste van R200 en meer. Hierteenoor verdien die meerderheid van die respondente (62,0%), wat van

'n huurmotor, busdiens of trein gebruik maak, 'n inkomste van R200 en minder.

Inkomste het 'n geweldige impak op die deelnamefrekwensie van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat aan vakansie-ekskursies.


Eenrigting reisafstand, -reistyd en die vervoermodus tydens die drie ekskursieperiodes word in figure 7, 8 en 9 uitgebeeld.

4.4 Samevatting


Die reistendens van die meerderheid van die respondente in die ondersoekgebied dui daarop dat deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende al drie die tydperiodes hoofsaaklik by of naby die huis gesentreer is. Sportaktiwiteite (raadpleeg hoofstuk 3) wat reisafstand en reistyd noodsaak en 'n lae reële bestebare inkomste (raadpleeg tabel 2.12) wat mobiliteit beperk, is hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik. Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite in en om die huis beklemtoon die belangrikheid van die huis as rekreasie-omgewing en plaas klem op gesinsrekreasie.

Wat demografiese veranderlikes betref is dit meestal die jonger, manlike respondente (onder 40 jaar) wat reis en van vervoer gebruik maak om aan rekreasie- en sportaktiwiteite deel te neem. Tydens al drie die tydperke is daar 'n toename in respondente wat by die huis bly met 'n toename in ouderdom. Jongmense neig om meer te reis vir dag-, naweek- en vakansie-ekskursies en is gevolglik meer mobiel.


Sosio-ekonomiese determinante (opvoedkundige kwalifikasie en inkomste) het 'n duidelik waarneembare impak op tyd-ruimtelike deelnamepatrone van respondente in die ondersoekgebied tydens die drie ekskursies. 'n Afname in respondente wat by die huis bly met 'n toename in



Figuur 7: Eenrigting reisafstand tydens die drie ekskursieperiodes



Figuur 8: Eenrigting reistyd tydens die drie ekskursieperiodes



Figuur 9: Vervoermodus tydens die drie ekskursieperiodes

opvoedkundige kwalifikasie en inkomste is waargeneem. Dit blyk nogtans dat weens die relatief lae inkomste van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat, reistyd en reisafstand beperk is ten opsigte van veral naweek- en vakansie-ekskursies.

Die belangrikste geïdentifiseerde veranderlikes, naamlik ouderdom, opvoedkundige kwalifikasie en inkomste, het 'n waarneembare invloed op die tyd-ruimtelike deelnamepatrone van Swartmense aan rekreasie- en sportaktiwiteite. Eksterne faktore soos verstedeliking, politieke veranderinge, beter werksgelentehede, verwestering en veranderde ouderdomstruktuur kan hierdie veranderlikes positief beïnvloed wat deelnamefrekwensies sal laat toeneem tydens die drie aktiwiteitperiodes. Verwagte stygende deelnamefrekwensies het beplannings- en voorsieningsimplikasies en sal in 'n voorsieningstrategie verreken moet word.

HOOFSTUK 5

BEHOEFTE EN VORKEURE

Rekreasie- en sportbehoefte in die
ondersoekgebied
Behoefte aan 'n rekreasieoord in die
ondersoekgebied
Omgewingsvoorkeure in die ondersoekgebied

5.1 Rekreasie- en sportbehoefte in die ondersoekgebied

5.1.1 Inleiding

Die deelnamepatrone van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat aan rekreasie- en sportaktiwiteite is in hoofstuk 3 uiteengesit. Daardeur is 'n geheelbeeld ten opsigte van huidige deelnamepatrone verkry wat noodsaaklik is vir die formulering van 'n voorsieningstrategie. 'n Voorsieningstrategie vir rekreasie en sport kan egter nie op deelnamepatrone alleen ontwikkel word nie. Deelnamepatrone (aanvraag) moet saam met die behoeftes van respondente ontleed word.

Volgens Wilson (1989:176) dui aanvraag op deelname aan spesifieke rekreasie- en sportaktiwiteite by bestaande fasiliteite en dit kan beïnvloed word deur demografiese faktore. Hierteenoor is behoefte die oorkoepelende term wat aanvraag insluit, sowel as die vraag na nie-bestaande fasiliteite. Twee soorte behoeftes word deur Mercer volgens Wilson (1989:178) geklassifiseer, naamlik latente en bestaande behoeftes. Latente behoeftes dui op die behoefte aan nie-bestaande fasiliteite. Bestaande behoeftes dui daarop dat daar vanweë die hoë frekwensie benutting van fasiliteite 'n behoefte bestaan aan meer fasiliteite. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word daar volstaan en gebruik gemaak van die klassifikasie van behoeftes deur Mercer. Die impak van latente en bestaande behoeftes op

voorsiening sal ook met inagneming van aanvraagpatrone verreken moet word. Dit word aanvaar dat daar ook verskeie ander klassifikasiesisteme van behoeftes bestaan. Die klassifikasie van Mercer volgens Wilson (1989) blyk egter toepaslik te wees wat hierdie ondersoek betref.

Behoeftes van respondente sal ontleed word om toekomstige deelname volgens veranderinge van determinante te antisipeer. Demografiese en sosio-ekonomiese indikatore van die Suid-Afrikaanse bevolking en spesifiek die swart bevolking, gegrond op gegewens soos van toepassing op die 1980- en 1985-sensusse, sal gebruik word in determinant-analises.

Determinante word deur eksterne faktore beïnvloed met 'n gevolglike implikasie vir en invloed op die tendens van behoeftes van die Swartmense in die ondersoekgebied. Sosio-ekonomiese kragte, verhoging van onderwyspeil, ekonomiese struktuurveranderinge, groter mobiliteit, verjonging van die bevolking, opheffing van instromingsbeheermaatreëls, uitfasering van werkreservering, die ontwikkeling van vooraf bepaalde groeipunte en die instelling van onderhandelingsforums tussen twee of meer plaaslike owerheidsliggame (Wet no. 128 van 1991), kan onder andere behoeftes drasties beïnvloed wat verreikende beplannings- en voorsieningsimplikasies inhou. Invloede van hierdie eksterne faktore en veranderlikes op behoeftetendense moet geïdentifiseer word.

Geprojekteerde lewensverwagtinge, bevolkingsprojeksies en aannames ten opsigte van sosio-ekonomiese en demografiese ontwikkelings sal ook gebruik moet word om behoeftes en toekomstige tendense in die ondersoekgebied te antisipeer en die effek daarvan op die voorsiener te bepaal. Volgens 'n RGN-verslag (1982, S-N-235:30) is die geprojekteerde lewensverwagting van swart mans by geboorte 57,3 en die van swart vrouens 63,6 vir die tydperk 1990-1995. Die lewensverwagting het landswyd onder swart mans vanaf 1935/37

tot 1980/85 met 20,6% toegeneem en die onder swart vrouens vir dieselfde tydperk, met 20,9%. Die ooreenstemmende frekwensie vir dieselfde tydperk onder blankes is 9,5% en 12,7% onderskeidelik. Die hoër toename in lewensverwagting onder Swartmense plaas verdere, toenemende druk op die reeds hoë frekwensies behoeftes (RSA Jaarboek 1988/89:84).

Die swart bevolking openbaar tans 'n relatief jong ouderdomstruktuur - 53,2% is onder 21 jaar (RSA Jaarboek, 1990/91:18) met 'n vermelde langer lewensverwagting. Verder is daar 'n jaarlikse toename van 2,39% per jaar (totaal 20,8%) in die swart bevolking vir die tydperk 1980-1988 (RSA Jaarboek 1990/91:18). Die RGN (1982:S-N-235:56) wys daarop dat sonder bevolkingsprojeksies die beleidmaker en beplanner nie 'n beleid kan opstel en beplan nie. Dit blyk ook uit genoemde verslag dat bevolkingsprojeksies gebaseer word op bepaalde aannames ten opsigte van toekomstige sosio-ekonomiese en sosiaal-psigologiese ontwikkelinge in 'n land en die effek van daardie ontwikkelinge op die komponente van bevolkingsgroei. Bevolkingsherverspreiding binne die grense van 'n streek het sosio-ekonomiese en politieke implikasies en sal dus ook behoefetendense beïnvloed.

Die gebruik van veranderlikes om projeksies vir beplanningsdoeleindes te doen, het volgens Wilson (1989:189) sekere beperkinge. Alhoewel demografiese veranderlikes in sommige gevalle 'n beduidende invloed op behoeftes kan uitoefen, moet die beperkinge daarvan in gedagte gehou word by toekomsprojeksies van behoefetendense.

In aansluiting by die voorafgaande en die bevindinge ten opsigte van huidige deelnamepatrone soos reeds uiteengesit, word die behoeftes van Swartmense aan rekreasie en sport ondersoek. Die noodsaaklikheid om behoeftes van respondente te bepaal word ook deur die RGN Sportondersoek (1982, vol. 18:40) bevestig. Die ondersoek wys daarop dat goed beplande en omvattende voorsiening in die behoeftes aan rekreasie en

sport die potensiaal besit om groei op 'n verskeidenheid terreine binne bepaalde streke te bevorder.

Rekreasie- en sportbehoefte van Swartmense word vervolgens bespreek met spesiale verwysing na sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie, asook die verwagte invloede en tendense van veranderlikes daarop. Behoeftes en voorkeure word in samehang met huidige deelnamepatrone verreken in die bepaling van 'n voorsieningstrategie vir rekreasie- en sportvoorsiening vir Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat.

5.1.2 Behoeftes aan rekreasie- en sportaktiwiteite

Die respons van respondente op die vraag of hulle aan aktiwiteite wil deelneem wat ten tye van die opname nie beskikbaar is nie, word vervolgens bespreek. Weer eens word daarop gewys dat die beperkte verwysingsraamwerk van Swartmense 'n invloed op die respons kan uitoefen. In totaal het 22,2% van die respondente laat blyk dat hulle geen behoefte het om aan ander aktiwiteite as dié wat in hoofstuk 3 (tabelle 3.1, 3.2, 3.3) uiteengesit is, deel te neem nie. Die respondente se behoeftes word vervolgens bespreek en met toepaslike tabelle toegelig.

Sport en fisieke rekreasie

Dit blyk uit tabel 5.1 dat daar nie 'n groot behoefte aan sport en fisieke rekreasie onder Swartmense is nie. Die grootste behoefte is aan tafeltennis (15,7%), sosiale dans (14,9%), swem (12,1%), biljart/snoeker (10,3%) en sagtebal (10,1%). Die mate van fisieke inspanning wat die beoefening van hierdie aktiwiteite vereis is relatief laer as aktiwiteite soos byvoorbeeld atletiek, boks, netbal en sokker. Weens 'n gebrek aan swembaddens in die ondersoekgebied kan swem nie as 'n sportaktiwiteit met gevolglike hoë fisieke werkslading geklassifiseer word nie.

Tabel 5.1: Behoeftes aan sport en fisieke rekreasië

Aktiwiteit	Totaal		% Behoefte								
	N	%	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag	1x2 weke	1xper md
Tafeltennis	271	15,7	7,5	6,1	7,9	7,0	8,8	9,0	4,5	1,2	0,4
Sosiale dans	258	14,9	4,6	3,8	5,7	4,2	6,4	10,5	6,3	1,4	0,2
Swem	210	12,1	2,5	2,0	3,3	1,9	5,5	8,0	5,1	1,2	0,8
Biljart/snoeker	179	10,3	4,2	3,9	4,9	4,0	7,2	8,2	2,4	0,3	0,1
Sagtebal	174	10,1	3,7	2,8	5,3	3,1	4,6	6,7	2,8	0,3	0,0
Ringtennis	144	8,3	4,7	3,6	4,9	3,7	4,4	4,8	1,7	0,7	0,1
Boks	135	7,8	4,5	3,6	5,0	4,0	4,9	5,4	0,3	0,5	0,1
Netbal	123	7,1	2,7	1,9	3,1	2,2	3,2	4,5	1,7	0,6	0,2
Tennis	113	6,5	2,7	1,8	3,6	2,4	3,1	4,5	2,4	0,3	0,1
Karate	92	5,3	3,0	2,4	3,6	2,4	3,1	2,9	0,5	0,2	0,0
Gholf	90	5,2	1,2	0,8	1,6	0,8	1,5	4,2	2,1	0,2	0,2
Trimpark	85	4,9	1,4	1,0	1,4	1,3	2,1	2,8	2,5	1,0	0,3
Pluimbal	82	4,7	2,0	1,6	2,1	1,6	2,2	2,8	1,8	0,3	0,0
Vlugbal	81	4,7	1,5	1,1	1,7	0,9	1,3	2,0	1,2	0,9	0,5
Atletiek	80	4,6	1,5	1,4	1,8	1,8	2,3	2,8	0,5	0,7	0,2
Stamdans	80	4,6	1,2	0,8	0,9	0,8	1,9	3,4	2,0	0,7	0,3
Sokker	72	4,2	1,8	1,7	2,1	2,1	1,9	2,9	2,4	0,5	0,0
Liggaamsbou	62	3,6	1,5	1,4	1,7	1,7	2,3	2,0	0,2	0,4	0,1
Krieket	53	3,1	1,3	1,2	1,6	1,0	1,7	1,7	0,9	0,2	0,1
Landloop	33	1,9	0,6	0,7	0,9	0,7	0,9	1,1	0,3	0,2	0,1
Fietsry	30	1,7	0,8	0,5	0,7	0,6	0,8	1,1	0,3	0,2	0,2
Judo	30	1,7	0,8	0,7	0,8	0,8	0,6	1,0	0,4	0,0	0,1
Rugby	20	1,2	0,6	0,5	0,6	0,5	0,5	0,8	0,3	0,0	0,0
Stoei	19	1,1	0,4	0,3	0,5	0,3	0,5	0,6	0,1	0,1	0,2
Ander	17	1,0	0,3	0,3	0,3	0,3	0,3	0,6	0,3	0,2	0,1

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die behoefte groter is aan aktiwiteite wat min fisieke inspanning vereis as aan dié wat meer fisieke inspanning vereis. Die behoeftes van Swartmense in die PWV-gebied toon min ooreenkoms met die behoeftes van die Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat. Volgens Wilson en Hattingh (1988:82) is die belangrikste behoeftes as volg: sokker (21,7%), tennis (20,5%), stamdans (9,1%), netbal (6,6%) en boks (4,9%). 'n Vergelyking van dorpe in die landelike gebiede van die Suid-Oranje-Vrystaat met die stedelike gebied van die PWV-gebied wys op 'n waarneembare verskil in behoeftetendense. Die behoefteverspreiding van die vier gewildste aktiwiteite toon 'n spitstyd op Vrydae.

Spele

Die behoefte aan spele-aktiwiteite word in tabel 5.2 uiteengesit. Daar is 'n groter behoefte aan spele-aktiwiteite as aan sport en fisieke rekreasie. Die vyf aktiwiteite waaraan die grootste behoefte bestaan, is skaak (22,2%), vingerbord (16,3%), veerpyltjies (15,6%), domino's (11,0%) en kaartspeel (10,1%). Afgesien van veerpyltjies, is dit volgens huidige deelnamepatrone (tabel 3.2) dieselfde aktiwiteite. Die frekwensie behoefte aan 'n tradisionele aktiwiteit soos stamdans is hoër (4,6%) as die huidige deelnamefrekwensie (3,2%). Hierteenoor toon die behoefte aan morabaraba 'n veel laer frekwensie (5,3%) as die 18,4% respondente wat tans die aktiwiteit beoefen. Dit blyk dat daar ondanks die westerse invloede nog steeds 'n behoefte vir sekere tradisionele aktiwiteite bestaan. Die behoefte aan spele-aktiwiteite toon 'n eweredige verspreiding oor die week met 'n geringe styging oor naweke. Dit het tot gevolg dat die benutting van fasiliteite ook eweredig behoort te wees wat 'n bepaalde invloed op fasiliteitvoorsiening sal hê.

Tabel 5.2: Behoeftes aan spele-aktiwiteite

Aktiwiteit	Totaal		% Behoefte								
	N	%	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag	1x2 weke	1xper md
Skaak	385	22,2	11,2	9,4	12,6	10,9	14,1	14,0	6,3	1,0	0,8
Vingerbord	282	16,3	9,8	8,6	10,1	9,0	11,2	11,7	5,2	1,0	0,1
Veerpyltjies	270	15,6	8,1	7,7	8,6	8,4	10,1	10,5	4,0	1,1	0,3
Domino's	190	11,0	5,0	3,5	5,1	3,4	5,3	5,0	1,6	1,0	1,8
Kaartspeel	175	10,1	4,7	4,3	4,3	4,7	6,4	6,5	3,1	0,4	0,3
Ringe	163	0,4	4,3	3,8	4,6	3,9	5,0	5,1	2,4	1,3	0,8
Morabaraba	92	5,3	2,3	2,0	2,1	2,1	3,1	3,2	1,5	0,3	0,1
Dobbel	40	2,3	0,4	0,4	0,7	0,3	0,8	1,3	0,2	0,3	0,1
Ander	16	0,9	0,4	0,3	0,5	0,2	0,4	0,4	0,2	0,2	0,0

Passiewe rekreasie

Die behoeftes aan passiewe rekreasie is volgens tabel 5.3 baie duidelik. Dit blyk dat Swartmense die grootste behoefte aan hierdie tipe aktiwiteite ervaar. Dit is insiggewend dat hierdie patroon van behoeftes soos geïdentifiseer, ooreenstem met die deelnamepatrone soos blyk uit tabel 3.3. Die grootste behoefte en die hoogste deelnamefrekwensie is beide ten opsigte van passiewe rekreasie. Die grootste behoefte word ondervind in biblioteek besoek (27,1%), rekreasieoord besoek (26,9%), bioskoop besoek (20,4%) piekniek (13,9%) en televisie kyk (11,8%). Die groot behoefte aan hierdie aktiwiteite beklemtoon die gebrek aan voldoende fasiliteite.

Uit die ooreenkoms tussen die ondersoeker en sy voormalige werkgewer as finansierder van die ondersoek, was die behoeftebepaling na 'n rekreasieoord as vereiste gestel. Alhoewel baie duidelik aan hulle gestel, is die ekonomiese realiteite moontlik nie goed deur die vraestellers en respondente begryp nie. Die vraag na 'n rekreasieoord is derhalwe gewoon as 'n behoefte-analise per se gestel, sonder inagneming van die moontlike impak van 'n aantal veranderlikes daarop. Hierdie geïdentifiseerde behoeftefrekwensie van 26,9% sal nie sonder meer as beplanningsriglyn aanvaar kan word nie. Die impak van veranderlikes soos mobiliteit, afstand, inkomste en plasingsfaktore sal eers ontleed moet word alvorens besluite oor die beplanning en voorsiening van 'n rekreasieoord geneem kan word.

Die genoemde aktiwiteite waaraan die grootste behoefte ondervind word, verskil merkbaar van die gewildste deelnamepatrone. Die Swartmense openbaar 'n groter behoefte aan aktiwiteite wat verder vanaf die huis beoefen word. 'n Verdere kenmerk van die aktiwiteite is die soeke na iets meer as wat die aktiwiteite waaraan tans deelgeneem word,

Tabel 5.3: Behoeftes aan passiewe rekreasie

Aktiwiteit	Totaal		% Behoefte								
	N	%	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag	1x2 weke	1x per md
Biblioteek besoek	469	27,1	13,8	11,7	15,0	12,4	13,7	10,8	6,9	3,6	1,9
Rekreasieoord besoek	465	26,9	1,8	1,6	2,7	1,7	5,1	9,9	7,7	2,2	12,1
Bioskoop besoek	353	20,4	3,1	2,1	7,8	2,5	14,0	11,6	2,0	1,6	0,9
Piekniek	241	13,9	1,1	0,6	1,0	0,9	6,4	9,0	2,7	0,6	3,3
Televisie kyk	205	11,8	9,1	9,1	8,4	9,3	10,1	9,5	6,4	0,2	0,1
Familie/Vriende besoek	166	9,6	2,5	2,1	2,9	2,5	4,5	6,0	4,8	0,8	0,8
Naaldwerk	160	9,2	5,1	5,0	5,5	5,3	6,4	5,0	1,7	0,7	0,3
Pottebakkerij	137	7,9	4,1	4,2	4,2	4,2	5,6	5,2	2,7	0,3	0,2
Toeskouer	124	7,2	2,4	2,1	2,1	2,1	3,1	4,6	5,0	0,3	0,3
Motorritte	82	4,7	1,7	1,2	2,3	1,5	2,4	3,4	1,4	0,4	0,5
Visvang	71	4,1	0,5	0,3	0,2	0,2	0,6	1,6	1,0	0,5	1,3
Vlegwerk	68	3,9	1,8	1,8	1,8	1,8	2,0	1,8	0,7	0,6	0,5
Houtsneewerk	45	2,6	1,6	1,4	1,4	1,7	1,7	1,4	0,3	0,3	0,1
Ander	15	0,9	0,2	0,1	0,5	0,2	0,3	0,8	0,2	0,1	0,0

bied. 'n Behoefte by die Swartmense om deur middel van besoeke aan 'n biblioteek en 'n bioskoop eise vir selfontwikkeling te bevredig, word waargeneem. Hoër opvoedkundige kwalifikasies, onderwyspeil, 'n langer lewensverwagting en hoër inkomste onder Swartmense kan hierdie behoeftes laat eskaleer, veral namate Swartmense verder aan selfontwikkeling blootgestel word. Soos in die geval van sport en fisieke rekreasie verskil die behoeftes na passiewe rekreasie ook aansienlik met die bevinding van Wilson en Hattingh (1988:84) wat die volgende belangrikste behoeftes in die PWV-gebied as volg geïdentifiseer het, naamlik bioskoop (17,2%), dans/disko (12,9%), park (4,7%), nagklub (4,3%) en kerk (3,6%).

'n Vergelyking tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

In Tabel 5.4 word die vyf aktiwiteite aangedui waarin die grootste behoefte ten opsigte van sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie ervaar word. Soos reeds genoem, blyk dit duidelik dat die grootste behoefte ten opsigte van passiewe rekreasie ervaar word. Daar is relatief min behoefte aan sport en fisieke rekreasie. Die aktiwiteite waarin die grootste behoefte ondervind word, is biblioteek besoek (27,1%), rekreasieoord besoek (26,7%), skaak (22,2%), bioskoop besoek (20,4%) en vingerbord (16,3%). Dit is opmerklik dat sportaktiwiteite nie hier onder voorkom nie. Hierdie tendens is in ooreenstemming met die patroon van huidige deelnamepatrone soos uiteengesit in tabel 3.4 en tabel 3.5

Die voormalige ontwikkelingsrade en die Departement van Onderwys en Opleiding wat tot op datum van hierdie ondersoek verantwoordelik was vir die voorsieningsfunksie, het hoofsaaklik sportfasiliteite voorsien. (Raadpleeg addendum C). Dié voorsieningsbeleid kan onder andere aanleiding gee tot hierdie bepaalde patroon van behoeftes.

Tabel 5.4: Vergelykende statistieke tussen die behoeftes na sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

Sport/fisieke rekreasie			Spele			Passiewe rekreasie		
AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%
1. Tafeltennis	271	15,7	Skaak	358	22,2	Biblioteek besoek	469	27,1
2. Sosiale dans	258	14,9	Vingerbord	282	16,3	Rekreasieoord besoek	465	26,7
3. Swem	210	12,1	Veerpyltjies	270	15,6	Bioskoop besoek	353	20,4
4. Biljart/snoeker	179	10,3	Domino's	190	11,0	Piekniek	241	13,9
5. Sagtebal	174	10,1	Kaartspeel	175	10,1	Televisie kyk	205	11,8

Veranderinge in sosio-ekonomiese en demografiese omstandighede deur eksterne faktore soos verstedeliking, westerse invloede, verhoging van onderwyspeil, ekonomiese en politieke veranderinge sal behoeftes beïnvloed en toekomstige tendense openbaar wat in 'n voorsieningstrategie verreken moet word. Die impak van determinante op behoef-tendense word later in die hoofstuk breedvoerig bespreek.

'n Vergelyking tussen huidige deelnamepatrone en die behoefte aan sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

'n Vergelyking tussen die gewildste aktiwiteite van huidige deelnamepatrone (tabel 3.5) en die behoefte aan bepaalde aktiwiteite (tabel 5.4) word in tabel 5.5 uiteengesit. Dit blyk dat ten opsigte van behoefte en deelnamepatrone die aard van die aktiwiteite nie verskil nie, want in beide gevalle is die aktiwiteite passief van aard. Hierdie bevindinge is meer landelik georiënteerd, maar verskil nie veel van die oorwegend passiewe aard van die deelnamepatrone van die stedelike Swartmense in Bloemfontein (Van der Wal, 1983) nie. Van der Wal bevind dat Swartmense hoofsaaklik aan piekniek, sportdeelname, toeskouer by sportbyeenkomste, passiewe rekreasie, kuier by familie/vriende en kampering deelneem. Die deelnamefrekwensies is egter nie beskikbaar nie.

Die geïdentifiseerde deelnamepatrone aan en behoef-tendense vir sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie deur Swartmense in die ondersoekgebied blyk dus duidelik. Hierdie tendense sal met inagneming van die invloede van bepaalde determinante in 'n voorsieningstrategie verreken moet word. Infrastruktuur- en fasiliteitvoorsiening en die doeltreffende aanwending en benutting daarvan, soos vervat sal word in 'n voorsieningstrategie, sal meehelp om 'n hoër frekwensie deelname aan en benutting van rekreasie- en

sportaktiwiteite en -fasiliteite onder Swartmense te bewerkstellig.


Tabel 5.5 Vergelyking tussen deelnamepatrone en behoefte

Behoefte	%	Huidige deelnamepatrone	%
1 Biblioteek besoek	27,1	1 Televisie kyk	44,2
2 Rekreasieoord besoek	26,7	2 Familie/vriende besoek	43,9
3 Skaak	22,2	3 Kaartspeel	29,8
4 Bioskoop besoek	20,4	4 Toeskouer by sportbyeenkomste	24,6
5 Vingerbord	16,3	5 Morabaraba	18,4


'n Grafiese voorstelling van die vyf gewildste deelnamepatrone en behoeftes word in figuur 10.1 en 10.2 uitgebeeld.

5.1.3 Behoeftes aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens demografiese veranderlikes

Geslag, ouderdom en huwelikstatus is van die belangrikste veranderlikes wat bepalend is in voorkeurpatrone. "Age and sex, marital status and family composition or diversity, have all been recognised as affecting recreation preference." (Pigram, 1983:19). Dieselfde mening word deur Clawson en Knetsch (1969:28) gehuldig. "Recreation choices are heavily influenced by age and sex". Hornback (1988:36) spreek hom veral uit oor die invloed van ouderdom. "Population aging is one of the trends of most importance to park management professionals. With aging comes a change in leisure style which requires additional research: young, poor but fit people find satisfaction in different pursuits than old, well-off but tired people." Vervolgens 'n bespreking van die aangeleentheid.



Figuur 10.1: Behoeftefrekwensie van die vyf gewildste aktiwiteite



Figuur 10.2: Deelnemefrekwensie van die vyf gewildste aktiwiteite

Sport en fisieke rekreasie

Die behoefte na sport en fisieke rekreasie (tabel 5.6) is groter by mans as by vrouens. Die vroulike respondente openbaar 'n groter behoefte aan netbal, stamdans, sosiale dans, pluimbal, tennis, swem en 'n trimpark, met sosiale dans, tafeltennis, netbal en swem as die belangrikste behoeftes. Ten opsigte van die belangrikste geïdentifiseerde behoeftes van die vroulike respondente, word daar, wat die huidige voorsieningstruktuur betref, net vir netbal, tennis en pluimbal voorsiening gemaak. (Raadpleeg addendum C).

Die manlike respondente toon 'n hoë behoefte aan tafeltennis, biljart/snoeker, boks, sagtebal en swem. Tans word daar ten opsigte van hierdie aktiwiteite slegs in 'n mate vir boks en sagtebal voorsiening gemaak. (Raadpleeg addendum C).

Dit is verder uit tabel 5.6 duidelik dat die jonger respondente (21-30 jr) en (31-40 jr) 'n groter behoefte aan sport en fisieke rekreasie as die ouer respondente ondervind. Die enigste uitsondering is ten opsigte van stamdans. Die ouer respondente se behoefte aan stamdans word toegeskryf aan die kulturele oorsprong daarvan en die verwestering van die jonger geslag. Hierdie tendens word ook ten opsigte van huidige deelnamepatrone ondervind. Die ouderdomsgroep 21-30 jr het tafeltennis (N = 117; 23,4%) en swem (N = 116; 23,2%) as die grootste behoeftes aangedui. Ander ouderdomsgroepe het die keuses as volg aangedui: 31-40 jr - tafeltennis (N = 96; 16,6%), 41-50 jr - sosiale dans (N = 55; 12,7%) en 51-59 jr - stamdans (N = 20; 9,2%).

Die getroude respondente openbaar die grootste behoefte aan die meeste van dié aktiwiteite, met die hoogste frekwensie ten opsigte van tafeltennis (N = 163; 16,4%). Die ongetroude respondente ondervind die grootste behoefte aan sosiale dans (N = 90; 7,4%). Respondente in die kategorie geskei, weduwee, wewenaar se grootste behoefte is sosiale dans

Tabel 5.6 Behoefte aan sport en fysieke recreatie volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		GESLAG				OUDERDOM								HUWELIKSTATUS							
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		579		433		218		517		996		165		52	
		MANLIK		VROULIK		21-30 JR		31-40 JR		41-50 JR		51-59 JR		ONGETROUD		GETROUD		GESKEI, WED. WEW		WOON SAAM	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Tafeltennis	271	156	57,6	115	42,4	117	43,2	96	35,4	46	17,0	12	4,4	84	31,0	163	60,1	9	3,3	15	5,6
Sosiale dans	258	93	36,0	165	64,0	94	36,4	90	34,9	55	21,3	19	7,4	90	34,9	142	55,0	22	8,5	4	1,6
Swem	210	101	48,1	109	51,9	116	55,2	63	30,0	29	13,8	2	1,0	79	37,6	119	56,7	8	3,8	4	1,9
Biljart/snoeker	179	143	79,9	36	20,1	60	33,5	64	35,8	43	24,0	12	6,7	49	27,4	117	65,4	7	3,9	6	3,3
Sagtebal	174	123	70,7	51	29,3	78	44,8	71	40,8	22	12,6	3	1,8	84	48,3	82	47,1	3	1,7	5	2,9
Ringtennis	144	81	56,3	63	43,7	55	38,2	53	36,8	33	22,9	3	2,1	39	27,1	96	66,7	5	3,5	4	2,7
Boks	135	132	97,8	3	2,2	55	40,7	54	40,0	22	16,3	4	3,0	60	44,4	70	51,9	2	1,5	3	2,2
Netbal	123	12	9,8	111	90,2	53	43,1	52	42,3	16	13,0	2	1,6	42	34,2	72	58,5	6	4,9	3	2,4
Tennis	113	50	44,2	63	55,8	41	36,3	46	40,7	24	21,2	2	1,5	34	30,1	64	56,6	9	8,0	6	5,3
Karate	92	70	76,1	22	23,9	42	45,7	37	40,2	12	13,0	1	1,1	36	39,1	50	54,3	3	3,3	3	3,3
Gholf	90	84	93,3	6	6,7	35	38,9	29	32,2	21	23,3	5	5,6	36	40,0	48	53,4	3	3,3	3	3,3
Trimpark	85	41	48,2	44	51,8	27	31,8	31	36,5	24	28,2	3	3,5	16	18,8	63	74,1	4	4,7	2	2,4
Pluimbal	82	35	42,7	47	57,3	29	35,4	30	36,6	23	28,0	0	0	25	30,5	47	57,3	7	8,5	3	3,7
Vlugbal	81	41	50,6	40	49,4	34	42,0	30	37,0	15	18,5	2	2,5	29	35,8	45	55,6	7	8,6	0	0
Atletiek	80	50	62,5	30	37,5	38	47,5	21	26,3	19	23,8	2	2,4	36	45,0	39	48,8	2	2,5	3	3,7
Stamdans	80	25	31,3	55	68,7	19	23,8	21	26,2	20	25,0	20	25,0	18	22,5	48	60,0	12	15,0	2	2,5
Sokker	72	58	80,6	14	19,4	28	38,9	24	33,3	18	25,0	2	2,8	31	43,1	38	52,8	1	1,4	2	2,7
Liggaamsbou	62	57	91,9	5	8,1	19	30,6	28	45,2	15	24,2	0	0	20	32,3	42	67,7	0	0	0	0
Krieket	53	45	84,9	8	15,1	16	30,2	25	47,2	11	20,8	1	1,8	14	26,4	33	62,2	3	5,7	3	5,7
Landloop	33	20	60,6	13	39,4	15	45,5	8	24,2	9	27,3	1	3,0	10	30,3	20	60,6	3	9,1	0	0
Fietsry	33	24	80,0	6	20,0	14	46,7	11	36,7	5	16,6	0	0	11	36,7	15	50,0	3	10,0	1	3,3
Judo	30	25	83,3	5	16,7	10	33,3	10	33,3	10	33,4	0	0	9	30,0	18	60,0	1	3,3	2	6,7
Rugby	20	15	75,0	5	25,0	11	55,0	4	20,0	4	20,0	1	5,0	7	35,0	11	55,0	2	10,0	0	0
Stoei	19	16	84,2	3	15,8	8	42,2	7	36,8	2	10,5	2	10,5	9	47,4	8	42,1	2	10,5	0	0
Ander	17	10	58,8	7	41,2	3	17,6	5	29,4	5	29,4	4	23,6	8	47,1	6	35,3	3	17,6	0	0

(N = 22; 13,3%) en vir die respondente wat saamwoon, is dit tafeltennis (N = 15; 28,8%). Daar is geen waarneembare verband tussen huwelikstatus en geïdentifiseerde behoeftes nie.

Spele

Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat openbaar volgens tabel 5.7 'n groot behoefte aan spele-aktiwiteite. Die behoefte aan spele-aktiwiteite is groter by mans as by vrouens.

Wat ouderdom betref, is die grootste behoefte by al die ouderdomsgroepe skaak. Respondente in die ouderdomsgroep 51-59 jaar toon ook 'n groot behoefte aan veerpyltjies en morabaraba, alhoewel morabaraba 'n bykans eweredige verspreiding tussen ander ouderdomsgroepe toon.

Wat huwelikstatus betref, kom die grootste behoefte na spele-aktiwiteite deurgaans by getroude respondente voor, met die grootste behoefte aan skaak.

Passiewe rekreasie

Volgens tabel 5.8 blyk dit dat die behoefte aan passiewe rekreasie meer eweredig versprei is ten opsigte van die manlike en vroulike respondente, as by sport/fisieke rekreasie en spele. Manlike respondente toon 'n groter behoefte aan visvang, houtsneewerk, motorritte, toeskouer by sportbyeenkomste, biblioteek besoek, rekreasieoord besoek en televisie kyk. Hierteenoor is die vroulike respondente se behoeftes groter aan naaldwerk, vlegwerk, pottebakkerie, piekniek en familie/vriende besoek. Die manlike respondente se belangrikste behoefte is rekreasieoord besoek (N = 265; 28,8%) teenoor die vroulike respondente se grootste behoefte aan biblioteek besoek (N = 215; 26,5%).

Tabel 5.7 Behoefte aan spele-aktiwiteite volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		GESLAG				OUDERDOM								HUWELIKSTATUS							
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		579		433		218		517		996		165		52	
		MANLIK		VROULIK		21-30 JR		31-40 JR		41-50 JR		51-59 JR		ONGETROUD		GETROUD		GESKEI, WED.WEW		WOON SAAM	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Skaak	385	246	63,9	139	36,1	159	41,3	139	36,1	69	17,9	18	4,7	137	35,6	222	57,7	18	4,7	8	2,0
Vingerbord	282	169	59,9	113	40,1	105	37,2	104	36,9	57	20,2	16	5,7	95	33,7	167	59,2	14	5,0	6	2,1
Veerpyltjies	270	208	77,0	62	23,0	102	37,8	84	31,1	66	24,4	18	6,7	84	31,1	163	60,4	16	5,9	7	2,6
Domino's	190	125	65,8	65	34,2	74	38,9	63	33,2	44	23,2	9	4,7	61	32,1	112	58,9	11	5,8	6	3,2
Kaartspeel	175	106	60,6	69	39,4	61	34,9	71	40,6	31	17,7	12	6,8	74	42,3	85	48,6	12	6,9	4	2,2
Ringe	163	88	54,0	75	46,0	50	30,7	62	38,0	39	23,9	12	7,4	46	28,2	102	62,6	10	6,1	5	3,1
Morabaraba	92	74	80,4	18	19,6	27	29,3	22	23,9	25	27,2	18	19,6	30	32,6	54	58,7	6	6,5	2	2,2
Dobbel	40	24	60,0	16	40,0	12	30,0	16	40,0	8	20,0	4	10,0	9	22,5	22	55,0	9	22,5	0	0
Ander	16	8	50,0	8	50,0	5	31,3	8	50,0	1	6,3	2	12,4	6	37,5	7	43,8	2	12,5	1	6,2

Tabel 5.8: Behoefte aan passiewe rekreasie volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		GESLAG				OUDERDOM								HUWELIKSTATUS							
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		579		433		218		517		996		165		52	
		MANLIK		VROULIK		21-30 JR		31-40 JR		41-50 JR		51-59 JR		ONGETROUD		GETROUD		GESKEI, WED. WEW		WOON SAAM	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Biblioteek	469	254	54,2	215	45,8	186	39,7	158	33,7	87	18,6	38	8,0	147	31,3	286	61,0	23	4,9	13	2,8
Rekreasieoord besoek	465	265	57,0	200	43,0	173	37,2	148	31,8	106	22,8	38	8,2	155	33,3	266	57,2	35	7,5	9	2,0
Bioskoop	353	208	58,9	145	41,1	138	39,1	131	37,1	61	17,3	23	6,5	122	34,6	203	57,5	16	4,5	12	3,4
Piekniek	241	117	48,5	124	51,5	97	40,2	82	34,0	51	21,2	11	4,6	75	31,1	147	61,0	14	5,8	5	2,1
Televisie kyk	205	116	56,6	89	43,4	64	31,2	67	32,7	52	25,4	22	10,7	78	38,0	108	52,7	15	7,3	4	2,0
Familie/vriende besoek	166	79	47,0	87	53,0	46	27,8	49	29,5	44	26,5	27	16,2	57	34,3	91	54,8	16	9,6	2	1,3
Naaldwerk	160	13	8,1	147	91,9	50	31,3	53	33,1	36	22,5	21	13,1	48	30,0	89	55,6	20	12,5	3	1,9
Pottebaktery	137	38	27,7	99	72,3	44	32,1	47	34,3	30	21,9	16	11,7	23	16,8	95	69,3	15	10,9	4	3,0
Toeskouer	124	77	62,1	47	37,9	54	43,5	30	24,2	28	22,6	12	9,7	43	34,7	69	55,6	9	7,3	3	2,4
Motorritte	82	54	65,9	28	34,1	31	38,8	27	32,9	19	23,2	5	6,1	28	34,1	46	56,1	6	7,3	2	2,5
Visvang	71	54	76,1	17	23,9	23	32,4	25	35,2	16	22,5	7	9,9	23	32,4	40	56,3	6	8,5	2	2,8
Vlegwerk	68	8	11,8	58	88,2	18	26,5	19	27,9	16	23,5	15	22,1	29	42,6	31	45,6	7	10,3	1	1,5
Houtsneewerk	45	32	71,1	14	28,9	10	22,2	18	40,0	13	28,9	4	8,9	13	28,9	28	62,2	3	6,7	1	2,2
Ander	15	8	53,3	7	46,7	9	60,0	3	20,0	3	20,0	0	0	7	46,7	8	53,3	0	0	0	0

Wat behoeftes aan passiewe rekreasie volgens ouderdomstruktuur betref, blyk dit dat die respondente in die ouderdomsgroep jonger as 40 jaar, die grootste behoefte aan 'n biblioteek ervaar terwyl die respondente ouer as 40 jaar se grootste behoefte 'n rekreasieoord is.

Soos in die geval van sport en fisieke rekreasie en van spele, oorheers die getroude respondente ook die behoefte na passiewe rekreasie. Die grootste behoefte is ten opsigte van biblioteek besoek (N = 286; 28,7%). Die ander groepe se belangrikste behoeftes is besoeke aan 'n rekreasieoord (N = 155; 30,0%) vir die ongetroudes en respondente in die kategorie geskei, weduwee, wewenaar (N = 35; 21,2%) en biblioteek besoek (N = 13; 25,0%) vir die mense wat saam woon.

5.1.3.1 Behoeftes van persone 60 jaar en ouer aan rekreasie- en sportaktiwiteite

Die verskil in huidige deelnamepatrone volgens ouderdomsgroepe het duidelik uit vorige besprekings geblyk. Dit blyk ook dat die behoefte aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens die verskillende ouderdomsgroepe 'n eiesoortigheid openbaar. Volgens die huidige deelnamepatrone is daar 'n lae deelname aan sport en fisieke rekreasie. In ooreenstemming hiermee behoort die behoefte aan sport en fisieke rekreasie nie hoog te wees nie. Hierdie aangeleentheid word vervolgens ten opsigte van respondente 60 jaar en ouer bespreek.

Sport en fisieke rekreasie

Die behoefte van persone 60 jaar en ouer aan sport en fisieke rekreasie word in tabel 5.9 uiteengesit. Dit blyk baie duidelik dat daar slegs 'n geringe behoefte aan sport en fisieke rekreasie bestaan. Die grootste behoefte is ten opsigte van stamdans (11,0%) en sosiale dans (7,5%). Hierdie bepaalde behoefte is in ooreenstemming met huidige

Tabel 5.9 Behoeftes van persone 60 jaar en ouer aan sport en fisieke rekreasie.

N = 653	BEHOEFTE		MANLIK (N=371)	VROULIK (N=282)
	N	%	%	%
AKTIWITEIT				
Stamdans	72	11,0	70,8	29,2
Sosiale dans	49	7,5	40,8	59,2
Tafeltennis	35	5,4	74,3	25,7
Vlugbal	32	4,9	81,3	18,8
Landloop	31	4,7	58,1	41,9
Biljart/snoeker	28	4,3	75,0	25,0
Trimpark	14	2,1	28,6	71,4
Ander	14	2,1	35,7	64,3
Swem	13	2,0	53,8	46,2
Tennis	13	2,0	53,8	46,2
Sagtebal	10	1,5	40,0	60,0
Gholf	9	1,4	100,0	0,0
Pluimbal	8	1,2	62,5	37,5
Ringtennis	8	1,2	87,5	12,5
Netbal	7	1,1	14,3	85,7
Stoei	5	0,8	100,0	0,0
Sokker	5	0,8	80,0	20,0
Atletiek	4	0,6	75,0	25,0
Boks	3	0,5	100,0	0,0
Fietsry	2	0,3	100,0	0,0
Judo	2	0,3	100,0	0,0
Karate	2	0,3	100,0	0,0
Krieket	2	0,3	50,0	50,0
Rugby	2	0,3	100,0	0,0
Liggaamsbou	0	0,0	0,0	0,0

deelnamepatrone (tabel 3.9) waar stamdans as die gewildste aktiwiteit aangetoon is. Daar kan aanvaar word dat beide die aktiwiteite stamdans en sosiale dans, as gevolg van die sosiale aspek eerder as die fisieke of kompeterende aard daarvan, beoefen word. Dit blyk verder duidelik uit tabel 5.9 dat die behoefte aan kompeterende aktiwiteite baie laag is alhoewel kultuurgebonde aktiwiteite relatief gewild is.

Die behoefte aan sport en fisieke rekreasie volgens geslag word ook in tabel 5.9 uitgelig. Dit is opvallend dat stamdans gewilder by mans is teenoor sosiale dans wat weer gewilder by vrouens is. Die tendens dat daar 'n groter

behoefte by mans as vrouens aan sport en fisieke rekreasie bestaan, word ook deur persone ouer as 60 jaar weerspieël.

Spele

Die behoefte aan spele-aktiwiteite blyk duidelik uit tabel 5.10. Persone 60 jaar en ouer se grootste behoefte is ten opsigte van veerpyltjies (11,3%), vingerbord (10,3%), morabaraba (8,7%) en kaartspeel (8,1%). Hierdie aktiwiteite is in ooreenstemming met huidige deelnamepatrone, waar dié aktiwiteite ook as die gewildstes aangedui is. Die behoefte aan spele-aktiwiteite word oorheers deur manlike respondente.

Tabel 5.10 Behoeftes van persone 60 jaar en ouer aan spele-aktiwiteite

N = 653	Behoefte		Manlik (N=371)	Vroulik (N=282)
Aktiwiteit	N	%	%	%
Veerpyltjies	74	11,3	75,7	24,3
Vingerbord	67	10,3	65,7	34,3
Morabaraba	57	8,7	89,5	10,5
Kaartspeel	53	8,1	75,5	24,5
Skaak	36	5,5	70,8	29,2
Ringe	28	4,3	62,5	37,5
Domino's	21	3,2	61,9	38,1
Dobbel	8	1,3	57,1	42,9
Ander	1	0,2	0	100

Passiewe rekreasie

Die behoefte van persone 60 jaar en ouer aan passiewe rekreasie word in tabel 5.11 uiteengesit. Die relatief groot behoefte aan 'n rekreasieoord (19,9%) vir hierdie respondente is duidelik. Soos reeds genoem, is die vraag na 'n rekreasieoord gewoon as 'n behoefte-analise gestel, sonder inagneming van die ekonomiese realiteite. Verder

Tabel 5.11 Behoeftes van persone 60 jaar en ouer aan passiewe rekreasie

N = 653	Behoefte		Manlik (N=371)	Vroulik (N=282)
	Aktiwiteit	N	%	%
Rekreasieoord besoek	130	19,9	58,2	41,8
Familie/vriende besoek	55	8,4	74,5	25,5
Televisie kyk	55	8,4	63,6	36,4
Pottebakkery	51	7,8	19,6	80,4
Piekniek	43	6,6	46,5	53,5
Toeskouer	42	6,4	85,7	14,3
Biblioteek besoek	38	5,8	55,3	44,7
Bioskoop besoek	30	4,6	63,3	36,7
Houtsneewerk	25	3,8	94,0	6,0
Naaldwerk	24	3,7	25,0	75,0
Visvang	21	3,2	92,9	7,1
Vlegwerk	14	2,1	21,4	78,6
Motorritte	8	1,2	50,0	50,0
Ander	0	0,0	0,0	0,0

bestaan daar 'n geringe behoefte aan familie/vriende besoek (8,4%), televisie kyk (8,4%), pottebakkery (7,8%), piekniek (6,6%) en toeskouer by sportbyeenkomste (6,4%). Die meeste van hierdie aktiwiteite is ook onder die gewildste aktiwiteite wat ten opsigte van huidige deelnamepatrone aangedui word. Hierdie tendens is ook by sport/fisieke rekreasie en spele gevind deurdad dié aktiwiteite waarvoor die behoefte die grootste is, ook as die gewildste aktiwiteite ten opsigte van deelnamepatrone aangedui is. Waar die behoefte aan spesifieke aktiwiteite in ooreenstemming met huidige deelnamepatrone is, kan fasiliteitvoorsiening, die geleentheid vir deelname en 'n beperkte verwysingsraamwerk as van die belangrikste oorsake getipeer word.

Tabel 5.12: n Vergelyking tussen die behoeftes na sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie (60 jaar en ouer)

Sport/fisieke rekreasie			Spele			Passiewe rekreasie		
AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%
1. Stamdans	72	11,0	Veerpyltjies	74	11,3	Rekreasieoord besoek	130	19,9
2. Sosiale dans	49	7,5	Vingerbord	67	10,3	Familie/vriende besoek	55	8,4
3. Tafeltennis	35	5,4	Morabaraba	57	8,7	Televisie kyk	55	8,4
4. Vlugbal	32	4,9	Kaartspeel	53	8,1	Piekniek	43	6,6
5. Landloop	31	4,7	Skaak	36	5,5	Toeskouer by sportbyeenkomste	42	6,4

Wat geslag betref, ondervind vrouens 'n groter behoefte as mans aan vier aktiwiteite, naamlik naaldwerk, piekniek hou, pottebakkerie en vlegwerk. Die skeppende en kreatiewe kenmerk met die moontlikheid van finansiële gewin van naaldwerk, pottebakkerie en vlegwerk as van die belangrikste aktiwiteite by vroulike respondente is insiggewend. Vir beplanningsdoeleindes is dit insiggewend dat die behoefte aan rekreasieoorde en biblioteke by beide geslagte bykans ewe groot is in teenstelling met die behoefte aan ander aktiwiteite. Die moontlikheid bestaan dus dat gesinsrekreasie deur besoeke aan 'n rekreasieoord bevorder kan word.

'n Vergelyking tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

'n Vergelyking van die behoefte aan sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie word in tabel 5.12 uiteengesit. Hiervolgens wil dit voorkom of bejaardes die grootste behoefte aan passiewe rekreasie ondervind. Dit is egter uit tabel 5.13 duidelik dat spel as aktiwiteit die gewildste is, alhoewel die aktiwiteite passief van aard is.

Tabel 5.13: Die vyf aktiwiteite waarin die grootste behoefte ondervind word (60 jaar en ouer)

Aktiwiteit	Aard	N	%
1. Rekreasieoord besoek	Passief	130	19,9
2. Veerpyltjies	Spele	74	11,3
3. Stamdans	Fisiek	72	11,0
4. Vingerbord	Spele	67	10,3
5. Morabaraba	Spele	57	8,7

5.1.3.2 Behoeftes van persone jonger as 21 jaar aan rekreasie- en sportaktiwiteite

Dit het duidelik uit voorafgaande bespreking geblyk dat elke groep respondente in die twee primêre ouderdomsgroepkategorieë 'n eiesoortigheid openbaar. Dit is derhalwe moontlik dat respondente jonger as 21 jaar ook 'n eiesoortigheid wat behoeftes betref, sal openbaar. Dit is dus noodsaaklik om hierdie eiesoortigheid en spesifieke behoeftes duidelik te identifiseer. Op grond hiervan kan die beplanning van fasiliteite en die aanbieding van projekte daadwerklik in die behoeftes voorsien. Die behoefte van persone jonger as 21 jaar aan sekere rekreasie- en sportaktiwiteite word vervolgens bespreek.

Sport en fisieke rekreasie

Die behoefte aan sport en fisieke rekreasie word in tabel 5.14 uiteengesit. Die hoër behoefte aan sport en fisieke rekreasie teenoor respondente in die ander ouderdomsgroepkategorieë is duidelik waarneembaar. (Vergelyk met tabelle 5.1 en 5.9). Wat veral insiggewend is, is die groot behoefte aan swem (31,4%). Weens 'n swak voorsieningstruktuur sowel as die hoë voorsienings- asook instandhoudingskostas van swembaddens, is daar geen swembaddens in swart woongebiede in die Suid-Oranje-Vrystaat nie, wat weerspieël word in die relatief groot behoefte van respondente aan swem. Ander aktiwiteite waarin 'n groot behoefte ondervind word, is tafeltennis (26,0%), boks (21,4%), atletiek (17,7%) en sosiale dans (16,1%). Dit is insiggewend dat sokker (7,5%) nie as 'n hoë behoefte aangetoon is nie, waarskynlik weens die feit dat daar tot 'n mate in die spesifieke behoefte voorsien is, deurdat 31,6% van die persone jonger as 21 jaar tans aan sokker deelneem (tabel 3.14). Die bepaalde behoeftes, soos ook aangedui in tabel 5.14, wys duidelik dat die swart jeug ook ander behoeftes het as net aan sokker, waarvoor hulle so maklik geëtiketteer word. In die beplanningsproses moet hierdie

Tabel 5.14: Behoeftes van persone jonger as 21 jaar aan sport en fisieke rekreasie

N = 936	Behoefte		Manlik (N=541)	Vroulik (N=395)
	Aktiwiteit	N	%	%
Swem	294	31,4	49,6	50,4
Tafeltennis	243	26,0	46,0	54,0
Boks	200	21,4	87,8	12,2
Atletiek	166	17,7	48,8	51,2
Sosiale dans	151	16,1	35,6	64,4
Karate	146	15,6	64,0	36,0
Ringtennis	139	14,9	44,7	55,3
Sagtebal	133	14,2	40,6	59,4
Biljart/snoeker	125	13,4	57,3	42,7
Tennis	107	11,4	45,8	54,2
Vlugbal	87	9,3	34,5	65,5
Trimpark	84	9,0	33,9	66,1
Fietsry	72	7,7	68,1	31,9
Netbal	70	7,5	20,0	80,0
Sokker	70	7,5	81,2	18,8
Stamdans	63	6,7	22,2	77,8
Pluimbal	56	6,0	33,0	67,0
Judo	50	5,3	80,0	20,0
Liggaamsbou	50	5,3	78,0	22,0
Gholf	46	4,9	80,4	19,6
Ander	45	4,8	37,8	62,2
Krieket	42	4,5	64,3	35,7
Landloop	33	3,5	75,8	24,2
Rugby	23	2,5	95,7	4,3
Stoei	21	2,2	42,9	57,1

behoefte terdeë in ag geneem word. In teenstelling met ander ouderdomsgroepe, toon die vroulike respondente in die meeste aktiwiteite 'n hoër behoefte as die manlike respondente, byvoorbeeld aan atletiek, netbal, sagtebal, swem, tafeltennis, tennis, ensovoorts. Dit blyk ook dat swart vroue jonger as 21 jaar (soos ook in die geval van mans) meer aktief is as die ouer geslag en gevolglik 'n groter behoefte aan bogenoemde aktiwiteite ervaar. Hierdie tendens is insiggewend en van kardinale belang in die voorsieningsproses. Indien die jeug wel 'n behoefte aan fisieke aktiwiteite openbaar, moet hierdie behoeftes in 'n voorsieningstrategie aangespreek word.

Spele

Volgens tabel 5.15 blyk die behoefte aan spele-aktiwiteite baie duidelik. Die belangrikste behoeftes is ten opsigte van skaak (39,0%), vingerbord (33,0%), veerpyltjies (23,9%), ringe (20,6%) en domino's (13,2%). 'n Groot behoefte aan meer aktiwiteite is opmerklik. In die meeste aktiwiteite is die behoefte by die manlike respondente groter as by die vroulike respondente.

Tabel 5.15: Behoeftes van persone jonger as 21 jaar aan spele-aktiwiteite

N = 936	Behoefte		Manlik N=541)	Vroulik (N=395)
	Aktiwiteit	N	%	%
Skaak	365	39,0	57,9	42,1
Vingerbord	309	33,0	57,8	42,2
Veerpyltjies	224	23,9	61,0	39,0
Ringe	193	20,6	52,4	47,6
Domino's	124	13,2	59,3	40,7
Dobbel	103	11,0	46,0	54,0
Kaartspeel	41	4,4	63,4	36,6
Morabaraba	36	3,8	58,3	41,7
Ander	17	1,8	58,8	41,2

Passiewe rekreasie

Dit blyk uit tabel 5.16 dat die behoefte aan passiewe rekreasie baie hoër is as in die geval van sport en fisieke rekreasie asook aan spele. Hierdie tendens is ook ten opsigte van huidige deelnamepatrone uitgewys. Die aktiwiteite waarin die grootste behoefte ondervind word, is biblioteek besoek (50,9%), rekreasieoord besoek (41,5%), bioskoop besoek (27,2%), piekniek (25,6%) en toeskouer by sportbyeenkomste (14,3%). Soos reeds genoem moet die hoë behoefte aan 'n rekreasieoord gesien word teen die agtergrond dat die vraesteller en respondente in die

Tabel 5.16: Behoeftes van persone jonger as 21 jaar aan passiewe rekreasie

N = 936	Behoefte		Manlik (N=541)	Vroulik (N=395)
	Aktiwiteit	N	%	%
Biblioteek besoek	476	50,9	49,8	50,2
Rekreasieoord besoek	388	41,5	47,2	52,8
Bioskoop besoek	255	27,2	49,6	50,4
Piekniek	240	25,6	46,5	53,5
Toeskouer	134	14,3	69,0	31,0
Televisie kyk	119	12,7	47,0	53,0
Pottebakkery	94	10,0	38,9	61,1
Motorritte	88	9,4	65,3	34,7
Naaldwerk	88	9,4	16,5	83,5
Visvang	63	6,7	66,7	33,3
Houtsneewerk	53	5,7	77,4	22,6
Familie/vriende besoek	39	4,2	61,5	38,5
Vlegwerk	39	4,2	16,7	83,3
Ander	2	0,2	0,0	100,0

ondersoek, die ekonomiese realiteite moontlik nie goed begryp het nie. Die groot behoefte van die swart jeug na opvoedkundige aktiwiteite soos biblioteek besoek (50,9%) en skaak (39,0%), hou moontlik verband met 'n toename in matrikulante. Volgens die voormalige Buro van Inligting (South Africa 1988/89:493-494) was daar gedurende 1987 bykans 80% van alle swart kinders van skoolgaande ouderdom in Suid-Afrika op skool, in vergelyking met slegs 36% in 1950. Verder word vermeld dat gedurende die afgelope agt jaar, tot met 1987, die getal swart leerlinge in Suid-Afrika, die selfregerende state en die TBVC-state, wat 'n senior sertifikaat of gelykwaardige kwalifikasie verwerf het, meer as vyfvoudig, van 16 140 in 1979 tot 84 966 in 1987, toegeneem het. Hierdie steeds hoër stygende opvoedkundige peil van Swartmense kan die behoefte na opvoedkundige aktiwiteite soos biblioteek besoek en skaakspeel, laat eskaleer.

Tabel 5.17: n Vergelyking tussen die behoeftes na sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie (Jonger as 21 jaar)

Sport/fisieke rekreasie			Spele			Passiewe rekreasie		
AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%
1. Swem	294	31,4	Skaak	365	39,0	Biblioteek besoek	476	50,9
2. Tafeltennis	243	26,0	Vingerbord	309	33,0	Rekreasieoord besoek	388	41,5
3. Boks	200	21,4	Veerpyltjies	224	23,9	Bioskoop besoek	255	27,2
4. Atletiek	166	17,7	Ringe	193	20,6	Piekniek	240	25,6
5. Sosiale dans	151	16,1	Domino's	124	13,2	Toeskouer by sportbyeenkomste	134	14,3

'n Vergelyking tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie

Om 'n geheelbeeld van die behoeftes aan rekreasie en sport aktiwiteite van die respondente jonger as 21 jaar te kan vorm, is dit noodsaaklik om 'n vergelyking te tref tussen sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie, soos in tabel 5.17 uiteengesit. Die jonger respondente se behoeftes is baie hoër as die ouer geslag en hulle openbaar ook die grootste behoefte ten opsigte van passiewe rekreasie (Vergelyk tabelle 5.4 en 5.12).

Die vyf aktiwiteite waarin die grootste behoefte ondervind word, word vervolgens in tabel 5.18 uiteengesit. Alhoewel skaak en vingerbord as spele-aktiwiteite aangedui word, is dit ook passief van aard, wat duidelik wys op die groter behoefte na passiewe aktiwiteite.

Tabel 5.18: Die vyf aktiwiteite waarin die grootste behoefte ondervind word (Jonger as 21 jaar)

Aktiwiteit	Aard	N	%
1. Biblioteek besoek	Passief	476	50,9
2. Rekreasieoord besoek	Passief	388	41,5
3. Skaak	Spele	365	39,0
4. Vingerbord	Spele	309	33,0
5. Swem	Fisiek	294	31,4

5.1.3.3 Vergelykende behoeftes van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens die verskillende ouderdomsgroepe


Die vergelykende behoeftes word in tabel 5.19 en 5.19.1 uiteengesit. Behoeftes volgens die verskillende ouderdomsgroepe word ook in figuur 11 uitgebeeld. Die behoeftes van respondente 21 tot 59 jaar en die van respondente jonger as 21 jaar, is baie ooreenstemmend.

Tabel 5.19: Behoeftes aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens die verskillende ouderdomsgroepe

21-59 jr			Ouer as 60 jr			Jonger as 21 jr		
AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%
1. Biblioteek besoek	469	27,1	Rekreasieoord besoek	130	19,9	Biblioteek besoek	476	50,9
2. Rekreasieoord besoek	465	26,9	Veerpyltjies	74	11,3	Rekreasieoord besoek	388	41,5
3. Skaak	385	22,2	Stamdans	72	11,0	Skaak	255	27,2
4. Bioskoop besoek	353	20,4	Vingerbord	67	10,3	Vingerbord	240	25,6
5. Vingerbord	282	16,3	Morabaraba	57	8,7	Swem	134	14,3

Tabel 5.19.1: Ontleding van die 21-59jr ouderdomsgroep se behoeftes aan die vyf gewildste aktiwiteite

21-30 jr (500)			31-40jr (579)			41-50jr (433)			51-59jr (218)		
AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%	AKTIWITEIT	N	%
1. Biblioteek	186	37,2	Biblioteek	158	27,3	Rekreasieoord besoek	106	24,5	Biblioteek	38	17,4
2. Rekreasieoord besoek	173	34,6	Rekreasieoord besoek	148	25,6	Biblioteek	87	20,1	Rekreasieoord besoek	38	17,4
3. Skaak	159	31,8	Skaak	139	24,0	Skaak	69	15,9	Familie/vriende besoek	27	12,4
4. Bioskoop	138	27,6	Bioskoop	131	22,6	Veerpyltjies	66	15,2	Bioskoop	23	10,6
5. Tafeltennis	117	23,4	Vingerbord	104	18,0	Bioskoop	61	14,1	Televisie kyk	22	10,1



Figuur 11: Behoeftes volgens die verskillende ouderdomsgroepe

Respondente 60 jaar en ouer toon 'n eiesoortige patroon van behoeftes.

Die afwesigheid van sportaktiwiteite by bykans al die ouderdomsgroepe is opvallend. Dit is net die respondente onder 21 jaar wat swem en die 21-30 jarige respondente wat tafeltennis as 'n behoefte aangedui het. Die persepsie van swem by die respondente is onbekend asook die gevolglike fisieke werkslading daarvan, sodat die aktiwiteit vir die doeleindes van hierdie ondersoek nie as 'n sportaktiwiteit geklassifiseer kan word nie. Die geweldige behoefte aan spele en passiewe rekreasie by al die ouderdomsgroepe blyk baie duidelik. Dit wys weer eens op die passiewe aard van die vryetydsgedrag en vryetydsbehoeftes van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat. Dit blyk ook duidelik uit tabel 5.19.1 dat alhoewel ooreenstemmende behoefetendense by die verskillende ouderdomsgroepe voorkom, die frekwensie van behoefte vir die spesifieke aktiwiteite afneem met 'n toename in ouderdom.

Die behoefte aan 'n rekreasieoord is by al die ouderdomsgroepe 'n hoë prioriteit, alhoewel die behoefte afneem met 'n toename in ouderdom. Hierdie tendens vind aansluiting by die tydruimtelike deelnamepatrone dat ouer respondente meer by die huis bly. 'n Ander aktiwiteit wat deur al drie ouderdomsgroepe as baie belangrik geag word, is vingerbord. Die behoefte aan tradisionele aktiwiteite soos stamdans en morabaraba, is groter by respondente in die 60 jaar en ouer kategorie, alhoewel relatief laag in vergelyke met besoeke aan 'n rekreasieoord.

Volgens bogenoemde inligting blyk dit dat Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat 'n hoër behoefte toon aan spele en passiewe rekreasie as aan sport en fisieke rekreasie.

Projeksies

Ouderdom as veranderlike blyk uit voorafgaande bespreking 'n belangrike determinant te wees ten opsigte van behoefetendense. Bepaalde ouderdomsgroepe openbaar eiesoortige behoeftes vir sport en fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie. Faktore soos veranderde ouderdomstrukture, bevolkingsgroei en bevolkingsamestelling sal gevolglik as belangrike voorspellers geag moet word in die bepaling van toekomstige behoefetendense.

Uit 'n vergelyking tussen die ouderdomsgegewens uit die 1980- en die 1985-sensusopnames blyk dit dat gedurende 1980, 73,8% van die Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat in die ouderdomskategorie 0-34 jaar geval het, teenoor die 75,1% gedurende 1985 vir dieselfde ouderdomskategorie. Hierdie hoë frekwensie, sowel as die persentasiestyging, bevestig dat die swart bevolking die eienskappe het van 'n jeugdige bevolking. Die behoeftes van hierdie ouderdomskategorie (0-34 jaar) sal pertinent in die voorsieningstrategie aangespreek moet word. Verder blyk dit ook uit die 1980- en 1985-sensusopnames se verslag nr. 02-80-04 en nr. 02-85-06 dat die frekwensie Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat ouer as 60 jaar, bykans dieselfde gebly het en slegs met 0,2% oor vyf jaar toegeneem het, vanaf 5,1% in 1980 tot 5,3% in 1985. Die ouderdomsgroepe 10-14 jaar, 15-19 jaar en 20-34 jaar het hierteenoor onderskeidelik met 0,9%, 1,2% en 2,3% toegeneem. Die jeugdigheid van die bevolking, asook die lae frekwensie toename van die ouer Swartmense teenoor die jongeres, dui ook daarop dat daar meer klem op voorsiening vir jonger respondente geplaas moet word. 'n Klemverskuiwing (ouderdomsgewys) sal moet plaasvind namate hierdie jong generasie ouer word.

Die RGN (Sportondersoek 1982, 18:8) wys daarop dat ouderdomstrukture in die toekoms gaan verander met gepaardgaande verandering in sportbehoefes. Verder word dit in die gemelde verslag duidelik gestel dat differensiële

ouderdomstrukture van die vier hoofbevolkingsgroepe daartoe lei dat differensiële sportbehoefte en -fasiliteite ook reeds onder die bevolkingsgroepe bestaan. Dit is dus duidelik dat ouderdom 'n baie belangrike determinant is wat behoeftes beïnvloed en dat ouderdomanalises inaggeneem en verreken moet word in rekreasie- en sportvoorsiening.

Wat *bevolkingstoename* betref is die huidige en voorspelde groeikoerse (RGN 1973, S-N-35:11,12) vir die totale bevolking is 1985 - 2,49%; 1990 - 2,40%; 1995 - 2,31% en 2000 - 2,23%. Hierteenoor is die groeikoerse van die Swartmense in die ooreenstemmende jare 2,66%; 2,61%, 2,53% en 2,46%. Die groeikoerse vir Swartmense is dus hoër as die gemiddelde persentasies vir die totale bevolking sowel as die groeikoerse vir blankes (1,76; 1,61; 1,52; 1,42). Volgens die RGN (1990, p0302:2) was die jaarlikse toename of groeikoerse gedurende die tydperk 1980-1990 vir die blanke bevolking van die RSA 1,05% teenoor 'n jaarlikse toenamekoerse van 2,39% in die swart bevolking. Vanweë snel stygende swart bevolkingsgetalle, ondanks 'n geringe dalende groeikoerse in vergelyking met die gemiddelde syfers asook dié van ander bevolkingsgroepe (blankes), word die voorsiening van rekreasie en sport om aan die swart bevolking se behoeftes en eise te kan voldoen, al hoe dringender en noodsaakliker.

Huidige behoeftes van Swartmense in die ondersoekgebied moet gesien word teen die agtergrond van die snelgroeiende en steeds stygende swart bevolkingsgetalle. Vanweë die bevolkingstoename sal huidige en toekomstige behoeftes onder al groter druk geplaas word en voorsieners al moeiliker aan die toenemende behoeftes van die steeds stygende bevolking kan voldoen.

Volgens die sensusopnames van 1980 en 1985 het die *huwelikstaat* van die swart bevolking landswyd bykans onveranderd gebly. Dit blyk derhalwe dat huidige asook

toekomstige veranderinge in huwelikstaat as determinant, 'n minimale impak op rekreasie- en sportbehoefte sal uitoefen.

Geslag as veranderlike openbaar eiesoortige behoeftes en blyk minimale impak op toekomsprojeksies te hê. Alhoewel vroulike Swartmense met 55,7% vanaf 1970 tot 1989 toegeneem het, teenoor die 46,1% van die mans, bly die manlikes nog in die meerderheid (52,0%) te wees (Suid-Afrika, Republiek, 1990:1.2). Die bykans gelyke verdeling van manlikes en vroulikes, en die waarneembare eiesoortige behoeftes van elke kategorie wys daarop dat toekomsprojeksies wat die impak van geslag verreken, nog nie nodig is nie.

5.1.4 Behoeftes aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens sosio-ekonomiese status

Sosio-ekonomiese determinante soos beroep, opvoedkundige kwalifikasie en inkomste blyk belangrike voorspellers te wees van die toekomstige behoefte-tendense van respondente ten opsigte van rekreasie- en sport. *"The National Recreation Survey also shows that two factors, education and income, are both closely correlated with higher rates of participation in recreation activities as a use of that leisure time (Siehl, 1988:62).* Huidige behoeftes sal aan hand van hierdie sosio-ekonomiese veranderlikes ontleed moet word om toekomstige tendense te antisipeer vir beplanningsdoeleindes. Grobler (1987:323) wys daarop dat die wyse waarop 'n persoon sy of haar vryetyd spandeer, drasties verskil tussen die verskillende sosio-ekonomiese klasse in alle gemeenskappe. Die noodsaaklikheid om die behoeftes van respondente te bepaal, word ook deur die RGN Sportondersoek (1982, vol. 18:40) beklemtoon. Voorsiening kan nie op huidige behoefte-tendense alleen geskied nie. Projeksies binne die sosio-ekonomiese verband sal meehelp om toekomstige behoefte-tendense te antisipeer as riglyne vir beplanning en voorsiening.

Die gebruik van veranderlikes om projeksies te doen het egter ook sekere beperkinge. Odendaal (1990:20) beklemtoon dat alhoewel determinante soos sosio-ekonomiese status wel bevind is as synde belangrike riglyne/determinante, hulle projeksies opsigself baie moeilik/riskant is. In aansluiting hierby en gesien teen die agtergrond dat behoeftes saam met deelnamepatrone vir beplanningsdoeleindes verreken moet word, wys Hutchinson (1988:14) daarop dat 'n tekort aan bruikbare data voorkom. *"Despite numerous studies of black-white differences, we still have very little data on black activity patterns."* 'n Tekort aan data kan projeksies nadelig beïnvloed.

Vervolgens 'n bespreking van die behoeftes aan rekreasie- en sportaktiwiteite volgens sosio-ekonomiese status.

Sport en fisieke rekreasie

Die behoefte aan sport en fisieke rekreasie volgens sosio-ekonomiese status blyk uit tabel 5.20. Dit is duidelik dat die grootste behoefte by die arbeiders aan tafeltennis (N = 72; 14,6%) is, by die huisbediendes aan sosiale dans (N = 52; 19,1%), by die huisvrouens is dit aan tafeltennis (N = 19; 10,6%) en by die werkloses ook aan sosiale dans (N = 43; 19,0%). Met die uitsondering van netbal en stamdans, toon die arbeiders 'n groter behoefte aan al die aktiwiteite as die ander beroepskategorieë.

Die grootste behoefte aan rekreasie en sportaktiwiteite word deur respondente met 'n st. 5 tot 8 kwalifikasie ondervind. Die grootste behoefte van persone met 'n laer as st. 5 en vir dié met 'n st. 5-8 kwalifikasie, is tafeltennis (N = 57; 8,6% / N = 143; 17,6%) en vir persone met 'n st. 9-10 kwalifikasie is dit tafeltennis/swem (N = 49; 25,8%). Hierdie behoeftes is in ooreenstemming met die behoeftes volgens ouderdom. Jonger respondente met 'n hoër opvoedkundige kwalifikasie het 'n groter behoefte aan tafeltennis en swem terwyl ouer respondente met 'n laer

Tabel 5.20: Behoefte aan sport en fysieke recreatie volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730			BEROEP								OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE								INKOMSTE (PER MAAND)									
SUBGROEP TOTALE			494		272		179		226		559		666		811		190		63		407		705		395		223	
			ARBEIDER		HUISBED		HUISVROU		WERK- LOOS		ANDER		LAER AS ST 5		ST. 5-8		ST. 9-10		ANDER		GEEN		R1-200		R201-400		R400+	
AKTIWITEIT	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%
Tafeltennis	271	72	26,6	33	12,2	19	7,0	38	14,0	40,2	57	21,0	143	52,8	49	18,1	8,1	64	23,6	89	32,8	85	31,4	12,2				
Sosiale dans	258	57	22,1	52	20,2	16	6,2	43	16,7	34,8	53	20,5	128	49,6	43	16,7	13,2	75	29,1	99	38,4	52	20,2	12,3				
Swem	210	48	22,9	31	14,8	7	3,3	42	20,0	39,0	33	15,7	108	51,4	49	23,3	9,6	68	32,4	65	31,0	45	21,4	15,2				
Biljart/snoeker	179	68	38,0	15	8,4	2	1,1	24	13,4	39,1	30	16,8	102	57,0	28	15,6	10,6	31	17,3	50	27,9	69	38,5	16,3				
Sagtebal	174	61	35,1	13	7,5	3	1,7	22	12,6	43,1	45	25,9	90	51,7	25	14,4	8,0	30	17,2	61	35,1	55	31,6	16,1				
Ringtennis	144	45	31,3	15	10,4	7	4,9	15	10,4	43,0	27	18,8	71	49,3	24	16,7	15,2	32	22,2	48	33,3	45	31,3	13,2				
Boks	135	67	49,6	0	0	0	0	6	4,4	46,0	25	18,5	83	61,5	17	12,6	7,4	13	9,6	33	24,4	60	44,4	21,6				
Netbal	123	11	8,9	37	30,1	16	13,0	35	28,5	19,5	37	30,1	69	56,1	11	8,9	4,9	52	42,3	49	39,8	16	13,0	4,9				
Tennis	113	24	21,2	23	20,4	8	7,1	17	15,0	36,3	21	18,6	67	59,3	12	10,6	11,5	27	23,9	34	30,1	28	24,8	21,2				
Karate	92	25	27,2	5	5,4	2	2,2	11	12,0	53,2	14	15,2	54	58,7	14	15,2	10,9	22	23,9	26	28,3	30	32,6	15,2				
Golf	90	34	37,8	2	2,2	2	2,2	8	8,8	49,0	22	24,4	48	53,3	13	14,4	7,9	12	13,3	24	26,7	34	37,8	22,2				
Trimpark	85	21	24,7	19	22,4	2	2,4	18	21,2	29,3	17	20,0	51	60,0	5	5,9	14,1	25	29,4	41	48,2	13	15,3	7,1				
Pluimbal	82	16	19,5	13	15,9	6	7,3	11	13,4	43,9	18	22,0	41	50,0	9	11,0	17,0	24	29,3	27	32,9	22	26,8	11,0				
Vlugbal	81	19	23,5	14	17,3	1	1,2	8	9,9	48,1	16	19,8	39	48,1	13	16,0	16,1	14	17,3	32	39,5	18	22,2	21,0				
Atletiek	80	16	20,0	10	12,5	5	6,3	6	7,5	53,7	12	15,0	39	48,8	21	26,3	9,9	21	26,3	23	28,8	21	26,3	18,6				
Stamdans	80	17	21,3	21	26,3	10	12,5	13	16,3	23,6	30	37,5	40	50,0	3	3,8	8,7	25	31,3	42	52,5	9	11,3	4,9				
Sokker	72	33	45,8	9	12,5	2	2,8	5	6,9	32,0	19	26,4	44	61,1	5	6,9	5,6	12	16,7	27	37,5	24	33,3	12,5				
Liggaamsbou	62	29	46,8	3	4,8	0	0	1	1,6	46,8	10	16,1	38	61,3	10	16,1	6,5	6	9,7	22	35,5	24	38,7	16,1				
Krieket	53	17	32,1	5	9,4	2	3,8	4	7,5	47,2	9	17,0	33	62,3	4	7,5	13,2	10	18,9	18	34,0	18	34,0	13,1				
Landloop	33	5	15,2	2	6,1	3	9,1	6	18,2	51,4	5	15,2	19	57,6	6	18,2	9,0	12	36,4	5	15,2	8	24,2	24,2				
Fietsry	30	13	43,3	1	3,3	1	3,3	4	13,3	36,8	10	33,3	15	50,0	3	10,0	6,7	8	26,7	10	33,3	8	26,7	13,3				
Judo	30	9	30,0	2	6,7	0	0	2	6,7	56,6	3	10,0	17	56,7	5	16,7	16,6	3	10,0	6	20,0	12	40,0	30,0				
Rugby	20	5	25,0	2	10,0	1	5,0	3	15,0	45,0	2	10,0	14	70,0	2	10,0	10,0	4	20,0	4	20,0	10	50,0	10,0				
Stoei	19	7	36,8	1	5,3	1	5,3	2	10,5	42,1	5	26,3	7	36,8	2	10,6	26,3	5	26,3	4	21,1	9	47,4	5,2				
Ander	17	6	35,3	4	23,5	0	0	1	5,9	35,3	8	47,1	6	35,3	1	5,9	11,7	2	11,8	11	64,7	2	11,8	11,7				

opvoedkundige kwalifikasie 'n groter behoefte aan sosiale dans en tafeltennis het. Hierdie gegewens is in ooreenstemming met tabel 5.6 (Behoefte aan sport en fisieke rekreasie volgens demografiese veranderlikes).

Behoeftes aan sport en fisieke rekreasie volgens inkomste, word nie deur enige inkomstegroep in geheel oorheers nie. Daar is gevolglik nie 'n duidelike aanduiding dat respondente in 'n bepaalde inkomstegroep, 'n groter behoefte aan sport en fisieke rekreasie toon as respondente in ander inkomstegroepe nie. Dit blyk verder dat die grootste behoefte by mense met geen inkomste aan sosiale dans (N = 75; 18,4%) is, by die met 'n inkomste van R1-R200 p.m. sosiale dans (N = 99; 14,0%) en vir mense met 'n inkomste van R201-R400 p.m. is dit tafeltennis (N = 85; 21,5%).

Spele

Die belangrikste behoefte van arbeiders (tabel 5.21) is aan skaak (N = 117; 23,7%), veerpyltjies (N = 108; 21,9%) en vingerbord (N = 102; 20,6%). Vermeldbare behoeftes van huisbediendes is skaak (N = 39; 14,3%) en vingerbord (N = 38; 14,0%). Huisvrouens se belangrikste behoeftes is skaak (N = 15; 8,4%) en domino's (N = 12; 6,7%) en werkloses ondervind die grootste behoefte aan skaak (N = 56; 24,8%) en vingerbord (N = 46; 20,4%).

Wat betref die behoeftes volgens opvoedkundige kwalifikasies is 'n eiesoortige patroon waarneembaar. Die grootste behoefte aan morabaraba (43,5%) is onder persone met 'n laer as st. 5-kwalifikasie. Wat die res van die aktiwiteite aanbetref, is die meeste respondente in die st. 5-8 kategorie en hulle toon 'n groter behoefte as die ander respondente. Hoër gekwalifiseerde persone (st. 9-10 en hoër) openbaar 'n laer behoefte aan spele-aktiwiteite as aan sport en fisieke rekreasie asook passiewe rekreasie.

Tabel 5.21: Behoefte aan spele-aktiwiteite volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730			BEROEP									OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE								INKOMSTE (PER MAAND)													
SUBGROEP TOTALE			494			272			179			226			559			666		811		190		63		407		705		395		223	
			ARBEIDER			HUISBED			HUISVROU			WERK- LOOS			ANDER			LAER AS ST 5		ST. 5-8		ST. 9-10		ANDER		GEEN		R1-200		R201-400		ANDER	
AKTIWITEIT	N		N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%			
Skaak	385		117	30,4	39	10,1	15	3,9	56	14,5	41,1	75	19,5	209	54,3	71	18,4	7,8	83	21,6	122	31,7	113	29,4	17,3								
Vingerbord	282		102	36,2	38	13,5	7	2,5	46	16,3	31,5	70	24,8	157	55,7	35	12,4	7,1	64	22,7	118	41,8	68	24,1	11,4								
Veerpyltjies	270		108	40,0	26	9,6	8	3,0	32	11,9	35,5	66	24,4	148	54,8	36	13,3	7,5	53	19,6	94	34,8	91	33,7	11,9								
Domino's	190		65	34,2	12	6,3	12	6,3	22	11,6	41,6	39	20,5	97	51,1	36	18,9	9,5	40	21,1	57	30,0	57	30,0	18,9								
Kaartspel	175		60	34,3	23	13,8	8	4,6	28	16,0	31,3	61	34,9	84	48,0	19	10,9	6,2	29	16,6	74	42,3	54	30,9	10,2								
Ringe	163		57	35,0	32	10,6	5	3,1	32	19,6	22,7	44	27,0	98	60,1	12	7,4	5,5	33	20,2	75	46,0	43	26,4	7,4								
Morabaraba	92		38	41,3	7	7,6	2	2,2	12	13,0	35,9	40	43,5	32	34,8	7	7,6	14,1	18	19,6	37	40,2	26	28,3	11,9								
Dobbel	40		15	37,5	3	7,5	2	5,0	5	12,5	37,5	12	30,0	22	55,0	0	0	15,0	9	22,5	19	47,5	3	7,5	22,5								
Ander	16		3	18,8	2	12,5	2	12,5	0	0	56,2	4	25,0	10	62,4	1	6,3	6,3	4	25,0	8	50,0	2	12,5	12,5								

Respondente in die inkomstegroep R1-R200 toon die grootste behoefte aan spele-aktiwiteite, met die hoogste behoefte aan skaak (N = 122; 17,3%). Die ander inkomstegroepe ondervind ook 'n groot behoefte aan skaak.

Passiewe rekreasie

Uit tabel 5.22 is dit duidelik dat die grootste behoefte aan passiewe rekreasie deur arbeiders ondervind word, uitgesonderd naaldwerk, pottebakkerij en vlegwerk. Die grootste geïdentifiseerde behoeftes is: arbeider - rekreasieoord (N = 147; 29,8%), huisbediende - rekreasieoord (N = 68; 25,0%), huisvrou - biblioteek besoek (N = 30; 16,8%) en werklose respondente - rekreasieoord (N = 67; 9,6%).

Die behoefte aan passiewe rekreasie volgens opvoedkundige kwalifikasie openbaar dieselfde behoeftes as dié volgens beroep. Die belangrikste behoeftes is: rekreasieoord (N = 106; 15,9%) vir persone met 'n laer as st. 5 kwalifikasie, biblioteek (N = 243; 30,0%) vir dié met 'n st. 5-8 kwalifikasie asook vir persone met 'n st. 9-10 kwalifikasie (N = 87; 45,8%).

Die behoefte aan passiewe rekreasie volgens inkomste word ook in tabel 5.22 uiteengesit. Soos in die geval van spele-aktiwiteite, word die behoeftes soos aangedui oorheers deur respondente met 'n inkomste van R1-R200, motorritte uitgesonderd. Die belangrikste behoeftes ten opsigte van die verskillende inkomstegroepe is: biblioteek besoek (N = 116; 28,5%) vir persone met geen inkomste, rekreasieoord (N = 166; 23,5%) vir die met 'n inkomste van R1-R200 en biblioteek besoek (N = 129; 32,7%) vir respondente in die R201- R400 inkomstegroep.

Tabel 5.22: Behoefte aan passiewe rekreasie volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730			BEROEP								OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE						INKOMSTE (PER MAAND)											
SUBGROEP TOTALE			494		272		179		226		559		666		811		190		63		407		705		395		223	
			ARBEIDER		HUISBED		HUISVROU		WERK- LOOS		ANDER		LAER AS ST 5		ST. 5-8		ST. 9-10		ANDER		GEEN		R1-200		R201-400		R400+	
AKTIWITEIT			N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	
Biblioteek besoek	469	117	24,9	60	12,8	30	6,4	62	13,2	42,7	90	19,2	243	51,8	87	18,6	10,4	116	24,7	137	29,2	129	27,5	18,6				
Rekreasieoord besoek	465	147	31,6	68	14,6	23	4,9	67	14,4	34,5	106	22,8	241	51,8	67	14,4	11,0	112	24,1	166	35,7	116	24,9	15,3				
Bioskoop besoek	353	105	29,7	55	15,6	21	5,9	49	13,9	34,9	85	24,1	182	51,6	52	14,7	9,6	81	22,9	120	34,0	98	27,8	15,3				
Piekniek	241	62	25,7	49	20,3	12	5,0	42	17,4	31,6	51	21,2	128	53,1	38	15,8	9,9	67	27,8	84	34,9	58	24,1	13,2				
Televisie kyk	205	69	33,7	26	12,7	12	5,9	35	17,1	30,6	61	29,5	98	47,8	19	9,3	13,4	53	25,9	74	36,1	58	28,3	9,7				
Familie/vriende besoek	166	46	27,7	32	19,3	15	9,0	26	15,7	28,3	68	41,0	59	35,5	13	7,8	15,7	38	22,9	83	50,0	32	19,3	7,8				
Naaldwerk	160	17	10,6	55	34,4	24	15,0	35	21,9	18,1	69	43,1	61	38,1	14	8,8	10,0	70	43,8	72	45,0	11	6,9	4,3				
Pottebakkery	137	29	21,2	51	37,2	6	4,4	36	26,3	10,9	49	35,8	64	46,7	9	6,6	10,9	45	32,8	70	51,1	19	13,9	2,2				
Toeskouer	124	41	33,1	19	15,3	9	7,3	14	11,3	33,0	33	26,6	66	53,2	15	12,1	8,1	32	25,8	44	35,5	31	25,0	13,7				
Motorritte	82	27	32,9	6	7,3	2	2,4	13	15,9	41,5	20	24,4	41	50,0	11	13,4	12,2	21	25,6	22	26,8	29	35,4	12,2				
Visvang	71	29	40,8	1	1,4	1	1,4	10	14,1	42,3	22	31,0	33	46,5	6	8,5	14,0	14	19,7	27	38,0	21	29,6	12,7				
Vlegwerk	68	7	10,3	17	25,0	26	38,2	8	11,8	14,7	32	47,1	23	33,8	5	7,4	11,7	30	44,1	30	44,1	6	8,8	3,0				
Houtsneewerk	45	21	46,7	4	8,9	1	2,2	11	24,4	17,8	16	35,6	18	40,0	5	11,1	13,3	10	22,2	22	48,9	11	24,4	4,5				
Ander	15	1	6,7	2	13,3	1	6,7	1	6,7	66,6	4	26,7	5	33,3	4	26,7	13,3	3	20,0	5	33,3	3	20,0	26,7				

PROJEKSIES

Uit voorafgaande bespreking en tabelle blyk dit dat beroep 'n beperkte impak op behoef tetendense het, maar dit kan toekomstige behoeftes beïnvloed. Wat die huidige tendens betref, blyk dit dat alhoewel die arbeiders teenoor die ander beroepskategorieë grotendeels per aktiwiteit die grootste behoefte ondervind, is dit die werkloos wat as kategorie in die meeste gevalle die hoogste frekwensie vir die eerste vyf aktiwiteite onderskeidelik toon. Dit bevestig dat werklose respondente in verhouding die grootste behoefte aan die belangrikste aktiwiteite ondervind. Volgens gegewens vanaf die Departement van Statistiek (Suid-Afrika. Republiek, 1990:10) blyk dit dat swart werkloosheid in Suid-Afrika tussen Februarie 1980 en Februarie 1990 met 52,4% toegeneem het. Gedurende Februarie 1980 was 8,8% van die landswye swart bevolking werkloos teenoor die 10,7% gedurende Februarie 1990. Die nie-ekonomiese bedrywige swart bevolking het gedurende dieselfde tydperk met 27,1% toegeneem (Suid-Afrika. Republiek, 1990:10). Dit blyk dus dat die toename in werkloosheid verder sal eskaleer, veral gesien teen die agtergrond van toenemende plakkery in stedelike gebiede* waarvoor frekwensies tans nie beskikbaar is nie. In al die dorpe van die ondersoekgebied het die bevolking vir die tydperk Maart 1986 tot Maart 1991, gemiddeld met 26,7% per jaar toegeneem. As in ag geneem word dat die jaarlikse bevolkingsaanwas vir Swartmense landswyd in die tydperk 1985 tot 1990 maar slegs 2,61% per jaar was (RGN, 1975:11), kan aanvaar word dat gemelde frekwensie bevolkingsgroei in die Suid-Oranje-Vrystaat, hoofsaaklik aan plakkery toegeskryf kan word. Hierdie aanname word gemaak deur die verantwoordelike beampte, F.R. Botes van die OVS Provinsiale Administrasie, wat ook gemelde syfers, soos verkry uit kwartaalverslae, verskaf het. Werkloosheid sal gevolglik 'n geweldige impak op toekomstige behoef tetendense

* Stedelik word deur die Sentrale Statistiekdiens geklassifiseer as gebiede wat onder 'n bepaalde plaaslike bestuur ressorteer

uitoefen. Die huidige behoef tetendense en die frekwensie van werkloos sal eskaleer en die impak daarvan sal in 'n voorsieningstrategie verreken moet word.

Opvoedkundige kwalifikasie het 'n geweldige impak op huidige behoef tetendense van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat. Dit is uit tabelle 5.20 tot 5.22 duidelik dat die frekwensie van behoef tes toeneem met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasies. Wat betref die eerste vyf aktiwiteite by sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie styg die frekwensie behoef te deurgaans, bereken volgens die aantal respondente in elke afsonderlike kategorie in kolomverband.

Volgens die 1980- en 1985-sensusopnames (Suid-Afrika. Republiek, Bevolkingsensus 1980 en 1985) het die aantal Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat wat nie oor 'n opvoedkundige kwalifikasie beskik nie, met 1,3% afgeneem.

Hierteenoor het Swartmense in die ondersoekgebied met 'n opvoedkundige kwalifikasie van laer as st. 5, met 3,2% toegeneem. Geletterdheid onder Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat neem dus toe. Volgens die Sentrale Statistiekdiens (Suid-Afrika. Republiek, 1988:169) het swart studentegetalle by skole tussen 1980 en 1987 met 32% toegeneem. Vir dieselfde tydperk het studente by kolleges met 71% toegeneem en by universiteite met 236%. Wat die Oranje-Vrystaat aanbetref, het swart leerlinge aan primêre en sekondêre skole tussen 1980 en 1986 met 22,7% toegeneem. Dit blyk ook uit die 1988/89 RSA-jaarboek dat 24,1% van alle Swartmense landswyd gedurende 1987 op skool was, 'n frekwensie wat jaarliks met ongeveer 2% toeneem.

Uit voorafgaande blyk duidelik dat opvoedkundige kwalifikasies onder Swartmense en spesifiek in die Oranje-Vrystaat, drasties toeneem. Gesien teen die agtergrond van die huidige politieke bestel, waar veral klem op swartonderwys geplaas word, kan hierdie toename in

opvoedkundige kwalifikasies net verder eskaleer. "*Black education is likely to benefit most from recent reforms*" (South Africa, 1988/89:493).

Dit is reeds duidelik dat die behoefte aan die belangrikste aktiwiteite soos tafeltennis, skaak, rekreasieoord besoek en biblioteek besoek (addendum D) styg met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasie. Opvoedkundige kwalifikasies onder Swartmense in die ondersoekgebied neem dus toe en die impak daarvan op toekomstige behoefetendense sal omvangryk wees. Opvoedkundige kwalifikasie as veranderlike is en sal ook in die toekoms 'n belangrike determinant van en voorspeller vir behoefetendense wees, 'n aspek wat dus verreken sal moet word in rekreasie- en sportvoorsiening.

Daar is egter aktiwiteite soos vingerbord, kaartspeel en televisie kyk wat 'n dalende tendens toon met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasie.

Inkomste as veranderlike openbaar 'n eiesoortige waarneembare tendens as voorspeller vir die behoeftepatrone van Swartmense in die ondersoekgebied. Respondente met geen inkomste asook die met 'n hoër inkomste (R201-R400), toon in die meeste gevalle die grootste behoefte teenoor ander kategorieë vir die belangrikste aktiwiteite ten opsigte van sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie. (Raadpleeg addendum D).

Tydens die 1980-sensusopname was daar 67,7% Swartmense van die totale swart bevolking in die Suid-Oranje-Vrystaat wat geen inkomste verdien het nie. Vergelykende syfers vir opeenvolgende jare is nie beskikbaar nie, aangesien die 1985-Bevolkingsensusvraelys nie vrae oor inkomste ingesluit het nie. Grobler (1987:323) meen dat dit beteken dat weinig Swartmense dit ooit sal kan bekostig om aan aktiwiteite wat aansienlike uitgawes sou meebring, deel te hê. Gesien teen die agtergrond van die stygende frekwensie werkloosheid en plakkery onder Swartmense en veral in die ondersoekgebied,

kan aanvaar word dat die frekwensie Swartmense met geen inkomste, ook sal styg.

'n Grafiese voorstelling van die vyf belangrikste behoeftes in sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie volgens sosio-ekonomiese veranderlikes word in addendum D uiteengesit.

5.1.5 Samevatting

Behoeftes van respondente is ontleed en toekomstige deelname is volgens veranderinge van determinante antisipeer. Demografiese en sosio-ekonomiese indikatore is gebruik in determinant-analises. Die impak van eksterne faktore op determinante is ook verreken. In hierdie verband moet die situasie in Suid-Afrika as ontwikkelende en moontlik derde wêreldse land vermeld word. Determinante soos ekonomiese groei of stagnasie, geweld, pariteit in onderwys asook politieke en grondwetlike veranderinge kan projeksies in hierdie ondersoek drasties beïnvloed. Die beperkinge van die gebruik van veranderlikes om projeksies te doen, moet deurentyd verreken word. Behoeftes sal in samehang met huidige deelnamepatrone verreken word vir die daarstelling van 'n voorsieningstrategie vir rekreasie en sport vir Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat.

'n Relatief lae behoefte aan sport en fisieke rekreasie-aktiwiteite vir Swartmense is in die Suid-Oranje-Vrystaat waargeneem. Dit blyk verder dat 'n groter behoefte bestaan ten opsigte van aktiwiteite wat minder fisieke inspanning vereis. Die Suid-Oranje-Vrystaat openbaar 'n eiesoortige behoeftetendens teenoor ander streke soos byvoorbeeld die PWV-streek. In die Suid-Oranje-Vrystaat is 'n groter behoefte aan passiewe rekreasie as aan sport en fisieke rekreasie-aktiwiteite waargeneem. Bykans dieselfde aktiwiteite is geïdentifiseer as by huidige deelnamepatrone. Die hoë behoefte aan passiewe rekreasie kan toegeskryf word aan die onvoldoende voorsiening van dié fasiliteite waarna

Swartmense 'n dringende behoefte ondervind asook moontlik die fisieke aard van hulle werksomstandighede. Die feit dat die huidige voorsieningspraktyk hoofsaaklik op sportfasiliteite berus, kan vir die genoemde tendens verantwoordelik wees. Ondanks westerse invloede is daar 'n stygende behoefte aan tradisionele stamdans waargeneem. Die behoefte van Swartmense om deur middel van besoeke aan 'n biblioteek en 'n bioskoop eise vir selfontwikkeling te bevredig, is 'n belangrike tendens. 'n Stygende tendens in opvoedkundige kwalifikasies, onderwyspeil, lewensverwagting en inkomste sal hierdie behoeftes laat eskaleer.

Die behoeftefrekwensie van 26,9% vir 'n rekreasieoord word nie sonder meer as 'n beplanningsriglyn aanvaar nie en die impak van veranderlikes soos mobiliteit, afstand, inkomste asook plasingsfaktore sal eers ontleed word, alvorens besluite oor sodanige voorsiening geneem sal kan word.

Ouderdomstrukture, bevolkingsgroei en bevolkingsamestelling blyk belangrike voorspellers te wees in die bepaling van toekomstige behoeftetendense. Ondersoeke dui daarop dat ouderdomstrukture in die toekoms gaan verander met gepaardgaande verandering in rekreasie- en sportbehoefte. Huwelikstaat sal 'n minimale impak op rekreasie- en sportbehoefte uitoefen. Dit blyk verder dat toekomsprojeksies wat die impak van geslag verreken, nie nodig is nie.

'n Vergelyking van al die ouderdomsgroepe se vyf belangrikste behoeftes dui op die afwesigheid van sportaktiwiteite by bykans al die kategorieë. Die groot behoefte aan spele en passiewe rekreasie by al die ouderdomsgroepe dui op die passiewe aard van die vryetydsgedrag en vryetydsbehoefte van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat.

Die beperkte impak van beroep op behoeftetendense blyk duidelik uit voorafgaande. Opvoedkundige kwalifikasies het

'n belangrike impak op huidige behoefte-tendense. Die frekwensie van behoeftes ten opsigte van die vyf belangrikste aktiwiteite neem toe met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasies. Gesien teen die agtergrond dat geletterdheid onder Swartmense toeneem, sal die impak daarvan op toekomstige behoefte-tendense omvangryk wees. Die impak van inkomste as veranderlike openbaar 'n eiesoortige waarneembare tendens.

Voorafgaande behoeftes van respondente, soos ontleed volgens veranderinge van demografiese en sosio-ekonomiese determinante, sal gebruik word vir die bepaling van 'n voorsieningstrategie om doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening te verseker.

5.2 Behoefte aan 'n rekreasieoord in die ondersoekgebied

5.2.1 Inleiding

Die konsep van vryetydsbesteding by 'n rekreasieoord is 'n relatief nuwe gedagterigting by Swartmense, veral vir dié in die Suid-Oranje-Vrystaat. Dit is derhalwe noodsaaklik om eerstens die werklike frekwensie van die behoefte aan 'n rekreasieoord te bepaal. Verder moet die infrastruktuurbeplanning voldoen aan die geïdentifiseerde behoeftes van die primêre gebruikers, naamlik Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat. Dit is essensieel dat 'n verskeidenheidryke infrastruktuur geskep word wat maksimaal behoeftebevredigend is.

Veranderde wetgewing kan die relevansie van hierdie gedeelte van die hoofstuk beïnvloed. Die wet op groepsgebiede, wet no. 36 van 1966, is herroep met die afkondiging van die Wet op die afskaffing van rasgebaseerde grondreëlings, wet no. 108 van 1991, soos afgekondig in Staatskoerant no. 13341 gedateer 28 Junie 1991. Ten tye van die opname het die wet op groepsgebiede die besoeke van Swartmense aan bepaalde rekreasieoorde verbied. Afsonderlike rekreasieoorde vir

spesifieke bevolkingsgroepe moes ontwikkel word, vandaar die noodsaaklikheid vir 'n behoefteopname onder Swartmense. Ongeag of die gesamentlike benutting van bestaande rekreasieoorde deur veranderde wetgewing moontlik gemaak is, is dit steeds noodsaaklik dat eiesoortige behoeftes vir beplanningsdoeleindes geïdentifiseer moet word, ten einde sinvol in die behoefte te kan voorsien en optimale benutting te verseker.

Die behoefte aan 'n rekreasieoord, die verwagte frekwensie besoeke per jaar sowel as 'n oordinfrastruktuur (fasiliteite), word bespreek aan hand van demografiese veranderlikes en die sosio-ekonomiese status van die respondente. Verder word die struktuur van akkommodasiegeriewe bespreek.

Die behoefte aan 'n rekreasieoord word vervolgens in tabel 5.23 uiteengesit. Hiervolgens het 86% van die respondente aangetoon dat hulle graag 'n rekreasieoord sal wil besoek, 10,2% respondente het nee geantwoord en 3,8% respondente was onseker. Die geweldige behoefte wat aan 'n rekreasieoord vir Swartmense bestaan, blyk duidelik uit hierdie gegewens. Dit word weer eens beklemtoon dat hierdie hoë geïdentifiseerde behoefte gesien moet word as bloot 'n behoefte-analise per se, sonder inagneming van die moontlike impak van 'n aantal veranderlikes daarop. Die impak van veranderlikes soos mobiliteit, afstand, inkomste en plasingsfaktore kan 'n wesentlike impak op die benutting van 'n oord uitoefen. Tog blyk hierdie geen resente tendens te wees nie aangesien Hugo (1973:28) reeds in 1973 bevind het dat Swartmense 'n definitiewe behoefte aan 'n rekreasieoord ervaar.

Tabel 5.23: Behoefte aan 'n rekreasieoord

	N	%
JA	1 487	86,0
ONSEKER	66	3,8
NEE	177	10,2
TOTAAL	1 730	100

5.2.2 Behoefte aan 'n rekreasieoord volgens demografiese veranderlikes

Die behoefte aan 'n rekreasieoord volgens demografiese veranderlikes word in tabel 5.24 uiteengesit. Wat geslag betref het 89,1% van die mans ja geantwoord teenoor die 82,9% vroulike respondente. Die aantal respondente wat onseker is, is bykans dieselfde. Dit blyk dus dat geslag 'n minimale impak op die behoefte na rekreasieoorde het.

Dit blyk verder uit die tabel dat die jonger respondente 'n groter behoefte aan 'n rekreasieoord as die ouer respondente openbaar. In die ouderdomsgroep 21-30 jaar het 96,0% respondente ja geantwoord teenoor die 70,2% in die ouderdomsgroep 51-59 jaar. Die sensusopnames van 1980 en 1985 (Suid-Afrika. Republiek, Bevolkingsensus 1980 en 1985) dui daarop dat die jonger swart bevolking (0-34 jaar) van 73,8% tot 75,1% toegeneem het. Die hoër behoefte van hierdie respondente aan 'n rekreasieoord sal gevolglik al belangriker geag moet word. Jonger respondente se groter behoefte aan 'n rekreasieoord kan onder andere toegeskryf word aan 'n toename in geletterdheid wat belangstellings prikkel en 'n moontlike bereidwilligheid om na rekreasiefasiliteite te reis. In aansluiting hierby ervaar die jonger respondente (21-30 jaar) volgens tabel 6.5 die grootste knelpunt ten opsigte van fasiliteite wat nie beskikbaar is nie, teenoor die ouer respondente (51-59 jaar) se gesondheidsredes en gebrek aan belangstelling as die

Tabel 5.24: Behoeftte aan 'n rekreasieoord volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		Behoeftte aan 'n rekreasieoord (%)		
Geslag	N	Ja	Onseker	Nee
Manlik	920	89,1	3,8	7,1
Vroulik	810	82,9	3,7	13,4
N = 1730		Behoeftte aan 'n rekreasieoord (%)		
Ouderdom	N	Ja	Onseker	Nee
21-30 jr	500	96,0	1,0	3,0
31-40 jr	579	88,8	5,2	6,0
41-50 jr	433	79,4	4,9	15,7
51-59 jr	218	70,2	3,7	26,1
N = 1730		Behoeftte aan 'n rekreasieoord (%)		
Huwelikstaat	N	Ja	Onseker	Nee
Ongetroud	517	92,6	3,7	3,7
Getroud	996	86,2	3,4	10,4
Geskei, weduwee wewenaar	165	67,3	5,7	27,0
Woon saam	52	77,1	4,2	18,7

belangrikste knelpunte. Indien geletterdheid onder jonger respondente toeneem, soos reeds bewys is, en mobiliteit verhoog, sal die behoefte aan 'n rekreasieoord onder jonger respondente eskaleer. Hierdie behoef tetendens van jonger respondente moet met infrastruktuurbeplanning verreken word. sodat in die belangrikste geïdentifiseerde behoeftes voorsien kan word vir die optimale benutting van fasiliteite. Oordinfrastruktuur word vorentoe breedvoerig toegelig.

Van die ongetroude respondente het 92,6% aangetoon dat hulle 'n rekreasieoord wil besoek. Hierteenoor het 86,2% van die getroudes, 67,3% van die groep geskei, weduwee, wewenaar en 77,1% van die "woon saam-groep", ja geantwoord. Die behoefte aan 'n rekreasieoord toon 'n afname van die klas interval


"ongetroud" na "geskei, weduwee, wewenaar", maar dit bly steeds opvallend hoog.

Aan hand van voorafgaande tabel word die behoefte aan 'n rekreasieoord volgens ouderdom en huwelikstaat in figuur 12.1 en 12.2 verder toegelig.


5.2.3 Behoefte aan 'n rekreasieoord volgens sosio- ekonomiese status

Die behoefte aan 'n rekreasieoord volgens sosio-ekonomiese status word in tabel 5.25 uiteengesit. Beroepe soos drywer, geskoolde vakman, toesighouer, huisbediende, huisvrou en pensioenaris toon deurgaans 'n laer as 80% behoefte aan 'n rekreasieoord. Hierteenoor het respondente in die beroepsgroepe professioneel, klerklik, dienste (kok, kelner, haarkapper) en beskermingsdienste, 'n groter behoefte aan 'n rekreasieoord (95% en hoër). Dit blyk dat persone in beroepe wat 'n hoër opvoedkundige kwalifikasie vereis, 'n groter behoefte aan 'n rekreasieoord toon. Hierdie tendens toon 'n duidelike verband met opvoedkundige kwalifikasies, waar die behoefte aan 'n rekreasieoord ook toeneem met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasie.

Van die respondente met geen opvoedkundige kwalifikasies, het 66,7% ja geantwoord op die vraag of hulle 'n rekreasieoord wil besoek. Namate die opvoedkundige kwalifikasies toeneem, styg die aanvraag ten opsigte van 'n rekreasieoord tot by 100% vir gegradueerdes. Volgens Kirsten (Onderhoud met M. Kirsten van die Departement van Onderwys en Opleiding op 20 Augustus 1991) toon huidige statistieke dat daar in 1986 tot 1987 'n 30,9% toename in swart matrikulante in die Vrystaat-streek was. Die persentasie toename in swart matrikulante in die Vrystaat-streek vir die jare 1987-88 is 21,34%, vir 1988-89 is dit 7,60% en vir 1989-90 is dit 32,15%. Daar is dus duidelik 'n jaarlikse toename in swart matrikulante en indien die tendens



Figuur 12.1: Behoeftte aan 'n rekreasieoord volgens ouderdom



Figuur 12.2: Behoeftte aan 'n rekreasieoord volgens huwelikstaat

Tabel 5.25: Behoefte aan 'n rekreasieoord volgens sosio-
ekonomiese status

N = 1730		Behoefte aan 'n rekreasieoord (%)		
Beroep	N	Ja	Onseker	Nee
Arbeider	494	91,6	2,9	5,5
Huisbediende	272	79,2	3,7	17,1
Werkloos	226	89,3	1,8	8,9
Huisvrou	179	67,2	7,9	24,9
Professioneel	123	99,2	0,8	0
Beskermingsdiens	73	95,8	0	4,2
Klerklik	68	95,5	1,5	3,0
Drywer	56	79,6	11,1	9,3
Pensioenaris	56	69,1	9,1	21,8
Student/skolier	51	94,0	4,0	2,0
Geskoolde vakman	47	76,1	6,5	17,4
Verkoopwerker	37	94,4	2,8	2,8
Ander	30	82,8	10,3	6,9
Dienste	13	100	0	0
Toesighouer	5	75,0	0,0	25,0

N = 1730		Behoefte aan 'n rekreasieoord (%)		
Opvoedkundige kwalifikasie	N	Ja	Onseker	Nee
Geen	156	66,7	5,9	27,4
Laer as st. 5	510	78,3	4,9	16,8
St. 5 tot 8	811	91,4	3,3	5,3
St. 9 tot 10	190	96,3	1,1	2,6
Graad/diploma/ sertifikaat	59	100	0	0
Nagraads	4	100	0	0


N = 1730		Behoefte aan 'n rekreasieoord (%)		
Inkomste (Netto per maand)	N	Ja	Onseker	Nee
Geen	407	81,2	4,2	14,6
R 1 - 200	705	83,4	4,1	12,5
R201 - 400	395	91,0	3,6	5,4
R401 - 600	138	95,5	1,5	3,0
R601 - 800	46	97,7	2,3	0
R801 - 1000	18	100	0	0
Meer as R1000	21	89,5	0	10,5

voortduur, sal die behoefte aan 'n rekreasieoord vir Swartmense al hoe groter word.


Die styging in inkomste toon 'n duidelike verband met 'n toename in die behoefte aan 'n rekreasieoord. Van die respondente met geen inkomste het 81,2% bevestigend geantwoord teenoor die 100% respondente in die kategorie R801-R1000. Van die respondente in die kategorie meer as R1000, het slegs 89,5% bevestigend geantwoord, wat weer 'n daling verteenwoordig. Ondersoeke in die VSA stem ooreen met hierdie bevindinge. 'n Verslag "*Outdoor recreation outlook to 1980*" (Statewide Recreation planning unit, 1966) bevind dat hoe hoër die inkomste, hoe groter die aanvraag aan rekreasie, wat weer meer deelnemersdae tot gevolg het. Die behoefte aan 'n rekreasieoord volgens opvoedkundige kwalifikasie en inkomste word in figuur 13.1 en 13.2 uitgebeeld.

5.2.4 Die verwagte frekwensie besoeke per jaar aan 'n rekreasieoord

Dit blyk duidelik uit tabel 5.26 dat die meeste respondente (41,7%) 'n rekreasieoord een maal per jaar wil besoek. Respondente wat 'n rekreasieoord twee maal per jaar wil besoek, toon die tweede hoogste frekwensie met 23,8%. Besoeke van drie maal per jaar en meer toon 'n baie lae frekwensie in vergelyking met voorgenoemde tendens. Volgens die 41,7% besoeke van een maal per jaar, is dit moontlik dat Swartmense 'n besoek aan 'n rekreasieoord in verband bring met 'n vakansie wat moontlik aan 'n gebrek aan mobiliteit, finansies en tyd toegeskryf kan word. Indien mobiliteit verbeter en inkomste verhoog, kan aanvaar word dat besoeke aan 'n rekreasieoord sal eskaleer. Volgens die lae frekwensie van drie maal en meer besoeke, wil dit voorkom of dag- en naweekbesoeke aan 'n rekreasieoord aanvanklik nie 'n algemene verskynsel onder Swartmense sal wees nie.



Figuur 13.1: Behoeftte aan 'n rekreasieoord volgens opvoedkundige kwalifikasie



Figuur 13.2: Behoeftte aan 'n rekreasieoord volgens inkomste

Tabel 5.26 Die verwagte frekwensie besoeke per jaar aan 'n rekreasieoord

N = 1730	Verwagte aantal besoeke per jaar	
	N	%
Geen	243	14,0
1 maal	722	41,7
2 maal	412	23,8
3 maal	166	9,6
4 maal	84	4,9
4 maal en meer	103	6,0
TOTAAL	1730	100,0

Belangrike faktore soos reistyd, reisafstand, toegangsfooie en ander finansiële uitgawes verwant aan 'n oordbesoek is faktore wat die frekwensie besoeke aan 'n rekreasieoord beïnvloed. Hierdie faktore is nie in hierdie ondersoek verreken nie. Die geïdentifiseerde tendens van verwagte frekwensie besoeke per jaar moet gesien word as 'n gevoelde behoefte wat kan verander indien die tersaaklike faktore verreken word. Gevoelde behoefte is iets wat 'n persoon of groep graag wil hê en as 'n maatstaf van ware behoefte word dit beperk deur individuele persepsies wat dikwels oordryf word deur mense wat om iets vra sonder dat hulle dit regtig nodig het Bradshaw in Wilson (1989:178).

5.2.5 Die verwagte frekwensie besoeke per jaar volgens demografiese veranderlikes

Volgens tabel 5.27 wil beide geslagte rekreasieoorde gemiddeld een maal per jaar besoek. Ten opsigte van die kategorieë "geen" en "een maal per jaar" toon vrouens 'n hoër verwagte frekwensie besoeke as mans. By al die ander kategorieë toon mans 'n hoër frekwensie ten opsigte van die verwagte aantal besoeke. In die geheel gesien is daar egter 'n weinige verskil in die verwagte aantal besoeke van mans

Tabel 5.27 Verwagte frekwensie besoeke per jaar volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		Verwagte frekwensie besoeke per jaar (%)						Verwagte aantal besoeke per jaar	
Geslag	N	Geen	1 x	2 x	3 x	4 x	4 +	N	Per besoeker
Manlik	920	11,4	39,8	25,9	12,6	5,1	5,2	1567	1,7
Vroulik	810	18,1	44,2	21,7	6,5	4,0	5,5	1173	1,4
N = 1730		Verwagte frekwensie besoeke per jaar (%)						Verwagte aantal besoeke per jaar	
Ouderdom	N	Geen	1 x	2 x	3 x	4 x	4 +	N	Per besoeker
21-30 jr	500	5,0	38,9	29,6	10,5	7,1	8,9	967	1,9
31 - 40 jr	579	10,6	43,0	25,1	13,2	3,1	5,0	953	1,6
41 - 50 jr	433	21,3	43,1	18,7	8,0	4,0	4,9	603	1,4
51 - 59 jr	218	30,3	43,1	17,0	1,8	3,7	4,1	245	1,1
N = 1730		Verwagte frekwensie besoeke per jaar (%)						Verwagte aantal besoeke per jaar	
Huwelikstatus	N	Geen	1 x	2 x	3 x	4 x	4 +	N	Per besoeker
Getroud	517	7,3	33,9	28,3	16,6	5,7	8,2	1010	2,0
Ongetroud	996	14,4	46,2	22,5	7,3	4,3	5,3	1508	1,5
Geskei, wedu- wee, wewenaar	165	30,5	40,0	19,4	4,4	3,8	1,9	188	1,1
Woon saam	52	26,0	40,0	19,1	4,3	2,1	8,5	67	1,3

en vrouens. Tog toon die manlike respondente die hoogste verwagte aantal besoeke per persoon per jaar (1,7). Die behoefte aan 'n rekreasieoord volgens geslag (tabel 5.24) toon soortgelyke resultate.

Dit blyk verder uit tabel 5.27 dat wat al die ouderdomsgroepe betref, 'n rekreasieoord hoofsaaklik een maal per jaar besoek sal word. Al die ouderdomsgroepe toon bykans dieselfde frekwensie besoeke by een maal per jaar. Daar is egter 'n duidelike verband tussen toename in ouderdom en toename in die frekwensie "geen besoeke" aan 'n rekreasieoord; 'n toename in ouderdom verminder die behoefte na 'n rekreasieoord. Die korrelasie is 0,2457 en hoogs beduidend ($p < 0,01$).

Die jonger ouderdomsgroepe (21-30 jr) toon nie so 'n groot verskil (9,3%) tussen een en twee besoeke per jaar as die verskil van 24,4% en 26,1% tussen een en twee besoeke van die ouer ouderdomsgroepe. Dit sluit aan by die sterk toename in die frekwensie "geen besoeke" met 'n toename in ouderdom. Hiervolgens blyk besoeke aan 'n rekreasieoord meer gewild onder die jonger geslag te wees. Respondente in die ouderdomsgroep 21-30 jaar toon die hoogste verwagte aantal besoeke per persoon per jaar (1,9). Volgens die ouderdomgegewens van die 1980- en 1985-bevolkingsensusopnames (Suid-Afrika. Republiek, Bevolkingsensus 1980 en 1985) blyk dit dat die Swartmense in die ouderdomskategorie 0-34 jaar toeneem (Verslag no. 02-80-04, 02-85-06). Die verjonging van die swart bevolking sal derhalwe meebring dat die besoeke aan 'n rekreasieoord verder eskaleer.

In die geval van huwelikstatus is daar 'n toename in die frekwensie "geen besoeke" van kategorieë ongetroud tot geskei, weduwee, wewenaar. Hierdie tendens is in ooreenstemming met die aantal besoeke per jaar volgens ouderdom. Die frekwensie "geen besoeke" toon ook 'n styging met toename in ouderdom. Die dominante frekwensie is een

besoek per jaar aan 'n rekreasieoord. Die geringe verskil by die kategorieë een maal en twee maal per jaar betreffende die ongetroudes, word nie by die ander groepe gehandhaaf nie. Die ongetroude respondente toon die hoogste aantal verwagte besoeke per jaar per persoon, naamlik 2,0.

Demografiese veranderlikes dui daarop dat die meeste respondente 'n rekreasieoord een maal per jaar sal besoek. 'n Analise van hierdie veranderlikes ten opsigte van die kategorie geen besoeke dui verder daarop dat die jonger, manlike en getroude respondente die mees waarskynlike besoekers aan 'n rekreasieoord sal wees.

5.2.6 Die verwagte frekwensie besoeke per jaar volgens sosio-ekonomiese status

Dit blyk uit tabel 5.28 dat die verwagte frekwensie besoeke per jaar volgens beroep oorwegend een besoek per jaar is. Dit blyk dat respondente in beroepe waaraan 'n hoër opvoedkundige kwalifikasie en 'n hoër inkomste gekoppel word, byvoorbeeld professioneel, dienste en beskermingsdienste, oorde meer gereeld sal besoek as beroepe waaraan 'n laer opvoedkundige kwalifikasie en laer inkomste gekoppel word. Respondente wat onder die beroep dienste geklassifiseer is, toon die hoogste verwagte aantal besoeke per persoon per jaar, naamlik 2,2, met beskermingsdienste 2,1 en klerklik 2,0 as onderskeidelik tweede en derde hoogste.

Respondente met geen opvoedkundige kwalifikasies, toon 'n hoër frekwensie by die kategorie "geen besoeke" per jaar teenoor respondente met hoër opvoedkundige kwalifikasies. Die tendens dat 'n hoër opvoedkundige kwalifikasie 'n toename in besoeke aan 'n rekreasieoord meebring, is duidelik waarneembaar. Die toename in geletterdheid onder Swartmense sal meebring dat die besoeke aan 'n rekreasieoord verder eskaleer. Die verwagte aantal besoeke per persoon per

Tabel 5.28 Verwagte frekwensie besoeke per jaar volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730		Verwagte frekwensie besoeke per jaar (%)						Verwagte aantal besoeke per jaar	
Beroep	N	Geen	1 x	2 x	3 x	4 x	4 +	N	Per besoeker
Arbeider	494	9,0	44,4	24,1	14,9	2,5	5,1	825	1,7
Huisbediende	272	22,5	49,3	15,9	4,1	4,1	4,1	341	1,3
Werkloos	226	14,7	39,3	23,2	8,0	5,4	9,4	378	1,7
Huisvrou	179	29,6	43,8	16,5	2,8	2,8	4,5	204	1,1
Professioneel	123	2,5	30,6	46,3	10,7	2,5	7,4	237	1,9
Beskermingsdienste	73	4,2	33,3	30,6	12,5	9,7	9,7	151	2,1
Klerklik	68	6,0	34,3	26,9	13,4	10,4	9,0	138	2,0
Drywer	56	12,9	38,9	27,8	5,6	7,4	7,4	93	1,7
Pensioenaris	56	25,5	41,8	21,8	1,8	5,5	3,6	70	1,3
Student/skolier	51	6,0	48,0	24,0	8,0	12,0	2,0	88	1,7
Geskoolde vakman	47	24,0	19,6	32,6	15,2	4,3	4,3	76	1,6
Verkoopwerker	37	8,2	41,7	16,7	25,0	2,8	5,6	66	1,8
Ander	30	7,0	72,4	13,8	3,4	3,4	0,0	36	1,2
Dienste	13	0,0	33,3	16,7	25,0	16,7	8,3	29	2,2
Toesighouer	5	25,0	50,0	25,0	0,0	0,0	0,0	5	1,0
N = 1730		Verwagte frekwensie besoeke per jaar (%)						Verwagte aantal besoeke per jaar	
Opvoedkundige kwalifikasie	N	Geen	1 x	2 x	3 x	4 x	4 +	N	Per besoeker
Geen	156	34,5	41,2	9,2	3,3	4,6	7,2	179	1,1
Laer as st 5	510	22,2	41,7	19,9	8,3	3,0	4,9	701	1,4
St. 5-8	811	8,4	44,2	24,8	10,7	5,3	6,6	1405	1,7
St. 9-10	190	4,7	34,0	37,8	13,3	5,9	4,3	358	1,9
Graad/dipl./sertifi.	59	0,0	36,8	36,8	14,0	1,8	10,6	116	2,0
Nagraads	4	0,0	100,0	0,0	0,0	0,0	0,0	4	1,0
N = 1730		Verwagte frekwensie besoeke per jaar (%)						Verwagte aantal besoeke per jaar	
Inkomste per maand	N	Geen	1 x	2 x	3 x	4 x	4 +	N	Per besoeker
Geen	407	20,3	41,6	19,8	4,5	5,9	7,9	608	1,5
R 1 - 200	705	17,0	47,8	20,2	8,0	3,6	3,4	985	1,4
R201 - 400	395	7,2	35,5	27,4	16,9	4,9	8,2	762	1,9
R401 - 600	138	7,5	35,1	32,1	14,9	3,7	6,7	253	1,8
R601 - 800	46	0,0	48,8	32,6	9,3	4,7	4,7	80	1,7
R801 - R1000	18	0,0	37,5	43,8	6,3	6,3	6,3	34	1,9
Meer as R1000	21	10,5	0,0	73,7	5,3	5,3	5,3	42	2,0

jaar is in die geval van die respondente met 'n graad/diploma/sertifikaat die hoogste (2,0).

Volgens die tabel word daar met 'n toename in inkomste, 'n ooreenstemmende toename in die verwagte aantal besoeke per persoon per jaar aan 'n rekreasieoord ondervind. Die hoogste verwagte aantal besoeke per persoon per jaar, (2,0) is ten opsigte van respondente met 'n inkomste van meer as R1000 per maand. Die dominante frekwensie van die groep met geen inkomste is 41,6% by een besoek per jaar, teenoor die meer as R1000-per maand-groep se dominante frekwensie van 73,7% by twee besoeke per jaar. Die reële besteebare inkomste van Swartmense kan onder andere vanweë verstedeliking, die veranderde politieke situasie, meer werksgeleenthede en hoër opvoedkundige kwalifikasies styg, wat ook die besoeke aan 'n rekreasieoord sal laat eskaleer.

Sekere beroepsgroepe, hoër gekwalifiseerdes en hoër inkomstegroepe het aangedui dat 'n rekreasieoord twee maal per jaar besoek sal word. Die meerderheid beroepsgroepe, laer gekwalifiseerdes en laer inkomstegroepe toon in ooreenstemming met demografiese veranderlikes dat 'n rekreasieoord een maal per jaar besoek sal word. Die frekwensie geen besoeke neem af met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasies en inkomste (hoogste kategorie uitgesluit). Volgens sosio-ekonomiese veranderlikes is die mees waarskynlike besoekers aan 'n rekreasieoord die hoër orde beroepsgroepe, hoër gekwalifiseerdes en dié in die hoër inkomstegroepe.

5.2.7 Oordinfrastruktuur en die impak van enkele veranderlikes daarop

Volgens tabel 5.29 is die gewildste geriewe by 'n rekreasieoord 'n rondawel (86,5%), restourant (86,4%), speelpark vir kinders (85,1%), braaigeriewe (84,9%) en 'n swembad (78,2%). In die praktyk blyk dit dat hierdie van die normale, basiese geriewe en ook die noodsaaklikstes by 'n

Tabel 5.29: Oordinfrastruktuur

Geriewe	Behoeftes aan sekere geriewe (%)			
	Noodsaaklik	Onseker	Onnodig	Totaal
N = 1730				
Rondawel	86,5	3,5	10,0	100
Restourant	86,4	4,3	9,3	100
Speelpark	85,1	4,6	10,3	100
Braaigeriewe	84,9	4,8	10,3	100
Swembad	78,2	9,0	12,8	100
Tennisbaan	77,9	8,4	13,7	100
Sokkerveld	77,4	7,8	14,8	100
Wildtuin	73,9	13,6	12,5	100
Fasiliteite vir gestremdes	72,2	13,6	14,2	100
Slaapsale	69,7	14,0	16,3	100
Biblioteek	69,3	13,8	16,9	100
Karavaanpark	64,8	18,4	16,8	100
Haarsalon	60,5	15,3	24,2	100
Visvang	60,5	19,2	20,3	100
Vlugbalbaan	56,2	25,5	18,3	100
Gholfbaan	52,4	27,3	20,3	100
Biljart/snoeker	51,1	27,9	21,0	100
Roeibote	47,3	21,7	31,0	100
Perdryfasiliteite	46,6	23,1	30,3	100
Muurbalbaan	45,4	31,4	23,2	100
Pluimbalbaan	44,1	30,6	25,3	100
Sauna	41,5	23,8	34,7	100
Putt-puttbaan	39,5	27,9	32,6	100
Ander: televisie, kroeg, films, rolbal, trampolien	3,8	0	96,2	100

rekreasioord vir blankes is. Dit is derhalwe baie insiggewend dat Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat ook hierdie geriewe as die noodsaaklikste beskou. Die huidige infrastruktuur van bestaande oorde (die aanbod) is derhalwe versoenbaar met die aanvraag van Swartmense. Behoeftes is nie eiesoortig nie en kan Swartmense maklik by die bestaande infrastruktuur inskakel.

Die volgende rekreasiefasiliteite blyk ook populêr te wees: 'n tennisbaan (77,9%), sokkerveld (77,4%), wildtuin (73,9%), biblioteek (69,3%), haarsalon (60,5%) en visvanggeriewe (60,5%). Dit is belangrik om kennis te neem van hierdie

spesifieke tipe fasiliteite wat noodsaaklik geag word. Indien hierdie geriewe saam met die nodige verblyfgeriewe soos aangedui, opgerig word, behoort so 'n rekreasieoord aan die behoeftes van Swartmense te voldoen. Ander geriewe, soos byvoorbeeld 'n vlugbalbaan (56,2%), gholfbaan (52,4%), biljart/snoeker (51,1%), roeibote (47,3%), perdryfasiliteite (46,6%), muurbal (45,4%), pluimbal (44,1%), sauna (41,5%) en putt-puttbaan (39,5%), toon 'n laer frekwensie en is dus nie so noodsaaklik by 'n rekreasieoord nie. Ander verblyfgeriewe, soos slaapsale vir groepe (69,7%) en 'n karavaanpark (64,8%), is volgens die gegewens uit tabel 5.29 nie so noodsaaklik soos 'n rondawel nie, maar hierdie geriewe kan tog mettertyd voorsien word. 'n Totaal van 3,8% respondente beskou geriewe, soos televisie, kroeg, films, rolbal en trampolien as noodsaaklik by 'n rekreasieoord.

Soos reeds genoem is dit moontlik dat geriewe deur respondente gekies is sonder dat die finansiële- en ander implikasies van deelname in ag geneem is, alhoewel dit aan die respondente tydens die onderhoud genoem is.

5.2.8 Oordinfrastruktuur volgens demografiese veranderlikes

Noodsaaklike geriewe volgens demografiese veranderlikes word in tabel 5.30 uiteengesit. By al die geriewe, die haarsalon uitgesonder, het die manlike respondente die geriewe noodsaakliker geag as die vrouens. So byvoorbeeld het 88,9% van die mans 'n rondawel by 'n rekreasieoord noodsaaklik geag teenoor 83,9% van die vrouens. Die geriewe wat oorwegend deur mans benut word, byvoorbeeld biljart/snoeker (59,5 teenoor 41,8%), gholf (60,7 teenoor 43,5%), sokker (83,4 teenoor 70,5%), perdry (52,3 teenoor 40,6%) en visvang (65,3 teenoor 54,8%), word ook deur mans meer noodsaaklik geag as deur vrouens. Die meeste geriewe toon 'n verskil van 3% tot 8% tussen die manlike en vroulike respondente. Dit sluit aan by die 6,2% verskil tussen geslagte in die behoefte aan 'n rekreasieoord (tabel 5.24). Die vrouens

Tabel 5.30 Oordinfrastruktuur volgens demografiese veranderlikes

AKTIWITEIT	GESLAG (%)		OUDERDOM (%)				HUWELIKSTATUS (%)			
	MANLIK	VROU- LIK	21-30 JR	31-40 JR	41-50 JR	51-59 JR	ONGE- TROUD	GE- TROUD	GESKEI, WED.WEW	WOON SAAM
Rondawel	88,9	83,9	92,9	89,8	81,5	73,4	91,2	86,9	72,3	77,1
Restourant	89,2	83,4	93,5	88,9	81,5	73,9	91,8	86,1	73,0	73,0
Speelpark	86,8	83,2	92,1	86,4	80,1	75,7	87,9	85,6	76,3	72,9
Braaigeriewe	88,0	81,4	92,1	88,1	79,9	70,2	91,2	84,8	69,8	68,8
Swembad	80,2	76,1	89,5	80,7	69,2	63,3	84,4	77,2	65,6	68,8
Tennisbaan	82,1	73,5	85,7	81,9	71,7	62,4	80,9	79,3	63,1	68,8
Sokkerveld	83,4	70,5	83,1	82,5	71,3	62,8	79,1	79,5	60,6	68,8
Wildtuin	78,6	68,6	81,7	76,7	67,7	60,1	80,1	83,2	61,6	54,2
Fasiliteite vir gestremdes	73,8	70,4	77,8	76,5	66,0	59,6	77,8	72,3	58,1	54,2
Slaapsale	72,2	66,7	73,4	71,7	68,6	57,8	69,6	72,2	57,2	56,3
Biblioteek	71,9	66,6	77,2	73,9	61,0	54,6	76,0	68,8	52,5	64,6
Karavaanpark	69,0	61,0	71,6	66,7	59,3	56,4	66,9	66,5	53,5	50,0
Haarsalon	56,8	65,4	70,0	64,9	51,4	45,9	66,1	60,7	49,4	43,8
Visvang	65,3	54,8	63,2	63,4	56,4	51,6	61,3	61,1	52,8	56,3
Vlugbalbaan	58,3	54,3	65,1	58,5	49,1	43,1	58,7	58,0	39,4	45,8
Gholfbaan	60,7	43,5	55,8	57,3	48,4	40,4	53,2	55,5	36,3	39,6
Biljart/snoeker	59,5	41,8	58,2	55,4	44,9	36,2	53,7	52,8	34,4	41,7
Roeibote	50,5	44,1	52,4	50,8	41,6	38,5	49,5	48,5	36,3	39,6
Perdryfasiliteite	52,3	40,6	47,1	53,0	41,6	38,5	46,9	49,6	31,9	35,4
Muurbalbaan	49,6	41,1	51,3	47,3	42,8	32,1	47,3	47,2	32,5	31,3
Pluimbalbaan	47,7	40,6	48,4	46,5	41,8	33,9	45,0	46,1	31,9	39,6
Sauna	43,3	40,2	45,2	43,2	37,0	39,0	45,2	41,5	35,0	33,3
Putt-puttbaan	42,6	36,5	45,4	41,5	35,0	30,3	41,3	40,7	28,8	35,4
Ander	82,1	87,2	90,5	88,0	78,9	75,0	91,7	79,1	87,5	100,0

(65,4%) het 'n haarsalon by 'n rekreasieoord noodsaakliker geag as die mans (56,8%).

Al die ouderdomsgroepe beskou 'n rondawel, restourant, braaigeriewe en 'n speelpark vir kinders as die belangrikste geriewe by 'n rekreasieoord. Dit stem ooreen met tabel 5.29 waar dié geriewe ook as die vier belangrikstes beskou word.

In die vyfde plek is 'n swembad by ouderdomsgroepe 21-30 jaar en 51-59 jaar, 'n sokkerveld by die ouderdomsgroep 31-40 jaar en 'n tennisbaan by die ouderdomsgroep 41-50 jaar. In die ouderdomsgroep 21-30 jaar kom deurentyd die hoogste frekwensie ten opsigte van die noodsaaklikheid van die geriewe voor, behalwe in die geval van 'n gholfbaan en perdryfasiliteite by die ouderdomsgroep 31-40 jaar. Hierdie gegewens stem ooreen met tabel 5.24 waar hierdie ouderdomsgroep (21- 30 jaar) die grootste behoefte aan 'n rekreasieoord geopenbaar het.

Dit is verder uit die tabel duidelik dat al die groepe, behalwe die getroude respondente, 'n restourant as die belangrikste fasiliteit by 'n rekreasieoord beskou. Hierna is 'n rondawel, braaigeriewe en 'n speelpark van die belangrikste geriewe.

Getroude respondente beskou 'n rondawel as die belangrikste fasiliteit. Met die uitsondering van slaapsale, 'n gholfbaan, 'n pluimbalbaan, 'n sokkerveld en perdryfasiliteite, beskou die ongetroude respondente al die geriewe noodsaakliker as die ander respondente in die verskillende kategorieë. Vir die ongetroude respondente is die drie belangrikste rekreasiefasiliteite 'n speelpark, tennisbaan en swembad. By die ander groepe is die drie belangrikste rekreasiefasiliteite die speelpark, swembad en tennisbaan/sokkerveld. Ander geriewe wat by die verskillende groepe 'n redelike frekwensie van noodsaaklikheid toon, is 'n karavaanpark, biblioteek, slaapsale vir groepe, fasiliteite vir gestremdes, haarsalon en visvanggeriewe. In

ooreenstemming met vorige gegewens is hierdie dan ook die noodsaaklikste geriewe wat by 'n rekreasieoord vir Swartmense voorsien moet word.

Dit blyk uit voorafgaande gegewens dat demografiese veranderlikes geen noemenswaardige impak op die reeds geïdentifiseerde oordinfrastruktuur het nie.

5.2.9 Oordinfrastruktuur volgens sosio-ekonomiese status

Die drie belangrikste verblyfgeriewe by 'n rekreasieoord vir Swartmense wat deur die verskillende beroepskategorieë uitgewys is, is volgens tabel 5.31, 'n rondawel, restourant en braaigeriewe. Die belangrikste rekreasiegeriewe wat deur die verskillende beroepskategorieë uitgewys is, is 'n speelplek, wildduin, tennisbaan, sokkerveld, swembad en biblioteek. Die beroepe geskoolde vakman, toesighouer, huisbediende en huisvrou, toon 'n baie laer frekwensie as die ander beroepe ten opsigte van die noodsaaklikheid van 'n rondawel by 'n rekreasieoord. Dié tendens het ook in tabel 5.28 voorgekom, waar dieselfde vier beroepsgroepe 'n laer frekwensie behoefte aan 'n rekreasieoord getoon het. Die beroepsgroepe drywer en huisbediende, beskou deurentyd die verskillende rekreasiegeriewe minder noodsaaklik as die ander beroepe. Afgesien van die belangrikste verblyf- en rekreasiegeriewe soos vermeld, toon die verskillende beroepsgroepe verder geen waarneembare tendens ten opsigte van oordinfrastruktuur nie.

Noodsaaklike geriewe volgens opvoedkundige kwalifikasies word ook in tabel 5.31 uiteengesit. Vir respondente met 'n st. 9-10 kwalifikasie is die vyf belangrikste geriewe by 'n rekreasieoord 'n restourant, speelplek, swembad, braaigeriewe en 'n rondawel. By die ander groepe is die vier belangrikste geriewe weer eens die rondawel, restourant, braaigeriewe en speelplek. Die vyfde fasiliteit wissel by die verskillende groepe tussen sokkerveld, swembad en wildduin. Ander belangrike rekreasiegeriewe is 'n

Tabel 5.31 Oordinfrastruktuur volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730	Beroep (%)															Opvoedkundige kwalifikasie (%)					Inkomste								
	Professioneel	Klerklik	Verkoopswerker	Drywer	Dienste	Beskermings-dienste	Geskoolde vakman	Toesighouer	Arbeider	Huisbediende	Huisvrou	Student/skolier	Pensioenaris	Werkloos	Ander	Geen	Laer as St 5	St. 5-8	St. 9-10	Graad/Dipl/Sert	Nagraads	Geen	R1-R200	R201-R400	R401-R600	R601-R800	R801-R1000	Meer as R1000	
GERIED																													
Rondawel	95,0	94,0	94,4	87,0	100,0	91,7	78,3	75,0	91,5	79,5	71,8	88,0	80,0	88,4	82,8	70,8	80,1	91,5	91,5	100,0	100,0	81,5	84,1	92,6	92,5	95,3	93,8	89,5	
Restaurant	95,9	94,0	94,4	85,2	100,0	93,1	78,3	75,0	91,4	78,4	76,3	92,0	81,8	83,1	89,7	70,1	78,7	91,6	94,7	100,0	100,0	80,2	84,4	92,1	94,8	97,7	93,8	89,5	
Speelpark	95,0	95,5	94,4	81,5	100,0	94,4	73,9	75,0	88,2	77,0	77,4	90,0	74,5	85,7	82,8	74,0	76,9	89,6	93,6	96,5	100,0	80,0	81,7	91,8	92,5	100,0	100,0	89,5	
Braaigeriewe	95,0	91,0	94,4	81,5	91,7	93,1	76,1	75,0	91,1	77,6	67,2	92,0	76,4	85,3	86,2	66,9	77,1	90,6	92,6	98,2	100,0	77,8	83,1	92,6	92,5	88,4	100,0	78,9	
Swembad	95,0	83,6	91,7	70,4	91,7	88,9	69,6	75,0	80,7	72,5	61,6	88,0	56,4	82,2	82,8	57,8	70,0	83,2	92,0	91,2	100,0	73,1	76,0	81,6	86,6	97,7	100,0	84,2	
Tennisbaan	90,0	91,0	86,1	75,9	83,3	86,1	76,1	75,0	81,9	71,0	63,8	82,0	47,3	80,9	82,8	57,8	68,8	84,3	88,8	89,5	100,0	71,9	74,2	86,0	90,3	95,3	100,0	57,9	
Sokkerveld	82,6	88,1	77,8	79,6	83,3	87,5	67,4	75,0	83,7	71,0	63,3	72,0	52,7	80,0	86,2	67,7	68,0	85,0	82,4	80,7	50,0	70,4	74,3	85,2	89,6	86,0	87,5	68,4	
Wildtuin	90,1	83,6	88,9	70,4	66,7	88,9	73,9	75,0	81,5	66,8	49,7	82,0	49,1	75,1	37,9	50,6	64,7	79,3	82,2	93,0	100,0	65,7	70,0	83,2	83,6	86,0	93,8	78,9	
Fasiliteite vir gestremdes	87,0	77,6	88,9	64,8	75,0	80,6	71,7	75,0	75,4	71,7	51,4	76,0	61,8	74,7	72,4	54,5	65,5	77,1	78,7	87,5	100,0	65,2	71,0	77,2	80,6	79,1	93,8	78,9	
Slaapsale	78,5	74,6	77,8	68,5	66,7	79,2	69,6	75,0	72,2	63,1	55,9	86,0	56,4	70,2	86,2	57,8	61,9	74,3	77,1	77,2	100,0	65,2	66,3	76,5	83,6	79,1	75,0	21,1	
Biblioteek	87,6	82,1	77,8	57,4	83,3	70,8	63,0	50,0	70,3	67,3	57,1	78,0	49,1	69,3	75,9	46,1	59,0	76,4	81,4	84,2	100,0	64,4	63,8	74,7	86,6	86,0	100,0	73,7	
Karavaanpark	66,9	71,6	72,2	64,8	75,0	68,1	65,2	25,0	69,3	63,4	39,5	70,0	65,5	72,0	55,2	50,6	57,8	70,3	67,0	75,4	100,0	58,8	63,6	72,7	69,4	69,8	68,8	36,8	
Haarsalon	71,9	53,7	75,0	46,3	66,7	58,3	52,2	25,0	60,8	62,8	45,2	68,2	47,3	71,6	58,6	42,9	55,0	64,9	65,5	71,9	50,0	60,7	59,6	62,2	61,9	53,5	56,3	54,6	
Visvang	58,7	62,7	77,8	50,9	83,3	63,9	60,0	50,0	65,1	55,4	48,0	74,0	38,2	67,3	55,2	47,7	55,6	64,7	61,7	86,7	100,0	53,7	59,7	65,6	66,4	81,4	87,5	10,5	
Vlugbalbaan	73,6	61,2	69,4	49,1	58,3	62,5	50,0	50,0	57,7	52,8	30,1	64,0	34,5	68,4	62,1	44,8	46,8	60,4	64,9	78,9	100,0	52,1	53,6	62,9	63,4	74,4	68,8	15,8	
Ghoifbaan	63,6	59,7	58,3	46,3	58,3	65,3	60,9	25,0	58,7	47,2	26,6	62,0	25,5	57,8	51,7	33,1	43,8	58,2	59,6	77,2	100,0	44,0	48,4	61,0	68,7	74,4	68,8	47,4	
Biljart/snoeker	66,7	59,7	66,7	50,0	66,7	66,7	58,7	25,0	59,3	42,0	15,3	68,0	25,5	57,8	27,6	27,9	42,0	56,0	65,2	77,2	100,0	41,5	46,6	61,1	67,9	60,5	62,5	78,9	
Roeibote	52,1	46,3	63,9	44,4	50,0	55,6	39,1	0,0	50,4	45,4	28,2	66,0	30,9	56,4	31,0	30,5	41,4	51,3	53,7	63,2	100,0	44,7	45,2	51,8	55,2	62,8	43,8	5,3	
Perdryfasiliteite	53,7	50,7	55,6	42,6	58,3	56,9	54,3	25,0	50,1	44,2	28,2	52,0	27,3	52,4	27,6	25,3	42,8	51,6	49,5	59,6	50,0	40,0	43,8	54,0	56,0	69,8	50,0	42,1	
Muurbalbaan	54,5	50,7	66,7	33,3	58,3	52,8	45,7	0,0	50,8	43,7	15,8	62,0	27,3	54,2	27,6	27,9	39,5	49,1	53,2	64,9	100,0	39,5	44,1	48,0	59,0	48,8	56,3	63,2	
Pluimbalbaan	50,4	52,2	63,9	33,3	50,0	54,2	43,5	25,0	46,5	41,3	20,3	52,0	29,1	56,9	31,0	29,2	39,3	47,0	51,6	61,4	100,0	39,9	41,8	47,7	57,5	60,5	50,0	26,3	
Sauna	51,2	40,3	55,6	35,2	33,3	47,2	41,3	25,0	43,1	41,8	22,6	54,0	41,8	48,9	13,8	24,8	37,3	45,7	42,6	64,9	50,0	37,0	41,4	46,2	48,5	55,8	25,0	5,3	
Putt-puttbaan	47,9	47,8	55,6	33,3	50,0	48,6	50,0	0,0	40,7	38,7	18,6	44,0	27,3	46,2	27,6	20,1	37,3	41,8	47,3	50,9	100,0	31,9	39,2	42,9	54,5	53,5	43,8	10,5	
Ander	100,0	100,0	100,0	60,0	0,0	100,0	100,0	0,0	0,0	81,8	75,0	0,0	100,0	88,9	100,0	66,7	85,2	81,6	100,0	0,0	83,3	86,8	71,4	90,0	100,0	100,0	0,0	0,0	

tennisbaan, speelpark, biblioteek, haarsalon en visvanggeriewe. Hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasies, hoe meer en divers die fasiliteite wat benodig word. 'n Toename in opvoedkundige kwalifikasies stem ook ooreen met 'n toename in die noodsaaklikheid van die verskillende geriewe. So byvoorbeeld is daar met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasie 'n toename in die noodsaaklikheid van 'n rondawel (korrelasie is 0,2075 en $p < 0,01$) en 'n restourant (korrelasie is 0,2338 en $p < 0,01$). Die korrelasies is beide hoogs beduidend. Soos reeds bespreek is daar 'n toename in geletterdheid onder die Swartmense wat die noodsaaklikheid van en vraag na meer en 'n verskeidenheid van fasiliteite, verder sal laat eskaleer. Dit blyk verder dat met die uitsondering van die inkomstegroepe R201-400 en R401-600, al die inkomstegroepe 'n rondawel, restourant, speelpark, braaigeriewe en 'n swembad as die vyf belangrikste geriewe by 'n rekreasieoord verkies. Genoemde inkomstegroepe verkies 'n tennisbaan in die plek van die swembad. 'n Toename in inkomste hou verband met 'n toename in die noodsaaklikheid van geriewe, byvoorbeeld 'n rondawel (korrelasie is 0,1307 en $p < 0,01$) en 'n restourant (korrelasie is 0,1489 en $p < 0,01$). Beide korrelasies is hoogs beduidend.

5.2.10 Geïdentifiseerde behoeftes by 'n rekreasieoord in volgorde van belangrikheid

Die behoefte aan spesifieke geriewe by die rekreasieoord is bykans eenvormig volgens geslag, ouderdom, huwelikstatus, beroep, opvoedkundige kwalifikasies en inkomste. Die gewildste rekreasiefasiliteite en die noodsaaklikste geriewe by 'n rekreasieoord vir Swartmense word in tabel 5.32 uiteengesit.

Hierdie geriewe (biblioteek/haarsalon uitgesluit) is tiperend van die meerderheid rekreasieoorde wat die noodsaaklikheid van sodanige fasiliteite beklemtoon. Dit blyk dus dat behoeftes van Swartmense in die Suid-Oranje-

Tabel 5.32 Geïdentifiseerde behoeftes by 'n rekreasieoord in volgorde van belangrikheid

Behoeftes	%
1. Rondawel	86,5
2. Restourant	86,4
3. Speelpark vir kinders	85,1
4. Braaigeriewe	84,9
5. Swembad	78,2
6. Tennisbaan	77,9
7. Sokkerveld	77,4
8. Wildtuin	73,9
9. Fasiliteite vir gestremdes	72,2
10. Slaapsale	69,7
11. Biblioteek	69,3
12. Karavaanpark	64,8
13. Haarsalon	60,5
14. Visvangeriewe	60,5
15. Vlugbalbaan	56,2

Vrystaat versoenbaar is met die gemiddelde infrastruktuur van bestaande oorde. Oordbesoek sal na verwagting eskaleer deurdat gesamentlike benutting van bestaande rekreasieoorde deur veranderde wetgewing moontlik gemaak is. Verhoogde oordbesoek berus egter nie net op die versoenbaarheid van die aanbod met die aanvraag nie. Faktore soos onder andere reistyd, reisafstand, vervoermodus, verwante finansiële uitgawes asook sosio-ekonomiese en demografiese kenmerke wat potensiële besoekers in staat stel of verhinder, is bepalend in 'n toename of afname in oordbesoek.

5.2.11 Die struktuur van akkommodasiegeriewe verlang

Die struktuur van akkommodasiegeriewe by 'n rekreasieoord wat aanpasbaar is by die behoeftes van Swartmense, was met die opnamedatum relatief onbekend. Deur hierdie ondersoek word gepoog om die spesifieke behoeftes van Swartmense in hierdie verband te identifiseer. Dit sal meehelp om met 'n groot mate van sekerheid te kan bepaal of bestaande infrastruktuur aan die behoeftes van Swartmense sal voldoen.

Met die beplanning van moontlike nuwe fasiliteite kan optimaal in hierdie geïdentifiseerde behoeftes voorsien word. Vervolgens 'n bespreking van die struktuur van akkommodasiegeriewe wat Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat verlang.

5.2.11.1 Die behoefte aan 'n sekere tipe rondawel

As gevolg van die noodsaaklikheid van rondawels by 'n rekreasieoord (soos blyk uit tabel 5.29 en 5.32) is dit derhalwe van kardinale belang dat die regte tipe rondawel voorsien word. Die bepaalde behoeftes ten opsigte van 'n sekere tipe rondawel is gevolglik in hierdie ondersoek geïdentifiseer.

Tabel 5.33 Die behoefte aan 'n sekere tipe rondawel

N = 1496 Komponente	%
Een slaapkamer	43,0
Twee slaapkamers	40,1
Drie slaapkamers	16,9
Sit-/eetkamer	71,4
Kombuis	78,4
Badkamer	80,5

Slegs die respondente wat 'n rondawel as noodsaaklik aangedui het, het 'n respons gelewer oor die aard van die rondawel. Dit blyk dat die meeste respondente 'n een of twee slaapkamer rondawel verkies. So het 43,0% respondente 'n een-slaapkamer-rondawel en 40,1% respondente 'n rondawel met twee slaapkamers verkies. Die groter behoefte (83,1%) van respondente aan 'n een- en twee-slaapkamer-rondawel kan moontlik toegeskryf word daaraan dat die vraag na rekreasieoorde onder ongetroude resondente hoër is as by getroude respondente met moontlike groter gesinne (tabel 5.24). Verder het 16,9% respondente aangedui dat daar ook 'n

behoefte vir drie-slaapkamer-rondawels is. Die lae frekwensie behoefte aan drie-slaapkamer-rondawels impliseer egter nie dat daar nie rondawels van die grootte voorsien moet word nie. Daar moet wel rondawels met drie slaapkamers voorsien word, maar net minder en in verhouding met een- en twee-slaapkamer-rondawels. Ander geriewe wat in 'n rondawel voorsien moet word, is 'n sit-/eetkamer (71,4%), kombuis (78,4%) en 'n badkamer (80,5%).

5.2.11.2 'n Sentraal geleë gemeenskaplike badkamer en kombuis

As alternatief vir 'n rondawel met alle geriewe, kan die kombuis en badkamer uitgesluit word en as gemeenskaplike blokke opgerig word. So 'n gemeenskaplike kombuis en badkamer word op 'n sentrale plek opgerig en bedien verskeie rondawels en/of slaapsale. In hierdie geval bestaan die rondawel dus net uit een of meer slaapkamers en 'n sit-/eetkamer.

In hierdie ondersoek is die vraag aan respondente gestel of hulle so 'n sentraal geleë gemeenskaplike kombuis/badkamer sal gebruik. Dit is duidelik aan die respondente gestel dat, indien hulle so 'n sentrale eenheid sou verkies, daar nie 'n kombuis of badkamer in die rondawel sal wees nie. Hiervolgens het 30,2% respondente geantwoord dat hulle 'n sentraal geleë gemeenskaplike kombuis sal gebruik en 25,8% respondente het aangedui dat hulle 'n sentraal geleë gemeenskaplike badkamer sal gebruik. Die meerderheid respondente (78,4%), verkies 'n kombuis in die rondawel en 80,5% respondente verkies 'n badkamer in die rondawel.

Dit is egter te betwyfel of die verhoogde finansiële implikasie in verblyftariewe van 'n rondawel met 'n badkamer en kombuis teenoor 'n rondawel daarsonder, deur die respondente in hul respons in ag geneem is.

5.2.12 Samevatting

'n Rekreasieoord is 'n nuwe gedagterigting by Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat. 'n Relatief hoë frekwensie behoefte aan 'n rekreasieoord is derhalwe geïdentifiseer. Hierdie hoë geïdentifiseerde behoefte moet gesien word as 'n gevoelde behoefte, sonder inagneming van die moontlike impak van 'n aantal bepalende faktore daarop. Die impak van faktore soos mobiliteit, reisafstand, reistyd, verwante finansiële uitgawes, plasingsfaktore asook sosio-ekonomiese en demografiese faktore is bepalend in die benutting van 'n oord.

Die gesamentlike benutting van bestaande rekreasieoorde is deur veranderde wetgewing moontlik gemaak. Die relevansie van hierdie gedeelte van die ondersoek lê daarin om te bepaal of eiesoortige behoeftes bestaan en of huidige infrastruktuur van bestaande oorde versoenbaar is met die aanvraag. Dit blyk uit die respons dat eiesoortige behoeftes nie realiseer nie en dat die Swartmense maklik by bestaande infrastruktuur kan inskakel.

Demografiese veranderlikes toon dat die verwagte frekwensie besoeke aan 'n rekreasieoord een besoek per jaar sal wees en dat die jonger, manlike en getroude respondente die mees gereelde besoekers aan 'n rekreasieoord sal wees.

Die frekwensie geen besoeke neem af met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasies en inkomste. Dit blyk verder dat sekere hoër orde beroepsgroepe, hoër gekwalifiseerdes en hoër inkomstegroepe, 'n rekreasieoord gemiddeld twee maal per jaar sal besoek.

Demografiese veranderlikes het geen noemenswaardige impak op oordinfrastruktuur nie. Hierteenoor blyk dit dat hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasies, hoe meer en divers die fasiliteite wat benodig word.

Volgens die geïdentifiseerde behoeftes aan 'n rekreasieoord in die ondersoekgebied, blyk dit dat behoeftes van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat versoenbaar is met die infrastrukture van bestaande oorde. As gevolg van veranderde wetgewing en met inagneming van vermelde tersaaklike faktore, kan die aanname gemaak word dat die frekwensie besoeke van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat aan rekreasieoorde sal eskaleer.

5.3 Omgewingsvoorkeure in die ondersoekgebied

5.3.1 Inleiding

Met die beplanning van rekreasievoorsiening ten opsigte van 'n spesifieke gemeenskap se rekreasie- en sportbehoefte, moet die omgewingsvoorkeure van die gebruiker in ag geneem word. Binne die konteks van hierdie ondersoek word enige benutbare hulpbron vir rekreasie beskou as 'n omgewing vir rekreasiedoeleindes. Geïdentifiseerde omgewingsvoorkeure speel 'n belangrike rol in die beplanningsproses van fasiliteitvoorsiening. Die aanbod van aktiwiteite moet ook aanpas by hierdie geïdentifiseerde omgewingsvoorkeure. Omgewingsvoorkeure vir rekreasiedoeleindes word vervolgens bespreek en toegelig aan hand van toepaslike tabelle.

5.3.2 Omgewingsvoorkeure vir rekreasiedoeleindes

Volgens tabel 5.34 is dit duidelik watter tipe omgewing Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat vir rekreasiedoeleindes verkies. Die meeste van die respondente (19,8%) verkies 'n rekreasieoord as die ideale omgewing vir rekreasiedoeleindes. 'n Rekreasieoord word in die konteks van hierdie ondersoek gesien as 'n omgewing waarin diverse rekreasiefasiliteite en gepaardgaande rekreasieaktiwiteite voorsien word, gerugsteun deur 'n relatief goeie infrastruktuurontwikkeling. Volgens die tendens van deelname aan dag-, naweek- en vakansieaktiwiteite, is dit te wagte dat die woongebied (16,3%) as omgewing vir

Tabel 5.34: Omgewingsvoorkeure vir rekreasiedoeleindes

N = 4494 Omgewingsvoorkeure	Frekwensie		Aangepaste %
	N	%	
Rekreasieoorde	891	51,5	19,8
Woongebied	733	42,4	16,3
Damme/riviere	630	36,4	14,0
Strande	579	33,5	12,9
Berge	557	32,2	12,4
Stad	479	27,7	10,7
Plaas	432	25,0	9,6
Geen	172	9,9	3,8
Ander	21	1,2	0,5
			100,0 %

rekreasiedoeleindes 'n hoë voorkeur sou geniet. Tydens al drie aktiwiteitsperiodes (dag, naweek, vakansie) soos in hoofstuk 4 bespreek, blyk dit dat die meerderheid van die respondente nie van hulle huise weg gaan vir deelname aan aktiwiteite nie.

Dit kan onder andere aan 'n gebrek aan vervoermiddels (72,7% - tabel 6.1) en 'n lae inkomste (87,1% verdien minder as R400 per maand - tabel 2.12) toegeskryf word. Ten spyte hiervan is daar egter 'n relatief groot behoefte aan 'n rekreasieoord. Omgewingstipes wat onderskeidelik die derde, vierde en vyfde plekke beklee is damme/riviere (14,0%), strande (12,9%) en berge (12,4%). Al die voorgenoemde omgewingstipes, woongebiede uitgesonder, wat 'n hoë voorkeur by Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat geniet, is óf nie beskikbaar, óf relatief moeilik toeganklik vir Swartmense. Omgewingstipes wat wel beskikbaar is vir rekreasiedoeleindes, soos byvoorbeeld 'n plaas (9,6%) en stad (10,7%), geniet 'n lae voorkeur. Faktore soos toeganklikheid tot 'n plaas, mobiliteit en die inkomste van respondente ten opsigte van stadbesoeke, kan hier 'n rol speel. Daar is slegs 3,8 % van die respondente wat nie 'n bepaalde omgewing verkies nie.

5.3.3 Omgewingsvoorkeure volgens demografiese veranderlikes

Omgewingsvoorkeure volgens demografiese veranderlikes word in tabel 5.35 uiteengesit. Geslag het nie 'n groot invloed op die keuse van 'n omgewing vir rekreasiedoeleindes nie. Met die uitsondering van die klasinterval "geen", toon die manlike respondente die grootste voorkeur aan al die omgewingstipes. Daar is baie min verskil in die frekwensie van voorkeur ten opsigte van 'n plaas en woongebied as tipe omgewing.

Wat ouderdom betref, toon respondente ouer as 40 jaar 'n hoër voorkeur vir omgewingstipes soos 'n rekreasieoord en woongebied. Dieselfde tendens word aangetref by respondente in die ouderdomsgroep 31-40 jaar. Die jonger respondente (21- 30 jaar) toon weer 'n hoër voorkeur vir omgewingstipes soos rekreasieoorde, damme/riviere, woongebiede en strande.

Volgens tabel 5.35 blyk dit verder dat omgewingsvoorkeure volgens huwelikstatus ooreenstem met omgewingsvoorkeure volgens ouderdom. Getroude respondente en die wat in die kategorie geskei, weduwee, wewenaar val, toon 'n hoër voorkeur vir 'n rekreasieoord en woongebied, wat ooreenstem met die voorkeure van respondente ouer as 40 jaar. Ongetroude respondente toon 'n hoër voorkeur vir omgewingsí soos 'n rekreasieoord en strande wat deels ooreenstem met dié van respondente in die ouderdomsgroep (21-30 jaar).

Dit blyk dat demografiese veranderlikes geen noemenswaardige impak op omgewingsvoorkeure het nie.

5.3.4 Omgewingsvoorkeure volgens sosio-ekonomiese status

Omgewingsvoorkeure volgens sosio-ekonomiese status word in tabel 5.36 uiteengesit. Geen uitsonderlike tendense is waarneembaar nie. Respondente in die beroepskategorie "arbeider" toon 'n hoër voorkeur vir rekreasieoorde,

Tabel 5.35 Omgewingsvoorkeure volgens demografiese veranderlikes

OMGEWINGS- VOORKEURE	N = 4494						GESLAG								OUDERDOM								HUWELIKSTATUS							
	MANLIK			VROULIK			21-30 JR		31-40 JR		41-50 JR		51-59 JR		ONGETROUD		GETROUD		GESKEI, WED.WEW		WOON SAAM									
	N	N	%	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%								
Rekreasieoorde	891	507	56,9	384	43,1	292	32,8	310	34,8	204	22,9	85	9,5	280	31,4	515	57,8	70	7,9	26	2,9									
Woongebied	733	369	50,3	364	49,7	192	26,2	254	34,6	194	26,5	93	12,7	197	26,9	448	61,1	71	9,7	17	2,3									
Damme/riviere	630	367	58,3	263	41,7	198	31,4	221	35,1	153	24,3	58	9,2	193	30,6	356	56,5	56	8,9	25	4,0									
Strande	579	331	57,2	248	42,8	192	33,2	219	37,8	120	20,7	48	8,3	206	35,6	315	54,4	47	8,1	11	1,9									
Berge	557	320	57,5	237	42,5	181	32,5	201	36,1	121	21,7	54	9,7	182	32,7	315	56,6	39	7,0	21	3,7									
Stad	479	262	54,7	217	45,3	165	34,4	175	36,5	102	21,3	37	7,8	177	36,9	254	53,0	35	7,3	13	2,8									
Plaas	432	218	50,5	214	49,5	89	20,6	150	34,7	121	28,0	72	16,7	112	25,9	264	61,1	43	10,0	13	3,0									
Geen	172	70	40,7	102	59,3	22	12,8	47	27,3	55	32,0	48	27,9	33	19,2	98	57,0	33	19,2	8	4,6									
Ander	21	14	66,7	7	33,3	4	19,0	5	23,8	9	42,9	3	14,3	5	23,8	12	57,2	2	9,5	2	9,5									

Tabel 5.36 Omgewingsvoorkeure volgens sosio-ekonomiese status

N = 4494		BEROEP									OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE						INKOMSTE (PER MAAND)								
OMGEWINGS- VOORKEURE	N	ARBEIDER			HUISBED		HUISVROU		WERK- LOOS		ANDER	LAER AS ST 5		St. 5-8		St. 9-10		ANDER	GEEN		R1-200		R201-400		R400+
		N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%
Rekreasieoorde	891	281	31,5	125	14,0	76	8,5	98	11,0	35,0	202	22,7	459	51,5	118	13,2	12,6	173	19,4	339	38,0	227	25,5	17,1	
Woongebied	733	195	26,6	160	21,8	64	8,7	117	16,0	26,9	242	33,0	348	47,5	59	8,0	11,5	182	24,8	336	45,8	162	22,1	7,3	
Damme/riviere	630	206	32,7	69	10,9	65	10,3	81	12,8	33,3	173	27,5	313	49,7	78	12,4	10,4	131	20,8	225	35,7	176	27,9	15,6	
Strande	579	181	31,3	68	11,7	54	9,3	52	9,0	38,7	119	20,5	306	52,8	86	14,8	11,9	100	17,3	222	38,3	150	25,9	18,5	
Berge	557	177	31,8	63	11,3	59	10,6	86	15,4	30,9	151	27,1	288	51,7	62	11,1	10,1	141	25,3	205	36,8	132	23,7	14,2	
Stad	479	138	28,8	64	13,4	44	9,2	44	9,2	39,4	110	23,0	257	53,6	66	13,8	9,6	104	21,7	185	38,6	125	26,1	13,6	
Plaas	432	107	24,8	94	21,7	50	11,6	51	11,8	30,1	144	33,3	215	49,8	24	5,6	11,3	98	22,7	201	46,5	86	19,9	10,9	
Geen	172	33	19,2	41	23,8	32	18,6	29	16,9	21,5	84	48,8	38	22,1	7	4,1	25,0	60	34,9	81	47,1	23	13,4	4,6	
Ander	21	6	28,6	6	28,6	0	0	2	9,5	33,3	7	33,3	7	33,3	4	19,0	14,4	2	9,5	11	52,4	4	19,0	19,1	

damme/riviere, woongebiede en strande, teenoor die huisvrou se hoër voorkeur vir rekreasieoorde, damme/riviere en 'n woongebied. Huisbediendes en werkloos verkies 'n rekreasieoord en woongebied as omgewing vir rekreasiedoeleindes.

Opvoedkundige kwalifikasies speel 'n belangrike rol in die keuse van 'n omgewing vir rekreasiedoeleindes. 'n Ooreenstemmende tendens met voorkeure volgens inkomste kan waargeneem word. Respondente met 'n laer as st. 5 kwalifikasie asook die met 'n inkomste van R1-R200, toon die grootste voorkeur vir 'n rekreasieoord en woongebied. Respondente in die klasinterval st. 9-10 en met 'n inkomste van R201-R400, se belangrikste voorkeure is 'n rekreasieoord, strande / damme en riviere. Respondente met 'n opvoedkundige kwalifikasie hoër as st. 10 asook die met 'n inkomste van meer as R400, se ooreenstemmende hoogste voorkeur is vir 'n rekreasieoord.

Hoër opvoedkundige kwalifikasies en hoër inkomste toon 'n duidelike verband met mekaar in die keuse van omgewingsvoorkeure. Diverse omgewingsvoorkeure kom na vore met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasies en 'n ooreenstemmende toename in inkomste. Geletterdheid onder Swartmense neem toe met 'n moontlike verhoging van die reële besteebare inkomste, wat na verwagting die behoefte van Swartmense aan 'n groter verskeidenheid van omgewings vir rekreasiedoeleindes sal laat eskaleer.

5.3.5 Samevatting

Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat verkies 'n rekreasieoord as die ideale omgewing vir rekreasiedoeleindes. Ander belangrike omgewingstipes is 'n woongebied, damme/riviere, strande en berge. Al hierdie omgewingstipes, woongebiede uitgesonderd, was tydens die opnamedatum of nie beskikbaar nie, of relatief moeilik toeganklik vir Swartmense. Demografiese veranderlikes het

geen noemenswaardige impak op omgewingsvoorkeure nie. Volgens sosio-ekonomiese veranderlikes blyk dit dat hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasies en inkomste, hoe groter die verskeidenheid van omgewingstipes waaraan die Swartmense 'n behoefte het.

HOOFSTUK 6

MOBILITEIT EN ANDER KNELPUNTE WAT GEREELDE DEELNAME AAN
REKREASIE- EN SPORTAKTIWITEITE BEÏNVLOED

Inleiding
 Mobiliteitsvlak
 Mobiliteit volgens demografiese veranderlikes
 Mobiliteit volgens sosio-ekonomiese status
 Samevatting
 Knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed
 Knelpunte volgens demografiese veranderlikes
 Knelpunte wat gereelde deelname van persone ouer as 60 jaar beïnvloed
 Knelpunte wat gereelde deelname van persone jonger as 21 jaar beïnvloed
 Knelpunte volgens sosio-ekonomiese status
 Samevatting

6.1 Inleiding

Die beperkende veranderlikes wat in hierdie hoofstuk toegelig en bespreek word, het 'n belangrike invloed op deelnamepatrone. Die belangrikste enkele veranderlike wat die grootste invloed kan uitoefen, is mobiliteit. *"If a vehicle is not available a person's recreation action space is obviously limited, in terms of choice of site, journey, timing and duration of trip."* (Pigram, 1983:23). *"Individuals choose their recreation activities within the range of opportunities physically and economically available to them"* (Clawson en Knetsch, 1969:28).

Ten einde die mobiliteit van respondente te kan bepaal, is dit onder andere noodsaaklik om vas te stel watter tipe vervoermiddels deur die Swartmense van die Suid-Oranje-Vrystaat besit word. Die bepaalde tendens wat hieruit mag blyk, kan as verdere toeligting dien tot huidige asook toekomstige deelnamefrekwensies ten opsigte van dag-, naweek- en vakansie-aktiwiteite soos reeds geïdentifiseer.

In die vraag oor die tipe vervoermiddels, word slegs die aantal vervoermiddels in besit van manlike of vroulike respondente tussen die ouderdom 21 tot 59 jaar verlang. Waar 'n man en vrou in een huishouding elkeen 'n vraelys voltooi het, is gepoog om sover moontlik die duplisering van die aantal vervoermiddels uit te skakel. Dit is gedoen deur slegs op een vraelys aan te dui indien die huishouding wel oor 'n vervoermiddel, byvoorbeeld 'n motor, beskik. Dit kan egter wees dat die aantal fietse in besit van Swartmense in werklikheid baie meer kan wees, aangesien die mobiliteit van respondente jonger as 21 jaar nie bepaal is nie.

Benewens mobiliteit is daar ook ander knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite kan beïnvloed. 'n Analise van die respons ten opsigte van die vraag oor die knelpunte wat respondente verhinder om gereeld aan rekreasie- en sportaktiwiteite deel te neem, blyk die spesifieke knelpunte wat hierdie respondente ondervind, duidelik. Dit is gevolglik van kardinale belang om van hierdie knelpunte kennis te neem asook om die moontlike invloed daarvan op huidige en toekomstige deelnamepatrone te verreken. 'n Oplossing van hierdie knelpunte is van wesenlike belang vir meer gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat

Die mobiliteitsvlak en ander knelpunte word vervolgens aan hand van verskeie veranderlikes bespreek en toegelig met tabelle om bepaalde tendense uit te lig.

6.2 Mobiliteitsvlak

Die mobiliteitsvlak word in tabel 6.1 uiteengesit. Dit is baie duidelik en onrusbarend dat 72,7 % van die respondente oor geen vervoermiddel beskik nie. Hierdie hoë frekwensie het 'n geweldige impak op die tyd-ruimtelike deelnamepatrone van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat en verklaar waarom rekreasie- en sportaktiwiteite oor dag-, naweek- en

Tabel 6.1: Mobiliteitsvlak

N = 1730	FREKWENSIE		KUMULATIEF
	N	%	%
Geen	1258	72,7	72,7
Fiets	157	9,1	81,8
Motorfiets	21	1,2	83,0
Motor/Bakkie	257	14,9	97,9
Minibus	37	2,1	100,0

vakansieperiodes hoofsaaklik tuis beoefen word. 'n Soortgelyke tendens word in die PWV-gebied ondervind waar 81% van die respondente stap om aan sportaktiwiteite deel te neem (Wilson en Hattingh, 1988:75).

Slegs 14,9% van die respondente besit 'n motor of bakkie wat in werklikheid beteken dat slegs 14,9% van die huishoudings 'n motor of bakkie besit. Respondente wat 'n motorfiets (1,2%) of minibus (2,1%) besit, is die uitsondering. Die lae mobiliteitsvlak wat hieruit blyk moet beslis verreken word in die voorsiening van rekreasie- en sportfasiliteite.

6.2.1 Mobiliteit volgens demografiese veranderlikes

Mobiliteit volgens demografiese veranderlikes blyk duidelik uit tabel 6.2. Die meerderheid vroulike respondente (N = 690; 85,2%), teenoor 61,7 % manlike respondente (N = 568), besit geen vervoermiddel nie. In die geval van 'n motor/bakkie is manlike respondente die grootste besitters (71,2%), teenoor die 28,8% vroulike respondente. Ook ten opsigte van 'n fiets en motorfiets is die manlike respondente ver in die meerderheid.

Volgens geïdentifiseerde deelnamepatrone is dit hoofsaaklik vroulike respondente wat ten opsigte van deelname aan rekreasie-aktiwiteite oor die verskillende periodes,

TABEL 6.2 Mobiliteit volgens demografiese veranderlikes

N = 1730		Geslag				Ouderdom								Huwelikstatus							
SUBGROEP TOTALE		920		810		500		579		433		218		517		996		165		52	
		Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Med. Wew.		Woon Saam	
Vervoermiddel	N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%
Geen	1258	568	45,2	690	54,8	383	30,4	408	32,4	291	23,1	176	14,1	412	32,8	668	53,1	135	10,7	43	3,4
Fiets	157	137	87,3	20	12,7	38	24,2	43	27,4	62	39,5	14	8,9	28	17,8	111	70,7	15	9,6	3	1,9
Motorfiets	21	16	76,2	5	23,8	12	57,1	7	33,3	0	0	2	9,6	11	52,4	8	38,1	2	9,5	0	0
Motor/Bakkie	257	183	71,2	74	28,8	61	23,7	105	40,9	68	26,5	23	8,9	57	22,2	181	70,4	12	4,7	7	2,7
Minibus	37	19	51,4	18	48,6	4	10,8	21	56,8	9	24,3	3	8,1	11	29,7	25	67,6	1	2,7	0	0

TABEL 6.3 Mobiliteit volgens sosio-ekonomiese status

N = 1730		Beroep									Opvoedkundige kwalifikasie							Inkomste														
SUBGROEP TOTALE		494			272			179			226			559		666		811			190		63		407		705		395		223	
		Arbeider			Huisbediende			Huisvrou			Werkloos			Ander		Laer as st 5		St. 5-8			St 9-10		Ander		Geen		R1-R200		R201-R400		Ander	
Vervoermiddel	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
Geen	1258	326	25,9	244	19,4	164	13,0	195	15,5	26,2	400	31,8	584	46,4	120	9,5	12,3	352	28,2	568	45,2	248	19,7	7,1	248	19,7	7,1	248	19,7	7,1		
Fiets	157	96	61,1	9	5,7	2	1,3	7	4,5	27,4	48	30,6	75	47,8	13	8,3	13,3	16	10,2	64	40,8	61	38,9	10,1	61	38,9	10,1	61	38,9	10,1		
Motorfiets	21	9	42,9	1	4,8	0	0	1	4,8	47,5	5	23,8	7	33,3	4	19,0	23,9	3	14,3	6	28,6	5	23,9	33,2	5	23,9	33,2	5	23,9	33,2		
Motor/Bakkie	257	54	21,0	14	5,4	13	5,1	25	9,7	58,8	41	16,0	126	49,0	53	20,6	14,4	36	14,0	51	19,8	70	27,2	39,2	70	27,2	39,2	70	27,2	39,2		
Minibus	37	9	24,3	6	16,2	2	5,4	2	5,4	48,7	9	24,3	21	56,8	3	8,1	10,8	4	10,8	12	32,4	14	37,8	19,0	14	37,8	19,0	14	37,8	19,0		

aktiwiteite by die huis beoefen. (Raadpleeg tabelle 4.2, 4.5, 4.8). Dit kan dus onder andere, daaraan toegeskryf word dat die meerderheid vroulike respondente nie oor die nodige vervoer beskik nie (tabel 6.2).

Die meeste respondente wat nie 'n vervoermiddel besit nie (62,8%), is jonger as 40 jaar, naamlik 21-30 jr (30,4%) en 31-40 (32,4%). Dit is interessant dat 39,5% van die respondente wat 'n fiets besit, in die ouderdomsgroep 41-50 jaar val. Die jonger respondente (21-30 jaar), is die grootste besitters van motorfietsse (57,1%) en respondente in die ouderdomsgroep 31-40 jaar, die grootste besitters van motor/bakkie (40,9%) en minibus (56,8%).

Volgens tabel 6.2 het getroude respondente 'n hoër mobiliteitsvlak as ongetroude respondente. In alle kategorieë is die getroude respondente in die meerderheid, behalwe in die geval van die motorfiets, wat toegeskryf kan word aan 'n soortgelyke tendens by blankes waar jong mense ook die grootste besitters van motorfietsse is.

6.2.2 Mobiliteit volgens sosio-ekonomiese status

Mobiliteit volgens sosio-ekonomiese status word in tabel 6.3 uiteengesit. Die meeste respondente wat nie oor 'n vervoermiddel beskik nie, val onder "ander" beroepe (26,2%), en arbeiders (25,9%). Arbeiders is ook die respondente wat die meeste fietse besit (61,1%). Ten opsigte van ander vervoermiddels is die "ander" beroepe in die meerderheid. Uit die data blyk dit dat beroep per se nie die mobiliteitsvlak beïnvloed nie, maar dat dit gekoppel kan word aan die inkomstekategorie van die onderskeie beroepe.

Dit blyk verder dat opvoedkundige kwalifikasies 'n bepaalde invloed op die besit van vervoermiddels deur Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat het. Van die respondente in die laer as st. 5-kategorie besit 6,2% motors, teenoor 15,5% motorbesit vir die st. 5-8-respondente en 27,9% motorbesit

vir die st. 9-10-respondente. Hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasies hoe hoër die persentasie motorbesit. Daar kan derhalwe verwag word dat mobiliteit verder sal eskaleer as in ag geneem word dat dit reeds bewys is dat opvoedkundige kwalifikasies onder Swartmense toeneem.

Inkomste het 'n besliste invloed op die tipe vervoermiddel wat Swartmense gebruik. Van die respondente wat nie oor 'n vervoermiddel beskik nie, verdien 73,2% minder as R200 per maand. Hierteenoor verdien 66,2% van die respondente wat 'n motor of bakkie besit, 56,8% van die wat 'n minibus besit en 57,1% van die wat 'n motorfiets besit, meer as R200 per maand. Dit is duidelik dat hoër inkomstegroepe van beter vervoermiddels gebruik maak, teenoor die laer inkomstegroep wat nie oor 'n vervoermiddel beskik nie. Die positiewe verband tussen mobiliteit en inkomste is duidelik waarneembaar, aangesien mobiliteit eskaleer namate inkomste eskaleer. Taljaard (1984:200) het bevind dat, ten opsigte van al drie rasse-groepe, die afstand van rekreasieritte toeneem met 'n toename in inkomste. Volgens Taljaard (1976:438) veroorsaak faktore soos stygende salarisse, 'n toename in vryetyd en verhoogde mobiliteit, 'n groter deelname aan buitelug-rekreasie-aktiwiteite deur Swartmense.

6.2.3 Samevatting

Die lae mobiliteitsvlak van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat word weerspieël deur die statistiek, naamlik dat 72,7% van die respondente oor geen vervoermiddel beskik nie. Dit blyk verder dat die manlike respondente, asook dié in die 41 tot 50 jaar ouderdomsgroep en die getroude respondente, die hoogste mobiliteitsvlak handhaaf. Volgens sosio-ekonomiese veranderlikes blyk dit dat beroep weinig impak op mobiliteitsvlak het. Hierteenoor is waargeneem dat hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasies, hoe hoër die motorbesit. Die impak van inkomste as veranderlike is ook duidelik waarneembaar deurdat hoër inkomstegroepe van

effektiewer vervoermiddels gebruik maak, wat daarop neerkom dat mobiliteit eskaleer met 'n toename in inkomste.

Die toename in geletterdheid onder Swartmense met 'n verwagte ooreenstemmende toename en inkomste, sal gevolglik die mobiliteitsvlak van Swartmense verhoog. Dit sal meebring dat Swartmense in die toekoms meer geleenthede sal kan benut vir rekreasie- en sportdeelname verder vanaf die plek van residensie. Naweek- en vakansie-ekskursies vir rekreasie- en sportdoeleindes kan gevolglik eskaleer.

6.3 Knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed

Die aard en frekwensie van knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed, word in tabel 6.4 uiteengesit. Die belangrikheid van doeltreffende en beskikbare fasiliteite word onderstreep deur die feit dat die hoogste frekwensie knelpunte hierin ondervind word. Sewe en dertig komma vyf persent van die knelpunte sentreer om die beskikbare fasiliteite, fasiliteite wat nie geskik is nie en onvoldoende fasiliteite. Dit blyk dat daar vir 31,6% respondente nie rekreasie- en sportfasiliteite beskikbaar is nie. Van die res, vir wie daar wel fasiliteite beskikbaar is, beskou 24,3% die fasiliteite as nie geskik nie en 20,6% respondente meen dat die fasiliteite wat wel beskikbaar is, te min is. Slegs 4% van die respondente is van mening dat fasiliteite te ver is, wat daarop dui dat indien fasiliteite wel beskikbaar is, sodanige fasiliteite maklik bereikbaar is.

Dit is te wagte dat 'n gebrek aan finansies (17,9%) ook gereelde deelname kan beïnvloed. 'n Ander knelpunt wat hierby aansluiting vind, is werksverpligtinge (14,2%). 'n Gebrek aan kennis van aktiwiteite (14,7%) wys dat daar 'n braakveld lê in die bekendstelling en afrigting van rekreasie- en sportaktiwiteite. Die belangrikste knelpunte wat Wilson en Hattingh (1988:75) in die PWV-gebied uitgewys

Tabel 6.4: Knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed

N = 3532 Knelpunte	Frekwensie		Aangepaste
	N	%	%
Fasiliteite nie beskikbaar	546	31,6	15,5
Fasiliteite nie geskik	420	24,3	11,9
Fasiliteite te min	356	20,6	10,1
Gebrek aan finansies	309	17,9	8,7
Gebrek aan kennis van aktiwiteite	254	14,7	7,2
Werksverpligtinge	245	14,2	6,9
Stel nie belang nie	225	13,0	6,4
Gebrek aan klubs	210	12,1	5,9
Gesondheidsredes	204	11,8	5,8
Gebrek aan afrigting	194	11,2	5,5
Gebrek aan persoonlike motivering	126	7,3	3,6
Gesinsverpligtinge	125	7,2	3,5
Gebrek aan vervoer	77	4,4	2,2
Buitemuurse verpligtinge	70	4,0	2,0
Fasiliteite te ver	70	4,0	2,0
Te oud	50	2,9	1,4
Gebrek aan selfvertroue	49	2,8	1,4
Ander	2	0,1	0,0

het is respondente wat nie belangstel nie (41%), gebrek aan tyd (44,5%) en onvoldoende fasiliteite (14,5%). Voorafgaande dui op 'n eiesoortigheid van knelpunte wat in die onderskeie geografiese gebiede ervaar word. Die knelpunte wat Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat (landelik) ondervind is meer fasiliteitgeoriënteerd as die knelpunte deur Swartmense in die PWV-gebied (stedelik) ondervind.

Die frekwensieverspreiding is verder relatief konstant oor 'n wye kader van knelpunte, wat wys op die diversiteit van knelpunte wat ervaar word.

6.3.1 Knelpunte volgens demografiese veranderlikes

Die frekwensieverspreiding van knelpunte volgens demografiese veranderlikes word in tabel 6.5 uiteengesit. Volgens die data in hierdie tabel, is daar bepaalde tendense sigbaar wat die invloed van die knelpunte op die onderskeie veranderlikes duidelik weerspieël.

Sekere knelpunte wat aanleiding gee tot laer deelnamefrekwensies word deur vroulike respondente belangriker geag as wat die geval is by manlike respondente. Die belangrikste hiervan is gesinsverpligtinge (88,8%), te oud (62,0%), stel nie belang nie (61,3%), gesondheidsredes (57,8%) en gebrek aan selfvertroue (53,1%). Hierteenoor ag manlike respondente knelpunte soos fasiliteite wat te ver is (70,0%), gebrek aan vervoer (66,2%), buitemuurse verpligtinge (65,7%) en gebrek aan afrigting (59,8%) baie belangriker as wat vroulike respondente dit oordeel. Dit wys duidelik dat die intensiteit van die beperkende faktore wat geslagte ondervind, verskil. Die beskikbaarheid van fasiliteite is egter by beide geslagte die belangrikste knelpunt.

'n Verdere analise van die tabel dui daarop dat ouderdom 'n belangrike rol speel in die frekwensieverspreiding van knelpunte wat gereelde deelname beïnvloed. Knelpunte soos: Fasiliteite nie beskikbaar, fasiliteite nie geskik, gesondheidsredes en geen belangstelling nie, speel 'n belangriker rol by ouderdomsgroepe bo 40 jaar as by die jonger respondente. Met 'n toename in ouderdom word 'n toename in gesondheidsredes as 'n knelpunt ondervind. Die korrelasie is 0,3191 en hoogs beduidend ($p < 0,01$). Hierteenoor is knelpunte soos fasiliteite nie beskikbaar nie, fasiliteite nie geskik nie asook te min fasiliteite, 'n wesenlike probleem vir respondente jonger as 30 jaar. Die aantal respondente wat nie daarin belangstel om aan rekreasie- en sportaktiwiteite deel te neem nie, toon 'n toename met 'n ooreenstemmende toename in ouderdom,

TABEL 6.5 Knelpunte volgens demografiese veranderlikes

Knelpunte	N = 3532																				
	Geslag				Ouderdom								Huwelikstatus								
	Manlik		Vroulik		21-30 jr		31-40 jr		41-50 jr		51-59 jr		Ongetroud		Getroud		Geskei, Wed. Wew.		Woon Saam		
N	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	
Fasiliteite nie beskikbaar	546	307	56,2	239	43,8	192	35,2	201	36,8	108	19,8	45	8,2	182	33,3	313	57,3	37	6,8	13	2,6
Fasiliteite nie geskik	420	236	56,2	184	43,8	144	34,3	158	37,6	96	22,9	22	5,2	123	29,3	262	62,4	26	6,1	9	2,2
Fasiliteite te min	356	192	53,9	164	46,1	122	34,3	128	36,0	84	23,6	22	6,1	108	30,3	224	62,9	20	5,6	4	1,2
Gebrek aan finansies	309	166	53,7	143	46,3	90	29,1	98	31,7	84	27,2	37	12,0	91	29,4	173	56,0	36	11,6	9	3,0
Gebrek aan kennis van aktiwiteite	254	120	47,2	134	52,8	82	32,3	85	33,5	62	24,4	25	9,8	60	23,6	172	67,7	17	6,7	5	2,0
Werkverpligtinge	245	132	53,9	113	46,1	51	20,8	94	38,4	75	30,6	25	10,2	48	19,6	164	66,9	29	11,8	4	1,7
Stel nie belang nie	225	87	38,7	138	61,3	34	15,1	67	29,8	76	33,8	48	21,3	42	18,7	142	63,1	35	15,6	6	2,6
Gebrek aan klubs	210	114	54,3	96	45,7	80	38,1	71	33,8	47	22,4	12	5,7	53	25,2	143	68,1	11	5,2	3	1,5
Gesondheidsredes	204	86	42,2	118	57,8	13	6,4	33	16,2	73	35,8	85	41,6	37	18,1	115	56,4	47	23,0	5	2,5
Gebrek aan afrigting	194	116	59,8	78	40,2	74	38,1	62	32,0	47	24,2	11	5,7	59	30,4	118	60,8	12	6,2	5	2,6
Gebrek aan persoonlike motivering	126	62	49,2	64	50,8	39	31,0	51	40,5	28	22,2	8	6,3	24	19,0	93	73,8	3	2,4	6	4,8
Gesinsverpligtinge	125	14	11,2	111	88,8	25	20,0	47	37,6	33	26,4	20	16,0	16	12,8	86	68,8	20	16,0	3	2,4
Gebrek aan vervoer	77	51	66,2	26	33,8	33	42,9	21	27,3	15	19,5	8	10,3	26	33,8	43	55,8	6	7,8	2	2,6
Buitemuurse verpligtinge	70	46	65,7	24	34,3	27	38,6	25	35,7	17	24,3	1	1,4	27	38,6	38	54,3	3	4,3	2	2,8
Fasiliteite te ver	70	49	70,0	21	30,0	25	35,7	25	35,7	17	24,3	3	4,3	28	40,0	41	58,6	1	1,4	0	0
Te oud	50	19	38,0	31	62,0	0	0	2	4,0	11	22,0	37	74,0	9	18,0	25	50,0	15	30,0	1	2,0
Gebrek aan selfvertroue	49	23	46,9	26	53,1	17	34,7	15	30,6	12	24,5	5	10,2	12	24,5	31	63,3	4	8,2	2	4,0
Ander	2	1	50,0	1	50,0	1	50,0	1	50,0	0	0	0	0	0	0	1	50,0	0	0	1	50,0

uitgesonderd die respondente in die ouderdomsgroep 51-59 jaar. Dit blyk dus dat die jeug meer in rekreasie- en sportaktiwiteite belangstel as ouer respondente.

Gebrek aan finansies is 'n belangrike knelpunt vir al die ouderdomsgroepe. Hierdie bevinding kan verklaar word aan hand van die feit dat 87,1% van die respondente minder as R400,00 per maand verdien (tabel 2.12).

Wat huwelikstatus betref, blyk dit duidelik dat getroude respondente deurgaans die hoogste frekwensie in al die kategorieë knelpunte ondervind.

6.3.1.1 Knelpunte wat gereelde deelname van persone ouer as 60 jaar beïnvloed

'n Analise van die data in tabel 6.6 toon dat respondente ouer as 60 jaar, met die uitsondering van faktore soos gesondheidsredes (25,1%) en te oud (27,6%), oor die algemeen 'n baie lae frekwensie van knelpunte ondervind wat gereelde deelname kan beïnvloed.

Hierdie twee knelpunte is te wagte by die ouer respondente. Die lae frekwensies van die ander beperkende faktore is in ooreenstemming met die lae deelnamefrekwensie (tabel 3.12) aan, en lae behoefte vir, sport- en fisieke rekreasie-aktiwiteite (tabel 5.9).

6.3.1.2 Knelpunte wat gereelde deelname van persone jonger as 21 jaar beïnvloed

Knelpunte wat gereelde deelname van persone jonger as 21 jaar beïnvloed, word in tabel 6.7 uiteengesit. Hiervolgens blyk dit dat die frekwensieverspreiding grotendeels ooreenstem met dié van respondente tussen 21 en 59 jaar. Knelpunte soos fasiliteite nie beskikbaar, nie geskik vir gebruik en te min, asook 'n gebrek aan finansies, is vir beide groepe die grootste beperkende faktor. Verdere

Tabel 6.6: Knelpunte wat persone ouer as 60 jaar ondervind

N = 814	Ouer as 60 jaar		
	Frekwensie		Aangepaste
Knelpunte	N	%	%
Te oud	225	39,1	31,3
Gesondheidsredes	204	31,2	25,1
Fasiliteite nie beskikbaar	58	8,9	7,1
Fasiliteite te min	48	7,4	5,9
Fasiliteite nie geskik	40	6,1	4,9
Gebrek aan finansies	33	5,1	4,1
Fasiliteite te ver	25	3,8	3,1
Stel nie belang nie	24	3,7	2,9
Gebrek aan afrigting	23	3,5	2,8
Gebrek aan kennis van aktiwiteite	21	3,2	2,6
Gebrek aan klubs	16	2,5	2,0
Gebrek aan persoonlike motivering	14	2,1	1,7
Gesinsverpligtinge	14	2,1	1,7
Gebrek aan vervoer	13	2,0	1,6
Werkverpligtinge	11	1,7	1,4
Buitemuurse verpligtinge	9	1,4	1,1
Gebrek aan selfvertroue	4	0,6	0,5
Ander	2	0,3	0,2

knelpunte met 'n relatief hoë frekwensie wat hierby aansluiting vind, is gebrek aan klubs, gebrek aan kennis van aktiwiteite en 'n gebrek aan afrigting. Ander knelpunte soos uiteengesit in tabel 6.7 toon baie lae frekwensies.

Tabel 6.7: Knelpunte wat persone jonger as 21 jaar ondervind

N = 2078	Jonger as 21 jaar		
	Frekwensie		Aangepaste
Knelpunte	N	%	%
Fasiliteite nie beskikbaar	425	45,4	20,4
Fasiliteite nie geskik	365	39,0	17,6
Fasiliteite te min	269	28,7	12,9
Gebrek aan finansies	225	24,0	10,8
Gebrek aan klubs	181	19,3	8,7
Gebrek aan kennis van aktiwiteite	168	17,9	8,1
Gebrek aan afrigting	147	15,7	7,1
Gebrek aan vervoer	84	9,0	4,0
Gebrek aan persoonlike motivering	81	8,7	3,9
Gesinsverpligtinge	27	2,9	1,3
Buitemuurse verpligtinge	22	2,4	1,1
Fasiliteite te ver	20	2,1	1,0
Gebrek aan selfvertroue	20	2,1	1,0
Stel nie belang nie	19	2,0	0,9
Werkverpligtinge	14	1,5	0,7
Gesondheidsredes	10	1,1	0,5
Te oud	1	0,1	0,0
Ander	0	0	0

6.3.2 Knelpunte volgens sosio-ekonomiese status

Die frekwensieverspreiding van knelpunte volgens sosio-ekonomiese status word in tabel 6.8 uiteengesit. Wat huisvrouens betref, blyk dit dat hierdie groep hoofsaaklik knelpunte ondervind ten opsigte van belangstelling, gesondheidsredes, beskikbaarheid van fasiliteite, gebrek aan finansies en gesinsverpligtinge. In aansluiting hierby, ondervind huisbediendes meerendeels knelpunte ten opsigte van beskikbaarheid van fasiliteite, fasiliteite nie geskik nie en 'n gebrek aan finansies.

Verdere analyses van die data toon dat arbeiders 'n wye spektrum van knelpunte ondervind en is die belangrikstes hiervan die beskikbaarheid van fasiliteite, fasiliteite nie geskik nie en te min fasiliteite.

TABEL 6.8 Knelpunte volgens sosio-ekonomiese status

N = 3532		Beroep									Opvoedkundige kwalifikasie						Inkomste (per maand)							
		Arbeider			Huis- bediende		Huis- vrou		Werk- loos		Ander	Laer as st. 5		St.5-8		St.9-10		Ander	Geen		R1-200		R201-R400	
Knelpunte	N	N	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%	N	%	N	%	N	%	%
Fasiliteite nie beskik- baar nie	546	176	32,2	86	15,7	31	5,7	94	17,2	29,2	124	22,7	306	56,0	67	12,3	9,0	132	24,2	207	37,9	150	27,5	10,4
Fasiliteite nie geskik	420	133	31,7	60	14,3	19	4,5	85	20,2	29,3	104	24,8	228	54,3	41	9,8	11,1	105	25,0	171	40,7	92	21,9	12,4
Fasiliteite te min	356	103	28,9	52	14,6	16	4,5	70	19,7	32,3	81	22,8	192	53,9	49	13,8	9,5	109	30,6	120	33,7	91	25,6	10,1
Gebrek aan finansies	309	95	30,7	57	18,4	31	10,0	41	13,3	27,6	91	29,4	159	51,5	27	8,7	10,4	87	28,2	124	40,1	69	22,3	9,4
Gebrek aan kennis van aktiwiteite	254	68	26,8	51	20,1	23	9,1	49	19,3	24,7	78	30,7	136	53,5	19	7,5	8,3	82	32,3	101	39,8	51	20,1	7,8
Werkverpligtinge	245	69	28,2	52	21,2	9	3,7	12	4,9	46,9	61	24,9	115	46,9	27	11,0	17,2	20	8,2	112	45,7	66	26,9	19,2
Stel nie belang nie	225	56	24,9	44	19,6	59	26,2	31	13,8	15,5	108	48,0	59	26,2	6	2,7	23,1	76	33,8	108	48,0	29	12,9	5,3
Gebrek aan klubs	210	67	31,9	32	15,2	11	5,2	42	20,0	27,7	39	18,6	131	62,4	26	12,4	6,6	64	30,5	69	32,9	55	26,2	10,4
Gesondheidsredes	204	46	22,5	38	18,6	42	20,6	22	10,8	27,5	88	43,1	62	30,4	6	2,9	23,6	57	27,9	107	52,5	26	12,7	6,9
Gebrek aan afrigting	194	59	30,4	26	13,4	14	7,2	30	15,5	33,5	50	25,8	110	56,7	22	11,3	6,2	54	27,8	58	29,9	53	27,3	15,0
Gebrek aan persoonlike motivering	126	28	22,2	30	23,8	6	4,8	27	21,4	27,8	36	28,8	69	55,2	10	8,0	8,0	37	29,4	52	41,3	23	18,3	11,0
Gesinsverpligtinge	125	14	11,2	48	38,4	28	22,4	12	9,6	18,4	36	28,8	74	59,2	5	4,0	8,0	40	32,0	69	55,2	8	6,4	6,4
Gebrek aan vervoer	77	24	31,2	7	9,1	5	6,5	9	11,7	41,5	10	13,0	48	62,3	11	14,3	10,4	21	27,3	23	29,9	22	28,6	14,2
Buitemuurse verpligtinge	70	17	24,3	9	12,9	2	2,9	5	7,1	52,8	12	17,1	38	54,3	11	15,7	12,9	14	20,0	20	28,6	22	31,4	20,0
Fasiliteite te ver	70	26	37,1	5	7,1	6	8,6	10	14,3	32,9	20	28,6	40	57,1	5	7,1	7,2	20	28,6	15	21,4	29	41,4	8,6
Te oud	50	9	18,0	5	10,0	16	32,0	5	10,0	30,0	17	34,0	16	32,0	1	2,0	32,0	15	30,0	28	56,0	4	8,0	6,0
Gebrek aan selfvertroue	49	12	24,5	7	14,3	7	14,3	10	20,4	26,5	17	34,7	20	40,8	4	8,2	16,3	19	38,8	17	34,7	9	18,4	8,1
Ander	2	0	0	1	50,0	0	0	0	0	50,0	0	0	2	100,0	0	0	0	0	0	2	100,0	0	0	0

Deur die tabel verder te bestudeer is die invloed van opvoedkundige kwalifikasies op knelpunte wat gereelde deelname beïnvloed, ontleed. Respondente in die laer as st. 5-kategorie ondervind veral knelpunte ten opsigte van die beskikbaarheid van fasiliteite en belangstelling, teenoor knelpunte soos beskikbaarheid van fasiliteite, fasiliteite nie geskik nie en fasiliteite te min vir respondente in die st. 5-8-kategorie. Vir die st. 9-10-respondente is die beskikbaarheid van fasiliteite, fasiliteite te min en fasiliteite nie geskik nie, ook die belangrikste knelpunte. Dit is opvallend dat ongeag kwalifikasies, fasiliteit-georiënteerde knelpunte voorkom. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasie, hoe minder die respondente wat nie belangstel nie. Die korrelasie is $-0,2642$ en is hoogs beduidend ($p < 0,01$).

Die invloed van die inkomstefaktor blyk vervolgens duidelik uit tabel 6.8. Die beperkende invloed van buitemuurse verpligtinge neem toe met 'n toename in inkomste. Spesifieke knelpunte soos gebrek aan finansies ($-0,0521$), nie belangstel nie ($-0,1403$) en gesondheidsredes ($-0,0976$) neem af met 'n toename in inkomste. Die korrelasies is hoogs beduidend ($p < 0,01$). Knelpunte wat ondervind word ten opsigte van 'n gebrek aan afrigting en 'n gebrek aan vervoer, word deur al die inkomstegroepe bykans ewe belangrik geag. Die beperkende invloed van 'n gebrek aan selfvertroue neem af met 'n toename in inkomste. 'n Interessante tendens is dat 'n hoë orde inkomstegroep (R201-R400) dominant is (41,4%) ten opsigte van 'n beperkende faktor soos fasiliteite wat te ver is. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die diversiteit van aanvraag namate inkomste verhoog. Ten opsigte van al die ander knelpunte is respondente in die klasinterval R1-R200 dominant.

6.3.3 Samevatting

Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat ondervind hoofsaaklik fasiliteitgeoriënteerde knelpunte deurdat 37,5% van die knelpunte sentreer om beskikbare fasiliteite, fasiliteite wat nie geskik is nie en onvoldoende fasiliteite. Hierdie tendens is eiesoortig aan die Suid-Oranje-Vrystaat en verskil merkbaar van die belangrikste knelpunte wat in 'n stedelike omgewing soos die PWV-gebied ondervind word. Die ondersoek in die PWV-gebied as die mees resente ondersoek is gebruik vir vergelyking. Sedert ondersoeke soos die van Taljaard (1984) en Van der Wal (1983) afgehandel is, is daar hoër prioriteit aan die daarstelling van gelykwaardige fasiliteite vir Swartmense toegeken. Tog blyk dit dat die vraag na fasiliteite (binne die ondersoekgebied) steeds die aanbod oorskry.

Geslag en ouderdom as demografiese veranderlikes het 'n belangrike waarneembare impak op knelpunte wat gereelde deelname beïnvloed. 'n Aansienlike verskil word gevind in die intensiteit van die beperkende faktore wat geslagte aanbetref. Verder is waargeneem dat met 'n toename in ouderdom, 'n toename in gesondheidsredes ervaar word. Die gebrek aan belangstelling in deelname eskaleer ook met 'n toename in ouderdom. Die impak van huwelikstatus is minimaal. Volgens sosio-ekonomiese status blyk dit dat die beroepsgroep huisvrouens beperkte eiesoortige knelpunte ervaar, byvoorbeeld 'n gebrek aan finansies en gesinsverpligtinge. Ander beroepsgroepe ondervind oorwegend dieselfde knelpunte soos die beskikbaarheid van fasiliteite, fasiliteite nie geskik en te min fasiliteite. Verdere analyses toon dat opvoedkundige kwalifikasies weinig impak uitoefen op die aard van die knelpunte wat ondervind word.

Uit voorafgaande blyk dit dat Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat hoofsaaklik fasiliteitgeoriënteerde knelpunte ondervind. Enkele veranderlikes soos geslag, ouderdom en in 'n mindere mate beroep, openbaar eiesoortige knelpunte.

Die aard van die belangrikste knelpunte wat ondervind word, sal in die toekoms min verander indien die agterstand in die daarstelling van fasiliteite nie geëlimineer word nie. Indien fasiliteitvoorsiening toeneem sal daar 'n klemverskuiwing in die knelpunte wat ervaar word, plaasvind. Die verwagte hoër opvoedkundige vlakke van Swartmense sal moontlike onbetrokkenheid weens 'n gebrek aan belangstelling grootliks elimineer. Monetêre uitgawes verbonde aan deelname, die nodige kennis van aktiwiteite asook tyd beskikbaar vir deelname sal sterker op die voorgrond tree. Die verwagte sosio-ekonomiese opheffing van Swartmense sal die frekwensie van die knelpunte laat afneem en 'n toename in deelnamefrekwensie tot gevolg hê.

HOOFSTUK 7

DIE GESKIEDKUNDIGE VERLOOP VAN REKREASIE- EN
SPORTVOORSIENING IN DIE ONDERSOEKGEBIED

Inleiding

Voorsiening ten tye van die opname (Junie 1986)
tot 31 Januarie 1987

Voorsiening vanaf 1 Februarie 1987 tot 1991

Kritiese evaluering en toekomsprojeksie

7.1 Inleiding

Die bepaling van rekreasie- en sportvoorkeure van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat is as gestelde doelwit breedvoerig in voorafgaande hoofstukke ondersoek en bespreek. Alvorens die ondersoek kan kulmineer in die daarstel van 'n doeltreffende voorsieningsraamwerk, soos omskryf in die doelstelling, is 'n bespreking van die geskiedkundige verloop van rekreasie- en sportvoorsiening in die ondersoekgebied nodig.

Die verskeidenheid van voorsieningsinstansies wat tans bestaan, met die daarmee gepaardgaande uiteenlopendheid van voorsieningstrukture, is problematies vir en het 'n belemmerende invloed op doeltreffende voorsiening. Die RGN se verslag van die werkkomitee: Sportfasiliteite (RGN Sportondersoek 1982: vol. 10, 329) stel dit duidelik dat daar ten tye van vermeldede ondersoek geen oorkoepelende kontrolerende voorsienings- of finansieringstruktuur vir sport in Suid-Afrika bestaan nie. Gemelde funksies met betrekking tot sport is binne die huidige bedeling geweldig gediversifiseerd en in 'n groot verskeidenheid liggame gesetel. Die komitee is van mening dat die huidige stelsel van voorsiening lomp en kompleks is en nie in die beste belang van sport funksioneer nie. Veral met betrekking tot

die verskaffing van fasiliteite om in streeks- en nasionale behoeftes te voorsien, is die stelsel totaal ontoereikend en funksioneel ondoeltreffend. Gemelde verslag beklemtoon verder dat daar 'n groot behoefte aan 'n funksioneel doeltreffende voorsienings- en finansieringstruktuur bestaan, wat in die beste belang van sport in die Suid-Afrikaanse gemeenskap sal funksioneer (RGN Sportondersoek 1982: vol. 10, 336). Hierdie bevinding sluit aan by die doel van hierdie ondersoek om 'n voorsieningsraamwerk daar te stel om doeltreffende rekreasie- en sportfasiliteit-voorsiening in die ondersoekgebied te verwesenlik.

Die gevolg van 'n ongekontroleerde, gediversifiseerde en ondoeltreffende voorsieningstelsel is dat daar nie voldoende in die behoeftes voorsien is en kan word nie en dat die agterstand al hoe groter word. Wilson (1989:22) bevind dat nieteenstaande die bewese noodsaaklikheid van rekreasie in 'n stedelike gemeenskap, het die voorsiening van rekreasiefasiliteite in Suid-Afrika se stedelike swart woongebiede ten tye van sy ondersoek grootliks agterweë gebly. As dit die situasie van ontoereikende voorsiening in die stedelike swart gemeenskappe is, kan die vraag tereg gevra word of die situasie in 'n landelike omgewing nie nog baie swakker is nie. Grobler (1987:324) beklemtoon die ontoereikendheid van fasiliteite en het bevind dat selfs in die 1970's die rekreasiegeriewe wat tot die beskikking van die swart gemeenskappe gestel was, in beide kwaliteit en kwantiteit minderwaardig was teenoor dié waarvan blankes gebruik kan maak.

Die doeltreffendheid van voorsiening berus op wat, waar en wanneer voorsien moet word asook op welke wyse. Die vergestaltung van die doeltreffendheid van wat en waar van voorsiening berus op die identifisering van behoeftes. Wilson (1989:174) beklemtoon in hierdie verband dat doeltreffende voorsiening van rekreasiefasiliteite aan 'n spesifieke gemeenskap vereis dat die behoeftes van daardie gemeenskap korrek geïdentifiseer moet word. Taljaard

(1976:11) wys daarop dat fasiliteite nie daargestel behoort te word wat nie optimaal deur die swart gemeenskap gebruik sal word nie. Dower (in Steyn 1972:11) ondersteun die voorsiening van vooraf geïdentifiseerde fasiliteite. *"We have to concentrate on providing facilities of the right sort and in the right place, and properly organised."* Wilson (1989:174) bevestig verder die noodsaaklikheid daarvan om in die ware behoeftes van die gemeenskap te voorsien, *"Ontspanningsfasiliteite verg dikwels groot kapitaaluitlegte en ten einde skaars hulpbronne (finansies, grond en mannekrag) effektief aan te wend, moet seker gemaak word dat in die ware behoeftes van die gemeenskap voorsien word."*

Die wat en waar van voorsiening is 'n onlosmaaklike deel en grondliggend tot die wyse van voorsiening. Doeltreffende voorsiening deur 'n spesifieke instansie met 'n spesifieke taakoms krywing en prosedurehandleiding is van kardinale belang. Wilson (1989:194) deel die siening van voorsiening deur 'n spesifieke instansie deurdat hy opmerk dat plaaslike owerhede belas is met die taak om in die inwoners se rekreasiebehoeftes te voorsien, maar word deur 'n tekort aan fondse, mannekrag en kundigheid aan bande gelê.

Die noodsaaklikheid van doeltreffende voorsiening deur 'n gestruktureerde en gekontroleerde voorsieningstruktuur blyk duidelik. Alvorens 'n effektiewe en gekoördineerde voorsieningstruktuur voorgestel word, word die geskiedkundige verloop van voorsiening in die ondersoekgebied, tydens die ondersoekstadium en daarna, bespreek.

7.2 Voorsiening ten tye van die opname (Junie 1986) tot 31 Januarie 1987

7.2.1 Die funksie van Administrasierade

Administrasierade was ingevolge die Wet op die Administrasie van Swart Sake, 1971 (Wet 45 van 1971) in die lewe geroep. Artikel 11 van gemelde wet het aan rade die magtiging verleen om met goedkeuring van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling, grond wat aan die rade behoort het, te ontwikkel en dienste en geriewe vir Swartmense te voorsien. Ingevolge die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe (Wet 4 van 1984) was ontwikkelingsrade ingestel in plek van die administrasierade met behoud van alle funksies. Artikel 3(d) van wet 4 van 1984 het bepaal dat 'n swart Sakeadministrasieraadgebied, wat ingevolge artikel 2 van die Wet op die Administrasie van swart Sake, 1971 (Wet 45 van 1971), verklaar is en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie wet bestaan het, vanaf sodanige inwerkingtreding ingevolge hierdie artikel geag tot 'n ontwikkelingsraadgebied verklaar te wees.

7.2.2 Die funksie van Gemeenskapsrade

Gemeenskapsrade was ingevolge die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), in die lewe geroep. Sedert die instelling van ontwikkelingsrade het gemeenskapsrade as swart plaaslike owerhede bekend gestaan. Die funksie met betrekking tot die administrasie en instandhouding van sport- en rekreasiefasiliteite waarby die voorsiening van fasiliteite ingelees was, was volgens gemelde wet die verantwoordelikheid van gemeenskapsrade (plaaslike owerhede). Ontwikkelingsrade het egter hierdie administratiewe-, instandhoudings-, finansierings- en oprigtingsfunksies vervul in die daarstelling van fasiliteite op 'n agentskapbasis. Ontwikkelingsrade was gevolglik direk verantwoordelik vir en betrokke by die voorsiening van sport- en rekreasiefasiliteite vir swart plaaslike owerhede.

7.2.3 Die funksie van Ontwikkelingsrade

Ontwikkelingsrade was volgens Wet 4 van 1984 ingestel met behoud van alle funksies van administrasierade. Ontwikkelingsrade was dus onder andere verantwoordelik vir die finansiering van sportfasiliteitontwikkelings. In die praktyk was daar egter net twee inkomstebronne waarvolgens fondse voorsien kan word. Eerstens kon jaarliks by die Departement van Samewerking en Ontwikkeling aansoek gedoen word vir die voorsiening van fondse uit die Afdeling Sport en Ontspanning se Sport- en Ontspanningsfonds. Nadat spesifieke fasiliteite deur ontwikkelingsrade geïdentifiseer was en dié afdeling die planne goedgekeur het, is fondse aan die ontwikkelingsraad voorsien vir die verdere administrasie daarvan. Beamptes van die Afdeling Sport en Ontspanning het jaarliks 'n besoek aan die ontwikkelingsraad gebring om fasiliteite wat in die voorafgaande boekjaar opgerig was, te inspekteer asook dorpe waar nuwe fasiliteite beplan word, te besoek.

Die ontwikkelingsraad het ook sy eie sportontwikkelingsfonds beheer. Die aanwending van fondse uit hierdie twee inkomstebronne was gesamentlik deur die ontwikkelingsraad geadministreer vir die daarstelling van sport- en rekreasiefasiliteite. Beide hierdie fondse was gefinansier uit die halfsent heffing per liter sorghumbierverkope. 'n Kwart sent is aan elke fonds oorgedra.

Die Ontwikkelingsraad van die Suid-Oranje-Vrystaat het 'n bepaalde werkswyse gevolg in die voorsiening van sport- en rekreasiefasiliteite aan swart plaaslike owerhede in sy bedieningsgebied. Dorpe in die bedieningsgebied is deur die Instituut vir Sosiale en Ekonomiese Navorsing aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (Vrey, 1985), na aanleiding van spesifieke indikatore in 'n rangorde van belangrikheid (tabel 7.1) geplaas, (waarvolgens voorsiening aan hand van prioriteite geskied het). Hierdie indikatore was byvoorbeeld die nasionale fisiese ontwikkeling-rangorde-

indeks, blanke bevolkingsgetalle, swart bevolkingsgetalle, totale bevolkingsgetalle, bruto geografiese produk en bevolkingsdigtheid. Die eerste prioriteit was om basiese fasiliteite, geïdentifiseer, as 'n omheinde sokkerveld met 'n gruis atletiekbaan en twee tennis/netbalbane, in elke dorp te voorsien. Die tweede prioriteit was die uitbreiding van fasiliteite in daardie dorpe waar bestaande fasiliteite nie voldoende was nie. Derdens was as prioriteit die opgradering van fasiliteite in hoof- en streeksentra gestel. Hier was veral gekonsentreer op gemeenskapsale vir rekreasiedoeleindes, biblioteke en bykomende sport-fasiliteite wat in streeksverband benut kan word.

7.2.4 Die funksie van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling

Die Departement van Samewerking en Ontwikkeling was verantwoordelik vir die voorsiening van sportfasiliteite aan swart plaaslike owerhede in samewerking met ontwikkelingsrade. Skakeling met ontwikkelingsrade in die voorsieningsproses is deur twee afdelings binne die departement behartig (Steyn, Olivier, Booysen, 1985:51-64).

7.2.4.1 Afdeling Beplanning

Die Afdeling Beplanning het adviserend opgetree met betrekking tot die opstel van dorpsuitlegplanne waarvoor ontwikkelingsrade verantwoordelik was. Norme met betrekking tot sport- en rekreasieterreine is deur dié afdeling vasgestel. Dit het een sportterrein van 2 hektaar plus 'n parkterrein van 1,9 hektaar vir elke 1800 wooneenhede of perseel behels. Die afdeling het geen voorskrifte ten opsigte van die ontwikkeling van die sportterreine gestel nie. Prioriteite waarvolgens ontwikkeling geskied het, is reeds bespreek. Die beplanningsafdeling het egter ook in 'n adviserende hoedanigheid opgetree met betrekking tot die

Tabel 7.1: Rangorde van dorpe in die bedieningsgebied van die Suid-OVS Ontwikkelingsraad

Dorp	Rangorde
Bloemfontein **;*	1
Welkom*	2
Virginia	3
Odendaalsrus	4
Senekal	5
Ficksburg*	6
Hennenman	7
Ladybrand	8
Theunissen	9
Bultfontein*	10
Wesselsbron	11
Brandfort	12
Clocolan	13
Hoopstad	14
Winburg	15
Boshof	16
Dewetsdorp	17
Zastron*	18
Marquard	19
Ventersburg	20
Wepener	21
Excelsior	22
Fouriesburg	23
Koffiefontein	24
Petrusburg	25
Jagersfontein*	26
Rouxville	27
Bethulie	28
Smitfield	29
Jacobsdal	30
Edenburg	31
Reddersburg	32
Fauresmith	33
Trompsburg	34
Philippolis	35
Tweespruit	36
Allanridge	37
Hertzogville	38
Springfontein	39
Paul Roux	40
Dealesville	41
Soutpan	42
Hobhouse	43
Luckhoff	44
Rosendal	45
Verkeerdevlei	46
Vanstadensrus	47

* Streeksentra ** hoofsentrum

ontwikkeling van sportfasiliteite deur ontwikkelingsrade indien fondse deur die Departement van Samewerking en ontwikkeling voorsien was. Nadat die tegniese afdelings van ontwikkelingsrade uitlegplanne en werkstekeninge van sportfasiliteite voltooi het, waarvoor fondse deur die Departement van Samewerking en Ontwikkeling beskikbaar gestel is, is die planne deur die beplanningsafdeling

goedgekeur. Hierna kon met die ontwikkeling van die sportfasiliteite voortgegaan word.

7.2.4.2 Afdeling Sport en Ontspanning

Die Afdeling Sport en Ontspanning van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling was gemoed met die bevordering van sport onder die volwasse Swartmense. Een van die funksies van hierdie afdeling was die finansiering van sport- en rekreasiefasiliteite wat deur ontwikkelingsrade ontwikkel was. Fondse hiervoor is verkry uit 'n kwart sent heffing per liter sorghumbierverkope. Hierdie heffing is in die sentrale sport- en ontspanningsfonds gestort wat deur die Afdeling Sport en Ontspanning beheer was. Ontwikkelingsrade wat verantwoordelik was vir die daarstelling van sport- en rekreasiefasiliteite by swart plaaslike owerhede kon aansoek doen vir finansiering uit die sentrale sport- en ontspanningsfonds. Aansoeke was beperk tot kapitaalprojekte en fondse was nie vir instandhouding van fasiliteite beskikbaar gestel nie. Beampies van die Afdeling Sport en Ontspanning het die onderskeie ontwikkelingsrade jaarliks besoek om projekte waarvoor finansiering aangevra is, te evalueer, waarna alle aansoeke oorweeg en toekenning van fondse aan ontwikkelingsrade gedoen is. Ontwikkelingsrade was self verantwoordelik vir die spandering van fondse om sport- en rekreasiefasiliteite daar te stel.

7.2.4.3 S.A. Ontwikkelingstrust en Tak Jeugaksies

Die S.A. Ontwikkelingstrust (SAOT) was in die lewe geroep ingevolge artikel 4 van die Ontwikkelingstrust en Grond Wet van 1936 (Wet 18 van 1936). Die SAOT was onder andere verantwoordelik vir die voorsiening van sportfasiliteite in trustgebiede. Die Tak Jeugaksies was gemoed met jeugbewegings waarby sport ingesluit was. Hierdie tak was ook verantwoordelik vir die voorsiening van sportfasiliteite by jeugterreine. Beide die SAOT en die Tak Jeugaksies is

binne die konteks van hierdie ondersoek nie van toepassing nie en word derhalwe nie verder bespreek nie.


'n Skematiese voorstelling van die voorsieningstruktuur in die ondersoekgebied soos bespreek, word in figuur 14 uiteengesit.

Voorsiening van sport- en rekreasiefasiliteite tot 31 Januarie 1987 was dus hoofsaaklik die verantwoordelikheid van ontwikkelingsrade en in sommige gevalle in samewerking met die Departement van Samewerking en Ontwikkeling. Na die afskaffing van ontwikkelingsrade het die situasie egter drasties verander. Die voorsiening van sport- en rekreasiefasiliteite vanaf 1 Februarie 1987 word vervolgens bespreek.

7.3 Voorsiening vanaf 1 Februarie 1987 tot 1991

Die Wet op die Afskaffing van Ontwikkelingsliggame (Wet 75 van 1986) maak voorsiening vir die afskaffing van sekere liggame; vir die oordrag van die bevoegdhede, bates, laste, regte, pligte, verpligtinge en personeel van so 'n liggaam aan 'n owerheids gesag; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Artikel 2(1) van gemelde wet bepaal voorts dat 'n ontwikkelingsraad soos bedoel in artikel 3 van die Wet op die Ontwikkeling van swart gemeenskappe, 1984, (Wet no. 4 van 1984), met ingang van 1 Julie 1986 afgeskaf word.

Die Suid-O.V.S. Ontwikkelingsraad is gevolglik met ingang van 1 Julie 1986 ontbind en onder beheer van die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Administrasie geplaas. 'n Oorgangsfase van ses maande is tot 31 Januarie 1987 gehandhaaf waarin die ontwikkelingsraad met al sy verpligtinge bly voortbestaan het totdat dit finaal op 31 Januarie 1987 ontbind is. Die verantwoordelikhede van die ontwikkelingsrade met betrekking tot sport- en



Figuur 14: Sport- en rekreasievoorsiening binne die ondersoekgebied vanaf Junie 1986 tot Januarie 1987.

rekreasievoorsiening is daarna na die Departement van Onderwys en Opleiding oorgeplaas.

7.3.1 Die funksie van die Departement van Onderwys en Opleiding

Die verpligtinge en funksies van ontwikkelingsgrade met betrekking tot sport- en rekreasievoorsiening het gevolglik 'n funksie van die Departement van Onderwys en Opleiding geword. Dié departement het 'n skriftelike prosedure vasgestel waarvolgens fondse vir sportfasiliteite toegeken en bestee moet word. Hierdie prosedure berus hoofsaaklik op 'n behoeftebepaling wat deur streekkantore van die Departement van Onderwys en Opleiding by plaaslike owerhede uitgevoer word.

Die metode waarvolgens fondse vir sportfasiliteite toegeken en bestee moet word en wat by wyse van omdsendskrywe 35/3/1 gedateer 13 Julie 1989 aan streekkantore voorsien is, sien as volg daaruit:

1. Die Departement van Onderwys en Opleiding oorweeg slegs aansoeke van swart plaaslike owerhede vir fondse vir die daarstelling van sportfasiliteite by 'n spesifieke dorp op grond van 'n behoeftebepaling wat deur 'n streekkantoor uitgevoer word. Tydens die behoeftebepaling, wat samesprekings met lede van die plaaslike owerhede, wat by sportfasiliteite betrokke is, sowel as sportkomiteelede, sportlui en beamptes van die hoofkantoor van die Departement van Onderwys en Opleiding en streekkantore insluit, moet die volgende in aanmerking geneem word:

- 1.1 Aantal inwoners van die dorp
- 1.2 Sportsoorte wat beoefen word.
- 1.3 Bestaande fasiliteite, die toestand en die bruikbaarheid daarvan.
- 1.4 Aantal klubs en deelname daaraan in die dorp.

- 1.5 Potensiaal vir die ontwikkeling van verskeie sportsoorte.
 - 1.6 Kulturele ontwikkelingspeil van die inwoners.
 - 1.7 Beskikbare terreine vir die daarstelling van sportfasiliteite.
 - 1.8 Vermeerdering of vermindering van die inwonertal.
 - 1.9 Toevoerroetes na die dorp en fasiliteite.
 - 1.10 Opvoedkundige inrigtings in die dorp.
 - 1.11 Finansiële posisie van die plaaslike owerheid.
 - 1.12 Beskikbare fondse.
2. Tydens die samesprekings en met ingagneming van die voorgenoemde, word die betrokke dorp se behoeftes en prioriteite bepaal. Na aanleiding hiervan word 'n verslag saamgestel wat aan die plaaslike owerheid beskikbaar gestel word. Hierdie verslag dui die bestaande sowel as benodigde fasiliteite aan.
3. Plaaslike owerhede kan, nadat verslae oor die behoeftebepalings ontvang is, aansoek doen om die beskikbaarstelling van fondse vir die daarstelling van sportfasiliteite volgens die prioriteite soos tydens die behoeftebepaling neergelê. Hierdie aansoeke word deur die streekkantore na die hoofkantoor van die Departement van Onderwys en Opleiding gestuur ten einde eersgenoemde se aanbeveling en of kommentaar daarop te verkry. Hierdie aansoeke moet vergesel wees van die nodige kosteberamings, planne en spesifikasies ten opsigte van elke benodigde fasiliteit. Hierdie besonderhede moet deur die plaaslike owerheid voorsien word. Hulle sal waarskynlik die hulp van tegniese-gekwalifiseerde persone hiervoor benodig, soos byvoorbeeld die tegniese afdelings van die provinsiale administrasies.
4. Die aansoeke moet deur die streke gebruik word vir die opstel van prioriteitslyste wat jaarliks op 31 Mei na hierdie kantoor gestuur word met die oog op begroting

van fondse vir die volgende finansiële jaar. Afskrifte van kosteberamings, planne en spesifikasies moet hierdie prioriteitslyste vergesel sodat dit deur die Direktoraat Geboue van die Departement gekontroleer en teruggestuur kan word. Dit is ook noodsaaklik sodat die tegniese personeel van die streek kontrole oor die kwaliteit van die fasiliteit kan uitoefen nadat konstruksie 'n aanvang geneem het, sowel as om die vordering van die bouwerk met die rekening van die kontrakteur te kan vereenselwig, soos hieronder in paragrawe 8 en 9 aangedui word.

5. Nadat goedkeuring vir die toekennings ontvang is, word die streek daarvan verwittig, wat op hul beurt die betrokke plaaslike owerhede van die toekennings verwittig. Hulle stel ook die plaaslike owerhede in kennis aan wie se versoeke, weens 'n tekort aan fondse, nie voldoen kon word nie.
6. In die kennisgewing van toekenning van fondse moet die plaaslike owerheid ook verwittig word dat die toegekende fondse slegs aangewend mag word vir goedgekeurde projekte en dat moontlike kruisaanwending van fondse slegs in hoogs uitsonderlike gevalle toegestaan sal word. Hulle moet ook verwittig word dat toegekende fondse binne die finansiële jaar waarin dit toegeken is, bestee moet word. Enige oorskot na voltooiing van 'n projek gedurende 'n boekjaar, sal bly staan tot krediet van die departement en kan na sy goeddunke hertoegeken word.
7. Plaaslike owerhede is self verantwoordelik vir die aanstelling van konsultante, die inwin van tenders en die aanstelling van kontrakteurs, sowel as die aanvaarding van geboue en strukture na voltooiing. Tenderdokumente wat die planne, spesifikasies en voorwaardes insluit moet egter aan die streek se tegniese afdeling voorgelê word vir goedkeuring deur

die Direktooraat: Geboue te Hoofkantoor, voordat tenders ingewing kan word.

8. Toegekende fondse word nie aan plaaslike owerhede oorbetaal nie, maar word slegs betaal soos die werk vorder of voltooi word. Hierdeur word kontrole oor toegekende fondse uitgeoefen en word toegesien dat dit oordeelkundig bestee word. Kontrakteurs word slegs betaal by ontvangs van rekeninge waarop gesertifiseer is dat die werk daarop aangedui ooreenkomstig die kontrak uitgevoer is tot bevrediging van die plaaslike owerheid. Alle rekeninge moet via die Hoof: Werke-Inspeksies van die betrokke streek vir sertifisering, aan hierdie kantoor voorgelê word vir betaling.
9. Die tegniese personeel van die streek moet op die sertifikaat bevestig dat die werk daarop aangedui, wel uitgevoer is, dat die fasiliteit besoek is, dat die werk daarop aangedui van aanvaarbare standaard en ooreenkomstig die planne en spesifikasies is. Hy kan dus weier om 'n sertifikaat te onderteken indien die werk nie volgens korrekte standarde gedoen is, of die hoeveelheid werk gelewer nie ooreenkom met 'n eis of rekening nie. Geen rekeninge of eise ten opsigte van die daarstelling van sportfasiliteite wat nie hierdie besonderhede bevat sal dus oorweeg word vir betaling nie.
10. Nadat voltooide sertifikate by die hoofkantoor ontvang is, word dit gekontroleer met goedgekeurde toekennings vir foute en weglatings en indien korrek, word dit deurgestuur vir vereffening. Plaaslike owerhede mag ook die kontrakteurs self betaal en die fondse van die departement terugeis. Dieselfde voorwaardes in paragrawe 8 en 9 is ook hier van toepassing.

11. Beamptes van die departement verbonde aan die streekkantore kan op versoek van plaaslike owerhede, raad en advies verleen rakende sportfasiliteite. Dit kan slegs geskied waar plaaslike owerhede amptelik besluit dat beamptes van die departement versoek moet word om hulp te verleen. Sodanige versoeke moet skriftelik deur plaaslike owerhede gerig word.

Voorafgaande bespreking verleen toeligting tot die geskiedkundige verloop van rekreasie- en sportvoorsiening in die ondersoekgebied. 'n Geheelbeeld van die voorsieningstelsels is derhalwe moontlik en 'n kritiese evaluering is nodig ten einde 'n toekomsprojeksie te kan doen.

7.4 Kritiese evaluering en toekomsvisie

'n Kritiese evaluering van genoemde voorsieningsprosedures wys sekere tekortkominge uit wat doeltreffende voorsiening nadelig kan beïnvloed. Deur hierdie, asook ander kritiese aspekte in 'n voorgestelde voorsieningstelsel en -prosedures aan te spreek, kan 'n voorsieningsraamwerk daargestel word wat doeltreffendheid en effektiwiteit sal verseker.

Een van die belangrikste oorsake van ondoeltreffende voorsiening is sekerlik die voortdurende veranderende politieke situasie in die land. Politieke veranderinge het noodwendig 'n funksieverdeling en -verskuiwing in staat- en semistaatinstellings tot gevolg, wat uiteraard ook rekreasie- en sportvoorsiening as 'n funksie van sekere instellings raak. Bestaande voorsieningstrukture en -instansies word telkens afgeskaf en vervang met nuwes, wat onder andere prosesse soos kontinuïteit, koördinering en beplanning nadelig beïnvloed. Daar kan nie sondermeer aan voorsieningsinstansies verander word sonder 'n nadelige effek op doeltreffende en kontinue voorsiening nie.

Waar ontwikkelingsrade verantwoordelik was vir die voorsieningsfunksie en ook as agent vir swart plaaslike

owerhede in hierdie verband opgetree het, het die kundigheid en vermoë om 'n doeltreffende en goed beplande voorsieningstelsel te ontwikkel en implementeer, by sekere rade ontbreek, wat op die langtermyn nadelige gevolge het. Gevolglik was daar nie konsekwent volgens 'n wetenskaplike benadering in die behoeftes voorsien nie en het 'n agterstand ontstaan wat al hoe groter en dringender geword het.

Die verkryging en goedkeuring van fondse, asook die goedkeuring van werkstekeninge en die inspeksies van fasiliteite was omslagtig en kan uitgeskakel word deur die vereenvoudiging van voorsieningstrukture. Besluitneming behoort 'n funksie van lynfunksionarisse te wees ten einde vinnige uitvoering aan besluite te kan verleen, waardeur doeltreffende en effektiewe voorsiening verhoog sal word.

Finale besluitneming oor die toekenning van fondse aan die verskillende ontwikkelingsrade het by die Departement van Samewerking en Ontwikkeling se hoofkantoor berus. Die moontlikheid het bestaan dat hierdie besluitnemers weens oningeligtheid, gebrek aan kennis van behoeftes, die spesifieke aard en die dringendheid daarvan, swak voorleggings, moontlike vooroordeel, ensovoorts, toekennings kan maak waar die behoeftes nie werklik die grootste was nie.

In die kritiese evaluering van voorsieningsprosedures deur die Departement van Onderwys en Opleiding, blyk dit verder dat aansoeke vir die ontwikkeling van sportfasiliteite deur plaaslike owerhede geïnisieer moet word. 'n Gebrek aan belangstelling en ondervinding in die bedryf van rekreasie- en sportfasiliteite, asook in die waarde van sport en rekreasie, kan sodanige aansoeke vertraag of nie laat realiseer nie. Mangaung naby Bloemfontein kan as sprekende voorbeeld genoem word waar daar in hierdie tydperk van vier jaar (1987-1991), geen aansoeke vir die ontwikkeling of opgradering van sport- of rekreasiefasiliteite ingedien is

nie, ongeag die feit dat alle bestaande fasiliteite in die dorp in 'n haglike toestand is. Die indiening van kosteberamings, planne en spesifikasies saam met aansoeke is ook die verantwoordelikheid van plaaslike owerhede. 'n Gebrek aan kennis rakende die uitvoering van gemelde aksies kan meebring dat aansoeke onvoltooid is en nie oorweeg kan word nie. In die bepaling van prioriteite en in die toekenning van fondse deur die hoofkantoor van die Departement van Onderwys en Opleiding, word streke se behoeftes teenoor mekaar opgeweeg ongeag daarvan dat omstandighede en behoeftes aansienlik van streek tot streek kan verskil. Plaaslike owerhede is self verantwoordelik vir die aanstelling van konsultante, die opstel van tenderdokumente, die inwin van tenders, die aanstelling van kontrakteurs, sowel as die aanvaarding van geboue en strukture na voltooiing. Weens 'n gebrek aan kennis in hierdie verband, onopgeleide personeel en 'n gebrek aan bestuurservaring, kan hierdie aksies selde op 'n effektiewe wyse deur swart plaaslike owerhede in die Suid-Oranje-Vrystaat behartig word. Die bepaling van behoeftes is 'n belangrike komponent in voorafgaande voorsieningsprosesse, maar die wetenskaplikheid daarvan kan betwyfel word. Gedurende 1990 het die dorpsrade by die meeste swart plaaslike owerhede in die ondersoekgebied bedank en kan hierdie voorsieningsproses wat grotendeels op die verantwoordelikheid en inisiatief van hierdie dorpsrade berus, onmoontlik doeltreffend funksioneer.

Wilson (1989:208) het in sy ondersoek bevind dat daar 'n behoefte is aan 'n oorkoepelende beplannings-, voorsienings- en finansieringstruktuur waarin die verantwoordelikheid van die sentrale sowel as streeks- en plaaslike owerhede georden, gesinchroniseer en prakties geïmplementeer word. Reeds in die RGN Sportondersoek van 1982 (vol. 10:330) is die noodsaaklikheid van 'n doeltreffende voorsieningstruktuur omskryf. Daar is aanbeveel dat 'n hoë prioriteit aan die instelling van 'n funksioneel doeltreffende nasionale voorsienings- en finansieringstruktuur, wat in die

beste belang van sport in die Suid-Afrikaanse gemeenskap sal funksioneer, verleen word. Veral gesien teen die agtergrond van Swartmense se hoë geboortesifers en hul groeiende behoeftes beklemtoon Magi die mening van Wilson en die RGN Sportondersoek: *"The pressures on the recreation landscape will be more severe when we consider that the Black population continues to increase geometrically"* (Magi, 1989:337). 'n Voorsieningsinstansie binne 'n bepaalde struktuur wat doeltreffend en effektief funksioneer, is gevolglik van kardinale belang.

'n Toekomsvisie van doeltreffende rekreasie- en sport-fasiliteitvoorsiening sal gegrond moet word op 'n effektiewe voorsieningstelsel wat volgens geïdentifiseerde prosedures, gegrond op behoeftes van bepaalde gemeenskappe en met inagneming van bepaalde benuttingsdrempels (getal, afstand, sosio-ekonomies, demografies) voorsien moet word.

Die Wet op Tussentydse Maatreëls vir Plaaslike Regerings (Wet no. 128 van 1991) maak voorsiening vir die instelling van 'n onderhandelingsforum indien twee of meer plaaslike owerheidsliggame onderhandelinge met mekaar wil aanknoop. 'n Onderhandelingsforum kan onderhandel met betrekking tot die verskaffing of verrigting van sekere dienste en funksies en moet aan die betrokke plaaslike owerheidsliggame aanbevelings in verband daarmee doen. Rekreasie- en sportfasiliteitvoorsiening kan so 'n funksie wees waaroor onderhandel kan word.

'n Nuwe regeringstelsel wat deur die huidige regering in die vooruitsig gestel word, maak onder andere voorsiening vir nege streekregerings met plaaslike regerings waar nie-rassige plaaslike owerhede met een administrasie en een belastingbasis sal funksioneer (Die Volksblad, 18 September 1991:11). Die reeds afgekondigde onderhandelingsforums asook die nuwe voorgestelde regeringstelsel, handel beide in wese om die totstandkoming van 'n enkele, gesamentlike plaaslike administrasie vir twee of meer plaaslike owerheidsliggame.

Moontlike voordele voortspruitend uit 'n gesamentlike administrasie vir rekreasie- en sportvoorsiening is onder andere 'n bestendiger politieke klimaat op plaaslike owerheidsvlak; gesamentlike beplanning en besluite deur 'n gesamentlike komitee; 'n enkele administratiewe opset; die benutting van bestaande strukture vir beplanning en uitvoering waarin kundigheid, kennis en bestuurservaring gesetel is; die bepaling van spesifieke en gesamentlike behoeftes en die identifisering van prioriteite; gesamentlike aansoeke en voorleggings vir die verkryging van fondse; gekoördineerde en optimale aanwending van fondse; gesamentlike instandhouding asook bedryf en benutting van fasiliteite; die optimale aanwending van personeel; uitskakeling van duplisering van die benutting en aanwending van personeel, dienste, fasiliteite en fondse.

Dit blyk dus dat onderhandelingsforums as tussentydse maatreël, asook 'n moontlike nuwe regeringstelsel, wat beide gesamentlike administrasie as uitgangspunt het, daadwerklik kan meehelp tot gekoördineerde en doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening.

Die daarstelling van 'n voorsieningsraamwerk wat geordende en doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening aan hand van 'n gestelde prosedurehandleiding as doelwit het, word verder as 'n strategie bespreek.

HOOFSTUK 8

SINTESE

Huidige deelnamepatrone in die ondersoekgebied
 Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n dagekskursie
 Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n naweekskursie
 Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n vakansie
 Rekreasie- en sportbehoefte in die ondersoekgebied
 Behoefte aan 'n rekreasieoord
 Omgewingsvoorkeure
 Mobiliteit en knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed

Ten opsigte van rekreasie- en sportvoorkeure blyk die volgende feite relevant te wees in 'n voorsieningstrategie vir rekreasie en sport vir Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat.

8.1 Huidige deelnamepatrone in die ondersoekgebied

- (1) Daar is 44,8% respondente wat aan sport en fisieke rekreasie deelneem.
- (2) Die vyf gewildste aktiwiteite ten opsigte van sport en fisieke rekreasie is: sokker (16,9%), tennis (12,7%), netbal (6,1%), liggaamsbou (5,4%), en atletiek (4,1%). Die lae persentasie deelname aan sport en fisieke rekreasie is opvallend.
- (3) Die deelname van Swartmense aan sport en fisieke rekreasie openbaar twee spitstye in 'n week naamlik Woensdae en Saterdag, wat die beskikbaarheid van fasiliteite kan beïnvloed.

- (4) Die meeste van die aktiwiteite in passiewe rekreasie kan elke dag van die week beoefen word en is nie plekgebonde nie, vandaar die hoë deelnamefrekwensie aan hierdie aktiwiteite. Die hoë deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie (84,5%) is opmerklik in vergelyking met deelname aan sport en fisieke rekreasie (44,8%) en spele (55,4%).
- (5) Die algemene opvatting dat sokker die oorheersende rekreasie- en sportaktiwiteit is, is totaal verkeerd wat Swartmense van die Suid-Oranje-Vrystaat betref. Sokker toon wel die hoogste frekwensie wat sport en fisieke rekreasie betref, maar ten opsigte van alle rekreasie- en sportaktiwiteite, beklee televisie kyk die eerste plek en sokker die sesde plek.
- (6) Alle respondente, ongeag van ouderdom, toon 'n hoër deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie as aan sport en fisieke rekreasie asook spele.
- (7) Swartmense toon 'n geringe belangstelling in aktiwiteite wat tradisioneel deur blankes beoefen word, soos rugby, swem en krieket.
- (8) Deelname aan spele-aktiwiteite word hoofsaaklik by of naby die huis beoefen en vereis geen of min finansiële uitleg.
- (9) 'n Lae deelnamefrekwensie aan sport- en fisieke rekreasie teenoor 'n relatiewe hoë deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie is waargeneem.
- (10) Die drie gewildste aktiwiteite van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat, naamlik televisie kyk, familie/vriende besoek en kaartspeel, het minimale beplanningsimplikasies nie en gevolglik kan fasiliteite vir hierdie doel relatief maklik voorsien word.

- (11) Passiewe rekreasie is meer populêr by getroude respondente terwyl sport en fisieke rekreasie by ongetroude respondente 'n hoër prioriteit geniet.
- (12) Stamdans en morabaraba as tradisionele aktiwiteite blyk nog steeds relatief gewild te wees in die landelike gebied van die Suid-Oranje-Vrystaat, veral onder die ouer respondente.
- (13) Die groter westerse invloede waaraan die stedelike Swartmense blootgestel word, bring mee dat kulturele verskynsels soos deelname aan tradisionele aktiwiteite deur jonger persone gouer verdwyn.
- (14) Tradisioneel is bykans uitsluitlik sportfasiliteite binne die ondersoekgebied opgerig, maar deelname aan sportaktiwiteite is nogtans laer as aan ander aktiwiteite.
- (15) Dit is duidelik dat met 'n toename in ouderdom die belangstelling in fisieke aktiwiteite afneem.
- (16) By die meeste aktiwiteite wat hoë fisieke inspanning vereis, is daar 'n ooreenstemmende hoër deelnamefrekwensie deur die jonger respondente waargeneem. Dit blyk dus dat deelname aan sport in 'n groot mate 'n jeugverskynsel is, wat afneem namate ouderdom toeneem.
- (17) Afgesien van die hoër deelnamefrekwensie van die jonger respondente aan sport en fisieke rekreasie teenoor ander ouderdomsgroepe, blyk dit dat die swart jeug 'n voorkeur ten opsigte van passiewe vryetydsaktiwiteite toon.
- (18) Televisie kyk geniet by al die respondente 'n hoër voorkeur en daar behoort gevolglik hiervoor voorsiening gemaak te word in rekreasie-, bier- en skoolsale.

- (19) Daar is 'n duidelike verband tussen hoër opvoedkundige kwalifikasies, hoër inkomste en deelname aan sport en fisieke rekreasie.
- (20) Respondente met 'n st. 5-8 kwalifikasie toon die hoogste deelnamefrekwensie in die meeste aktiwiteite by sport en fisieke rekreasie, soos ook passiewe rekreasie.
- (21) Respondente met 'n hoër inkomste neem meer aan sport en fisieke rekreasie deel, as dié met 'n lae inkomste.
- (22) Spele- en passiewe rekreasie-aktiwiteite word deur alle inkomstegroepe beoefen, maar die meeste deur die laer inkomstegroepe.
- (23) 'n Toename in verstedeliking sal meebring dat sportdeelname in die ondersoekgebied eskaleer indien die fasiliteite en ondersteunende infrastruktuur teenwoordig is.
- (24) 'n Behoeftebepaling vir 'n spesifieke geografiese gebied, blyk uit die ondersoek noodsaaklik te wees.
- (25) Gesinsrekreasie kan meehelp om die swak lewenskwaliteit van Swartmense te orden en normaliseer.
- (26) Die opheffing van die sosio-ekonomiese peil onder Swartmense sal meebring dat televisie kyk 'n belangrike rol in vryetydsbesteding sal speel aangesien dit televisies al hoe meer toeganklik maak.
- (27) Die hoë deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie-aktiwiteite deur Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat, gesien teen die agtergrond van steeds snelstygende bevolkingsgetalle, plaas die voorsiening van passiewe rekreasie in die brandpunt.

- (28) Die hoë deelnamefrekwensie aan passiewe rekreasie in die ondersoekgebied kan nie in isolasie as 'n streeksverskynsel gesien word nie. Ooreenstemmende deelnamepatrone kom in die res van Suid-Afrika asook in die VSA voor.
- (29) 'n Vergelyking van die dorpe in die landelike gebied van die Suid-Oranje-Vrystaat met die stedelike gebied van die PWV wys op 'n waarneembare ooreenkoms in passiewe deelnamepatrone.
- (30) Huidige deelnamepatrone is nie eksklusief bepalend en die enigste oorweging vir rekreasie- en sportvoorsiening nie, maar moet saam met geïdentifiseerde behoeftes gebruik word om toekomstige deelname volgens veranderinge van determinante te antisipeer.
- (31) Geïdentifiseerde deelnamepatrone van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat aan verskillende rekreasie- en sportaktiwiteite dien as belangrike riglyn vir die daarstel en strukturering van 'n voorsieningstrategie.

8.2 Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n dagekskursie

- (1) Die oorgrote meerderheid van die respondente, naamlik 81,7%, reis minder as 5 minute, 91,7% reis minder as 2 kilometer en 91,6% van die respondente maak nie van enige vervoermiddel gebruik nie of stap om gedurende 'n dag aan rekreasie of sport deel te neem. Dit dui daarop dat deelname aan dagaktiwiteite hoofsaaklik in en om die huis (woonbuurt) gesentreer is.
- (2) Ongeveer 43,3% van die respondente wat by die huis bly om aan bepaalde aktiwiteite deel te neem is manlik, teenoor die 56,7% vroulike respondente wat rekreasie- en sportaktiwiteite by die huis (woonbuurt) beoefen. Manlike respondente beweeg tyd-ruimtelik verder om aan

aktiwiteite gedurende 'n dagekskursie deel te neem as vroulike respondente.

- (3) Respondente van 40 jaar en jonger reis verder en langer ten opsigte van deelname aan dagaktiwiteite as respondente ouer as 40 jaar.
- (4) 'n Toename in respondente wat by die huis bly tydens 'n dagekskursie kom voor namate ouderdom toeneem.
- (5) Die beroepsgroepe huisbediende en huisvrou skakel by die geïdentifiseerde patroon in deur aktiwiteite by die huis te beoefen. Al die ander beroepsgroepe beweeg langer en verder van die huis af en maak hoofsaaklik van vervoermiddels gebruik om aan dagaktiwiteite deel te neem.
- (6) Respondente in die hoë inkomstegroepe reis verder en langer om aan dagaktiwiteite deel te neem as ander respondente en maak gevolglik meer van vervoermiddels soos 'n motor, busdiens en trein gebruik.
- (7) 'n Afname in respondente wat by die huis bly tydens dagekskursies kom voor namate opvoedkundige kwalifikasie en inkomste toeneem.

8.3 Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n naweekskursie

- (1) Deelname aan rekreasie- en/of sportaktiwiteite oor 'n naweek word deur 58,4% van die respondente in en om die huis (woonbuurt) beoefen.
- (2) Respondente wat wel tydens 'n naweek weg gaan, maak hoofsaaklik van 'n huurmotor en van 'n busdiens gebruik.

- (3) Dit is hoofsaaklik manlike respondente wat verder en langer reis vir deelname aan naweekaktiwiteite. Die meerderheid respondente wat nie oor 'n naweek weg gaan nie, is vroulik.
- (4) Jonger respondente is bereid om verder en langer te reis om aan naweekaktiwiteite deel te neem as ouer respondente. Die meerderheid van die ouer respondente bly by die huis oor 'n naweek.
- (5) Die hoër mobiliteit van mans teenoor vrouens asook van jonger teenoor ouer persone blyk duidelik.
- (6) Van die respondente wat nie vir 'n naweek weg gaan nie is ongeveer 21% ongetroud en 62% getroud. Hierdie tendens vind aansluiting by die bevindinge dat hoofsaaklik ouer respondente by die huis bly oor 'n naweek.
- (7) Hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasie hoe groter die reistyd en reisafstand om aan naweekaktiwiteite deel te neem.
- (8) Respondente met geen of 'n lae inkomste neem hoofsaaklik aan naweekaktiwiteite by of naby die huis (woonbuurt) deel (0 km, 0 min). Respondente met 'n hoër inkomste reis verder vir naweekaktiwiteite.
- (9) Persone wat langer en verder reis vir naweekbesoeke is jonger respondente met hoër opvoedkundige kwalifikasies en/of hoër inkomste.
- (10) 'n Afname in respondente wat by die huis bly kom voor met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasie en inkomste.

- (11) Weens die relatief lae inkomste van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat, is reistyd en reisafstand beperk ten opsigte van naweekskursies.

8.4 Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende 'n vakansie

- (1) Ongeveer 42% van die Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat gaan nie vir vakansie weg nie. Die res van die respondente toon nie 'n bepaalde deelnamepatroon ten opsigte van reistyd en reisafstand aan vakansie-aktiwiteite nie.
- (2) Die meeste respondente (53,2%) wat nie vir 'n vakansie weg gaan nie, is vroulik terwyl die manlike respondente heelwat verder reis vir 'n vakansie en gevolglik meer mobiel is.
- (3) Die respondente wat meer as 8 ure aan reistyd en verder as 1 000 kilometer aan reisafstand spandeer, is hoofsaaklik jonger as 40 jaar. Die frekwensie verspreiding vir 'n lae mobiliteitsvlak oor vakansie tydperke is meer kenmerkend van die ouer respondente (51-59 jaar).
- (4) Soos tydens die ander periodes is daar 'n toename in respondente wat by die huis bly tydens vakansies met 'n toename in ouderdom.
- (5) Dit blyk dat 'n trein, bus en motor die mees algemene vervoermiddels tydens vakansies is.
- (6) Respondente met 'n opvoedkundige kwalifikasie van st 5-10 reis hoofsaaklik langer en verder om aan vakansie-aktiwiteite deel te neem as die respondente met 'n hoër of laer opvoedkundige kwalifikasie. 'n Lae persentasie frekwensieverspreiding van respondente met geen (9,0%)

of 'n hoër as standerd tien (3,6%) kwalifikasie kan hiervoor verantwoordelik wees.

(7) Respondente met 'n hoë inkomste (hoër as R200) reis verder en langer vir 'n vakansie as respondente in 'n laer inkomstekategorie.

(8) Meer as 75% van die respondente wat nie vir 'n vakansie weg gaan nie, verdien 'n inkomste van minder as R200.

(9) In ooreenstemming met die ander periodes is daar 'n afname in respondente wat by die huis bly met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasie en inkomste.

(10) Die reistendens van die oorgrote meerderheid van die respondente in die ondersoekgebied dui daarop dat deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite gedurende al drie die tydperiodes hoofsaaklik by of naby die huis gesentreer is.

(11) Deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite in en om die huis beklemtoon die belangrikheid van die huis (woonbuurt) as rekreasieomgewing.

(12) Jongmense neig om meer te reis vir dag-, naweek- en vakansie-ekskursies en is gevolglik meer mobiel.

(13) Opvoedkundige kwalifikasies en inkomste het 'n duidelik waarneembare positiewe impak op tyd-ruimtelike deelnamepatrone van respondente in die ondersoekgebied tydens die drie ekskursies.

(14) Faktore soos 'n stygende tendens van verstedeliking, politieke veranderinge, beter werksgeleentheid, verwestering en veranderde ouderdomstruktuur kan veranderlikes soos ouderdom, opvoedkundige kwalifikasie en inkomste positief beïnvloed, wat deelnamefrekwensies sal laat toeneem tydens die drie aktiwiteitsperiodes.

- (15) Verwagte stygende deelnamefrekwensies het beplannings- en voorsieningsimplikasies en sal in 'n voorsieningstrategie verreken moet word.

8.5 Rekreasie- en sportbehoefte in die ondersoekgebied

- (1) In totaal het 22,2% van die respondente laat blyk dat hulle geen behoefte het om aan ander aktiwiteite as dié wat in hoofstuk 3 uiteengesit is, deel te neem nie.
- (2) Die frekwensie behoefte aan fisieke aktiwiteite is relatief laag (tafeltennis - 15,7%; sosiale dans - 14,9%; biljart/snoeker - 10,3%; sagtebal - 10,1%) en die afleiding wat gemaak kan word is dat die behoefte groter is aan aktiwiteite wat min fisieke inspanning vereis as aan dié wat meer fisieke inspanning vereis.
- (3) Die behoeftes van Swartmense in die PWV-gebied kom min ooreen met die behoeftes van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat.
- (4) Daar is ondanks die westerse invloede nog steeds 'n behoefte vir sekere tradisionele aktiwiteite.
- (5) Die grootste behoefte by respondente word ten opsigte van passiewe rekreasie ervaar, soos blyk uit die volgende aktiwiteite: biblioteek besoek (27,1%), rekreasieoord besoek (26,9%), skaak (22,2%), bioskoop besoek (20,4%) en vingerbord (16,3%).
- (6) Die laer behoefte aan sport en fisieke rekreasie kan onder andere toegeskryf word aan die huidige voorsieningsbeleid waarin hoofsaaklik sportfasiliteite voorsien word.
- (7) Die hoër behoefte aan passiewe rekreasie is in ooreenstemming met huidige deelnamepatrone. Die aktiwiteite waaraan die grootste behoefte ondervind

word verskil egter merkbaar van die gewildste deelnamepatrone.

- (8) 'n Groter behoefte aan aktiwiteite wat verder vanaf die huis beoefen kan word, is waargeneem.
- (9) Die sosio-ekonomiese opheffing onder Swartmense kan die belangrikste geïdentifiseerde behoeftes laat eskaleer.
- (10) Die behoefte aan aktiwiteite soos tafeltennis, swem, skaak, vingerbord en bioskoop besoek volgens geslag, verleen 'n nuwe dimensie aan die beplanning van projekte en oprigting van fasiliteite vir Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat.
- (11) Die behoefte aan sport en fisieke rekreasie neem af met 'n toename in ouderdom. Hierdie tendens is nie so duidelik waarneembaar ten opsigte van spele en passiewe rekreasie nie.
- (12) Die geïdentifiseerde behoeftes volgens ouderdom ten opsigte van die verskillende aktiwiteite (tabelle 5.6, 5.7 en 5.8), is van kardinale belang in die beplanning van fasiliteite en programme, aangesien fasiliteite vir skaak, swem en tafeltennis as van die belangrikste geïdentifiseerde fasiliteite, ondervoorsien is.
- (13) Die behoeftes van persone 60 jaar en ouer aan kompeterende aktiwiteite is baie laag, alhoewel kultuurgebonde aktiwiteite relatief gewild is.
- (14) Bejaardes ondervind die grootste behoefte aan passiewe rekreasie, alhoewel dit duidelik blyk dat spel (passief) as aktiwiteit die gewildste is.

- (15) Respondente jonger as 21 jaar openbaar 'n groot behoefte na passiewe rekreasie, soos byvoorbeeld besoeke aan 'n biblioteek (50,9%) en 'n rekreasieoord (41,5%). Tog blyk die jonger respondente se behoeftes aan sport en fisieke rekreasie hoër te wees as dié van die ouer geslag.
- (16) Sokker (7,5%) is nie as 'n hoë behoefte deur die jeug aangetoon nie, waarskynlik weens die feit dat daar tot 'n mate in die spesifieke behoefte voorsien is, deurdat 31,6% van die persone jonger as 21 jaar tans aan sokker deelneem.
- (17) Die hoër behoefte van die jeug aan fisieke aktiwiteite moet in 'n voorsieningstrategie aangespreek word.
- (18) Die groot behoefte van die swart jeug na opvoedkundige aktiwiteite soos biblioteek besoek (50,9%) en skaak (39,0%) hou moontlik verband met 'n toename in matrikulante.
- (19) By al die ouderdomsgroepe is die grootste behoefte ten opsigte van spele en passiewe rekreasie waargeneem. Dit wys op die passiewe aard van die vryetydsgedrag en vryetydsbehoefte van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat.
- (20) Alhoewel ooreenstemmende behoeftetendense by die verskillende ouderdomsgroepe voorkom, neem die frekwensie van behoefte af met 'n toename in ouderdom.
- (21) Die behoefte aan 'n rekreasieoord is by al die ouderdomsgroepe 'n hoë prioriteit, alhoewel die behoefte afneem met 'n toename in ouderdom. Hierdie tendens vind aansluiting by tyd-ruimtelike deelnamepatrone, naamlik dat ouer respondente meer by die huis bly.

- (22) Ouderdom as veranderlike blyk 'n belangrike determinant te wees ten opsigte van behoef tetendense. Ouderdomstrukture, bevolkingsgroei en bevolkingsamestelling is belangrike voorspellers vir die bepaling van toekomstige behoef tetendense.
- (23) Die swart bevolking het die eienskappe van 'n jeugdige bevolking en die behoeftes van die ouderdomskategorie onder 34 jaar sal pertinent in 'n voorsieningstrategie aangespreek moet word.
- (24) Vanweë snel stygende swart bevolkingsgetalle, ondanks 'n geringe dalende groeikoers, en in vergelyking met die gemiddelde getalle van die totale RSA-bevolking, asook met dié van blankes, word die voorsiening van rekreasie en sport om aan die swart bevolking se behoeftes en eise te kan voldoen, al hoe omvangryker en noodsaakliker.
- (25) Dit blyk dat huwelikstaat as determinant, 'n minimale impak op rekreasie- en sportbehoef tes uitoefen.
- (26) Beroep het 'n beperkte impak op behoef tetendense.
- (27) In verhouding met ander beroepsgroepe, ondervind werklose respondente die grootste behoefte aan die belangrikste aktiwiteite.
- (28) Die voortdurende toename in werkloosheid sal 'n groot impak op toekomstige behoef tetendense uitoefen.
- (29) Die huidige behoef tetendense en frekwensie van werkloses sal eskaleer en die impak daarvan sal in 'n voorsieningstrategie verreken moet word.
- (30) Volgens statistiese gegewens soos vermeld in die ondersoek, blyk dit dat opvoedkundige kwalifikasies onder Swartmense en spesifiek in die Oranje-Vrystaat,

drasties toeneem. Die impak van opvoedkundige kwalifikasies op toekomstige behoef tetendense sal omvangryk in die ondersoekgebied wees.

- (31) Opvoedkundige kwalifikasie as veranderlike is reeds en sal ook in die toekoms 'n belangrike determinant van en voorspeller vir behoef tetendense wees.

8.6 Behoefte aan 'n rekreasieoord

- (1) Daar bestaan 'n baie groot behoefte (86,0%) aan 'n rekreasieoord vir Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat
- (2) Die impak van veranderlikes soos mobiliteit, afstand, inkomste en plasingfaktore kan 'n wesentlike impak op die geïdentifiseerde behoef tefrekwensie, sowel as die benutting van 'n oord, uitoefen.
- (3) Geslag het 'n minimale impak op die aanvraag na rekreasieoorde.
- (4) Spesifieke en groter behoef tes van jonger besoekers moet ten opsigte van infrastruktuurbeplanning by 'n rekreasieoord verreken word.
- (5) Uit die ondersoek blyk dit dat die swart bevolking jonger as 34 jaar die grootste toename toon, wat meebring dat die hoër behoefte van hierdie respondente aan 'n rekreasieoord 'n nog groter impak op die vraag sal uitoefen.
- (6) Jonger respondente se groter behoefte aan 'n rekreasieoord kan onder andere toegeskryf word aan 'n toename in geletterdheid wat belangstellings prikkel en ook 'n moontlike bereidwilligheid/vermoë om na rekreasiefasiliteite te reis.

- (7) 'n Toename in geletterdheid sal die behoefte aan 'n rekreasieoord onder jonger respondente laat eskaleer.
- (8) Beroepe in die hoër kategorie beroepsindeling wat 'n hoër opvoedkundige kwalifikasie vereis, toon 'n groter behoefte aan 'n rekreasieoord as die beroepe in die laer beroepsindeling.
- (9) Namate die opvoedkundige kwalifikasies toeneem, styg die behoefte na 'n rekreasieoord.
- (10) Die jaarlikse toename in matrikulante bring mee dat die behoefte aan 'n rekreasieoord vir Swartmense al hoe groter word.
- (11) 'n Styging in inkomste toon 'n duidelike ooreenkoms met 'n toename in die behoefte aan 'n rekreasieoord. Ondersoeke in die VSA stem ooreen met bevindinge in die Suid-Oranje-Vrystaat dat hoe hoër die inkomste, hoe groter die aanvraag na rekreasie, wat weer meer deelnemersdae by 'n rekreasieoord tot gevolg het.
- (12) Die meerderheid Swartmense (65,5%) sal 'n rekreasieoord hoofsaaklik een of twee keer per jaar besoek.
- (13) Swartmense koppel hul besoeke aan 'n rekreasieoord aan 'n vakansie wat moontlik aan 'n gebrek aan mobiliteit, finansies en tyd toegeskryf kan word. Die idee van dag- en naweekbesoeke word nog nie algemeen aanvaar nie.
- (14) Indien mobiliteit verbeter en inkomste verhoog, kan aanvaar word dat besoeke aan 'n rekreasieoord sal eskaleer.

- (15) Die geïdentifiseerde tendens van verwagte frekwensie besoeke per jaar moet gesien word as 'n gevoelde behoefte wat kan verander indien faktore soos mobiliteit, reistyd, reisafstand, toegangsfooie en ander finansiële uitgawes verwant aan 'n oordbesoek verreken word.
- (16) 'n Toename in ouderdom verminder die aanvraag aan 'n rekreasieoord. Respondente in die ouderdomsgroep 21-30 jaar toon die hoogste verwagte aantal besoeke per persoon per jaar aan 'n rekreasieoord. Die verjonging van die swart bevolking sal derhalwe meebring dat die besoeke aan 'n rekreasieoord verder eskaleer.
- (17) Demografiese veranderlikes dui daarop dat die jonger, manlike en getroude respondente die mees gereeldste besoekers aan 'n rekreasieoord sal wees.
- (18) Dit blyk dat respondente in beroepe waaraan 'n hoër opvoedkundige kwalifikasie en 'n hoër inkomste gekoppel word, byvoorbeeld professioneel, dienste en beskermingsdienste, oorde meer gereeld sal besoek as beroepe waaraan 'n laer opvoedkundige kwalifikasie en laer inkomste gekoppel word.
- (19) Die tendens dat 'n hoër opvoedkundige kwalifikasie 'n toename in besoeke aan 'n rekreasieoord meebring, is duidelik waarneembaar.
- (20) Die toename in geletterdheid onder Swartmense sal derhalwe meebring dat die besoeke aan 'n rekreasieoord verder eskaleer.
- (21) 'n Toename in inkomste dui op 'n ooreenstemmende toename in die verwagte aantal besoeke per persoon per jaar aan 'n rekreasieoord.

- (22) Die reële besteebare inkomste van Swartmense kan onder andere vanweë die velerlei huidige pogings vir sosio-ekonomiese opheffing styg, wat die besoeke aan 'n rekreasieoord sal laat eskaleer.
- (23) Sekere beroepsgroepe, hoër gekwalifiseerdes en hoër inkomstegroepe het aangedui dat 'n rekreasieoord tot twee maal per jaar besoek sal word.
- (24) Die frekwensie geen besoeke neem af met 'n toename in opvoedkundige kwalifikasies en inkomste.
- (25) Volgens sosio-ekonomiese veranderlikes is die mees waarskynlike besoekers aan 'n rekreasieoord, die hoër orde beroepsgroepe, hoër gekwalifiseerdes en dié in die hoër inkomstegroepe.
- (26) Die gewildste geriewe by 'n rekreasieoord is 'n rondawel, restourant, speelpark vir kinders, braai-geriewe en 'n swembad.
- (27) Die volgende rekreasiefasiliteite blyk ook populêr te wees: tennisbaan, sokkerveld, wildtuin, biblioteek en visvanggeriewe.
- (28) In die praktyk blyk dit dat die geïdentifiseerde oordinfrastruktuur vir Swartmense in 'n groot mate ooreenstem met die basiese geriewe by 'n rekreasieoord vir blankes.
- (29) Die huidige infrastruktuur van bestaande oorde (die aanbod) is derhalwe versoenbaar met die aanvraag van Swartmense. Behoeftes is nie eiesoortig tot Swartmense nie en dus kan hulle maklik die bestaande infrastruktuur benut.

(30) Die volgende geriewe is volgens geïdentifiseerde behoeftes in dalende volgorde, die noodsaaklikste by 'n rekreasieoord vir Swartmense, te wete:

	% Respondente
1. Rondawel	86,5%
2. Restourant	86,4%
3. Speelpark	85,1%
4. Braaigeriewe	84,9%
5. Swembad	78,2%
6. Tennisbaan	77,9%
7. Sokkerveld	77,4%
8. Wildtuin	73,9%
9. Fasiliteite vir gestremdes	72,2%
10. Slaapsale	69,7%
11. Biblioteek	69,3%
12. Karavaanpark	64,8%
13. Haarsalon	60,5%
14. Visvanggeriewe	60,5%
15. Vlugbalbaan	56,2%

(31) Demografiese veranderlikes het geen noemenswaardige impak op die verlangde oordinfrastruktuur nie.

(32) Afgesien van die belangrikste verblyf- en rekreasiegeriewe soos vermeld, toon die verskillende beroepsgroepe geen verdere waarneembare tendens ten opsigte van oordinfrastruktuur nie.

(33) Hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasies, hoe meer en divers die fasiliteite wat benodig word.

(34) Die behoefte aan spesifieke geriewe by 'n rekreasieoord is bykans eenvormig volgens geslag, ouderdom, huwelikstatus, beroep en inkomste.

(35) Oordbesoek sal na verwagting eskaleer deurdat gesamentlike benutting van bestaande rekreasieoorde deur veranderde wetgewing moontlik gemaak is.

(36) Faktore soos onder andere reistyd, reisafstand, vervoermodus, verwante finansiële uitgawes, asook sosio-ekonomiese en demografiese kenmerke wat potensiële besoekers in staat stel of verhinder, is bepalend vir 'n toename of afname in oordbesoek.

(37) Respondente in die Suid-Oranje-Vrystaat toon 'n bepaalde behoefte ten opsigte van die tipe rondawel by 'n rekreasieoord, te wete:

	% Respondente
1. Een slaapkamer	43,0%
2. Twee slaapkamers	40,1%
3. Drie slaapkamers	16,9%
4. Sit-/eetkamer	71,4%
5. Kombuis	78,4%
6. Badkamer	80,5%

(38) Die groter behoefte (83,1%) van respondente aan 'n een- en twee-slaapkamer-rondawel kan moontlik toegeskryf word daaraan dat die vraag na rekreasieoorde onder ongetroude respondente hoër is as by getroude respondente met moontlike groter gesinne.

(39) 'n Sentraal geleë gemeenskaplike kombuis of badkamer word nie aanbeveel by 'n rekreasieoord vir Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat nie, tensy dit in verhouding met rondawels wat met die nodige geriewe toegerus is, opgerig word. 'n Gemeenskaplike badkamer kan 24,1% en 'n gemeenskaplike kombuis 27,7% van die rondawels bedien.

8.7 Omgewingsvoorkeure

- (1) Die gewildste omgewings waarin Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat hulle rekreasie wil beoefen is 'n rekreasieoord (19,8%), woongebied (16,3%), damme/riviere (14,0%), strande (12,9%) en berge (12,4%).
- (2) Al die genoemde omgewingstipes, woongebied uitgesonder, wat 'n hoë voorkeur by Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat geniet, is óf nie beskikbaar nie, of relatief moeilik toeganklik vir Swartmense.
- (3) 'n Rekreasieoord en woongebied geniet by beide manlike en vroulike respondente die hoogste voorkeur wat daarop dui dat geslag nie 'n groot invloed op die keuse van 'n omgewing vir rekreasiedoeleindes uitoefen nie.
- (4) Al die verskillende ouderdomsgroepe met die uitsondering van respondente in die 51-59 jaar kategorie toon 'n hoë voorkeur vir 'n rekreasieoord.
- (5) Omgewingsvoorkeure volgens huwelikstatus stem groten-deels ooreen met die verskillende ouderdomsgroepe. Die hoogste voorkeur is steeds 'n rekreasieoord.
- (6) Demografiese veranderlikes het geen noemenswaardige impak op omgewingsvoorkeure nie.
- (7) Die omgewingsvoorkeure wat vir die verskillende beroepsgroepe die belangrikste is, naamlik rekreasieoord en woongebied, is in ooreenstemming met veranderlikes soos ouderdom, huwelikstatus, opvoedkundige kwalifikasies en inkomste.
- (8) Hoër opvoedkundige kwalifikasies en hoër inkomste toon 'n duidelike verband met mekaar in die keuse van omgewingsvoorkeure.

- (9) Respondente met 'n hoër inkomste verkies omgewings soos damme/riviere en rekreasieoorde.
- (10) Omgewingsvoorkeure word meer divers namate 'n toename in opvoedkundige kwalifikasies en 'n ooreenstemmende toename in inkomste voorkom.
- (11) Opvoedkundige kwalifikasies onder Swartmense neem toe met 'n gevolglike verhoging van die reële besteebare inkomste, wat die behoefte van Swartmense aan 'n groter verskeidenheid van omgewings vir rekreasiedoeleindes sal laat eskaleer.

8.8 Mobiliteit en knelpunte wat gereelde deelname aan rekreasie- en sportaktiwiteite beïnvloed

- (1) Daar is 72,7% respondente wat nie oor 'n vervoermiddel beskik nie en slegs 14,9% respondente wat oor 'n motor of bakkie beskik. Die res van die respondente besit 'n fiets (9,1%), minibus (2,1%) en motorfiets (1,2%). Hierdie lae mobiliteitsvlak het 'n geweldige impak op die tyd-ruimtelike deelnamepatrone van Swartmense sowel as vir die voorsieningsbeleid van rekreasiefasiliteite. Die PWV-gebied ondervind 'n ooreenstemmende lae mobiliteitsvlak deurdat 81% van die respondente stap om aan sportaktiwiteite deel te neem.
- (2) Dit is hoofsaaklik vroulike respondente (54,8%) wat nie oor 'n vervoermiddel beskik nie, terwyl 71,2% manlike respondente teenoor 28,8% vroulike respondente die besitters van motors/bakkies is. Die groter mobiliteit bring mee dat manlike respondente hoër orde benutters van rekreasie- en sportfasiliteite is as vroulike respondente.
- (3) As gevolg van die laer mobiliteitsvlak van die vroulike respondente, word rekreasie- en sportaktiwiteite hoofsaaklik by die huis beoefen.

- (4) Respondente in die ouderdomsgroep 21-30 jaar is die grootste besitters van 'n motorfiets (57,1%), teenoor respondente in die ouderdomsgroep 31-40 jaar wat die grootste besitters van 'n motor/bakkie (40,9%) en minibus (56,8%) is.
- (5) Die meeste besitters van vervoermiddels volgens huwelikstatus is getroude respondente, met die uitsondering van motorfietse. Getroude respondente het gevolglik 'n hoër mobiliteitsvlak as ongetroude respondente.
- (6) Respondente wat oor die meeste fietse beskik is die arbeiders (61,1%). Ten opsigte van al die ander vervoermiddels is die "ander" beroepe in die meerderheid.
- (7) Dit blyk dat beroep per se nie die mobiliteitsvlak beïnvloed nie, maar dat dit gekoppel kan word aan die inkomstekategorie van die onderskeie beroepe.
- (8) Hoe hoër die opvoedkundige kwalifikasies van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat hoe hoër die persentasie motorbesit. Van die respondente in die laer as st. 5-kategorie besit 6,2% motors teenoor die 27,9% motorbesit vir die st. 9-10 respondente. Die toename in geletterdheid onder Swartmense met 'n verwagte ooreenstemmende toename in inkomste, sal die mobiliteitsvlak van Swartmense verhoog.
- (9) Die impak van inkomste is duidelik waarneembaar deurdat hoër inkomstegroepe van effektiewer vervoermiddele gebruik maak, wat daarop neerkom dat mobiliteit eskaleer met 'n toename in inkomste.

- (10) Swartmense sal in die toekoms vanweë 'n hoër mobiliteitsvlak meer geleenthede kan benut vir rekreasie- en sportdeelname verder vanaf die plek van residensie.
- (11) Naweek- en vakansie-ekskursies vir rekreasie- en sportdoeleindes kan ook vanweë 'n hoër mobiliteitsvlak eskaleer.
- (12) Die belangrikheid van doeltreffende en beskikbare fasiliteite word onderstreep deur die feit dat 37,5% van die respondente knelpunte ondervind ten opsigte van beskikbare fasiliteite, fasiliteite nie geskik nie en te min fasiliteite. Die knelpunte wat Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat ondervind is gevolglik meer fasiliteitsgeoriënteerd as die knelpunte wat Swartmense in die PWV-gebied ondervind.
- (13) Knelpunte soos 'n gebrek aan finansies (17,9%) en werkverpligtinge (14,2%) toon 'n relatiewe hoë frekwensie.
- (14) 'n Gebrek aan kennis van aktiwiteite (14,7%) wys dat daar 'n braakveld lê in die bekendstelling en afrigting van rekreasie- en sportaktiwiteite.
- (15) Alhoewel die beskikbaarheid van fasiliteite by beide geslagte die belangrikste knelpunt is, verskil die intensiteit van die beperkende faktore wat geslagte ondervind, aansienlik.
- (16) Ouderdom speel 'n belangrike rol in die frekwensieverspreiding van knelpunte. Respondente ouer as 40 jaar beskou knelpunte soos gesondheidsredes en fasiliteite nie beskikbaar nie as die belangrikste teenoor respondente jonger as 30 jaar wat knelpunte soos fasiliteite nie beskikbaar nie, fasiliteite nie

geskik en fasiliteite te min as besonder beperkend beskou.

- (17) Met 'n toename in ouderdom word 'n toename in gesondheidsredes as 'n knelpunt ondervind.
- (18) Die impak van huwelikstatus op knelpunte wat ondervind word, is minimaal.
- (19) Respondente ouer as 60 jaar ervaar hoofsaaklik 'n beperking ten opsigte van gesondheidsredes (25,1%) en te oud (31,3%). Verdere knelpunte handhaaf 'n baie lae frekwensie in teenstelling met ander ouderdomsgroepe.
- (20) Die lae frekwensies van die meeste beperkende faktore wat persone ouer as 60 jaar ondervind, is in ooreenstemming met die lae deelnamefrekwensie aan en lae behoefte vir sport- en fisieke rekreasie-aktiwiteite.
- (21) Respondente jonger as 21 jaar ondervind hoofsaaklik knelpunte ten opsigte van fasiliteite nie beskikbaar, fasiliteite nie geskik en te min en 'n gebrek aan finansies, afrigting, klubs en 'n kennis van aktiwiteite.
- (22) Die gebrek aan belangstelling vir deelname eskaleer met 'n toename in ouderdom.
- (23) Volgens sosio-ekonomiese status blyk dit dat 'n beroepsgroep soos huisvrouens, beperkte eiesoortige knelpunte, byvoorbeeld gebrek aan finansies en gesinsverpligtinge, ervaar. Ander beroepsgroepe ondervind oorwegend dieselfde knelpunte soos die beskikbaarheid van fasiliteite, fasiliteite nie geskik en te min fasiliteite.

- (24) Opvoedkundige kwalifikasies het weinig impak op die aard van knelpunte wat ondervind word en dit blyk duidelik dat ongeag kwalifikasies, fasiliteitsgeoriënteerde knelpunte dominant is.
- (25) Die beperkende invloed van buitemuurse verpligtinge neem toe met 'n toename in inkomste en die gebrek aan selfvertroue neem af met 'n toename in inkomste. 'n Gebrek aan afrigting en 'n gebrek aan vervoer word deur al die inkomstegroepe ewe belangrik geag.

HOOFSTUK 9

'N VOORSIENINGSTRATEGIE

Inleiding	
Strategie 1:	Organisatoriese infrastruktuurvoorsiening
Strategie 2:	Fisiese hulpbronvoorsiening
Strategie 3:	Programvoorsiening
Aanbevelings	
Samevatting	

9.1 Inleiding

Die doel van hierdie ondersoek kulmineer in hierdie hoofstuk met die daarstel van 'n voorsieningstrategie om 'n wetenskaplike bydrae te lewer tot doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening in die ondersoekgebied. Vanweë die belangrikheid en noodsaaklikheid van 'n gekoördineerde voorsieningsproses, word hierdie strategie vanuit die groter eksterne omgewing gesien en 'n stelsel vanaf eerstevlak- tot derdevlak-regering word voorgestel en toegelig. Alleen hiervolgens is geordende en doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening moontlik.

By die implementering van 'n voorsieningstrategie behoort die volgende doelstellings nagestreef te word:

1. Die daarstel van 'n organisatoriese infrastruktuur en hiërargie met die oog op die bevordering en ordening van doeltreffende voorsiening om in gemeenskappe se rekreasie- en sportbehoefte te voorsien;
2. Die bevordering van gebalanseerde voorsiening tussen stedelike en landelike gebiede in samehang met die doeltreffende benutting van hulpbronne;

3. Die verrekening van die impak van sosio-ekonomiese, maatskaplike- en demografiese faktore en tendense asook die invloed van geprojekteerde veranderinge daarvan;
4. Die daarstel van 'n doeltreffende voorsieningsbeleid vir fisiese hulpbronvoorsiening by wyse van 'n prosedurehandleiding met spesifieke riglyne;
5. Die bevordering van die doeltreffende funksionering en bestuur van voorgestelde strukture;
6. Die versterking van plaaslike owerhede deur die devolusie van funksies en verantwoordelikhede vanaf sentrale- en streekowerheid na plaaslike vlak;
7. Die verhoging van die kundigheid, vaardigheid en doeltreffendheid van plaaslike owerheidsamptenare en raadslede van plaaslike owerheidsinstellings;
8. Die daarstel en uitbou van instellings vir die gesamentlike lewering van dienste soos gesamentlike administrasies en onderhandelingsforums;
9. Die daarstel van strukture en instellings op plaaslike vlak wat gekoördineerde voorsiening ten doel het; en
10. Die bevordering van gemeenskapsontwikkeling by wyse van rekreasie- en sportprogramme ten einde individue en gemeenskappe te ondersteun om hul lewenskwaliteit te verbeter.

In die verdere uitbouing van 'n voorsieningstrategie moet deeglik kennis geneem word van die noodsaaklikheid van die herstrukturering van owerheidstrukture op tweede en derde vlak sowel as die rol wat hierdie strukture kan vervul ten opsigte van die koördinerings-, beheer- en uitvoering van rekreasie- en sportvoorsiening in streek- en plaaslike owerheidsverband.

Die totstandkoming van 'n enkele plaaslike gesamentlike administrasie vir twee of meer plaaslike owerheidsliggame is een van die belangrikste instellings wat 'n doeltreffende en gekoördineerde voorsieningstrategie ten grondslag kan lê. Die Wet op Tussentydse Maatreëls vir 'n Plaaslike Regering, Wet no. 128 van 1991, maak voorsiening vir die totstandkoming van 'n enkele plaaslike gesamentlike administrasie vir twee of meer plaaslike owerheidsliggame. Owerheidsverantwoordelikheid vir rekreasie- en sportvoorsiening op tweede- en derdevlak regering moet deur hierdie organisasies gekoördineer word en ook die verantwoordelikheid aanvaar vir die uitvoerende funksie daarvan. Plaaslike owerhede se vermoë om rekreasie- en sportvoorsiening binne hulle jurisdiksiegebied van stapel te stuur, moet vir die gesamentlike administrasies 'n prioriteitsdoelwit wees.

Verder van belang is dat die aanwending van fondse vir rekreasie- en sportvoorsiening, hetsy uit die openbare of private sektor, ooreenkomstig 'n stelsel van prioriteitsbepaling in streeksverband en op plaaslike owerheidsvlak, moet geskied.

Die daarstelling van 'n voorsieningstrategie wat geordende en doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening as doelwit het, word vervolgens by wyse van drie strategieë bespreek.

9.2 Strategie Een: Organisatoriese infrastruktuurvoorsiening

9.2.1 Doel

Strategie Een het ten doel om doelmatige organisatoriese infrastruktuurvoorsiening aan te spreek ten einde geordende en doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening te verseker.

9.2.2 Noodsaaklikheid van organisatoriese infrastruktuurvoorsiening

Verskeie uiteenlopende voorsieningsinstansies bestaan en daar heers ook 'n mate van onduidelikheid oor die presiese funksie, omvang, betrokkenheid en verantwoordelikheid ten opsigte van rekreasie- en sportvoorsiening aan die onderskeie bevolkingsgroepe en gemeenskappe.

Daar kan derhalwe met reg gevra word watter instelling of samevoeging van instellings die geskikste is om hierdie voorsieningsfunksie te vervul. Uiteraard is daar verskeie belangegroepe betrokke by so 'n voorsieningsfunksie, waaronder sentrale, provinsiale en plaaslike owerheidsinstellings. Plaaslike owerhede is veeldoelige instellings met veelvuldige funksies en behoort 'n pertinente rol in die voorsieningsfunksie te speel. 'n Plaaslike owerheid as instelling is primêr verantwoordelik vir die belange en behoeftes van die gemeenskap en dit blyk dat elke plaaslike owerheid ook medeverantwoordelik is vir rekreasie- en sportvoorsiening. Elke plaaslike owerheid behoort dus rekreasie- en sportvoorsiening vir die gemeenskap as strategie te aanvaar, veral ten opsigte van die uitbou van die lewenskwaliteit en -gehalte van sy inwoners.

Gesamentlike administrasies binne 'n nuwe regeringstelsel kan genoemde strategie vir twee of meer plaaslike owerhede koördineer, beheer en uitvoer. Vereenvoudiging van voorsieningstrukture om besluitneming te vergemaklik is een van die aspekte wat in die kritiese evaluering van bestaande stelsels aangespreek is.

Uitvoerende bevoegdhede sal in 'n mindere mate na streekregerings maar veral na plaaslike regerings met gesamentlike administrasies afgewentel moet word. Doeltreffende streeks- en plaaslike strukture wat 'n voorsieningstrategie in die praktyk ten uitvoer moet bring,

asook voorsiening op 'n effektief werkbare wyse deurvoer, sal gestruktureer moet word. Nuwe strukture moet so geskep word dat verantwoordelike instellings op grondvlak met die nodige beheer en uitvoerende funksies beklee word om koste-effektief in die behoeftes van die gemeenskappe te kan voorsien. Die daarstel van nuwe strukture moet doelmatige en gekoördineerde rekreasie- en sportvoorsiening ten doel hê. 'n Gebrek aan kennis ten opsigte van rekreasie- en sportvoorsiening, onopgeleide personeel asook 'n gebrek aan bestuurservaring wat in die kritiese evaluering na vore gekom het, sal binne geordende strukture ondervang word.


'n Voorsieningsraamwerk word vervolgens toegelig en bespreek.

9.2.3 'n Voorsieningsraamwerk en funksies van verantwoordelike instellings

'n Voorgestelde voorsieningsraamwerk vir rekreasie- en sportvoorsiening in die ondersoekgebied word in figuur 15 uiteengesit. Die onderskeie instellings binne die voorgestelde voorsieningsraamwerk word vervolgens toegelig en die funksies van verantwoordelike instellings word uiteengesit.

Funksies van die Sentrale Regering

Op eerste vlak funksioneer die Sentrale Regering. Die grondwet wat amptelik in September 1984 van krag geword het, maak voorsiening vir 'n uitvoerende Staatspresident, 'n Parlement met drie Rade, 'n sentrale Kabinet, 'n Ministersraad vir elke Raad en 'n gesamentlike Presidentsraad. Die uitvoerende gesag bestaan uit twee onderafdelings, naamlik die Kabinet en die Ministersraad vir elk van die drie Rade. Elke kabinetslid is hoof van een of meer sentrale staatsdepartement en 'n lid van die Ministersraad is hoof van 'n staatsdepartement wat vir die



FIGUUR 15: 'N VOORGESTELDE VOORSIENINGSRAAMWERK VIR REKREASIE EN SPORT

besondere groep gestig is. Verskeie staatsdepartemente beskik oor bepaalde funksies met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening vir spesifieke teikengroepe. Vir doeltreffende koördinerings en kontinuïteit sal dit noodsaaklik wees dat 'n enkele staatsdepartement in die voorgestelde voorsieningsstruktuur verantwoordelik sal wees vir rekreasie- en sportvoorsiening. 'n Spesifieke staatsdepartement of direktoraat as onderafdeling van 'n staatsdepartement sal rekreasie- en sportvoorsiening moet koördineer en as beleidformuleerder funksioneer. Die verskeie staatsdepartemente wat tans 'n voorsieningsfunksie vervul, sal in een departement gekoördineer moet word. Alhoewel groter staatsbetrokkenheid in rekreasie- en sportvoorsiening noodsaaklik is, behoort dit hoofsaaklik beleidformulering en finansiering te wees. Die administratiewe funksie word binne die staatsdepartement deur 'n enkele sentrale hoofkantoor behartig. Streekregerings is verantwoordelik vir die uitvoerende funksie waaronder voorsiening, benutting en bevordering. Die voorgestelde struktuur word geskep waardeur koördinerings bewerkstellig kan word om fondse in enige gemeenskap optimaal aan te wend. Staatsdepartemente wat vir spesifieke teikengroepe (werknemers) soos die SAW, SAP en Korrektiewe Dienste verantwoordelik is, behou steeds die reg om fasiliteite vir daardie teikengroepe te voorsien, maar die nuut aangestelde raad vir koördinerings verleen goedkeuring waar moontlike deelgebruik met die plaaslike gemeenskap ter sprake is. Die funksies van die raad vir koördinerings word verder aan toegelig.

In voorafgaande is die huidige regeringstrukture asook voorstelle vir 'n nuwe bedeling deur die huidige regering toegelig. Die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika onderhandel tans oor 'n nuwe grondwetlike bedeling. Dit word aanvaar dat die voorgestelde voorsieningsraamwerk hierby aangepas sal moet word.

Die volgende funksies met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening behoort onder die Sentrale Regering te ressorteer.

1. Die uitvoerende gesag van die Sentrale Regering tree op as beskermheer vir rekreasie en sport;
2. Die formulering en koördinerings van 'n nasionale beleidstuk vir rekreasie- en sportvoorsiening;
3. Die beskikbaarstelling van fondse vir rekreasie en sport aan streekregerings;
4. Die beskikbaarstelling van fondse vir rekreasie en sport vir nasionale en internasionale aangeleenthede aan nasionale sportbeheerliggame.
5. Die administratiewe funksie, koördinerings en skakeling word deur een sentrale hoofkantoor binne die staatsdepartement behartig;
6. Koördinerings en skakeling met die onderskeie streekregerings.

Funksies van streekregering

Binne die huidige grondwetlike bedeling funksioneer streeksowerhede op tweede vlak. In die voorgestelde struktuur (Die Volksblad, 18 September 1991:11) van die huidige regering sal streekregerings met volwaardige wetgewende en uitvoerende gesag, funksioneer. Uitvoerende bevoegdhede sal derhalwe na streekregerings en plaaslike regering afgewentel word. Met meer wetgewende en uitvoerende gesag behoort streekregerings 'n belangrike funksie te vervul in rekreasie- en sportvoorsiening. Fondse word deur die Sentrale Regering aan streekregerings beskikbaar gestel vir rekreasie- en sportvoorsiening. 'n Duidelike beleid en riglyne sal derhalwe geformuleer moet

word. Spesifieke funksies ten opsigte van rekreasie- en sportvoorsiening vir kleiner plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies sal ook deur streekregerings uitgespel en in 'n beleidsdokument saamgevat moet word.

Streekregerings sal gevolglik 'n groter leidende en uitvoerende rol vervul in rekreasie- en sportvoorsiening. Die voorsiening van fasiliteite deur die streekregering sal ook deur die raad vir koördinering op plaaslike owerheidsvlak gekoördineer moet word. Dit sal verseker dat fondse binne elke gemeenskap optimaal benut word.

Streekregering behoort die volgende funksies met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening te vervul:

1. Besit wetgewende en uitvoerende gesag met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening;
2. Formuleer 'n beleidstuk vir voorsiening van rekreasie en sport binne die streek;
3. Beskikbaarstelling van fondse vir rekreasie en sport;
4. Aanwending van fondse vir rekreasie- en sportvoorsiening wat deur die Sentrale Regering beskikbaar gestel word;
5. Verleen uitvoering aan die rekreasie- en sportvoorsieningsbeleid van die Sentrale Regering;
6. Verantwoordelik vir die beplanning en voorsiening van rekreasie- en -sportfasiliteite in streekverband;
7. Oorhoofse beplanning en voorsiening van fasiliteite en programme vir kleiner plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies wat nie oor die nodige infrastruktuur beskik nie;

8. Koördinering en skakeling geskied deur die streekregering se Direktoraat vir Rekreasie en Sport met elke gesamentlike administrasie;
9. Fondse vir rekreasie- en sportvoorsiening word aan plaaslike owerhede of gesamentlike administrasies beskikbaar gestel slegs nadat koördinering bewerkstellig is.

Funksies van gesamentlike administrasies

Plaaslike owerhede funksioneer binne die bestaande regeringstelsel op derde vlak. Plaaslike owerhede was nog altyd en behoort ook in die toekoms, die belangrikste voorsieners van rekreasie en sport (bron en programgerig) te wees. Binne 'n nuwe voorsieningstruktuur sal plaaslike owerhede nog meer wetgewende en uitvoerende funksies ten opsigte van rekreasie- en sportvoorsiening verkry. Daar moet daarna gestreef word om die regering en besluitneming so na as moontlik aan die landsburger te bring ten einde die hoogste moontlike doeltreffendheid te verseker. Dit noodsaak derhalwe die daarstelling van strukture en instellings op plaaslike owerheidvlak om gekoördineerde voorsiening te bewerkstellig.

In ontwikkelende samelewings kan 'n goed ontwikkelde plaaslike regeringstruktuur 'n belangrike rol speel in die verskaffing en bestuur van basiese infrastruktuur en dienste, soos onder andere vir rekreasie en sport. Die Sentrale Regering moet derhalwe verbind wees tot die maksimum devolusie van gesag na die laagste effektiewe besluitnemingsvlak, maksimale afwenteling van owerheidsfunksies en die minimum administratiewe beheer. Die afwenteling van funksies moet ook gepaard gaan met die afwenteling van die nodige fondse.

Binne die voorgestelde voorsieningstruktuur word voorsiening gemaak vir 'n gesamentlike administrasie vir twee of meer

plaaslike owerheidsliggame. 'n Onderhandelingsforum word hiermee geskep wat oor sekere dienste en funksies kan onderhandel, soos onder andere rekreasie- en sportvoorsiening. Gesamentlike administrasies sal daadwerklik meehelp tot doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening op plaaslike owerheidsvlak. Gesamentlike administrasie hou die volgende voordele vir rekreasie- en sportvoorsiening in.

1. Bestendiger politieke klimaat op plaaslike owerheidsvlak;
2. Gesamentlike beplanning en besluite;
3. 'n Enkele administratiewe opset;
4. Die benutting van bestaande strukture vir beplanning en uitvoering waarin kundigheid, kennis en bestuurservaring gesetel is;
5. Bepaling van spesifieke en gesamentlike behoeftes vir die onderskeie gemeenskappe en identifisering van prioriteite;
6. Gesamentlike aansoeke en voorleggings vir die verkryging van fondse;
7. Gekoördineerde en optimale aanwending van fondse;
8. Gesamentlike instandhouding asook bedryf en benutting van fasiliteite; en
9. Die optimale aanwending van personeel.

'n Gesamentlike administrasie verleen uitvoering aan sy verantwoordelikhede en funksies met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening deur middel van 'n Departement van Parke en Rekreasie. Skakeling en

koördineringsgeskiedenis ook met die raad vir koördinerings ten einde optimale aanwending en benutting in die breë gemeenskapsverband te verseker.

Die funksies van 'n gesamentlike administrasie vir twee of meer plaaslike owerhede ten opsigte van rekreasie- en sportvoorsiening is as volg:

1. Besit wetgewende en uitvoerende gesag met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening;
2. Formulering van beleid en riglyne vir rekreasie- en sportvoorsiening en die opstel van 'n beleidstuk as handleiding. Beleidformulering vind aansluiting by die van die streekregering en Sentrale Regering;
3. Beplanning, voorsiening, instandhouding en bedryf van rekreasie- en sportfasiliteite binne die onderskeie plaaslike owerhede;
4. Voorsiening van organisatoriese strukture wat optimale en billike bron- en programvoorsiening vir rekreasie en sport sal verseker;
5. Beskikbaarstelling van fondse in die jaarlikse bedryfs- en kapitaalbegrotings van die onderskeie plaaslike owerhede;
6. Gesamentlike aansoeke en verkryging van fondse by streekregering en private instellings;
7. Verantwoordelik vir programvoorsiening aan die onderskeie plaaslike owerhede;
8. Koördinerings en skakelingsgeskiedenis met die raad vir koördinerings om doeltreffendheid te verseker.

Funksies van Departement Parke en Rekreasie

Die Departement Parke en Rekreasie het dit ten doel om namens 'n gesamentlike administrasie vir die onderskeie plaaslike owerhede insette te lewer en uitvoering te verleen aan die voorsiening, bedryf en benutting van rekreasie- en sportfasiliteite, die bevordering van deelname aan aktiwiteite en ook die aanleer van positiewe vryetydbestedingspatrone. Die Departement van Parke en Rekreasie is 'n administratiewe verlengstuk van die gesamentlike administrasie met uitvoerende funksies. Die departement is verantwoordelik om 'n rekreasie- en sportstrategie vir die onderskeie plaaslike owerhede te implementeer. Die doelwit is om rekreasie en sport vir die onderskeie plaaslike owerhede te administreer, deur:

1. die voorsiening en beskikbaarstelling van rekreasie- en sportfasiliteite;
2. die instandhouding en bedryf van rekreasie- en sportfasiliteite; en
3. die benutting van rekreasie- en sportfasiliteite deur die aanbied van ondersteunende rekreasieprogramme om in die diverse behoeftes van die gemeenskap te voorsien.

In die uitvoering van bogenoemde doelwitte sal die onderskeie plaaslike owerhede se behoeftes geïdentifiseer en aangespreek moet word om doeltreffend en optimaal daaraan te kan voldoen. Skakeling en koördineringsgeskied met die raad vir koördinerings ten einde doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening op plaaslike owerheidsvlak te verseker. Die uitvoerende funksies van die raad vir koördinerings word ook deur dié departement behartig.

Funksies van die Departement Parke en Rekreasie met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening is as volg:

1. Besit uitvoerende gesag met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening;
2. Formulering van die beleid en riglyne vir rekreasie- en sportvoorsiening. Beleidformulering is in oorleg met en vind aansluiting by dié van tweede- en derdevlak regering;
3. Beplanning, voorsiening, instandhouding en bedryf van rekreasie- en sportfasiliteite vir die onderskeie plaaslike owerhede;
4. Skakeling met en ondersteuning van plaaslike sport en rekreasie binne die groter munisipale gebied;
5. Skakeling met provinsiale- en nasionale rekreasie- en sportbeheerliggame, asook met ander provinsiale, nasionale en internasionale rekreasie- en sportstrukture en -instellings in belang van plaaslike rekreasie en sport;
6. Beskikbaarstelling van bronne (bedryfs- en kapitaalbegrotings, borge, lenings, skenkings, ens.) wat 'n betroubare toevloei van fondse na rekreasie en sport sal verseker;
7. Aanbied van 'n verskeidenheid rekreasieprogramme aan geïdentifiseerde teikengroepe vir die onderskeie plaaslike owerhede;
8. Daarstelling van strukture wat die doeltreffende oorhoofse bestuur van rekreasie en sport sal verseker;
9. Verantwoordelik vir en verleen uitvoering aan 'n geprogrammeerde instandhoudingsprogram vir geboue, strukture, sportterreine, masjinerie en toerusting;

10. Die bevordering van gemeenskapsbenutting van rekreasie- en sportfasiliteite.

Funksies van die raad vir koördinering van rekreasie en sport

Die raad vir koördinering het ten doel om rekreasie- en sportvoorsiening deur alle belanghebbende instansies op plaaslike owerheidsvlak te koördineer ten einde optimale aanwending van fondse en benutting van fasiliteite vir spesifieke gemeenskappe te verseker.

Alle instansies binne 'n gemeenskap wat verantwoordelik is vir rekreasie- en sportvoorsiening aan enige spesifieke teikengroep, het verteenwoordiging op die Raad, soos onder andere:

- kolleges, universiteite, teknikons,
- onderwysdepartement
- staatsdepartement,
- semi-staatsinstellings,
- streekregerings,
- S.A. Weermag, S.A. Polisie, Korrektiewe Dienste,
- sportliggame,
- gemeenskap (inwoners),
- plaaslike owerhede,
- streekdiensteraad

'n Belangrike uitgangspunt is dat bogenoemde instansies die reg behou en verantwoordelik bly vir rekreasie- en sportvoorsiening aan sy eie doelmark waarvoor hy verantwoordelik is. Dit is egter noodsaaklik dat die raad vir koördinering eers projekte moet ondersteun voordat ontwikkeling kan plaasvind. Daar kan hierdeur verseker word dat gekoördineerde voorsiening van rekreasie en sport in enige gemeenskap sal geskied. Fondse is beperk en daar kan nie sondermeer vir kleiner teikengroepe voorsien word sonder inagneming van die breëre gemeenskap se behoeftes en die

moontlike benutting van en bydrae tot ontwikkeling deur ander instellings nie. Die magte van dié Raad kan afdwingbaar gemaak word by wyse van 'n regulasie deur die plaaslike owerheid en/of 'n provinsiale ordonnansie.

Die Raad is 'n verteenwoordigende instelling vir alle instansies op plaaslike owerheidvlak gemoeid met rekreasie- en sportvoorsiening. Die Raad het 'n koördineringsfunksie en die uitvoering daarvan word deur die departement van Parke en Rekreasie behartig. Hierdie departement verskaf ook die nodige infrastruktuur vir die doeltreffende funksionering van die Raad.

Die funksies van 'n raad vir koördineringsfunksie en sport is as volg:

1. Beskik oor 'n besluitnemingsbevoegdheid en koördineringsfunksie;
2. Formuleer eie beleid en riglyne vir rekreasie- en sportvoorsiening;
3. Hanteer voorleggings van die onderskeie instansies vir rekreasie- en sportvoorsiening om koördineringsfunksie te bewerkstellig;
4. Skakeling met betrokke instansies ter bevordering en koördineringsfunksie van rekreasie- en sportvoorsiening;
5. Koördineer die beskikbaarstelling van fondse deur enige ander voorsieningsbron(ne) asook die aanwending daarvan.

Funksies van die streekdiensteraad

Plaaslike regering is uitgebrei deur die stelsel van streekdiensterade wat alle gemeenskappe binne 'n betrokke gebied verteenwoordig (Die Wet op Streekdiensterade, Wet 109

van 1985). Streekdiensterade het twee hoof funksies. Eerstens om munisipale en noodsaaklike dienste op groot skaal te verskaf. Dit kan dienste en geriewe wees wat as sake van algemene streekbelang beskou word, naamlik dienste en geriewe wat op groot skaal verskaf word, of vir gemeenskaplike gebruik deur almal bedoel is. Die voorsiening van rekreasie en sport is een van twee en twintig belangrike funksies wat in bylae twee van die Wet op Streekdiensterade van 1985 as geskik bestempel is om oor te dra.

Die tweede belangrike funksie van 'n streekdiensteraad is die bevordering van die maatskaplik-ekonomiese stand van onderontwikkelde gemeenskappe in Suid-Afrika.

Streekdiensterade voorsien in die huidige bedeling fondse aan plaaslike owerhede vir die daarstel van rekreasie- en sportfasiliteite en -programme. Streekdiensterade behou hierdie funksie, maar koördinerings word met behulp van die raad vir koördinerings bewerkstellig ten einde doeltreffende aanwending te verseker.

Funksies van die streekdiensteraad ten opsigte van rekreasie- en sportvoorsiening is as volg:

1. Formuleer eie beleid en riglyne vir rekreasie- en sportvoorsiening na oorleg met ander voorsieningsinstansies;
2. Beskikbaarstel van bronne (inkomste, begrotings, lenings, skenkings, ens) wat 'n betroubare toevloei van fondse na plaaslike owerhede vir rekreasie- en sportvoorsiening sal verseker;
3. Skakeling met plaaslike owerhede ten einde behoeftes te identifiseer en prioriteite vas te stel.


Funksies van die gemeenskap

Plaaslike gemeenskappe word uit 'n verskeidenheid instellings en individue saamgestel. Verskeie hiervan is by vryetydsvoorsiening en -benutting betrokke. Die verskillende gemeenskappe binne 'n plaaslike owerheid en gesamentlike administrasie word bedien deur die Departement van Parke en Rekreasie. Spesifieke behoeftes van die verskillende gemeenskappe word aangespreek en uitvoering word daaraan verleen. Die gemeenskap verkry inspraak in rekreasie- en sportvoorsiening deur middel van die raad vir koördinerings of deur skakeling met die Departement van Parke en Rekreasie.

Funksies van die gemeenskap met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening is as volg:

1. Samewerking met gevestigde strukture ten einde behoeftes en prioriteite te bepaal;
2. Deelname en ondersteuning van rekreasie- en sportprogramme;
3. Benutting van bronne;
4. Beskikbaarstelling van fondse deur deelname en benutting.

Die belangrikste funksies van die onderskeie instellings binne die voorgestelde voorsieningsraamwerk word in figuur 16 saamgevat.



Figuur 16: Voorgestelde organisatoriese infrastruktuurvoorsiening: Funksieverdeling

9.3 Strategie twee: Fisiese hulpbronvoorsiening

9.3.1 Doel

Strategie twee het ten doél om 'n stelsel van doeltreffende en gekoördineerde fisiese hulpbronvoorsiening te implementeer ten einde geordende rekreasie- en sportvoorsiening te kan bewerkstellig.

9.3.2 Noodsaaklikheid van fisiese hulpbronvoorsiening

Doeltreffende en gekoördineerde bronvoorsiening behoort vanuit 'n totale metropolitaanse perspektief benader te word. Die koördinering van voorsiening en finansiering van bronne vir rekreasie en sport sal in die raad vir koördinering gesetel wees, waarin die voorsieningsfunksie van die Sentrale-, sowel as streek- en plaaslike owerheid, asook alle ander instellings georden word.

Belanghebbende instansies moet daadwerklik voldoende bronne vir rekreasie en sport volgens geïdentifiseerde aanvraagpatrone voorsien om sodoende groter deelname aan en benutting van bronne te help aktiveer.

Uit hierdie ondersoek blyk verskeie belangrike aspekte ten opsigte van bronvoorsiening vir Swartmense wat deur enige voorsieningsinstansie verreken moet word. Met terreinallokasie vir rekreasie- en sportfasiliteite, moet die impak van die lae mobiliteitsvlak van Swartmense verreken word indien hoër deelname aan rekreasie en sport bewerkstellig wil word. Bronne moet binne 'n teikengroep se bereikbare afstand voorsien word. Veranderlikes soos ouderdom, opvoedkundige kwalifikasies en inkomste het 'n beduidende impak op die tydruimtelike aanvraagpatrone van Swartmense. Die meerderheid van die respondente jonger as 40 jaar (60,7% - alle respondente ingesluit) beskik oor 'n opvoedkundige kwalifikasie van st. 5-8 (46,9%) en verdien 'n netto maandelikse inkomste van R1-R200 (40,8% - 1986), wat

die tyd-ruimtelike aanvraagpatrone vir veral hierdie spesifieke kategorie respondente in die kollig plaas. Dit is noodsaaklik om bronvoorsiening op hierdie bepaalde teikengroep in die swart gemeenskap as eerste prioriteit te laat fokus om doeltreffendheid te verseker.

Die funksies van verantwoordelike instellings met betrekking tot bronvoorsiening vir rekreasie en sport word vervolgens toegelig.

9.3.3 Funksies van verantwoordelike instellings

Spesifieke instellings binne die voorgestelde struktuur het uitvoerende funksies ten opsigte van bronvoorsiening. Funksies van hierdie instellings word vervolgens uiteengesit.

Funksies van die raad vir koördinering

Die funksie van die raad van koördinering ten opsigte van bronvoorsiening is die koördinering van alle voorsieningsinstansies se insette sodat bronne wat binne elke breë gemeenskap voorsien sal word, volgens behoeftes geskied en optimaal benut sal word. Hierdeur sal ook verseker word dat beskikbare fondse asook die insette van alle finansieringsbronne optimaal aangewend word.

Koördinering behels slegs die beginsel van voorsiening. Die uitvoering van die aksie word nog steeds deur die onderskeie instansies self hanteer wat oor die nodige kundigheid en infrastruktuur beskik.

Die funksies van die raad vir koördinering is as volg:

1. Koördineer bronvoorsiening op plaaslike owerheidsvlak;
2. Belanghebbende instansies se insette en funksies word op plaaslike owerheidsvlak gekoördineer;

3. Skakeling met en koördinerings van alle instansies om doeltreffende bronvoorsiening vir die gemeenskap te verseker;
4. Beskik oor 'n besluitnemingsbevoegdheid. Besluite is slegs afdwingbaar indien tersaaklike regulasies en/of ordonnansies formuleer word;
5. Die opstel van 'n meesterplan wat alle instansies, gemeenskappe en teikengroepe se behoeftes aanspreek sodat oor 'n langtermyn aan alle behoeftes voldoen kan word om doeltreffende bronvoorsiening te verseker;
6. Gereelde behoeftebepalings moet gedoen word sodat bestaande behoeftes en toekomstige aanvraagpatrone van al die teikengroepe in een prioriteitslys gekoördineer kan word;
7. Plasingsriglyne van fasiliteite moet aan 'n voorsieningsinstansie voorgelê word om die mees doeltreffende benutting te verseker;
8. Kontroleer ontwerpriglyne om aan te pas by plaaslike omstandighede en vereistes;
9. Die uitvoerende funksie word deur die Departement van Parke en Rekreasie verrig.

Funksies van die streekregering

Die streekregering behoort 'n funksie te vervul ten opsigte van bronvoorsiening aan kleiner plaaslike owerhede en die gesamentlike administrasies wat nie oor die nodige organisatoriese infrastruktuur beskik nie. Onopgeleide personeel, 'n gebrek aan kennis van bronvoorsiening asook 'n gebrek aan bestuurservaring was van die knelpunte wat in die kritiese evaluering uitgewys is. 'n Struktuur (Direktoraat

van Sport en Rekreasie) binne die streekregering waarin kundigheid en ervaring gesetel is, sal verseker dat doeltreffende bronvoorsiening ook by kleiner plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies gelewer kan word. Bronvoorsiening geskied met goedkeuring van die raad vir koördinerende ten einde doeltreffendheid en optimale benutting ook in streekverband te verseker. Streekregering het verder 'n belangrike funksie om te vervul ten opsigte van bronvoorsiening op streeksvlak.

Funksies van streekregering (Direktoraat van Sport en Rekreasie) met betrekking tot bronvoorsiening is as volg:

1. Verantwoordelik vir die beplanning en voorsiening van bronne vir rekreasie en sport op streeksvlak;
2. Oorhoofse beplanning en voorsiening van fasiliteite vir kleiner plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies;
3. Besit 'n uitvoerende funksie ten opsigte van bronvoorsiening vir daardie instellings wat nie oor die nodige organisatoriese infrastruktuur beskik nie;
4. Gereelde wetenskaplik gefundeerde behoeftebepalings by instellings (plaaslike owerhede, oorde, wildtuine, ens.) waarvoor streekregering verantwoordelik is, sodat behoeftes in 'n prioriteitsvolgorde gekoördineer kan word;
5. Die opstel van 'n meesterplan sodat behoeftes in prioriteitsvolgorde oor 'n langtermyn aangespreek kan word om doeltreffende bronvoorsiening te verseker;
6. Bronvoorsiening moet volgens 'n prosedurehandleiding geskied om doeltreffendheid te verseker.

Funksies van gesamentlike administrasies

'n Gesamentlike administrasie vir twee of meer plaaslike owerhede verleen onder andere uitvoering aan en verskaffing van dienste en funksies met betrekking tot rekreasie- en sportfasiliteitvoorsiening vir die betrokke gemeenskappe. Bestaande strukture (Departement Parke en Rekreasie) waarin kundigheid, kennis en bestuurservaring gesetel is, word benut. Gesamentlike behoeftebepalings en identifisering van prioriteite word gedoen vir die verkryging en optimale aanwending van fondse om doeltreffende bronvoorsiening te verseker.

Gesamentlike administrasies se funksies met betrekking tot bronvoorsiening is as volg:

1. Beplanning, voorsiening, instandhouding en bedryf van rekreasie- en sportfasiliteite binne die onderskeie plaaslike owerhede vir die verskillende gemeenskappe;
2. Die uitvoerende funksie geskied deur die Departement van Parke en Rekreasie en koördinering word bewerkstellig met die raad vir koördinering om doeltreffende bronvoorsiening te verseker;
3. Gereelde behoeftebepaling van die verskillende plaaslike owerhede se behoeftes om koördinering te bewerkstellig en optimale voorsiening en benutting te verseker;
4. Die opstel van 'n meesterplan wat elke plaaslike owerheid en gemeenskap se behoeftes aanspreek sodat daar oor 'n langtermyn aan alle behoeftes voldoen kan word;

5. Evaluering van behoeftes en die meesterplan met inagneming van toekomsprojeksies sodat die nodige aanpassings in die beplanning van bronvoorsiening gemaak kan word;
6. Bronvoorsiening geskied volgens 'n prosedurehandleiding ten einde alle tersaaklike faktore in ag te neem om optimaal in alle behoeftes te kan voorsien.

Funksies van ander instellings

'n Verskeidenheid van ander instellings soos opvoedkundige inrigtings, S.A. Weermag, S.A. Polisie, Dept. Korrektiewe Dienste, sportliggame en private ondernemings het vanaf nasionale vlak tot op gemeenskapsvlak ook 'n verantwoordelikheid met betrekking tot bronvoorsiening. Elkeen van hierdie instellings behou sy verantwoordelikhede en funksies in die nuwe voorsieningstruktuur. Dit is egter noodsaaklik dat die aksies van alle verantwoordelike instansies gekoördineer word om doeltreffende bronvoorsiening vir elke teikengroep in die breë gemeenskap- en metropolitaanse verband te verseker. As gevolg van die verskeidenheid van instellings en die uiteenlopendheid van die aard van funksies word dit nie verder bespreek nie.

9.3.4 'n Prosedurehandleiding vir bronvoorsiening

Ten einde bepaalde riglyne daar te stel om doeltreffende bronvoorsiening te verseker, word 'n prosedurehandleiding voorgestel wat deur voorsieningsinstansies as handleiding vir die voorsiening van bronne gebruik kan word. Die prosedurehandleiding is spesifiek op streekregering, plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies van toepassing. Groter plaaslike owerhede wat nie van die dienste en funksies van streekregering gebruik maak nie, kan ook die handleiding gebruik.

PROSEDUREHANDLEIDING

1. Die belangrikste aspekte rakende die voorsiening van fisiese hulpbronne word in die prosedurehandleiding vervat. Verantwoordelike voorsieningsinstansies sal met die gebruik van die handleiding doeltreffende voorsiening verseker. Dit kan ook nodig wees dat instansies die handleiding sal moet aanpas by spesifieke omstandighede en behoeftes. Behoeftes vir rekreasie- en sportfasiliteite word deur die gemeenskap, klubs, skole en/of verenigings en ander instellings weerspieël.
2. Die spesifieke behoefte(s) word met die Departement van Parke en Rekreasie of die stadsklerk van die betrokke munisipaliteit opgeneem vir 'n gemotiveerde voorlegging aan en oorweging deur die plaaslike owerheid se advieskomitee (sport en rekreasie), bestuurskomitee, die Raad en die gesamentlike administrasie.
3. In sy besluitneming moet instellings hul laat lei deur faktore soos:
 - 3.1 kennis en ondervinding in die praktyk opgedoen met betrekking tot die spesifieke behoefte(s),
 - 3.2 beskikbaarheid van bestaande fasiliteite, asook die toestand en ligging daarvan,
 - 3.3 die lewensvatbaarheid van die betrokke fasiliteit en die moontlike groei van die aktiwiteit.
 - 3.4 die beskikbaarheid van fondse en infrastruktuur vir die instandhouding van die fasiliteite, en
 - 3.5 die Raad se verantwoordelikheid met betrekking tot die benutting en bemaking van fasiliteite en of daaraan voldoen kan word.

4. Nadat die Raad en die gesamentlike administrasie die geïdentifiseerde behoefte/s goedgekeur het, word 'n gemotiveerde aansoek, bekragtig deur die raad vir koördinering, aan die streekregering se Direktoraat Sport en Rekreasie voorgelê.
5. Gemotiveerde aansoeke moet jaarliks voor 28 Februarie by die streekregering ingedien word vir gesamentlike oorweging van alle aansoeke.
6. Alle aansoeke word deur die Direktoraat Sport en Rekreasie in 'n prioriteitsvolgorde geplaas vir moontlike toekennings.
7. Die prioriteitslys van behoeftes word verder aan hand van moontlike beskikbaarheid van fondse in 'n driejaar voorsieningsplan ingedeel.
8. Op grond van die beskikbaarheid van fondse wat jaarliks vir fasiliteitvoorsiening geormerk word, word slegs dié plaaslike owerhede besoek wat aan hand van beskikbare fondse moontlike toekennings kan kry.
9. Die Direktoraat vergewis hom van die geïdentifiseerde behoefte(s) en die noodsaaklikheid daarvan op grond van enkele belangrike voorsieningsnorme, te wete:
 - 9.1 die behoefte van die inwoners aan sekere fasiliteite,
 - 9.2 die handhawing van 'n balans tussen rekreasie en sport,
 - 9.3 die verwagte aantal gebruikers per fasiliteit,
 - 9.4 ligging van fasiliteit,
 - 9.5 bereikbaarheid van fasiliteite,
 - 9.6 doelmatige en optimale benutting van en versoenbaarheid met reeds bestaande fasiliteite,
 - 9.7 verwagte gebruikspatrone, benuttingsfrekwensies, moontlike deelbenutting en meerdoelige benutting,
 - 9.8 toestand en bruikbaarheid van reeds bestaande fasiliteite,

- 9.9 verwagte groei/daling van die inwonertal,
- 9.10 huidige sosio-ekonomiese profiel van die inwoners,
- 9.11 finansiële posisie van die plaaslike owerheid en gesamentlike administrasie,
- 9.12 die veranderende kenmerke (populasie, finansies, voorkeure, ens.), wat 'n groot invloed op toekomstige deelname en belangstelling in die betrokke aktiwiteit mag hê, moet voortdurend in ag geneem word, en
- 9.13 die voorgestelde plasing van die fasiliteit(e) moet die tendense en verspreiding van die gemeenskap in ag neem, anders mag dit gebeur dat die gebruikersgetalle mettertyd tot onder die bepaalde aktiwiteit se drempelwaarde mag daal.
10. die Direktooraat oormerk spesifieke projekte vir toekennings waarvoor sketsplanne, spesifikasies en kosteberamings opgestel moet word.
11. Fasiliteite wat die streekregering by plaaslike owerhede wil voorsien, of deur plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies self voorsien of met behulp van die streekdiensteraad voorsien word, word aan die raad vir koördinering voorgelê vir koördinering met ander instansies se voorsieningsprogramme.
12. 'n Globale bedrag vir fasiliteitvoorsiening word op grond van kosteberamings in die begrotings van die streekregering en plaaslike owerhede opgeneem. Bo en behalwe fondse deur die streekregering vir fasiliteitvoorsiening geoormerk, behoort die verantwoordelike staatsdepartement sowel as die streekdiensteraad, fondse aan die streekregering en/of plaaslike owerheid te bewillig. Die Direktooraat Sport en Rekreasie word van die goedgekeurde begrote bedrag in kennis gestel.

13. Na goedkeuring van die streek- en ander begrotings word prioriteite weer eens deur die Direktoraat oorweeg en bevestig, waarna die betrokke plaaslike owerheid dienooreenkomstig ingelig word.
14. In die kennisgewing van toekenning van fondse moet die plaaslike owerheid/gesamentlike administrasie verwittig word dat toegekende fondse slegs vir die goedgekeurde projekte aangewend sal word. Die plaaslike owerheid/gesamentlike administrasie moet gevolglik skriftelik bevestig dat die geïdentifiseerde behoefte nog 'n prioriteit is en dat daar voortgegaan kan word met die ontwikkeling van die fasiliteit.
15. Die streekregering se Direktoraat Sport- en Rekreasie hanteer self, of in samewerking met konsultante, die opstel van werkstekeninge, vra van tenders, aanstel van kontrakteurs, uitvoering van die werk, toesighouding en die uitbetaling van fondse in samewerking met die betrokke plaaslike owerheid/gesamentlike administrasie.
16. Na voltooiing neem die plaaslike owerheid/gesamentlike administrasie die fasiliteit in ontvangs en aanvaar volle verantwoordelikheid vir die bedryf en instandhouding daarvan.
17. Enkele belangrike beginsels moet op skrif aan elke plaaslike owerheid/gesamentlike administrasie deurgegee word by ontvangs van die fasiliteit, te wete:
 - 17.1 doelmatige instandhouding van fasiliteite asook die skepping van strukture daarvoor ten einde volgehoue effektiewe benutting te verseker, is die verantwoordelikheid van die plaaslike owerheid/gesamentlike administrasie.

17.2 bykomende motiveringsaspekte om benutting te verhoog soos byvoorbeeld bekendstellingsaksies, afrigtingsklinieke en organisasie van toernooie om deelname te aktiveer, moet deur die plaaslike owerheid/gesamentlike administrasie geïnisieer en/of geloods word.

17.3 voorsiening en instandhouding van 'n voltydse personeelkomponent vir die instandhouding sowel as die benutting van fasiliteite en aanbied van aktiwiteite op 'n deurlopende en geprogrammeerde basis moet geskied ten einde sekere doelwitte met die gemeenskap te kan bereik,

17.4 samewerkingsooreenkomste met ander instansies medeverantwoordelik in die benuttingsfunksie moet uitgespel word, en

17.5 aksies en instellinge met betrekking tot gemeenskapsbetrokkenheid moet geïdentifiseer, geskep, in stand gehou en bevorder word vir implimentering deur die plaaslike owerheid/gesamentlike administrasie.

Nota: Die beskikbaarstelling van oopruimtes in dorpsontwikkeling word volgens die Dorpeordonnansie bereken op 12m² benutbare grond per persoon.

9.3.5 Voorsieningstandaarde

Dit blyk dus duidelik dat 'n verskeidenheid van voorsieningsinstansies verantwoordelik is vir bronvoorsiening aan bepaalde teikengroepe. Elkeen van hierdie voorsieningsprosesse, asook die bepaalde behoeftes van spesifieke teikengroepe, vereis besondere voorsieningstandaarde sodat optimaal in die behoeftes voorsien kan word. Die toepassing van voorsieningstandaarde is gevolglik besonder kompleks en behoort deur alle voorsieningsinstansies op 'n wetenskaplik gefundeerde wyse geïmplementeer te word.

In die lig van die nuwe voorgestelde voorsieningsraamwerk, waarin verskeie voorsieningsinstansies figureer, elk met sy eie besondere funksies, word 'n afsonderlike ondersoek na voorsieningstandaarde genoodsaak. In die lig hiervan word daar volstaan by resente bronne soos RGN (1982 Sportondersoek, nr. 10), Steyn (1987) en Odendaal (1990) wat voorsieningstandaarde breedvoerig bespreek.

9.4 Strategie Drie: Programvoorsiening

9.4.1 Doel

Strategie Drie het ten doel om 'n stelsel van doeltreffende en gekoördineerde programvoorsiening te implementeer ten einde geordende rekreasie- en sportvoorsiening te kan verseker.

9.4.2 Noodsaaklikheid van programvoorsiening

Programvoorsiening is die derde fase van voorsiening. Gemeenskappe se behoeftes maak dit noodsaaklik dat voorsieningsinstansies ook aan programvoorsiening aandag moet gee.

Doeltreffende en geordende programvoorsiening is onder andere nodig om konstruktiewe vryetydsbesteding te bewerkstellig, groepverhoudinge tussen gemeenskappe en bevolkingsgroepe te bevorder, innerlike behoeftes te bevredig, talente te ontwikkel, negatiewe sosio-ekonomiese invloede teen te werk en die invloed van faktore soos werkloosheid te verlig.

Doeltreffende en gekoördineerde programvoorsiening behoort vanuit 'n nasionale perspektief benader te word om geordende voorsiening te verseker wat aan die behoeftes van alle teikengroepe sal voldoen.

Programvoorsiening is hoofsaaklik die verantwoordelikheid van streek- en plaaslike regerings. Die Sentrale Regering se verantwoordelikheid is beperk tot provinsiale, nasionale en internasionale voorsiening. Waar streek- en plaaslike regerings na alle belange van plaaslike gemeenskappe moet omsien, is dit voor die hand liggend dat verantwoordelikheid vir die totaliteit van rekreasie- en sportvoorsiening, met ander woorde tot met programvoorsiening, ook aanvaar moet word. Streek- en plaaslike regerings het gevolglik 'n medeverantwoordelikheid in programvoorsiening vir gemeenskappe.

Programvoorsiening sal vir elke streekregering en plaaslike owerheid 'n prioriteit moet wees. 'n Missie, doelstellings en doelwitte vir programvoorsiening behoort deur elk van gemelde voorsieningsinstansies geformuleer te word.

Wat hierdie ondersoek betref, is sekere geïdentifiseerde behoeftes ten opsigte van programvoorsiening vir Swartmense noodsaaklik. Deur in hierdie geïdentifiseerde behoeftes te voorsien, sal doeltreffende programvoorsiening vir Swartmense in die ondersoekgebied verseker word. Die belangrikste behoeftes wat deur verantwoordelike voorsieningsinstansies aangespreek moet word, word kortliks toegelig.

1. Die bevordering van gesinsrekreasie onder Swartmense is noodsaaklik;
2. Voorsieningsinstansies sal die voorsiening van passiewe rekreasie moet aanspreek om aan die steeds stygende behoeftes te kan voldoen;
3. Die verwagte veroudering van die bevolking is 'n belangrike faktor en spesifieke deelnamepatrone en behoeftes moet in programvoorsiening verreken word;
4. Die hoër behoefte van die jeug aan fisieke aktiwiteite moet aangespreek word;

5. Programvoorsiening sal as prioriteit in die behoeftes van die jonger as 34 jaar-ouderdomskategorie konsentreer, aangesien hierdie kategorie die grootste aanvraag getoon het;
6. Die behoeftes van werkloos sal eskaleer en die impak daarvan op programvoorsiening sal verreken moet word;
7. Die toename van opvoedkundige kwalifikasies onder Swartmense en die impak daarvan op programvoorsiening is belangrik;
8. Die lae mobiliteitsvlak is 'n belangrike aspek waarmee rekening gehou sal moet word.

Indien verantwoordelike instansies voormelde riglyne verreken, is doeltreffende programvoorsiening aan Swartmense in die ondersoekgebied moontlik.

Funksies en verantwoordelikhede van instellings met betrekking tot programvoorsiening word vervolgens toegelig.

9.4.3 Funksies van verantwoordelike instellings

Instellings binne die voorgestelde voorsieningsraamwerk het bepaalde funksies ten opsigte van programvoorsiening. Funksies van hierdie instellings word vervolgens uiteengesit.

Funksies van die Sentrale Regering

Die Sentrale Regering is verantwoordelik vir bepaalde funksies ten opsigte van programvoorsiening op provinsiale tot internasionale vlak. Die verantwoordelike staatsdepartement verleen deur die streekregering uitvoering aan programvoorsiening by wyse van befondsing van projekte. Die volgende funksies behoort onder die Sentrale Regering te ressorteer.

1. Formuleer en koördineer 'n nasionale beleidstuk vir programvoorsiening.
2. Beskikbaarstelling van fondse aan streekregerings vir programvoorsiening;
3. Inisieer provinsiale tot internasionale projekte en programme vir die bevordering van rekreasie en sport;
4. Voorsiening van strukture (staatsdepartement met 'n hoofkantoor) wat optimale en billike programgerigte voorsiening vir rekreasie en sport sal verseker;
5. Skakeling met provinsiale, nasionale en internasionale beheerliggame asook ander tersaaklike instellings in belang van rekreasie en sport;
6. Koördinering en skakeling geskied deur die verantwoordelike staatsdepartement se hoofkantoor met streekregerings;
7. Beskikbaarstelling van finansiële bronne wat 'n betroubare toevloei van fondse na rekreasie en sport sal verseker.

Funksies van streekregering

Streekregering het 'n belangrike rol te vervul in programvoorsiening aan plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies. Die meerderheid van die genoemde instellings beskik nie altyd oor die infrastruktuur en kundigheid vir doeltreffende programvoorsiening nie. Deur die daarstel van strukture binne die streekregering, soos die voorgestelde Direktoraat vir Rekreasie en Sport, kan doeltreffende programvoorsiening ook vir die kleiner plaaslike owerhede voorsien word. Streekregerings verleen ook uitvoering aan die Sentrale Regering se beleidstuk vir programvoorsiening waarvoor finansiering beskikbaar gestel word.

Streekregering behoort die volgende funksies met betrekking tot programvoorsiening te vervul.

1. Formuleer en koördineer 'n beleidstuk vir programvoorsiening op streekvlak;
2. Aanbieding, inisiëring en hulpverlening met provinsiale tot internasionale projekte en programme vir die bevordering van rekreasie en sport waarvoor finansiering deur die Sentrale Regering beskikbaar gestel word;
3. Beplanning en voorsiening van programme vir plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies wat nie oor die nodige infrastruktuur beskik nie;
4. Beskikbaarstelling Van fondse vir rekreasie- en sportprogramme.
5. Koördinering, skakeling en aanbieding geskied deur streekregering se Direktoraat Rekreasie en Sport;
6. Gereelde wetenskaplik gefundeerde behoeftebepalings by plaaslike owerhede waarvoor streekregering verantwoordelik is, sodat programvoorsiening optimaal aan die behoeftes van teikengroepe voldoen.

Funksies van plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies

Binne die voorgestelde voorsieningstruktuur word voorsiening gemaak vir die gesamentlike Administrasie van twee of meer plaaslike owerheidsliggame. 'n Geleentheid word vir twee of meer plaaslike owerhede geskep om op 'n gesamentlike wyse, gekoördineerd en optimaal, in die behoeftes van gemeenskappe te kan voorsien. Bestaande strukture waarin kundigheid, kennis en bestuurservaring gesetel is, word deur plaaslike owerhede benut wat nie daarvoor beskik nie. Uitvoering van

funksies en verantwoordelikhede geskied deur die Departement van Parke en Rekreasie.

Funksies van plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies ten opsigte van programvoorsiening is as volg:

1. Formuleer en koördineer 'n beleidstuk en riglyne vir programvoorsiening aan die gemeenskappe;
2. Voorsiening van strukture (Departement Parke en Rekreasie) wat optimale en billike programvoorsiening vir rekreasie en sport sal verseker;
3. Die uitvoerende funksie geskied deur die Departement van Parke en Rekreasie asook koördinering en skakeling met ander instellings;
4. Besikbaarstelling van fondse vir programvoorsiening in die jaarlikse bedryfs- en kapitaalbegrotings van die onderskeie plaaslike owerhede;
5. Gesamentlike aansoeke en verkryging van fondse vir programvoorsiening by ander instellings;
6. Verantwoordelik vir programvoorsiening aan die onderskeie plaaslike owerhede.

Funksies van Departement Parke en Rekreasie

Die Departement Parke en Rekreasie het dit ten doel om namens die gesamentlike administrasies vir die onderskeie plaaslike owerhede die gemeenskappe te aktiveer tot deelname aan rekreasie- en sportprogramme. Deur van beskikbare organisatoriese infrastrukture gebruik te maak, word die benutting van rekreasie- en sportfasiliteite bevorder om daardeur positiewe vryetydbestedingspatrone vir gemeenskappe aan te leer. Die Departement is verantwoordelik daarvoor om

'n strategie van rekreasie- en sportprogramvoorsiening vir die onderskeie plaaslike owerhede vanuit 'n totale perspektief te implementeer.

Funksies van dié departement met betrekking tot programvoorsiening is as volg:

1. Formulering van eie beleid en riglyne vir programvoorsiening;
2. Benutting en instandhouding van organisatoriese infrastrukture wat optimale programvoorsiening sal verseker;
3. Besikbaarstelling en aanwending van fondse vir programvoorsiening;
4. Skakeling met en ondersteuning van plaaslike rekreasie en sport;
5. Skakeling met provinsiale en nasionale rekreasie- en sportbeheerliggame, asook met ander provinsiale, nasionale en internasionale rekreasie- en sportstrukture en -instellings in belang van en vir plaaslike rekreasie en sport;
6. Aanbieding van 'n verskeidenheid rekreasie- en sportprogramme aan geïdentifiseerde teikengroepe vir die onderskeie plaaslike owerhede;
7. Verskaf opleiding aan geïdentifiseerde doelmarkte om die doeltreffendheid van rekreasie- en sportvoorsiening te verhoog;
8. Die bevordering van gemeenskapsbenutting van rekreasie- en sportfasiliteite;

9. Gereelde behoeftebepalings van die verskillende plaaslike owerhede en verbruikers se behoeftes om koördinerende te bewerkstellig en optimale programvoorsiening te verseker.

Funksies van die streekdiensteraad

Een van die funksies van die streekdiensteraad is die bevordering van die maatskaplike- en ekonomiese stand van onderontwikkelde gemeenskappe. Om uitvoering aan hierdie funksie te verleen, word onder andere fondse aan groter plaaslike owerhede of gesamentlike administrasies beskikbaar gestel vir programvoorsiening aan plaaslike owerhede wat nie oor die nodige infrastruktuur beskik nie.

Funksies van streekdiensterade ten opsigte van programvoorsiening is as volg:

1. Beskikbaarstel van fondse vir programvoorsiening aan plaaslike owerhede wat nie oor die infrastruktuur beskik nie;
2. Skakeling met plaaslike owerhede ten einde behoeftes te identifiseer en prioriteite vas te stel;
3. Medeverantwoordelik vir die opheffing van agtergeblewe gemeenskappe met die aanbod van rekreasie- en sportprogramme en die aanleer van positiewe vryetydbestedingspatrone.

Uit voorafgaande blyk die funksies en verantwoordelikhede van spesifieke instellings met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening duidelik en word die volgende aanbevelings hieromtrent gedoen.

9.5 Aanbevelings

AANBEVELING 1

Dat die infrastruktuur soos voorgestel in figuur 15 geïmplementeer word om doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening in die ondersoekgebied te verseker.

AANBEVELING 2

Dat die funksies en verantwoordelikhede van die onderskeie instellings met betrekking tot rekreasie- en sportvoorsiening aanvaar word sodat daar op 'n gekoördineerde wyse optimaal in elke gemeenskap se behoeftes voorsien sal kan word.

AANBEVELING 3

Dat die funksies en verantwoordelikhede van die onderskeie instellings met betrekking tot bronvoorsiening geïmplementeer word.

AANBEVELING 4

Dat die prosedurehandleiding vir bronvoorsiening deur streekregering, plaaslike owerhede en gesamentlike administrasies geïmplementeer word.

AANBEVELING 5

Dat die funksies en verantwoordelikhede van die onderskeie instellings met betrekking tot programvoorsiening geïmplementeer word.

AANBEVELING 6

Dat die bevordering van gesinsrekreasie onder Swartmense in die ondersoekgebied noodsaaklik geag word.

AANBEVELING 7

Dat voorsieningsinstansies programme vir passiewe rekreasie in die ondersoekgebied implementeer om in die steeds stygende behoefte te voldoen.

AANBEVELING 8

Dat in programvoorsiening vir die ondersoekgebied, voorsiening gemaak sal word vir die verwagte veroudering van die bevolking, asook vir spesifieke deelnamepatrone, behoeftes en knelpunte.

AANBEVELING 9

Dat die hoër behoefte van die jeug aan fisieke aktiwiteite in programvoorsiening verreken word.

AANBEVELING 10

Dat met die aanbod van programme veral gelet sal word op die behoeftes van Swartmense jonger as 34 jaar wat die grootste aanvraag daarna getoon het.

AANBEVELING 11

Dat by wyse van doeltreffende programvoorsiening aan die behoeftes van werkloses voldoen sal word.

AANBEVELING 12

Dat die toename van opvoedkundige kwalifikasies onder Swartmense en die impak daarvan op programbeplanning en programvoorsiening, verreken word.

AANBEVELING 13

Dat die lae mobiliteitsvlak van Swartmense in die ondersoekgebied in ag geneem word in die beplanning van fasiliteite en aanbieding van programme.

9.6 Hipoteseverifiëring

Deur uitvoering te verleen aan die voorgestelde voorsieningstrategie is doeltreffende en gekoördineerde rekreasie- en sportvoorsiening moontlik. Gestelde hipotese word derhalwe aanvaar deurdat daar tans geen gekoördineerde voorsieningsraamwerk of gestruktureerde modelle bestaan nie. Voortvloeiend uit die feit dat die hipotese aanvaar is, is

'n voorsieningsraamwerk in figuur 15 voorgestel. Hiermee saam is 'n prosedurehandleiding sowel as 'n funksieverdeling opgestel wat sal meehelp tot doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening wat versoekenbaar is met geïdentifiseerde voorkeurpatrone.

9.7 Samevatting

Die doel van hierdie ondersoek was die bepaling van rekreasie- en sportvoorkeure van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat en die daarstel van 'n voorsieningstrategie om doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening te bevorder.

Nadat die voorkeure van Swartmense in voorafgaande hoofstukke bepaal is, kulmineer die ondersoek in hierdie hoofstuk met die daarstel van 'n voorsieningstrategie. Die daarstel en implementering van 'n voorsieningstrategie is met die inagneming van die eksterne omgewing in die ondersoekgebied gedoen.

Die voorsieningstrategie is gegrond op drie strategieë, te wete organistoriese infrastruktuurvoorsiening, fisiese hulp-bronvoorsiening en programvoorsiening. In elkeen van hierdie strategieë is doelwitte geformuleer, instansies geïdentifiseer en funksies en verantwoordelikhede afgebaken. Deur uitvoering aan hierdie strategieë te verleen, is doeltreffende en gekoördineerde rekreasie- en sportvoorsiening moontlik. Die doelstelling van die ondersoek is hiervolgens verwesenlik.

BRONNELYS

- Allen, L.A. (1958). *Management and Organization*. New York: McGraw-Hill Book Company Inc.
- Anderson, P.G. (1979). *An investigation into the effect of race and politics on the development of S.A. Sport, 1970-1979*. (s.l.): (s.n.).
- Asher, J.W. (1976). *Educational research and evaluation methods*. Boston: Little, Brown and Company.
- Astrand, P. and Rodahl, K. (1977). *Textbook of work physiology*. New York: McGraw-Hill Book Company.
- Bannon, J.J. (1968). The community school. *Parks and Recreation*, 3(1):26.
- Bannon, J.J. (1976). *Leisure resources: Its comprehensive planning*. New Jersey: Prentice Hall.
- Bannon, J.J. (1981). *Problem solving in recreation and parks*. New Jersey: Prentice Hall.
- Barasch, S.B. (1974). *Recreational planning for new communities*. New York: Exposition Press.
- Barnes, H.P. (1982). The management of a multi-disciplinary leisure services department. *Parks and Recreation*, 47(8):16.
- Beard, J.J. and Ragheb, M.G. (1980). Measuring leisure satisfaction. *Journal of leisure research*, 12(1):20-33.
- Bickerstaff, B. (1988). Local government - it's role in the provision of local leisure opportunities. *The Achper national journal*, 122 Summer: 20-25.

Bloemhoff, H.J. (s.a.) *Die toename in aanvraag na rekreasie en faktore wat die aanvraag beïnvloed*. Diktaat, Departement Menslike Bewegingskunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Bloemhoff, H.J. (1979). *Enkele aspekte van opelugrekreasie met spesiale verwysing na Mazelspoort*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Bloemhoff, H.J. (1981). *'n Funksioneel doeltreffende intrastedelike rekreasiesisteen met spesiale verwysing na die aanwending van skoolsporfasiliteite vir openbare gebruik*. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Boshoff, C.H. (1982). *Sosio-ekonomiese determinante van sport in Suid-Afrika*. Potchefstroom: Instituut vir toekomsstudies, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Boshoff, C. and du Plessis, A.P. (1988). Perceptions of a selected group of relatively affluent blacks regarding certain aspects of tourism. *S.A. tydskrif vir bedryfsleiding*, 19(3): 109-114.

Botes, F.R. (Mei 1991). Assistent-Direkteur, Direktoraat Stedelike Ontwikkeling, O.V.S. Provinsiale Administrasie. *Persoonlike Onderhoud*.

Botha, B.P. (1981). *Administrasie van munisipale parke en ontspanningsfasiliteite*. Kaapstad: Juta en Kie, Bpk.

Botha, H. (1983). Die rekreasievraagstuk in die RSA. *Sportbulletin*, 6(3):95-110.

Botha, J.L. (s.a.) *Die wese van sport*. Pretoria: S.A. Sportstigting.

Botha, J.L. (s.a.) *Sport en Opvoeding*. Pretoria: S.A. Sportstigting.

Botha, J.L. (1981). Die rekreasievraagstuk in die RSA. *S.A. tydskrif vir navorsing in sport, liggaamlike opvoeding en ontspanning*, 4(1).

Botha, J.L. en Goslin, A.E. (1984). *Handleiding vir rekreasieleiers (vlak 1)*. Pretoria: Instituut vir Sportnavorsing en -Opleiding, Universiteit van Pretoria.

Botha, N.J. (1983). *Die stand van liggaamlike opvoedkunde, sport en rekreasie in Kwazulu - 'n evaluerende ondersoek*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Botha, W.J. van H. (1988). swart verstedeliking in die O.V.S.: 'n Bron vir aktiewe gemeenskapsdiens. *Acta aktueel*, 2(1):30-33.

Burgess, C. (1988). Travel mania: The black market tourism. *Southern Africa today*, 5(6): 22-27.

Burroughs, G.E.R. (1975). *Design and analysis in educational research*. 2nd ed. Oxford: Alden and Mowbray Ltd.

Butler-Adam, J.F. (1986). *Recreation, Society and Space in South Africa: Four Papers*. Durban: Institute for Social and Economic Research, University of Durban-Westville.

Cantley, M. (1978). The role of public bodies in recreation provision. *Parks and Recreation*, 43(10):61-62.

Cilliers, S.P. and Groenewald, C.J. (1982). *Urban growth in South Africa 1936-2000: A demographic overview*. Stellenbosch: Research unit for Sociology of Development, University of Stellenbosch.

Clawson, M. and Knetsch, J.L. (1969). *Economics of Outdoor Recreation*. Baltimore: The Johns Hopkins Press.

Cloete, J.L. (1980). *Die ontwikkeling van sport en rekreasie vir swart mynwerkers by Suid-Afrikaanse goudmyne*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Combrinck, M. (Augustus 1987). Adjunk-direkteur van Onderwys en Opleiding. *Persoonlike Onderhoud*.

Coppock, J.T. and Duffield, B.S. (1975). *Recreation in the Countryside: A Spatial Analysis*. London and Basingstoke: The MacMillian Press Ltd.

Crespi, P. (1983). Sorting out the video game controversy. *Parks and Recreation*, 18(5):28.

Crompton, J.L. (1987). *Doing More with Less in the Delivery of Recreation and Park Services: A Book of Case Studies*. State College, Pennsylvania: Venture Publishing, Inc.

Crompton, J.L. and Howard, D.R. (1981). *Financing, managing and marketing recreation and park resources*. Dubuque: Wm. C. Brown Company.

Davis, H.C. (1968). Recreation planning in the technological age. *Parks and Recreation*, 3(11):22.

De Villiers, C.M. (1972). *Die vryetydsbesteding van die volwasse manlike Bantoe in die gebied Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging*. D. Phil.-proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Du Plessis, D. (1987). *Die Harvard-bronverwysingstelsel en die tegniese versorging van verhandelings, proefskrifte en navorsingsverslae*. Bloemfontein: OB-drukkers.

Gerber, E.W. (1972). *Sport and the body: a Philosophical symposium*. Philadelphia: Lea and Febiger.

Gratton, C. and Taylor, P. (1985). *Sport and Recreation: An Economic Analysis*. London: E. + F.N. Spon.

Grobler, J. (1987). Ontspanning in die Suid-Afrikaanse swart gemeenskap: 'n Kultuurhistoriese perspektief. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir Kultuur en Kunstgeskiedenis*, 1(4):321-337.

Grobler, J.E.H. (1987). *Duie rol en betekenis van ontspanning in swart gemeenskappe: 'n Historiese perspektief*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Hanekom, C.M. (1958). *Ontspanning en vryetydsbesteding by die Bantoe van Suid-Afrika: 'n ondersoek na kulturele aanpassings in Bloemfontein*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Hornback, K.E. (1988). Leisure and recreation trends: which way is up. *Journal of physical education, recreation and dance*, 59(4): 36-37.

Hugo, M.L. (1974). *Die behoefte van die bantoebevolking aan buiteligontspanning tot die jaar 2000 en die potensiaal van die tuislande om daaraan te voldoen*. D. Phil.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Hugo, M.L. (1979). A note on ethnicity and outdoor recreation: South African experience. *S.A. Tydskrif vir sosiologie*, 11(19): 62-70.

Hugo, M.L. (1982). *'n Ondersoek na die aard en omvang van die buiteligontspanningsbehoefte van die stedelike Swartes in S.A.* Potchefstroom: (s.n.).

Hugo, M.L. en Hattingh, P.S. (1990). 'n Klassifikasie van toerisme-attraksies. *Stads- en streekbeplanning*, 29 November 1990:13-27.

Hutchinson, I.J. (Jnr.) (1969). Leisure time and the riots. *Parks and recreation*, 4(7):23.

Hutchinson, R. (1987). Ethnicity and urban recreation: Whites, Blacks and hispanics in Chicago's public parks. *Journal of leisure research*, 19(3): 205-222.

Hutchinson, R. (1988). A critique of race, ethnicity, and social class in recent leisure-recreation research. *Journal of leisure research*, 20(1): 10-30.

Johannesburg - Non European affairs department (1965). *Recreational and other amenities in Bantu locations, villages, hostels and city areas as at 30th June 1965*. Johannesburg: (s.n.).

Kando, T.M. (1975). *Leisure and Popular Culture in Transition*. Saint Louis: The C.V. Mosby Company.

Kelly, J.R. (1987). *Recreation Trends: Towards the Year 2000*. Champaign, Illinois: Management Learning Laboratories, Ltd.

Kelly, J.R. (1988). Political dimensions of leisure. *World leisure and recreation*, 30(2): 7-10.

Kirsten, M. (Augustus 1991). Departement van Onderwys en Opleiding. *Persoonlike onderhoud*.

Kish, L. (1949). A procedure for objective respondent selection within the household. *Journal of American Statistical Association*, 44:380-387.

- Kohler, K. and Butler-Adam, J. (1989). *Domestic Tourism in South Africa*. Research report 22. Durban: Institute for Social and Economic research, University of Durban Westville.
- Kraus, R.G. (1985). *Recreation program planning today*. Glenview, Illinois London: Scott, Foresman and Company.
- Kraus, R.G. and Curtis, J.E. (1986). *Creative Management in Recreation, Parks, and Leisure Services*. 4th ed. St. Louis, Toronto, Santa Clara: Times Mirror/Mosby College Publishing.
- Landman, W.A. (1980). *Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk*. Durban: Butterworth.
- Lee, M.K. (1975). Recreation planning. *Parks and recreation*, 40(11):35-39.
- Levin, M. and Du Plessis, A.P. (1988). *A socio-economic/demographic profile based on the 1985 population census*. Port Elizabeth: Unit for statistical analysis, Vista University. Port Elizabeth.
- Lieber, S.R. and Fesenmaier, D.R. (1983). *Recreation Planning and Management*. London: E. + F.N. Spon Ltd.
- Magi, L.M. (1986). *Black people's cognitions of natural recreation resources in the Natal north-coastal region*. Phd thesis, University of Zululand, KwaDlangezwa.
- Magi, L.M. (1989). Cognized use of natural recreation resources: A black perspective. *Development Southern Africa*, 6(3): 326-339.
- Malan, J.H. (1988). *'n Beplanningsmodel vir rekreasievoorsiening aan plaaslike gemeenskappe*. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Malan, S.P.T. (1970). 'n Ondersoek na rekreasiefasiliteite en -behoefte van blankes in Potchefstroom. M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Marais, H.C. en Mouton, J. (1989). *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.

Marinus, I.O. (1949). Recreation for the Bantu in Pretoria. *Vigor*, 2(3):52-54.

McGuire, F., O'Leary, J.T., Dottavio, F.D. (1988). Visions of the future: national perspectives on leisure. *Journal of physical education, recreation and dance*, 59(4):34.

Mercer, D. (1979). Outdoor recreation: contemporary research and policy. *Progress in resource Management and environmental planning*, 1:87-142.

Miermans, C.G.M. (1959). *Sport in een veranderende wêreld*. Utrecht: Uitgeverij het Spectrum.

Miller, D.M and Russel, K.R.E. (1971). *Sport: a Contemporary view*. Philadelphia: Lea and Febiger.

Mostert, W.P., Van Tonder, J.L. (1981). *Moontlike bevolkingsgroei in Suid-Afrika tot die middel van die 22e eeu*. Pretoria:RGN.

Mostert, W.P. et al (1985). *Demografiese implikasies van alternatiewe migrasie-scenario's met betrekking tot die Suid-Afrikaanse swart bevolking*. Verslag no. S 133 Pretoria:RGN.

National Park Service. (s.a.). *New Directions in Leisure: Marketing Parks and Recreation*. State College, Pennsylvania: Venture Publishing, Inc.

National Park Service. (s.a.). *New Directions in Leisure: Winning Support for Parks and Recreation*. State College, Pennsylvania: Venture Publishing, Inc.

Odendaal, S.S.C. (1990). 'n Voorsieningstrategie vir sport- en rekreasiefasiliteite vir die Blanke inwoners van Alberton. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Pigram, John (1983). *Outdoor Recreation and Resource Management*. London: Croom Helm.

Reynolds, J.A. and Hormachea, M.N. (1976). *Public Recreation Administration*. Reston, Virginia: Reston Publishing Company, Inc.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1973). *Middeljaarramings en jaarlikse groeikoerse van die bevolkings in die RSA, 1946-1970; en soos geprojekteer tot die jaar 2010*. Navorsingsbevinding nr. S-N-35. Pretoria:RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1981). *Bevolkingsherverspreiding in die RSA, 1970-1980: Ontledings van die voorlopige 1980-sensusgegevens*. Navorsingsverslag S-82. Pretoria:RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1981). *Vitale koerse onder Swartes*. Navorsingsbevinding S-N-227. Pretoria:RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1982). *Bevolkingsherverspreiding in die RSA: Moontlike langtermynimplikasies van huidige tendense*. Verslag S-86. Pretoria:RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1982). 'n Oorsig van projeksies van die Suid-Afrikaanse bevolking wat tot 1980 onderneem is. Navorsingsbevinding S-N-235. Pretoria:RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1982).
R.G.N. Sportondersoek: Demografiese en sportdeelnamepatrone,
 nr. 17. Pretoria: RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1982).
*R.G.N. Sportondersoek: Faktore wat sportvoorsiening in die
 toekoms kan beïnvloed*, nr. 18. Pretoria: R.G.N.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1982).
*R.G.N. Sportondersoek: Opleiding, publikasie en navorsing in
 sport*, nr. 12. Pretoria: R.G.N.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1982). *RGN
 Sportondersoek: Sportfasiliteite*, nr. 10. Pretoria:RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1983).
*Bevolkingsverspreiding in die RSA, Transkei, Bophuthatswana,
 Venda en Ciskei. Verklarende aantekeninge by die 1980-
 bevolkingsverspreidingskaart. Verslag GR-W-2*. Pretoria:RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1985).
*Demografiese implikasies van alternatiewe migrasiescenario's
 met betrekking tot die Suid-Afrikaanse swart bevolking*.
 Verslag S-133. Pretoria:RGN.

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). (1986). *Die
 voorgestelde Suid-Afrikaanse bevolkingsprogram van die
 Presidentsraad: Insette ter bereiking van
 fertiliteitsdoelwitte*. Verslag S-142. Pretoria:RGN.

Scholtz, G.J.L. (1983). *Grondvrae oor rekreasievoorsiening
 en daaruitspruitende funksies van owerheidsinstellings*.
 Potchefstroom: Instituut vir Vryetydstudies, Potchefstroom-
 se Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Scholtz, G.J.L. (1983). *Voorkeurpatrone vir sport en
 rekreasie in die RSA*. Potchefstroom: Potchefstroomse
 Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Scholtz, G.J.L. en Olivier, J.L. (1985). *Deelname aan sport en ontspanning deur verstedelike Suid-Afrikaners gedurende 1983*. Potchefstroom: Instituut vir Vryetydstudies, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Siehl, G.H. (1988). Setting local recreational policy. *Journal of physical education, recreation and dance*, 59(4):39-40, 62.

Smit, P. en Kok, P.C. (1981). *Bevolkingsherverspreiding in die RSA, 1970-1980: Ontledings van die voorlopige 1980-sensusgegevens*. Navorsingsverslag nr. S-82. Pretoria:RGN.

Smith, D.P.J. (1965). Sport en Opvoeding. *Vigor*, 19(1).

South Africa (Republic) (1988/89). *Official yearbook of the Republic of South Africa*. Cape town: CTP Book Printer.

Suid-Afrika (Republiek) (1990/91). *Amptelike jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika*. Kaapstad: CTP Boekdrukkers.

South African Medical Research Council. (1987) *Review of South African Mortality*, Parow: (s.n.).

Statewide Recreation planning unit. (1966). *Outdoor recreation outlook to 1980*. no. 3. San Francisco: (s.n.).

Steyn, C. (10 Desember 1991). Streekverteenwoordiger van die Departement Nasionale Opvoeding, Direktoraat Sport- en Ontspanningsbevordering. *Persoonlike Onderhoud*.

Steyn, J.N. (1972). *Die Suid-Kaapse Toeristebedryf: Geografiese patrone en invloede op regionale ontwikkeling*. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Steyn, J.N. (1987). *Bepanningsriglyne vir die voorsiening van sportfasiliteite deur plaaslike owerhede*. SAVSLOR-publikasie, nr. 4/87. Pretoria.

Steyn, J.N., Olivier, J.J. en Booysen, J.J. (1985). *Sport- en rekreasievoorsiening aan Swartes: Besluitnemingsraamwerk en ruimtelike patrone*. *S.A. Geograaf*, 13(1), April 1985:51-64.

Suid-Afrika. (Republiek). (1971). *Die wet op die Administrasie van swart Sake*, no. 45 van 1971.

Suid-Afrika. (Republiek). (1977). *Die wet op Gemeenskapsrade*, no. 125 van 1977.

Suid-Afrika. (Republiek). (1982). *Bevolkingsensus 1980: Steekproeftabellasië - Ekonomiese eienskappe*. Verslag no. 02-80-03. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1982). *Bevolkingsensus 1980: Steekproeftabellasië - Maatskaplike eienskappe*. Verslag no. 02-80-02. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1982). Departement van Statistiek. *Lopende bevolkingsopname. Swartes en Kleurlinge 1979-1981*. Verslag no. 07-07-01. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1984). *Die wet op die Ontwikkeling van Swart gemeenskappe*, no. 4 van 1984.

Suid-Afrika. (Republiek). (1984). Kantoor van die Eerste minister. *Staatskoerant*, 225 (9080):30.

Suid-Afrika. (Republiek). (1985). *Bevolkingsensus 1980: Beroep volgens statistiese streek en distrik*. Verslag no. 02-80-05. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1985). *Bevolkingsensus 1980: Onderwyspeil volgens statistiese streek en distrik*. Verslag no. 02-80-07. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1985). *Bevolkingsensus 1980: Ouderdom volgens statistiese streek en distrik*. Verslag no. 02-80-04. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1986). *Bevolkingsensus 1985: Beroep volgens statistiese streek en distrik*. Verslag no. 02-85-05. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1986). *Bevolkingsensus 1985: Ekonomiese eienskappe volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1986). *Bevolkingsensus 1985: Maatskaplike eienskappe: Statistieke oor huwelikstaat en ouderdom*. Verslag no. 02-85-06. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1986). *Bevolkingsensus 1985: Onderwyspeil volgens statistiese streek en distrik*. Verslag no. 02-85-04. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1986). *Die wet op die Afskaffing van Ontwikkelingsliggame*, no. 75 van 1986.

Suid-Afrika. (Republiek). (1986). *Die wysigingswet op Swart plaaslike owerhede*, no. 58 van 1986.

Suid-Afrika. (Republiek). (1986). *Die wysigingswet op swart plaaslike owerhede*, no. 102 van 1982.

Suid-Afrika. (Republiek). (1988). *Presidentsraad. Komitee vir Maatskaplike Aangeleenthede. Sosio-ekonomiese asook ruimtelike implikasies van verandering.* PR 1/1988:169 en 176.

Suid-Afrika. (Republiek). (1988). Sentrale Statistiekdiens. *Suid-Afrikaanse statistieke 1988.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1989). *Metode waarvolgens fondse vir sportfasiliteite toegeken en bestee moet word.* Lêer 35/3/1. 13 Julie 1989. Pretoria: Departement van Onderwys en Opleiding.

Suid-Afrika. (Republiek). (1990). Departement van statistiek. *Lopende bevolkingsopname: Ontwikkelingstreke, provinsies en selfregerende gebiede: Swartes - Februarie 1990.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1990). Sentrale Statistiekdiens. *Bulletin van Statistieke.* vol. 24, no. 4. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1990). Sentrale Statistiekdiens. *Statistiese nuusberig p0302. Bevolking en ekonomiese bedrywige bevolking - Middellaarramings: 1970-1990.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. (Republiek). (1991). *Die wet op tussentydse maatreëls vir plaaslike Regering, no. 128 van 1991.*

Suid-Afrika. (Republiek). (1991). Sentrale Statistiekdiens. *Statistiese nuusberig p0200. Arbeidstatistieke: werkertal, salarisse en lone (opsomming), Sept. 1990.* Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie (SAVSLOR). (Junie 1989). *Fiksheid en Gesondheid. Oefenkunde Feitekaart 11,* Pretoria: SAVSLOR.

Szwak, L.B. (1988). Leisure and the changing American family. *Journal of physical education, recreation and dance*, 59(4):59-61.

Taljaard, E.P.S. (1976). *Die administrasie en organisasie van ontspanning vir die Bantoe in enkele stedelike gebiede*. D. Phil.-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Taljaard, E.P.S. (1977). 'n Doeltreffende organisasie-struktuur vir die lewering van parke- en ontspanningsdienste deur Bantoesake-administrasierade. *Konferensie oor ontspannings navorsing*: pp. 221-227. Stellenbosch.

Taljaard, E.P.S. (1984). *Rekreasie in die metropolitaanse gebiede van Kaapland: Rekreasiepatrone, voorkeure en behoeftes. Deel 1 - Metropolitaanse gebied van Kaapstad*. SAVSLOR publikasie. Stellenbosch.

Travers, R.M.W. (1978). *An introduction to educational research* (4th ed.). New York: Macmillan publishing Co., Inc.

Van Aswegen, H.J. (1970). Die verstedeliking van die nie-blanke in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902. *Die Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, 2 (Nov.): 19-37.

Van der Merwe, I.R. (1966). Sport en kultuur. *Vigor*, 19(3).

Van der Wal, R.W.E. (1983). *Ontspanning in die Bloemfonteingebied*. SAVSLOR publikasie. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Van der Wal, R.W.E. en Steyn, J.N. (1981). Recreation in metropolitan areas. *S.A. tydskrif vir navorsing in sport, liggaamlike opvoeding en ontspanning*, 4(2).

Van Tonder, M.A. 1989. *Handleiding by die skryf van navorsingsverslae, skripsies, verhandelinge en proefskrifte*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Viljoen, M.M. (1987). Vryetydse lees- en gebruiksgedrag en biblioteekgebruik van ontwikkelende gemeenskappe. *Mousaion: Tydskrif vir biblioteek- en inligtingkunde: series 3*. 5(2):89-107.

Vrey, W.J.H. (1985). *Die rangorde van stede/dorpe by die prioriteitsbepaling van die behoefte na sport- en ontspanningsfasiliteite in die bedieningsgebied van die Ontwikkelingsraad Suid-O.V.S.* Bloemfontein: Instituut vir Sosiale en Ekonomiese navorsing, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Walsch, R.G. (1986). *Recreation Economic Decisions: Comparing Benefits and Costs*. State College, Pennsylvania: Venture Publishing, Inc.

Weiskopf, D.C. (1982). *Recreation and leisure: Improving the quality of life*. Boston: Allyn and Bacon, Inc.

Williams, J.H. (1980). 'n *Sosiologiese ondersoek na die differensiële patroon van sportbeoefening deur en sportbeplanning vir die verskillende swart groepe in Soshanguve*. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Wilson, G.D.H. and Hattingh, P.S. (1988). *Recreation within the black townships of the PWV-region*. Pretoria: University of Pretoria.

Wilson, G.D.H. (1989). *Ontspanning in die swart woongebiede van die PWV-streek: 'n Geografiese perspektief*. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Woodard, M.D. (1988). Class, regionality, and leisure among Urban Black Americans: The post-civil rights era. *Journal of leisure research*, 20(2):87-105.

OPSOMMING

Die voorsiening van rekreasie- en sportfasiliteite aan Swartmense is van die belangrikste middele om ekonomiese en maatskaplike verval teen te werk. Die behoefte aan rekreasie en sport word egter al hoe groter en die eise om in die aanvraag te voorsien, al hoe sterker. Hierdie steeds groeiende behoefte kan onder andere aan beter opvoeding, 'n verhoogde inkomste, verhoogde mobiliteitsvlak en 'n toename in beskikbare vryetyd gekoppel word.

Die vraag na rekreasie en sport het egter sodanig toegeneem dat daar tred verloor is met die voorsiening daarvan. Om doeltreffende, gekoördineerde voorsiening van rekreasie en sport te verseker, moet bepaal word wat - sowel as waar - spesifieke fasiliteite en dienste voorsien moet word.

Die doelstelling van hierdie ondersoek is derhalwe die bepaling van die rekreasie- en sportvoorkeure van Swartmense in die Suid-Oranje-Vrystaat en die daarstel van 'n voorsieningstrategie om doeltreffende rekreasie- en sportvoorsiening te bevorder.

In die inleiding tot die ondersoek word die klem op die aktualiteit van die ondersoek geplaas, asook op die toeligting van aspekte soos die doel en metode van ondersoek. Die vraelys as basis van data-insameling, asook die demografiese en sosio-ekonomiese profiel van die respondente word vervolgens behandel. Huidige deelnamepatrone as ook 'n tyd-ruimtelike analise daarvan, behoeftes en voorkeure, mobiliteit en knelpunte word verder in die ondersoek bespreek en toegelig.

Uit die ondersoek het geblyk dat:

- (i) Eiesoortige behoeftes en voorkeure vir rekreasie en sport in die Suid-Oranje-Vrystaat geïdentifiseer is,

- (ii) Gesinsrekreasië deur Swartmense belangrik geag word,
- (iii) Deelname aan en behoefte vir passiewe rekreasië deur voorsieningsinstansies verreken moet word,
- (iv) Die jeug 'n hoër behoefte aan fisiese aktiwiteite ervaar,
- (v) Die toename in werkloosheid 'n impak op rekreasië- en sportvoorsiening sal hê,
- (vi) die toename in opvoedkundige kwalifikasies en die lae mobiliteits- en inkomstevlak verreken moet word in rekreasië- en sportvoorsiening, en
- (vii) Knelpunte wat deur Swartmense ondervind word in die beoefening van rekreasië- en sportaktiwiteite, 'n geweldige negatiewe impak op deelnamepatrone het.


Hiervolgens is 'n voorsieningstrategie geformuleer wat as riglyne vir die toepassing van die resultate en bevindinge van die ondersoek in die praktyk kan dien. Die strategieë behels organisatoriese infrastruktuurvoorsiening, fisiese hulpbronvoorsiening en programvoorsiening. Die implementering van hierdie strategieë sal doeltreffende en gekoördineerde rekreasië- en sportvoorsiening verseker, sodat optimaal aan die behoeftes van alle teikengroepe en betrokkenes voldoen kan word.

ADDENDUMS

BLADSY

Addendum A:	Kaart van die Ontwikkelingsraad Suid-OVS	305
Addendum B:	Vraelys	306
Addendum C:	Skedule van bestaande sport- en rekreasiefasiliteite in die ondersoekgebied	324
Addendum D:	Grafiese voorstelling van die vyf belangrikste behoeftes in sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie volgens sosio-ekonomiese veranderlikes	325

ORANJE-VRYSTAAT



ADDENDUM 8

RECREATIONAL AND SPORT PREFERENCESIN THE SOUTHERN O.P.S.REKREASIE- EN SPORTVOORKEUREIN DIE SUID-O.V.S.

SPORT: The concept of sport embraces individual or team participation in organised and competitive sports activities for the sake of marks for competition and achievement.

SPORT: Die begrip sport behels deelname deur individue of spanne aan georganiseerde en mededingende sportaktiwiteite ter wille van die kompetisie- en prestasiekenmerke.

RECREATION: The concept of recreation embraces participation in activities for the sake of pleasure, excitement and delight. Marks for competition and achievement are less important.

REKREASIE: Die begrip rekreasie behels deelname aan aktiwiteite wat ter wille van die plesier, opwinding en genot daarvandaan beoefen word. Die kompetisie- en prestasiekenmerke is hier van minder belang.

Resident,

ENGLISH : SPORTS AND RECREATIONAL FACILITIES

Resident you must have a say in the provision of facilities which are going to be used by you. We, therefore, need your help very urgently. A survey is being conducted to determine sports and recreational preferences in the Southern O.F.S. By completing this questionnaire your preferences and needs for sports and recreational facilities can be assessed. The information you furnish in this questionnaire will be used to plan sports and recreational facilities in your residential area. This will ensure that you and your family can participate in the sport- and recreation activities of your choice.

In answering these questions, you will be making an important contribution to the success of this survey. Every adult above the age of 21 and younger than 60 years must complete the questionnaire. Questions will also be put to persons in the household who are younger than 21 years and 60 years and older, and must be answered by themselves. These questions are at the end of the Questionnaire.

Your information is regarded as confidential, and you are asked not to furnish your name. Thank you very much for your valuable contribution.

Yours faithfully,

DE MAN
S OFFICIAL

inwoner

AFRIKAANS : SPORT- EN RECREASIEFASILITEITE

Inwoner moet seggenskap hê in die daarstelling van fasiliteite wat deur u gebruik gaan word. Daarom het ons u hulp nodig. Hierdie ondersoek word gedoen om sport- en rekreasievoorkeure in die Suid-O.V.S. te bepaal. Met hierdie vraelys kan voorkeure en behoeftes vir sport- en rekreasiefasiliteite bepaal. Die inligting wat u in hierdie vraelys verstrek, sal gebruik word vir die beplanning van sport- en rekreasiefasiliteite in u woongebied. Dit sal verseker dat u en u gesin die sport- en rekreasieaktiwiteite van u keuse kan deelneem.

Hierdie vraelys te voltooi kan u 'n baie belangrike bydrae lewer tot die sukses van die ondersoek. Elke volwasse persoon jonger as 60 jaar, moet hierdie vraelys voltooi. Vrae sal ook aan persone in die huishouding jonger as 21 jaar en 60 jaar en ouer gestel word, wat hulle self moet beantwoord. Hierdie vrae is aan die einde van die Vraelys.

U inligting word as vertroulik beskou en u word versoek om nie u naam te verstrek nie. Baie dankie vir u waardevolle

DE MAN
S OFFICIAL

VRAELYS

AK 'N KRUISIE IN DIE TOEPASLIKE BLOKKIE EN VOLTTOEI WAAR VAN TOEPASSING)

						1
						5

WOONGEBIED: _____

1	
6	7

GESLAG:

MANLIK 1 8
 VROULIK 2

OUDERDOM:

21 - 30 jaar 1
 31 - 40 jaar 2
 41 - 50 jaar 3
 51 - 59 jaar 4 9

AAN WATTER ETNIESE GROEP BEHOORT U?

NDEBELE 1
 NOORD SOTHO 2
 SUID SOTHO 3
 SWAZI 4
 TSWANA 5
 VENDA 6
 XIOSA 7
 ZULU 8
 ANDER: (meld) 9 10

HUWELIJSITUASIE:

ONGETROUD 1
 GETROUD 2
 GESKEI, WEDUWEE, WEWENAAR 3
 WOON SAAM 4 11

WAT IS U BEROE?

(meld): _____ 12 13

AAN WATTER AKTIWITEITE NEEM U TANS DEEL?

(Dui ook aan hoe gereeld u deelneem.)

t/fisieke rekreasie:

Neem nie deel nie 1 14

Aantal kere wat u deelneem

	Deelname per week							1 keer in 2 weke	1 keer per maand	
	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sat.	Son.			
Atletiek										15-23
Biljart/snoeker										24-32
Boks										33-41
Pietsry										42-50
Gholf										51-59
Judo										60-68
Karate										69-77
Krieket										78-86
Landloop										87-95
Liggaamsbou										96-104
Netbal										105-113
Pluimbal										114-122
Ringtennis										123-131
Rugby										6-14
Sagtebal										15-23
Sokker										24-32
Sosiale dans										33-41
Standans										42-50
Stoei										51-59
Swem										60-68
Tafeltennis										69-77
Tennis										78-86
Trimpark										87-95
Vlugbal										96-104
Ander (meld):										105-113

					2
					5

Neem nie deel nie 1 114

Aantal kere wat u deelneem

	Deelname per week						1 keer in 2 weke	1 keer per maand		
	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sat.				Son.
1 (meld):									115-123	
									124-132	<input type="checkbox"/> 1 <input type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/> 5
o's									6-14	
speel									15-23	
araba									24-32	
.....									33-41	
.....									42-50	
yltjies									51-59	
rbord									60-68	
(meld):									69-77	

ewere rekreasië:

Neem nie deel nie 1 78

Aantal kere wat u deelneem

	Deelname per week						1 keer in 2 weke	1 keer per maand		
	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sat.				Son.
otek besoek									79-87	
oop besoek									88-96	
elvriende besoek.									97-105	
heewerk									106-114	
ritte									115-123	
werk									124-132	<input type="checkbox"/> 1 <input type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/> 5
anningsoord besoek									6-14	
ek									15-23	
akkerie									24-32	
sie kyk									33-41	
uer by sportby-										
eenkomste									42-50	
g									51-59	
rk									60-68	
(meld):									69-77	

AAN WATTER AKTIWITEITE WIL U DEELNEEM WAT TANS NIE BESKIKBAAR IS NIE. DEELNAME AAN AKTIWITEITE MOET BINNE U FINANSIËLE VERMOË WEES. DOI OOK VAN HOE GEREELD U SAL DEELNEEM.

SPORT/FISIËKE REKREASIE

Ek het geen behoefte om aan ander aktiwiteite deel te neem nie... 1 78

Aantal kere wat u sal deelneem

	Deelname per week						1 keer in 2 weke	1 keer per maand		
	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sat.				Son.
Atletiek									79-87	
Biljart/snoeker .									88-96	
Boks									97-105	
Pietsry									106-114	
gholf									115-123	
Judo									124-132	<input type="checkbox"/> 1 <input type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/> 5
karate									6-14	
krieket									15-23	
andloop									24-32	
liggaamsbou									33-41	
etbal									42-50	
luimbal									51-59	
tingtennis									60-68	
rugby									69-77	
agtebal									78-86	
okker									87-95	
osiale dans.....									96-104	
tamdans									105-113	
toei									114-122	
wem									123-131	<input type="checkbox"/> 1 <input type="checkbox"/> 2 <input type="checkbox"/> 3 <input type="checkbox"/> 4 <input type="checkbox"/> 5 <input type="checkbox"/> 6
afeltennis									6-14	
ennis									15-23	
rimpark									24-32	
lughal									33-41	
nder (meld):									42-50	

Aantal kere wat u sal deelneem

	Deelname per week							1 keer in 2 weke	1 keer per maand
	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sat.	Son.		
(meld):									51-59
									60-68
no's									69-77
speel									78-86
paraba									87-95
.....									96-104
.....									105-113
lytjies									114-122
erbord									123-131
(meld):									6-14
									1 5
iewe rekreasie:									
oteek besoek									15-23
kop besoek									24-32
lie/vriende besoek.									33-41
sneewerk									42-50
ritte									51-59
werk									60-68
panningsoord besoek									69-77
niek									78-86
ebakkery									87-95
isie kyk									96-104
ouer by sportby-									
eenkomste									105-113
ng									114-122
erk									123-131
(meld):									6-14
									1 8

SAL U GRAAG 'N ONTSPANNINGSOORD WIL BESOEK? (n Ontspanningsoord bied verskeie fasiliteite soos bv. rondawels, karavaanpark, kampeergerieewe, restaurant en ook verskeie sportfasiliteite)

- Ja 1
- Onseker 2
- Nee 3 15

DOEVEEL KEER PER JAAR SAL U GRAAG DIE ONTSPANNINGSOORD WIL BESOEK?

_____ keer per jaar 16 17

WATTER VAN DIE VOLGENDE GERIEWE BESKOU U AS NOODSAAKLIK, ONSEKER OF ONNODIG BY 'N ONTSPANNINGSOORD? (ANTWOORD OP ELKE VRAAG)

	NOODSAAKLIK	ONSEKER	ONNODIG	
Rondawel				18
Slaapsale vir groepe				
Braaigeriewe				
Karavaanpark				
Restourant				
Wildtuin				
Biljart/snoeker				
Golfbaan				
Muurbalbaan				
Pluimbalbaan				
Tennisbaan				
Sokkerveld				
Swembad				
Vlugbalbaan				
Biblioteek				
Fasiliteite vir gestremdes				
Haarsalon				
Perdryfasiliteite				
Putt-puttbaan				
Roeibote				
Sauna				
Speelpark vir kinders				
Visvang				
Ander (meld):				41

12. INDIEN U 'N RONDWEL AS HOOGSAAKLIK BESNOU, WATTER GERIENE VERKIES U IN DIE RONDWEL?

Een slaapkamer	1	<input type="checkbox"/>	42
Twee slaapkamers	2	<input type="checkbox"/>	43
Drie slaapkamers	3	<input type="checkbox"/>	44
Sit-/eetkamer	4	<input type="checkbox"/>	45
Kombuis	5	<input type="checkbox"/>	46
Badkamer	6	<input type="checkbox"/>	47

13. SAL U 'N SENTRAAL GELDE GEMEENSKAPLIKE BADKAMER GEBRUIK?

Ja	1	<input type="checkbox"/>	
Onseker	2	<input type="checkbox"/>	
Nee	3	<input type="checkbox"/>	48

14. SAL U 'N SENTRAAL GELDE GEMEENSKAPLIKE KOMBUIS GEBRUIK?

Ja	1	<input type="checkbox"/>	
Onseker	2	<input type="checkbox"/>	
Nee	3	<input type="checkbox"/>	49

15. HOE LANK REIS U OM GEDURENDE 'N DAG AAN SPORT/REKREASIE DEEL TE NEEM?Eenrigting Reistyd

0 min. (Reis nie)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 5 min.	2	<input type="checkbox"/>	
5,1 - 10 min.	3	<input type="checkbox"/>	
10,1 - 20 min.	4	<input type="checkbox"/>	
20,1 - 40 min.	5	<input type="checkbox"/>	
Meer as 40 min.	6	<input type="checkbox"/>	50

16. HOE VER REIS U OM GEDURENDE 'N DAG AAN SPORT/REKREASIE DEEL TE NEEM?Eenrigting Reisdistanse

0 km (Reis nie)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 2 km	2	<input type="checkbox"/>	
2,1 - 4 km	3	<input type="checkbox"/>	
4,1 - 6 km	4	<input type="checkbox"/>	
6,1 - 10 km	5	<input type="checkbox"/>	
10,1 - 15 km	6	<input type="checkbox"/>	
Verder as 15 km	7	<input type="checkbox"/>	51

17. WATTER TIEPE VERVOER GEBRUIK U OM GEDURENDE 'N DAG AAN SPORT/REKREASIE DEEL TE NEEM?

Geen (Beoefen aktiwiteit by huis)	1	<input type="checkbox"/>	52
Stap	2	<input type="checkbox"/>	53
Fiets	3	<input type="checkbox"/>	54
Motorfiets	4	<input type="checkbox"/>	55
Motor	5	<input type="checkbox"/>	56
Huurmotor	6	<input type="checkbox"/>	57
Busdiens	7	<input type="checkbox"/>	58
Trein	8	<input type="checkbox"/>	59

18. HOE LANK REIS U OM VIR 'N NAWEEK AAN SPORT/REKREASIE DEEL TE NEEM? ('N TERMIN VAN 2 DAE WEG VAN DIE BUIS AF)Eenrigting Reistyd

0 min. (Reis nie)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 20 min.	2	<input type="checkbox"/>	
20,1 - 40 min.	3	<input type="checkbox"/>	
40,1 - 60 min.	4	<input type="checkbox"/>	
60,1 - 90 min.	5	<input type="checkbox"/>	
Meer as 90 min.	6	<input type="checkbox"/>	60

19. HOE VER REIS U OM VIR 'N NAWEEK AAN SPORT/REKREASIE DEEL TE NEEM?
('N TERMYN VAN 2 DAE WEG VAN DIE HUIS AF)

<u>Eenriktig Reisdistanisie</u>			
0 km (Reis nie)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 10 km	2	<input type="checkbox"/>	
10,1 - 20 km	3	<input type="checkbox"/>	
20,1 - 40 km	4	<input type="checkbox"/>	
40,1 - 80 km	5	<input type="checkbox"/>	
80,1 - 150 km	6	<input type="checkbox"/>	
Verder as 150 km	7	<input type="checkbox"/>	61

20. WATTER TIPE VERVOER GEBRUIK U OM VIR 'N NAWEEK AAN SPORT/REKREASIE DEEL TE NEEM?
('N TERMYN VAN 2 DAE WEG VAN DIE HUIS AF)

Gaan nie vir 'n naweek weg nie	1	<input type="checkbox"/>	62
Stap	2	<input type="checkbox"/>	63
Fiets	3	<input type="checkbox"/>	64
Motorfiets	4	<input type="checkbox"/>	65
Motor	5	<input type="checkbox"/>	66
Huurmotor	6	<input type="checkbox"/>	67
Busdiens	7	<input type="checkbox"/>	68
Trein	8	<input type="checkbox"/>	69
Vliegtuig	9	<input type="checkbox"/>	70

21. HOE LANK REIS U VIR U VAKANSIE? ('N VAKANSIE IS LANGER AS 5 DAE WEG VAN DIE HUIS).

<u>Eenriktig Reistyd</u>			
0 ure (Reis nie)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 2 ure	2	<input type="checkbox"/>	
2,1 - 4 ure	3	<input type="checkbox"/>	
4,1 - 6 ure	4	<input type="checkbox"/>	
6,1 - 8 ure	5	<input type="checkbox"/>	
Meer as 8 ure	6	<input type="checkbox"/>	71

22. HOE VER REIS U VIR U VAKANSIE? ('N VAKANSIE IS LANGER AS 5 DAE WEG VAN DIE HUIS.)

<u>Eenriktig Reisdistanisie</u>			
0 km (Reis nie)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 50 km	2	<input type="checkbox"/>	
50,1 - 150 km	3	<input type="checkbox"/>	
150,1 - 250 km	4	<input type="checkbox"/>	
250,1 - 500 km	5	<input type="checkbox"/>	
500,1 - 1000 km	6	<input type="checkbox"/>	
Verder as 1000 km	7	<input type="checkbox"/>	72

23. WATTER TIPE VERVOER GEBRUIK U VIR U VAKANSIE? ('N VAKANSIE IS LANGER AS 5 DAE WEG VAN DIE HUIS.)

Gaan nie vir 'n vakansie weg nie	1	<input type="checkbox"/>	73
Stap	2	<input type="checkbox"/>	74
Fiets	3	<input type="checkbox"/>	75
Motorfiets	4	<input type="checkbox"/>	76
Motor	5	<input type="checkbox"/>	77
Huurmotor	6	<input type="checkbox"/>	78
Busdiens	7	<input type="checkbox"/>	79
Trein	8	<input type="checkbox"/>	80
Vliegtuig	9	<input type="checkbox"/>	81

24. WATTER TIPE VERVOERMIDDEL(S) BESIT U?

Geen	1	<input type="checkbox"/>	82
Fiets	2	<input type="checkbox"/>	83
Motorfiets	3	<input type="checkbox"/>	84
Motor/bakkie	4	<input type="checkbox"/>	85
Minibus	5	<input type="checkbox"/>	86

25. WATTER TIEP OMGEWING VERKIES U VIR REKREASIEDOELINDES? (MERK NET DRUP)

Geen	1	<input type="checkbox"/>	87
Berge	2	<input type="checkbox"/>	88
Damme/rivier	3	<input type="checkbox"/>	89
Ontspanningsoorde	4	<input type="checkbox"/>	90
Plaas	5	<input type="checkbox"/>	91
Stad	6	<input type="checkbox"/>	92
Strande	7	<input type="checkbox"/>	93
Woongebied	8	<input type="checkbox"/>	94
Ander (meld):	9	<input type="checkbox"/>	95

26. WAT VERHINDER U OM GEREELD AAN SPORT/SPELE/REKREASIE DEEL TE NEM?

Stel nie belang nie	1	<input type="checkbox"/>	96
Buitemuurse verpligtinge (bv. vergaderings)	2	<input type="checkbox"/>	97
Fasiliteite nie beskikbaar nie	3	<input type="checkbox"/>	98
Fasiliteite nie geskik nie (swak toestand)	4	<input type="checkbox"/>	99
Fasiliteite te min	5	<input type="checkbox"/>	100
Fasiliteite te ver	6	<input type="checkbox"/>	101
Gebrek aan afrigting (sport)	7	<input type="checkbox"/>	102
Gebrek aan finansies	8	<input type="checkbox"/>	103
Gebrek aan kennis van aktiwiteite	9	<input type="checkbox"/>	104
Gebrek aan klubs	10	<input type="checkbox"/>	105
Gebrek aan persoonlike motivering	11	<input type="checkbox"/>	106
Gebrek aan selfvertroue	12	<input type="checkbox"/>	107
Gebrek aan vervoer	13	<input type="checkbox"/>	108
Gesinsverpligtinge	14	<input type="checkbox"/>	109
Werkverpligtinge (Gebrek aan tyd)	15	<input type="checkbox"/>	110
Gesondheidsredes	16	<input type="checkbox"/>	111
Te oud	17	<input type="checkbox"/>	112
Ander (meld):	18	<input type="checkbox"/>	113

27. WAT IS U HOOGSTE OPVOEDKONDIGE KVALIFIKASIE?

Geen skoolopleiding	1	<input type="checkbox"/>	
Laer as std. 5	2	<input type="checkbox"/>	
Std. 5 tot 8	3	<input type="checkbox"/>	
Std. 9 tot 10	4	<input type="checkbox"/>	
Graad/diploma/sertifikaat	5	<input type="checkbox"/>	
Nagraads	6	<input type="checkbox"/>	114

28. WAT IS U NETTO INKOMSTE PER MAAND? (NA AFREKKINGS.)

Geen	1	<input type="checkbox"/>	
R 1,00 - R 200,00	2	<input type="checkbox"/>	
R201,00 - R 400,00	3	<input type="checkbox"/>	
R401,00 - R 600,00	4	<input type="checkbox"/>	
R601,00 - R 800,00	5	<input type="checkbox"/>	
R801,00 - R1 000,00	6	<input type="checkbox"/>	
Meer as R1 000,00	7	<input type="checkbox"/>	115

BAIE DANKIE VIR U WAARDEVOLLE BYDRAE.

oooooooooooo


Die volgende twee vrae is slegs vir 'n persoon 60 jaar en ouer en 'n persoon jonger as 21 jaar wat in u huis woon.

volgende twee vrae is slegs vir 'n persoon 60 jaar en ouer en 'n persoon jonger as 21 jaar wat in u 3^{de} woon.


DOI IN KOLOM EEN DIE AKTIWITEITE WAN WAARAN U TANS DEELNEEM EN IN KOLOM TWEE DIE AKTIWITEITE WAARAN U GRAAG SA WIL DEELNEEM. (DEERNAME VAN AKTIWITEITE MOET BINNE U FINANSIELE VERMOE WEE.)

Ouderdom: 1. (ouer as 60 jaar) Jare 116
 2. (jonger as 21 jaar) Jare 117-118

	Ouer as 60 Jaar		Jonger as 21 jaar		
	Kolom 1 Tans	Kolom 2 Wil	Kolom 1 Tans	Kolom 2 Wil	
rt/fisieke rekreasi					
Atletiek					119-122
Biljart/snoeker					123-126
Boks					127-130
Fietsry					6-9
Gholf					10-13
Judo					14-17
Karate					18-21
Krieket					22-25
Landloop					26-29
Liggaamsbou					30-33
Netbal					34-37
Pluimbal					38-41
Ringtennis					42-45
Rugby					46-49
Sagtebal					50-53
Sokker					54-57
Sosiale dans.....					58-61
Standans ...					62-65
Stoei					66-69
Swem					70-73
Tafeltennis					74-77
Tennis					78-81
Triompark					82-85
Vlugbal					86-89
Ander (meld)					90-93



	Ouer as 60 Jaar		Jonger as 21 jaar		
	Kolom 1 Tans	Kolom 2 Wil	Kolom 1 Tans	Kolom 2 Wil	
le:					
bel (meld):					94-97
					98-101
					102-105
hino's					106-109
artspeel					110-113
rabaraba					114-117
nge					118-121
ak					122-125
erpyltjies					126-129
gerbord					6-9
ier (meld):					



	Ouer as 60 Jaar		Jonger as 21 jaar		
	Kolom 1 Tans	Kolom 2 Wil	Kolom 1 Tans	Kolom 2 Wil	
ssiewe rekreasi:					
blioteek besoek					10-13
pskoop besoek					14-17
ilie/vriende besoek.....					18-21
tsneewerk					22-25
orritte					26-29
aldwerk					30-33
spanningsoord besoek.....					34-37
ekniek					38-41
tebakkery					42-45
levisie kyk					46-49
eskouer by sportby- eenkomste					50-53
svang					54-57
egwerk					58-61
der (meld):					62-65

30. WAT VERHINDER U OM GEREELD AAN SPORT/SPELE/REKREASIE DEEL TE NEEM?

	OUER AS 60 JAAR	JONGER AS 21 JAAR	
Stel nie belang nie			66-67
Buitemuurse verpligtinge (bv. vergaderings) ..			68-69
Fasiliteite nie beskikbaar nie			70-71
Fasiliteite nie geskik nie (swak toestand) ...			72-73
Fasiliteite te min			74-75
Fasiliteite te ver			76-77
Gebrek aan afrigting (sport)			78-79
Gebrek aan finansies			80-81
Gebrek aan kennis van aktiwiteite			82-83
Gebrek aan klubs			84-85
Gebrek aan persoonlike motivering			86-87
Gebrek aan selfvertroue			88-89
Gebrek aan vervoer			90-91
Gesinsverpligtinge			92-93
Werkverpligtinge (Gebrek aan tyd)			94-95
Gesondheidsredes			96-97
Te oud			98-99
Ander (meld):			100-101

31. GESLAG:
OUER AS 60 JAAR

Manlik	1	<input type="text"/>	102
Vroulik	2	<input type="text"/>	103

JONGER AS 21 JAAR

Manlik	1	<input type="text"/>	104
Vroulik	2	<input type="text"/>	105

BAIE DANKIE VIR U WAARDEVOLLE BYDRAE

QUESTIONNAIRE

Put a cross in the appropriate square and complete whatever applicable.)

1 5

RESIDENTIAL AREA:

6 7

SEX:

MALE 1
FEMALE 2

8

AGE:

21 - 30 years 1
31 - 40 years 2
41 - 50 years 3
51 - 59 years 4

9

TO WHICH ETHNIC GROUP DO YOU BELONG?

NDEBELE 1
NORTH SOTHO 2
SOUTH SOTHO 3
SWAZI 4
TSWANA 5
VENDA 6
XHOSA 7
ZULU 8
OTHER (specify) 9

10

MARITAL STATUS:

UNMARRIED 1
MARRIED 2
DIVORCED, WIDOWED 3
LIVING TOGETHER 4

11

WHAT IS YOUR OCCUPATION?

(specify):

12 13

IN WHICH ACTIVITIES DO YOU TAKE PART AT PRESENT?

(Indicate also how often you participate.)

Physical recreation:

Not participating 1 14

The number of times you take part

Table with columns: Participation per week (Mon-Sun), Once in 2 weeks, Once per month. Rows include Athletics, Billiards/Snooker, Boxing, Cycling, Golf, Judo, Karate, Cricket, Cross-country running, Body-building, Netball, Badminton, Tenniquoits, Rugby, Softball, Soccer, Social dancing, Tribal dancing, Wrestling, Swimming, Table tennis, Tennis, Trimpark, Volleyball, Other (specify).

1 5

SEX:	The number of times you would take part							Once in 2 weeks	Once per month	
	Participation per week									
	Mon.	Tue.	Wed.	Thu.	Fri.	Sat.	Sun.			
angling (specify):										51-59
										60-68
binoculars										69-77
birds										78-86
cabaraba										87-95
camping										96-104
chess										105-113
clubs										114-122
club board										123-131
other (specify):										6-14
										1 7
										1 5
active recreation:										
visiting library										15-23
going to bioscope										24-32
visiting family/friends										33-41
wood-carving										42-50
motor-car drives										51-59
needlework										60-68
visiting pleasure resort										69-77
knitting										78-86
tennis										87-95
watching television										96-104
watching sport										105-113
hunting										114-122
driving										123-131
other (specify):										6-14
										1 8
										1 5

WOULD YOU LIKE TO VISIT A PLEASURE RESORT? (A pleasure resort offers numerous facilities such as e.g. rondavels, caravan park, camping sites, restaurant and various different sports facilities)

- Yes 1
- Uncertain 2
- No 3 15

HOW MANY TIMES A YEAR WOULD YOU LIKE TO VISIT A PLEASURE RESORT?

_____ times a year

16	17
----	----

WHICH OF THE FOLLOWING FACILITIES WOULD YOU CONSIDER NECESSARY, UNCERTAIN OR UNNECESSARY AT A PLEASURE RESORT? (Answer every question)

	NECESSARY	UNCERTAIN	UNNECESSARY	
Rondavels				18
Dormitories for groups				
Braai facilities				
Caravan park				
Restaurant				
Game park				
Billiards/Snooker				
Golf course				
Squash court				
Badminton court				
Tennis court				
Soccer field				
Swimming bath				
Volleyball court				
Library				
Facilities for the handicapped				
Hairdressing salon				
Horse-riding facilities				
Putt-putt course				
Rowing boats				
Sauna				
Playground for children				
Fishing				
Other (specify):				41

12. SHOULD YOU REGARD A ROADTRAVEL AS A NECESSITY, WHICH FACILITIES WOULD YOU PREFER IN THE ROADTRAVEL?

One bedroom	1	<input type="checkbox"/>	42
Two bedrooms	2	<input type="checkbox"/>	43
Three bedrooms	3	<input type="checkbox"/>	44
Lounge/Diningroom	4	<input type="checkbox"/>	45
Kitchen	5	<input type="checkbox"/>	46
Bathroom	6	<input type="checkbox"/>	47

13. WOULD YOU USE A CENTRALLY SITUATED COMMONAL BATHROOM?

Yes	1	<input type="checkbox"/>	
Uncertain	2	<input type="checkbox"/>	
No	3	<input type="checkbox"/>	48

14. WOULD YOU USE A CENTRALLY SITUATED COMMONAL KITCHEN?

Yes	1	<input type="checkbox"/>	
Uncertain	2	<input type="checkbox"/>	
No	3	<input type="checkbox"/>	49

15. HOW LONG DO YOU TRAVEL TO TAKE PART IN SPORT/RECREATION DURING A DAY?

Time for one direction only.

0 min. (Do not travel)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 5 min.	2	<input type="checkbox"/>	
5,1 - 10 min.	3	<input type="checkbox"/>	
10,1 - 20 min.	4	<input type="checkbox"/>	
20,1 - 40 min.	5	<input type="checkbox"/>	
More than 40 min.	6	<input type="checkbox"/>	50

16. HOW FAR DO YOU TRAVEL TO TAKE PART IN SPORT/RECREATION DURING A DAY?

One-way travel distance

0 km (Do not travel)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 2 km	2	<input type="checkbox"/>	
2,1 - 4 km	3	<input type="checkbox"/>	
4,1 - 6 km	4	<input type="checkbox"/>	
6,1 - 10 km	5	<input type="checkbox"/>	
10,1 - 15 km	6	<input type="checkbox"/>	
More than 15 km	7	<input type="checkbox"/>	51

17. WHAT KIND OF TRANSPORT DO YOU USE TO TAKE PART IN SPORT/RECREATION DURING A DAY?

No transport (participate at home)	1	<input type="checkbox"/>	52
Walk	2	<input type="checkbox"/>	53
Bicycle	3	<input type="checkbox"/>	54
Motor-cycle	4	<input type="checkbox"/>	55
Car	5	<input type="checkbox"/>	56
Taxi	6	<input type="checkbox"/>	57
Bus	7	<input type="checkbox"/>	58
Train	8	<input type="checkbox"/>	59

18. HOW LONG DO YOU TRAVEL TO TAKE PART IN SPORT/RECREATION FOR A WEEKEND?
(A PERIOD OF TWO DAYS AWAY FROM HOME)

Time for one direction only.

0 min. (Do not travel)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 20 min.	2	<input type="checkbox"/>	
20,1 - 40 min.	3	<input type="checkbox"/>	
40,1 - 60 min.	4	<input type="checkbox"/>	
60,1 - 90 min.	5	<input type="checkbox"/>	
More than 90 min.	6	<input type="checkbox"/>	60

19. HOW FAR DO YOU TRAVEL TO TAKE PART IN A WEEKEND'S SPORT/RECREATION?
(A PERIOD OF TWO DAYS AWAY FROM HOME)

One-way travel distance

0 km (Do not travel)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 10 km	2	<input type="checkbox"/>	
10,1 - 20 km	3	<input type="checkbox"/>	
20,1 - 40 km	4	<input type="checkbox"/>	
40,1 - 80 km	5	<input type="checkbox"/>	
80,1 - 150 km	6	<input type="checkbox"/>	
More than 150 km	7	<input type="checkbox"/>	61

20. WHAT KIND OF TRANSPORT DO YOU USE TO TAKE PART IN A WEEKEND'S SPORT/RECREATION?
(A PERIOD OF TWO DAYS AWAY FROM HOME)

Do not go away over weekends	1	<input type="checkbox"/>	62
Walk	2	<input type="checkbox"/>	63
Bicycle	3	<input type="checkbox"/>	64
Motor-cycle	4	<input type="checkbox"/>	65
Car	5	<input type="checkbox"/>	66
Taxi	6	<input type="checkbox"/>	67
Bus	7	<input type="checkbox"/>	68
Train	8	<input type="checkbox"/>	69
Aircraft	9	<input type="checkbox"/>	70

21. HOW LONG DO YOU TRAVEL GOING ON HOLIDAY? (A HOLIDAY IS MORE THAN 5 DAYS AWAY FROM HOME.)

Time for one direction only.

0 hrs (Do not travel)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 2 hrs	2	<input type="checkbox"/>	
2,1 - 4 hrs	3	<input type="checkbox"/>	
4,1 - 6 hrs	4	<input type="checkbox"/>	
6,1 - 8 hrs	5	<input type="checkbox"/>	
More than 8 hrs	6	<input type="checkbox"/>	71

22. HOW FAR DO YOU TRAVEL GOING ON HOLIDAY? (A HOLIDAY IS MORE THAN 5 DAYS AWAY FROM HOME)

One-way travel distance

0 km (Do not travel)	1	<input type="checkbox"/>	
1 - 50 km	2	<input type="checkbox"/>	
50,1 - 150 km	3	<input type="checkbox"/>	
150,1 - 250 km	4	<input type="checkbox"/>	
250,1 - 500 km	5	<input type="checkbox"/>	
500,1 - 1000 km	6	<input type="checkbox"/>	
More than 1000 km	7	<input type="checkbox"/>	72

23. WHAT KIND OF TRANSPORT DO YOU USE TO GO ON HOLIDAY? (A HOLIDAY IS MORE THAN 5 DAYS AWAY FROM HOME)

Do not go away on holiday	1	<input type="checkbox"/>	73
Walk	2	<input type="checkbox"/>	74
Bicycle	3	<input type="checkbox"/>	75
Motor-cycle	4	<input type="checkbox"/>	76
Car	5	<input type="checkbox"/>	77
Taxi	6	<input type="checkbox"/>	78
Bus	7	<input type="checkbox"/>	79
Train	8	<input type="checkbox"/>	80
Aircraft	9	<input type="checkbox"/>	81

24. WHAT KIND OF TRANSPORT DO YOU POSSESS?

None	1	<input type="checkbox"/>	82
Bicycle	2	<input type="checkbox"/>	83
Motor-cycle	3	<input type="checkbox"/>	84
Car/Bakkie	4	<input type="checkbox"/>	85
Mini-bus	5	<input type="checkbox"/>	86

5. WHAT KIND OF ENVIRONMENT DO YOU PREFER FOR YOUR RECREATION? (MARK ONLY THREE.)

None.....	1	<input type="checkbox"/>	87
Mountains	2	<input type="checkbox"/>	88
Dams/Rivers	3	<input type="checkbox"/>	89
Pleasure resorts	4	<input type="checkbox"/>	90
Farm	5	<input type="checkbox"/>	91
City	6	<input type="checkbox"/>	92
Beach	7	<input type="checkbox"/>	93
Residential areas	8	<input type="checkbox"/>	94
Other (specify):	9	<input type="checkbox"/>	95

6. WHAT PREVENTS YOU FROM TAKING PART IN SPORT/GAMES/RECREATION REGULARLY?

Not interested	1	<input type="checkbox"/>	96
Outside commitments (e.g. meetings)	2	<input type="checkbox"/>	97
No facilities available	3	<input type="checkbox"/>	98
Facilities unsuitable (in poor condition)	4	<input type="checkbox"/>	99
Too few facilities	5	<input type="checkbox"/>	100
Facilities too far away	6	<input type="checkbox"/>	101
Lack of training (sport)	7	<input type="checkbox"/>	102
Lack of money	8	<input type="checkbox"/>	103
Lack of knowledge of activities	9	<input type="checkbox"/>	104
Lack of clubs	10	<input type="checkbox"/>	105
Lack of personal motivation	11	<input type="checkbox"/>	106
Lack of self-confidence	12	<input type="checkbox"/>	107
Lack of transport	13	<input type="checkbox"/>	108
Family obligations	14	<input type="checkbox"/>	109
Work obligations (Lack of time)	15	<input type="checkbox"/>	110
Health reasons	16	<input type="checkbox"/>	111
Too old	17	<input type="checkbox"/>	112
Other (specify):	18	<input type="checkbox"/>	113

WHAT IS YOUR HIGHEST EDUCATIONAL QUALIFICATION?

No schooling	1	<input type="checkbox"/>	
Below Std. 5	2	<input type="checkbox"/>	
Stds 5 - 8	3	<input type="checkbox"/>	
Stds 9 - 10	4	<input type="checkbox"/>	
Degree/diploma/certificate	5	<input type="checkbox"/>	
Post-graduate	6	<input type="checkbox"/>	114

WHAT IS YOUR NET INCOME PER MONTH (AFTER DEDUCTIONS)?

None	1	<input type="checkbox"/>	
R 1,00 - R 200,00	2	<input type="checkbox"/>	
R201,00 - R 400,00	3	<input type="checkbox"/>	
R401,00 - R 600,00	4	<input type="checkbox"/>	
R601,00 - R 800,00	5	<input type="checkbox"/>	
R801,00 - R1 000,00	6	<input type="checkbox"/>	
More than R1 000,00	7	<input type="checkbox"/>	115

THANK YOU VERY MUCH FOR YOUR VALUABLE CONTRIBUTION

○○○○○○○○○○

The following two questions are only for persons 60 years and older and younger than 21 years and who live in your house.

The following two questions are only for a person 60 years and older and one younger than 21 years and who live in your house.

INDICATE IN COLUMN 1 THE ACTIVITIES IN WHICH YOU TAKE PART AT PRESENT, AND IN COLUMN 2 THE ACTIVITIES IN WHICH YOU WOULD LIKE TO TAKE PART. (PARTICIPATION IN ACTIVITIES MUST BE WITHIN YOUR FINANCIAL MEANS)

Age: 1. (above 60 years) years 116
 2. (under 21 years) years 117-118

	Above 60 years		Under 21 years		
	Column 1 at present	Column 2 want to	Column 1 at present	Column 2 want to	
Art/Physical recreation:					
Athletics					119-122
Billiards/snooker					123-126
Boxing					127-130
Cycling					6-9
Golf					10-13
Judo					14-17
Karate					18-21
Cricket					22-25
Cross-country running					26-29
Body-building					30-33
Netball					34-37
Badminton					38-41
Tennis					42-45
Rugby					46-49
Softball					50-53
Soccer					54-57
Social dancing					58-61
Tribal dancing					62-65
Wrestling					66-69
Swimming					70-73
Table tennis					74-77
Tennis					78-81
Trippark					82-85
Volleyball					86-89
Other (specify)					90-93

					9
1					5

	Above 60 years		Under 21 years		
	Column 1 at present	Column 2 want to	Column 1 at present	Column 2 want to	
Games:					
Billiards (specify):					94-97
.....					98-101
.....					102-105
.....					106-109
.....					110-113
.....					114-117
.....					118-121
.....					122-125
.....					126-129
.....					6-9

					0
1					5

	Above 60 years		Under 21 years		
	Column 1 at present	Column 2 want to	Column 1 at present	Column 2 want to	
Leisure recreation:					
.....					10-13
.....					14-17
.....					18-21
.....					22-25
.....					26-29
.....					30-33
.....					34-37
.....					38-41
.....					42-45
.....					46-49
.....					50-53
.....					54-57
.....					58-61
.....					62-65

30. WHAT PREVENTS YOU FROM TAKING PART IN SPORT/GAMES/RECREATION REGULARLY?

	OVER 60 YEARS	UNDER 21 YEARS	
Not interested			66-67
Outside commitments, (e.g. meetings)			68-69
No facilities available			70-71
Facilities unsuitable (in poor condition)			72-73
Too few facilities			74-75
Facilities too far away			76-77
Lack of training (sport)			78-79
Lack of money			80-81
Lack of knowledge of activities			82-83
Lack of clubs			84-85
Lack of personal motivation			86-87
Lack of self-confidence			88-89
Lack of transport			90-91
Family obligations			92-93
Work obligations (lack of time)			94-95
Health reasons			96-97
Too old			98-99
Other (specify): _____			100-101

31. SEX:
OLDER THAN 60 YEARS

Male	1	<input type="checkbox"/>	102
Female	2	<input type="checkbox"/>	103

YOUNGER THAN 60 YEARS

Male	1	<input type="checkbox"/>	104
Female	2	<input type="checkbox"/>	105

THANK YOU VERY MUCH FOR YOUR VALUABLE CONTRIBUTION

DORP	SPORTSTADION			KLEED- KAMERS	SOKKER OEFEN- VELDE	ATLETIEK BANE	TENNIS BANE	KLUB- HUIS	NETBAL BANE	GHOLF BANE	SAGTEBAL BANE	VLUGBAL BANE	BOKS- KRYTE	TRIM PARKE	GEMEENSKAP SALE/SPORT SAAL	BIBLI- TEEK	ANDER
	AANTAL	OMHEIN BETON/ STEEN	KAARTJIE- KANTORE														
BLOEMFONTEIN (MANGAUNG)	1	1	6	4	45	1	14		19	1 (Swak)	8	3	2		3	2	Boksarena 5 Oefentokale
ALLANRIDGE (PHATHAKAHLE)					1												
BETHULIE (LERPHOI)					1												
BOSHOF (SERETSE)	1	1	1	1	2				1								
BULTFONTEIN (PHAMAMENG)	1	1	1	2	1				2			1	1		1		
BRANDFORD (MAJWEMASWEU)	1	1	1	1	1				1			1	1		1		
CLOCOLAN (ILOHLOLWANE)	1	1	1	1	2				1			1	1		1		1 Oefentokale
DEALESVILLE (TSWARAGAHANGI)	1	1	1	1	1												
DEWETSDORP (MOROJANENG)	1	1	1	1	2										1		
EDENBURG (HAA-RAESEBEI)	1	1	1	1	1		1		1								
EXCELSIOR (MAHLATMETSAI)	1	1	1	1	2		1		1								
FAURESMITH (IPOENGI)	1	1	1	1	1								1		1		
FICKSBURG (MEQHELENG)	1	1	1	1	1	1	2	1	2				1		2		
FOURIESBURG (MASJAJING)	1	1	1	1	1		1		1				1				
HENNERMAN (PHOHOLONG)	1	1	1	1	1				2			1	1		1		
HERTZOGVILLE (MALEBOGO)	1	1	1	2	1	1											
HOBHOUSE (TAHLEHONG)	1	1	1	1	1		1										
HOOPSTAD (TIKWANA)	1	1	1	1	1		1						1		1		
JAGERSFONTEIN (ITUMELENG)	1	1	1	1	1												
JACOBSDAL (RAITANANG)	1	1	1	1	1				1								
KOFFIEFONTEIN (DITLUKAE)	1	1	1	1	1		1										
LADYBRAND (MANYATSENG)	1	1	1	8	1	1	2			1 (Swak)		1	1		1		Golf oefenbane
LUCKHOFF (RELEBOHILE)	1	1	1	1	1		1										
MARQUARD (MOEMANENG)	1	1	1	1	1		1										
ODENDAALSRSUS (KUTLWANONG)	1	1	1	2	2	1	3	2			2	3	1	1	1		1 Oefenbane ghoif Swembad
PAUL ROUX (MOTLOMO)	1	1	1	1	1		1										
PETRUSBURG (BOLOKANANG)	1	1	1	1	1		1		1			1	1		1		
PHILIPPUS (PODING-TSE-ROLO)	1	1	1	1	1	1	1								1		
REDDERSBURG (QHOWENG)	1	1	1	1	1				1								
ROSENDAL (MAUTSE)	1	1	1	1	1												
ROUXVILLE (RWELELEYATHUNYA)	1	1	1	1	1				1								
SEMEKAL (MATWABENG)	1	1	1	2	2	1	2		3			1	1		1		
SMITHFIELD (TSHEPANONG)	1	1	1	1	1				1								
SOUTPAN (IKGOMOTSENG)	1	1	1	2	1												
SPRINGFONTEIN (MAPHOI)	1	1	1	1	1		1										
THE UNISSER (MASILO)	1	1	1	1	2				2			1	1		1		
TROMPSBURG (MADIKETLA)	1	1	1	1	2				1								
TWEESPRUIT (BORWA)	1	1	1	1	1	1	1		1			1					
VANSTADENSRSUS (THAPELANG)	1	1	1	1	1												
VENTERSBURG (TSWELANGPELE)	1	1	1	1	1	1	1		1			1			1		
VERKEERDEVELLE (TSHEPONG)	1	1	1	1	1												
VIRGINIA (MELODING)	1	1	1	2	1				2								
WELKOM (THABONG)	2	2	2	4	13	1	5	1	2		2	2	4	1	1	1	
WESSELSBRON (MONYAKENG)	1	1	1	1	4	1	1		1		1	1	1		1		
WEPENER (QIBING)	1	1	1	1	2				1			1	1		1		
WINBURG (MAKELEKETLA)	1	1	1	1	1				2			1	1		1		
ZASTRON (MATLAKENG)	1	1	1	1	1				1						1		
TOTAAL	40	42	44	33	124 Grondbome	11 Weerwes	50	4	53	2	14	28	15	3	28	3	


(VERSKAF DEUR DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN OPLEIDING)

ADDENDUM D


Grafiese voorstelling van die vyf belangrikste behoeftes in sport/fisieke rekreasie, spele en passiewe rekreasie volgens sosio-ekonomiese veranderlikes

VERKLARING	1	2	3
OPVOEDKUNDIG	<St. 5	St. 5-8	St. 9-10
INKOMSTE	GEEN	R1-200	R201-400
BEROEP	WERKLOOS	HUISBEDIENDE	ARBEIDER


Tafeltennis




Sosiale Dans



Swem




Biljart/Snoeker




—□— OPVOEDKUNDIG —+— INKOMSTE —*— BEROEP

Sagtebal




—□— OPVOEDKUNDIG —+— INKOMSTE —*— BEROEP


Skaak



Vingerbord




Veerpyltjies




—□— OPVOEDKUNDIG —+— INKOMSTE —*— BEROEP

Domino's




—□— OPVOEDKUNDIG —+— INKOMSTE —*— BEROEP


Kaartspeel




Rekreasieoord Besoek




Biblioteek Besoek



Bioskoop Besoek



Piekniek



Televisie kyk

